Bybelse Dagstukkies 2025

Vir gebruik met:

- *Persoonlike Bybellees*
- *Huisgodsdiens*

Tema:
"Jubel in die Here!

Menings uitgespreek in die dagstukkies is die verantwoordelikheid van die skrywer.

Voorwoord

Jubel in die HERE! Dit is waartoe ons vanuit die HERE se Woord opgeroep word in 2025. Die tema van Almanak 2025 is ontleen aan Psalm 33.

R*egverdiges* (die wat in Christus deur 'n ware geloof geregverdig is) moet die HERE verheerlik (vs 1-3). Hy is die voorwerp en die onderwerp van lof. *Alles* moontlik om die lof van die HERE te verkondig, moet gebruik word. 'n Nuwe lied (vgl. Ps. 40:4; 96:1; 98:1; 144:9; Jes. 42:10; Op. 5:9) moet gebruik word om die HERE in sy almag en voorsienigheid te loof en die geloof in God te verklank.

Ons word opgeroep om te jubel in die HERE, want Hy is reg en goed (Ps. 33:4-5). Sy Woord is reg en betroubaar. Ook Hy is soos sy Woord, want daar is geen spanning in wat die HERE openbaar en wil in sy Woord en wat Hy deur sy Gees tot uitvoering bring nie. In sy Woord en werke sien ons sy goedertiereneheid – sy liefde en guns – teenoor Israel, maar ook sy skepping.

Die openbaring van die HERE se almag in die skepping (Ps. 33:6-9) spoor ons tot lofprysing aan. Die almag van die HERE word gesien in die werking van sy Woord en sy Gees: alles wat tot bestaan geroep is, word tot bestaan gebring deur die "Gees van sy mond".

Mag jy in 2025 jubel in die HERE wat soewerein regeer oor die volke en die wêreldgeskiedenis (Ps. 33:10-11) en besondere bemoeienis maak met sy kerk (vs 12 ev.).

'n Publikasie soos die Almanak verg deeglike beplanning en hartlike samewerking. Daarvoor is ons die Here dankbaar dat Hy kosbare en mooi gawes in sy kerk gegee het. Ons is dankbaar vir elkeen wat gewillig en met vreugde hulle skryfgawes in diens van die kerke gestel het en help skryf het aan die dagstukkies. 'n Hartlike woord van dank aan die lede van die deputategroep wat die beplanning doen.

Onder geweldige druk en moeilike persoonlike omstandighede het die personeel in die Administratiewe Buro ywerig meegewerk aan die Almanak 2025. Dankie aan Wymie du Plessis en Joey Fourie wat nou saamwerk met die samestelling en uitleg van die Almanak. Johan Coetzee wat met nugterheid 'n vaardige rentmeester van die kerk se finansies is. Petro Kroeze en Angie Mokobi help geweldig baie met die verpakking en verspreiding. Ludick Venter van V&R Drukkers se hulpvaardigheid moet ook vermeld word.

Mag ons hemelse Vader u self uit sy Woord vanjaar vertroos en ook toerus om ander te vertroos.

– Ds. Jannes van Dyk
Voorsitter Deputate Almanak

KWARTAAL 1 – JANUARIE

TEMA: OPROEP TOT LOF AAN DIE HERE (Psalm 33:1-3)

Die fokus op regverdiges (die wat in Christus deur 'n ware geloof geregverdig is) moet die HERE verheerlik. Hy is die voorwerp en die onderwerp van lof. Alles moontlik om die lof van die HERE te verkondig, moet gebruik word. 'n Nuwe lied (vgl. Ps. 40:4; 96:1; 98:1; 144:9; Jes. 42:10; Op. 5:9) moet gebruik word om die HERE in sy almag en voorsienigheid te loof en die geloof in God te verklank.

Woensdag 1 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 33
Fokusgedeelte: Psalm 33:1-3 (AFR53)

Geregverdig om te jubel!

Ons ontvang vandag die genade van die eerste dag van 'n nuwe jaar uit die Here se hand! Die begin van 'n nuwe jaar maak allerhande gedagtes en emosies in 'n mens los. Ons kan hierdie gewaarwordinge in twee groepe indeel: dankbaarheid of vreesagtigheid. Wat wil jy vanoggend op die eerste dag van die nuwe jaar sing? 'n Loflied of 'n treurmare?

Die digter van Psalm 33 kies vir 'n lof- en danklied: "Jubel in die Here!" Hierdie lied vorm die raamwerk waarbinne die dagstukkies van 2025 georganiseer word: In die eerste kwartaal is die fokus op *regverdiges* wat in die Here moet jubel. Die volgende drie kwartale fokus op die *rede*: kwartaal 2 – Jubel in die Here, want Hy en sy Woord is reg en goed (vs 4-5); kwartaal 3 – Jubel in die Here, want Hy is almagtig (vs 6-9); kwartaal 4 – Jubel in die Here, want Hy regeer soewerein (vs 10-12).

Die Psalm begin met die opdrag dat daar gejubel moet word in die Here. En die opdrag word aan 'n spesifieke groep gegee: die regverdiges. In die Ou Testament is die regverdiges die mense wie se lewenskompas op die Here, die Verbondsgod, fokus. Daarom word hulle ook die opregtes genoem.

In die Nuwe Testament is die regverdiges die mense wat in Christus

uit genade regverdig gemaak is, die geregverdigdes! As hierdie (ge) regverdig(d)es ’n loflied in die Here sing, is dit meer as sang. Dit is ’n lewenswyse van lof en dank en aanbidding en gehoorsame diens!

As geregverdigdes kan ons op die eerste dag van die nuwe jaar nie anders as om ons tot God te wend en Hom te loof en te prys vir sy troue sorg en die ewige verlossing in Christus nie! Mag ons almal geregverdigdes wees wat in 2025 in die Here jubel.

Sing: Psalm 33-1:1, 11

Dr. HPM van Rhyn (Malan) (Pretoria-Noord en Aros)

Donderdag 2 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 34
Fokusgedeelte: Psalm 34:1, 4, 5 (AFR53)

Prys die Here vir sy ewige beskerming!

Al is ons geregverdigdes wat in die Here jubel (Ps. 33), beteken dit nie dat ons nie ook in 2025 in gevaar gaan kom nie. Nee, selfs gelowiges, soos Dawid, kan in gevaar kom.

Dawid het juis Psalm 34 geskryf om God te prys vir die beskerming en verlossing wat hy van Hom ontvang het toe hy in lewensgevaar verkeer het. Dawid verwys na ’n spesifieke geleentheid in 1 Samuel 21:10-15. Die koning van Gat kon hom doodmaak, maar het hom eerder weggejaag omdat Dawid hom kranksinnig gehou het. Hierin het Dawid die hand van die Here gesien en Hom geprys. Hy roep selfs sy medegelowiges op om die Here saam met hom te prys vir sy verlossing (vs 4) en dan gee hy die rede (vs 5): *“Ek het die HERE gesoek, en Hy het my geantwoord en my uit al my vrees gered.”*

As ons terugkyk op ons eie lewens, dan kan ons ook sekerlik tye onthou waarin die Here ons bewaar het en ons lewens gespaar het. Dalk sal daar ook sulke dinge in 2025 met ons gebeur. Die wete hoef ons egter nie met vreesagtigheid te vul nie, want ons dien ’n troue God. Selfs al kom ons dalk om in so ’n gevaarlike situasie, word ons immers dan in ewige heerlikheid opgeneem.

Ons Here Jesus het in so ’n gevaarlike situasie gesterf toe Hy gekruisig is en sy Vader Hom verlaat het. Daarmee het ons ewige verlossing ontvang en die versekering dat God ons nooit sal begeef of verlaat nie.

Al leef ons in ’n gevaarlike land en ’n wrede wêreld, kan ons steeds in die Here jubel en Hom prys vir sy trou en ewige verlossing in Christus en kan ons ander oproep om dit saam met ons te doen! Ons is immers die geregverdigdes in Christus.

Sing: Psalm 34-1:1, 2

Dr. HPM van Rhyn (Malan) (Pretoria-Noord en Aros)

Vrydag 3 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 96
Fokusgedeelte: Psalm 96:1-5, 13 (AFR53)

Verheerlik, vertel, verwag!

Die ware God is groot en baie lofwaardig. Hy is immers die Skepper van die hemele. Daarom moet almal sy lof besing. Nie net met liedere nie, maar met ’n dankbare, gehoorsame, diensbare lewenswyse. Die Psalm roep ons op om God so te verheerlik!

Hy is egter nie net die Skepper nie, maar ook die God wat sy kinders verlos. Daarom moet ook net sý lof besing en sý heil van dag tot dag verkondig word onder die nasies. Al die ander gode is afgode en die lewende God is gedug bo al die gode. Juis daarom moet ons vir ander van Hom vertel!

Die Here se Naam moet verder ook geprys word, want Hy kom om die aarde te oordeel met geregtigheid en trou (vs 13). *Geregtigheid* verwys hier na God se eis vir die betaling van sonde weens sy heiligheid, en na die regverdige manier waarop God sy oordeel voltrek, dat elkeen wat gestraf word, dit verdien. *Trou* verwys hier na God se trou aan sy verbondsbeloftes, dat Hy sal doen wat Hy beloof het. Omdat God getrou is aan sy verbond, het Hy sy Seun gestuur om sy regverdige straf oor ons sondes op Hom te neem en ons so regverdig

(vrygespreek) te maak. Die Psalm sing dus vooruit van die Verlosser, Jesus Christus, wat sou kom ons sondes weg te neem.

Maar dit is nie al nie! Die Psalm sing ook vooruit van die eindoordeel wat wag aan die einde van die tyd. God kom, daarom moet sy Naam verheerlik word en moet ons Hom verwag. Die Psalm sing immers vooruit van die koms van Christus om die gelowiges vir ewig te verlos en by Hom te neem.

Sing: Psalm 96-1:1, 8

Dr. HPM van Rhyn (Malan) (Pretoria-Noord en Aros)

Saterdag 4 Januarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 8:1-20
Fokusgedeelte: Deuteronomium 8:1

God het krag, luister na sy Woord

In ons wêreldregerings is demokrasie die wagwoord van die nuwe eeu. Direk vertaal vanuit sy Griekse oorsprong beteken die woord: die volk het krag. In die denkwêreld is die vermoë en die reg van die mens ’n hoë prioriteit. Daar is weerstand teen gesag wat van buite af op my afgedwing word en daar eerder gekonsentreer word tot instemming. Mense wil ’n keuse hê hoe hulle hul lewe wil lei. En daar is druk op die kerk om aanpassings te maak om die vryhede van mense te akkommodeer.

Tog, ten spyte van die vryhede wat mense hulle toe-eien, word die ellendes van die wêreld net groter en nie beter nie. Moord, oorloë, epidemies en armoede was die resultate van die vorige eeu. God se regering is geen demokrasie nie! Die psalmdigter van Psalm 134 sê dat dit God is wat kan beveel en dit gebeur. Hy alleen is by magte om te voorsien en kan dus beveel. Hy is God en geen mensgelyke. Daar kan nie sprake wees van onderhandeling oor hoe Hy behoort gedien te word nie. Hy beveel die Godsvolk voor hulle die nuwe land betree: *“Jy moet elke gebod wat ek jou vandag gee gehoorsaam en daarvolgens lewe. Dan sal jy bly lewe, baie word, die land ingaan en dit in besit neem.”*

God laat by die volk wat voor groot uitdagings in ’n nuwe land te staan kom, geen twyfel oor waarin hulle sukses gevestig moet wees nie: sy gebod. Noudat ons aan die begin van ’n nuwe jaar staan, laat ons as Godsvolk ons onderwerp aan sy Woord, Jesus Christus, ons Koning. As ons doen wat sy Woord ons beveel, sal Hy ons versorg, ook in die onbekende wat voor ons lê.

Sing: Psalm 99-1

Ds. RP (Rodney) van Wyk (Grassy Park)

Sondag 5 Januarie

Skrifgedeelte: Kolossense 3:5-17
Fokusgedeelte: Kolossense 3:17

Geloofwaardige getuies deur ons optrede en ons woorde

Geloofwaardige getuies van Christus se heerskappy het sekere eienskappe. Ander eienskappe hoort weer glad nie by ’n geloofwaardige getuie nie. Dit is omdat ons as kinders van God en getuies van Christus se oorwinning en heerskappy ’n beeld uitdra. Ongelowiges luister nie eers na wat ’n mens te sê het nie, hulle kyk eers na hoe ’n mens leef.

Onder die jongmense in ons kerkverband is daar al hoe meer ’n neiging tot kerkloosheid. Die rede hiervoor is die manier waarop mense wat hulleself Christene noem, optree. Die woord wat vrylik rondgegooi word onder die kerkloses is skynheiligheid en selfverheffing. Dit is deel van die eienskappe wat nie tuishoort by ’n geloofwaardige getuie nie. Dit maak enige getuienislewering ongeloofwaardig. Dit is soos vers 9 en 10 sê: *“En moenie vir mekaar lieg nie. Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God.”*

As nuwe mense, wat na die beeld van ons Skepper vernuwe is, moet ons eerder fokus op die positiewe eienskappe wat ons getuienislewering geloofwaardig maak. En die riglyn vir hierdie optrede is om alles wat ons doen of sê, te doen en te sê in die Naam van die Here Jesus. Dit

beteken ons moet só optree dat Jesus se Naam deur ons optrede verheerlik word. Sodat mense kan sien en kan hoor hoe ons getuig van ons verlossing in Jesus Christus en dit glo. Deur hierdie riglyn te volg, kan ons en moet ons geloofwaardige getuies word van Christus se heerskappy, deur ons optrede en ons woorde.

En dank God die Vader deur Jesus Christus vir die voorreg wat ons het om dit te mag doen.

Sing: Psalm 1-1:1, 4

Ds. D (Dirk) Kotzee (Pretoria-Alkantrant)

Maandag 6 Januarie

Skrifgedeelte: Openbaring 5:1-14
Fokusgedeelte: NGB, Artikel 26

Die waardigheid van ons Middelaar

"Alles sing," sê die wetenskaplikes. Tot die maan brom 'n onhoorbare deuntjie as hy om die aarde woer. Op 'n magdom frekwensies saai die hele uitspansel "kosmiese geraas" uit. Wat uit een perspektief "geraas" is, kan natuurlik uit 'n ander perspektief musiek wees. Soms is dit of die lewe net wanklanke oplewer, maar partykeer is dit of ons vaagweg 'n oneindige skoonheid herken, 'n soet harmonie wat oor alles spoel.

Uiteindelik, voor die troon van God, kom al die klanke van die hele skepping byeen. Met Saturnus en walvisse onder die basse, wildsbokke saam met engeltenore, duiwe onder die alte en die stemme van laggende kinders tussen die soprane, dirigeer God se voorsienigheid die lied wat deur sy groot raad gekomponeer is.

God laat jou nou al weet waaroor hierdie lied gaan: Dit gaan oor die waardigheid van die Lam, die waardigheid van jou Middelaar, Jesus Christus. Alles, alles besing sy eer, mag, rykdom, sterkte, lof, heerlikheid en krag tot in alle ewigheid. Terwyl die ewige lied oor Christus se waardigheid klink, word die goue bakke met die gebede van gelowiges, ook jou gebede, die troonsaal ingedra (vs 8) en op

grond van SÝ waardigheid word hulle sekerlik verhoor. Jy het dus alle rede om vanaand onder die sterre te staan en te sing: *"Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang"* (Sb 5-3). Die maan en die planete sal buig en inval.

Sing: Skrifberyming 5-3

Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)

Dinsdag 7 Januarie

Skrifgedeelte: Handelinge 3:1-26
Fokusgedeelte: Handelinge 3:5

Die kerk se arbeid na buite

Jesus Christus het gedurende sy aardse lewe vir seker 'n paar keer by hierdie man verbygestap sonder om hom te genees. Hier by die tempel het hy al vir baie jare gesit en bedel vir 'n wêreldse versnapering. Hy was naby die tempel, maar tog liggaamlik en geestelik vol gebrokenheid.

God kies hierdie oomblik in die lewe van hierdie bekende bedelaar om die fokus van sy kerk se bediening te vestig. Die kerk van Jesus Christus is nie daar om materiële versnaperinge vir wêreldse bedelaars te verskaf nie, maar moet heel eerste mense onder die koningskap van Jesus Christus inbring. Hierdie bedelaar wat elke dag naby die tempel was, se gebrokenheid het duidelik in sy verlamde lyf sigbaar geword. Nie net liggaamlik nie, maar ook geestelik was hy 'n armoedige bedelaar. Sy lewe was tekenend van alle mense in hierdie sondebedeling.

Vandat hierdie man die krag van die koningskap van Jesus Christus ontvang het, is sy lewe deur God se Gees herstel en weer heelgemaak. Die voorbeeld van hierdie wonderteken strek vir die skare mense tot 'n bekeringsoproep. Laat Jesus Christus jou lewe volkome herstel.

So baie mense is soos hierdie bedelaar – so naby en tog so gebroke. Dit is goed om vir honger mense brood te gee, maar pas op dat hulle dan nie met vol mae na die hel gestuur word nie. Die kerk verkondig

die boodskap van Jesus Christus se koningskap wat mense se lewens weer herstel en in alle opsigte weer heelmaak.

Sing: Psalm 65-1:3

Prof. IW (Naas) Ferreira (TSP)

Woensdag 8 Januarie

Skrifgedeelte: Habakuk 3:1-19
Fokusgedeelte: Habakuk 3:17-19

Wees altyd bly in die Here!

Wat is Habakuk se slotsom? Wat is die sin en geheim van die geskiedenis? Wat leer ons uit Israel se verlede en die geskiedenis van die heelal? Sy nadenke stem hom eers droewig. Dit laat hom 'n klaaglied dig (vs 1). Inderdaad: Hoe dikwels het die Here nie sy almag, grootheid en goedheid aan die mensdom geopenbaar nie. *"Die hemelruim is elke dag vol van sy majesteit"* (vs 3). Tog buig die mens nie voor God en sy Woord nie. Hulle doen wat hulle wil. Hulle word selfs so blind en doof dat hulle nie God se hand in die natuur en geskiedenis sien nie.

Habakuk bid in sy klaaglied dat God Hom steeds as die Almagtige sal betoon. Hy vra dat God in sy regshandhawing en genade sal bly handel soos in die verlede. Dan sal daar vir die kerk en die wêreld 'n toekoms wees. Wanneer hy dan so luister na sy eie klaaglied, wat eintlik 'n lied van die Heilige Gees is, breek 'n nuwe verwagting deur. Al gaan vreeslike dinge gebeur, word ons in God gered en lewe ons.

Só eindig Habakuk se profesie in 'n pragtige loflied (vs 17-19). Ons ken almal hierdie wonderlike lied: Al sal die ergste gebeur, *"nogtans sal ek in die Here jubel. Ek sal juig in God, my Redder. Die Here laat my soos 'n ribbok op hoë en gevaarlike plekke loop sonder dat ek val"*. Wees altyd bly in die Here!

Sing: Psalm 18-1:14

Dr. NP (Klasie) Heystek (Emeritus)

Donderdag 9 Januarie

Skrifgedeelte: Job 1:1-22 (AFR83)
Fokusgedeelte: Job 1:21

Loof die Here midde-in jou nood!

Nood, swaarkry en trauma is nie vreemd aan ons tyd nie. Daar is baie mense met soveel pyn, hartseer en swaarkry in hulle lewens. Dikwels is die teëslae verpletterend en dit voel of jou wêreld ineenstort.

Kyk in ons Skrifgedeelte hoe die rampe Job een na die ander tref en sy reaksie daarop. Hy het sy klere geskeur, sy hare afgeskeer (tekens van rou) en op die grond gaan lê met die woorde: *"Sonder iets het ek in die wêreld gekom en sonder iets gaan ek daaruit. Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die naam van die Here"* (Job 1:21).

Hierdie geskiedenis leer ons 'n paar waarhede. "Sonder iets het ek in die wêreld gekom en sonder iets gaan ek daaruit." Die "plankjas" wat ons "aantrek" met ons vertrek, het nie sakke nie. Jy kan niks van jou geld en jou goed saamneem nie. Belê eerder in jou verhouding met God in Jesus Christus. Niks kan jou rykdom in Jesus Christus steel of waardevermindering laat ondergaan nie.

Job bely – alles wat hy besit het, was 'n gawe van God. God het die eiendom net aan hom geleen. "Die Here het gegee en die Here het geneem." God het die reg om met sy eiendom te doen wat Hy wil.

Job het God nie aanbid omdat die Here hom met soveel kinders en rykdom geseën het nie. (Dit was Satan se aanklag voor God.) Job het God liefgehad vir Wie Hy is en nie vir wat God vir hom gedoen het nie. Hoekom is jy vir die Here lief? Daarom kon Job binne sy trauma uitroep: "Prys die Here!" Want die trauma het geen negatiewe uitwerking op Job se liefde vir God gehad nie.

Sing: Psalm 34-1:1

Dr. PJ (Peet) Vermeulen (Wapadrant)

Vrydag 10 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 111 (AFR83)
Fokusgedeelte: Psalm 111:1

Loof die Here met jou hele hart!

Dink vir ’n paar oomblikke na waarvoor jy dankbaar is … Wat dink jy is die gepaste reaksie op dit wat die Here vir jou doen? Die digter van Psalm 111 lei ons in vers 1: *“Met my hele hart wil ek die Here loof.”* Hoe dikwels loof en prys jy die Here? Die rede vir die digter se loflied: Die werke van die Here is groot – en hy voeg by: “Wie vreugde daarin vind, dink daaroor na.” Kom ons dink vir ’n paar oomblikke oor ’n paar van die eienskappe van God se werke wat hier opgenoem word:

- Vol majesteit en luister (dink aan die wetmatighede in die skepping) (God openbaar homself in sy werk).
- Trou staan vir altyd vas. (God laat jou nooit in die steek nie – wat ’n troos).
- Barmhartig en genadig (vs 4) (Jou uitverkiesing – wat ’n troos).
- Voed dié wat Hom dien (vs 5) (na liggaam en siel) (Sondag 10 Heidelbergse Kategismus).
- Hou verbond in stand (vs 6) (bemoedigend – God se verbond is altyd geldend).
- Voorskrifte staan vas (vs 8). Liefde tot God, naaste en skepping (Matt. 22:37-40; Gen. 1:28).
- Vryheid vir sy volk bewerk (vs 9) (Jesus Christus sterf in jou plek om jou van sonde te verlos en die Heilige Gees neem intrek om jou deel van God se gesin te maak).

Wat is die afleiding wat die digter maak?

- God se Naam is heilig – wek ontsag (vs 9).
- Sy roem is immergroen – hou vir altyd stand (vs 10).

Hy sluit die psalm met ’n woord van wysheid af vir wie hom wil laat leer:

- Wysheid begin met die dien van die Here (vs 10).

Loof die Here met jou hele hart vir Wie Hy is en wat Hy doen! (vs 1).

Sing: Psalm 111-2:1, 14

Dr. PJ (Peet) Vermeulen (Wapadrant)

Saterdag 11 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas.4:1-11
Fokusgedeelte: Lukas.4:5-8

Aanbid God alleen

In hierdie deel lees ons van Jesus wat versoek word deur die duiwel. Ons sien Jesus word deur die Gees gelei in die woestyn in en dat Hy bonatuurlik vir 40 dae sonder kos is. Die duiwel het drie versoekings:

- Die verandering van klippe in brood.
- Om die koninkryk te ontvang, moet hy die duiwel aanbid.
- Die afspring van die tempel.

Ons gaan by die tweede en die ergste van die drie vassteek. Die duiwel wil hê dat Hy hom moet aanbid. As mens daaraan dink, is dit eintlik belaglik, want aan Jesus as God behoort al die wêreldse koninkryke.

Hier vir die eerste keer, volgens Lukas 4:11, spreek Jesus die duiwel aan en soos in die vorige keer antwoord hy hom uit die Woord van God. Die teks is baie geskik, en presies vir die doel, geneem uit Deuteronomium 6:13: *"Jy moet die Here jou God eer en dien en net in sy Naam 'n eed aflê."* Dit hak ook aan die eerste gebod uit Eksodus 20: *"Jy mag naas My nie ander gode hê nie"*, en natuurlik ook Deuteronomium 6:4: *"Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag."*

Jesus het in hierdie geval 'n beroep gedoen op die fundamentele wet, wat onontbeerlik en universeel verpligtend is. Let wel, godsdienstige aanbidding is slegs aan God te danke, en moet nie aan enige skepsel gegee word nie. Christus haal hierdie wet aangaande godsdiensaanbidding aan, en haal dit aan met toepassing op Homself. Eerstens, om te wys dat hy in sy boedel van vernedering self gemaak is onder hierdie wet: alhoewel hy as God aanbid is, het hy tog as mens God aanbid, beide in die openbaar en privaat. Hy verplig ons tot niks meer as dit waartoe Hy Hom eers behaag het nie. So het dit vir Hom geword om alle geregtigheid te vervul. Tweedens, om aan te toon dat die wet van godsdienstige aanbidding van ewige verpligting is: alhoewel

hy baie instellings van aanbidding opgehef en verander het, tog wat betref hierdie fundamentele wet van die natuur – dat God alleen aanbid moet word, het Hy gekom om te bekragtig, en te bevestig en af te dwing op ons.

Sing: Skrifberyming 12-3

Ds. JD (Dreyer) Potgieter (Meyerspark)

Sondag 12 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas 19:28-40
Fokusgedeelte: Lukas 19:37

Lofprysing aan die Koning

Toe hulle bo-op die Olyfberg kom, kry hulle die tempel en die stad in die gesig en word die harte aangegryp van ontroering en blydskap. Sodra hulle begin afdaal na die Kedron, bars die menigte uit in gejubel. Volgens Lukas het die herinnering aan die kragtige dade van Jesus nou ’n rol gespeel om hulle te oortuig dat Hy die Messiaskoning was wat op die koninklike rydier, die donkie, die stad sou binnegaan. Uit Psalm 118:26 sing hulle die koninklike begroeting.

Christus se oorwinnings is die saak van sy dissipels se lofprysinge. Vreugde word in die harte van die hele menigte van die dissipels geplaas, nie net van die twaalf nie, maar die oorvloed, wat in die algemeen dissipels was. Die uitsprei van hulle klere op die pad (vs 36) was ’n algemene uitdrukking van vreugde, soos by die huttefees. Hulle het God geprys vir al die magtige werke wat hulle gesien het, al die wonderwerke wat Christus gedoen het, veral die opwekking van Lasarus, wat veral genoem word (Joh. 12:17, 18). Dit het ander in gedagte gebring, want nuwe wonderwerke en barmhartighede behoort die herinnering aan eersgenoemde te laat herleef.

Christus is die Koning; Hy kom in die Naam van die Here, beklee met goddelike gesag, die opdrag uit die hemel om wet en vrede te gee. Geseënd is Hy. Laat ons Hom loof, laat God Hom voorspoedig maak. Hy is geseënd vir ewig, en ons sal goed van Hom praat. Vrede in die hemel. Laat die God van die hemel vrede en sukses na sy

onderneming stuur, en dan sal daar heerlikheid in die hoogste wees. Dit sal oortref tot eer van die Allerhoogste God, en die engele, die heerlike bewoners van die boonste wêreld, sal hom die heerlikheid daarvan gee.

Vergelyk hierdie lied van die heiliges op aarde met dié van die engele (2:14). Albei stem saam om God in die hoogste eer te gee. Die engele sê: Vrede op aarde, en juig oor die weldaad wat die mense op aarde deur Christus het; die heiliges sê: Vrede in die hemel, jubel oor die weldaad wat die engele deur Christus het. So is die gemeenskap wat ons met die heilige engele het dat, soos hulle bly is oor die vrede op aarde, so is ons bly in die vrede in die hemel, die vrede wat God maak in sy hoogtes (Job 25:2), en beide in Christus, wat alles met Homself versoen het, of dit nou op die aarde is en wat in die hemel is.

Sing Psalm 118-1:1

Ds. JD (Dreyer) Potgieter (Meyerspark)

Maandag 13 Januarie

Skrifgedeelte: Romeine 15:1-7
Fokusgedeelte: Romeine 15:1-7

Lof God tot eenheid van die gemeente

Paulus is steeds besig met die pligte van diegene binne die Christelike gemeenskap teenoor mekaar, en veral met die plig van die sterker teenoor die swakker broer. Hierdie gedeelte gee vir ons 'n wonderlike opsomming van die punte wat daardie gemeenskap moet kenmerk. Die Christelike gemeenskap moet gekenmerk word deur die inagneming van sy lede vir mekaar:

- Die Christelike gemeenskap moet gekenmerk word deur die studie van die Skrif.
- Die Christelike gemeenskap moet gekenmerk word deur vasberadenheid.
- Die Christelike gemeenskap moet gekenmerk word deur hoop.
- Die Christelike gemeenskap moet gekenmerk word deur harmonie.
- Die Christelike gemeenskap moet gekenmerk word deur lofprysing.

Die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif aan die gemeente gee, rus daarin dat God die God van standvastigheid en bemoediging is, of soos die Afrikaanse vertaling lui: die bron daarvan is. Daarom kan Paulus die bede uitspreek dat God nie alleen dit self aan hulle sal skenk nie, maar dat Hy ook sal gee dat die gemeente eensgesind onder mekaar sal wees soos Christus dit wil hê. Die wrywing tussen sterkes en swakkes moet uit die gemeente verdwyn en plek maak vir die eensgesindheid wat opkom uit die gemeenskaplike lewe uit die geloof en hoop wat die Skrif in die gemeente wil versterk. Dan kan die hele gemeente uit een mond lof toebring aan God, die Vader van onse Here Jesus Christus.

Die uiteindelike doel van die opbou van die gemeente is dat God verheerlik moet word. Dit vereis egter die eenheid van die gemeente, wat gedien word as sterkes en swakkes mekaar in geloof en hoop opbou, en nie met mekaar oorhoops lê oor die geldigheid van bepaalde seremoniële wette en die gebruik van bepaalde soorte voedsel en drank nie.

En die essensie van die saak is dat die Christelike gemeenskap sy voorbeeld, sy inspirasie en sy dinamiek van Jesus Christus neem. Hy het Homself nie behaag nie. Die aanhaling wat Paulus gebruik, is uit Psalm 69:9.

Dit is betekenisvol dat wanneer Paulus praat van die dra van die swakhede van ander, hy dieselfde woord gebruik as wat gebruik word van Christus wat sy kruis dra. Toe die Here van glorie gekies het om ander te dien in plaas van om Homself te behaag, het hy die patroon gestel wat elkeen wat probeer om sy volgeling te wees, moet aanvaar.

Sing: Psalm 69-1:1

Ds. JD (Dreyer) Potgieter (Meyerspark)

Dinsdag 14 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Kronieke 16:1-7
Fokusgedeelte: 1 Kronieke 16:4, 7

'n Nuwe lied vir 'n spesiale geleentheid

"Dit was op daardie selfde dag dat Dawid die eerste keer die "Loof die Here" deur Asaf en sy ampsgenote laat sing het." 'n Nuwe lied vir 'n spesiale geleentheid. Die dag toe Dawid die ark van die Here na Jerusalem toe kon bring. Die ark van die verbond, simbool van God se teenwoordigheid by sy volk.

Die vorige keer toe Dawid die ark na Jerusalem wou bring, het Dawid egter nie gesing nie (1 Kron. 13). Ussa, wat gekeer het dat die ark val en dit gegryp het, het gesterf. Dawid het daardie dag bang geword vir God en gesê: "Hoe kan ek die ark van God nou na my toe bring?" Hy het die ark nie in die Dawidstad laat inkom nie en het dit laat wegdraai na die huis van Obed-Edom toe. Daar het dit vir drie maande gestaan.

Tot op hierdie dag toe dit uiteindelik na Jerusalem gebring word en daar 'n nuwe lied gesing word. Die gebruik was dat wanneer 'n koning gesalf is of tuisgekom het na 'n oorwinning oor sy vyande, die volk die koning toegesing het. Vir die okkasie is daar dan 'n NUWE LIED gekomponeer en saamgestel.

Nou is dit die koning (Dawid) wat 'n nuwe lied laat sing: "Loof die Here!" 'n Lied wat handel oor oor die KONINGSKAP VAN GOD. Wanneer ons die NUWE LIED sing, gaan dit dus oor die viering van God se heerskappy. Oor die feit dat ons kan bely en erken: "Die Here regeer!" "Die Here is KONING!"

Dit is hoekom ons by die geboorte van Jesus, met sy hemelvaart en troonsbestyging aan die regterhand van die Vader weer hoor hoe daar gesing word. 'n Nuwe lied gesing word. Elke keer tot lof van die Koning.

Sing: Psalm 96-1:1-2

Ds. MJ (Thys) Erasmus (Pretoria-Magalieskruin)

Woensdag 15 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas 2:8-21
Fokusgedeelte: Lukas 2:14

Vrede deur Christus

Waarvoor moes die Verlosser kom? Baie mense dink hierdie Verlosser het gekom om ’n einde aan al hulle swaarkry te maak. In baie kerke word daar verkondig dat jy nie meer arm sal wees nie, jy wat verlam is, sal kan loop, jou ongeneeslike siektes sal genees word of dat jy die politieke mag sal besit.

God se evangelie is egter die tyding van vrede deur Christus. Verlosser beteken volgens Lukas 1:79 en Handelinge 5:31 vergewing van sondes en nie die bevryding van Rome nie. Matteus beklemtoon dit (1:21): *“Sy sal ’n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.”*

Daarom kan die verlossing alleen van God af kom. Hierdie verlossing word verkondig deur Christus se evangelie van vrede. Dit gaan in vers 14 om baie meer as blote aardse geluk en vrede. Die groot vrede is daarin dat God ’n welbehae in mense het. God kies in sy goeie wil om mense te red. Jy het vrede in die sekerheid dat jou sonde vergewe is, want jou verlossing hang nie van jouself af nie. Ek weet ek het die ewige lewe omdat God dit aan my beloof. As Christus jou Verlosser is, is die belofte van vrede ook joune.

Hoe kan die engele anders as om uit te roep: “Eer aan God in die hoogste hemel!” Hulle ken Christus van die skepping af. Hulle weet van die sondeval. Daarom staan hulle verwonderd oor die liefde wat God aan die sondaarmens bewys. Die Allerhoogste het na die aarde gekom om in armoede en nederigheid die mens te verlos. Sy enigste wieg is die krip in ’n stal. Dit sodat die mens vir wie Hy lief is, vrede kan hê.

Sing: Skrifberyming 4-6

Ds. MJ (Thys) Erasmus (Pretoria-Magalieskruin)

Donderdag 16 Januarie

Skrifgedeelte: Handelinge 16:16-34 (AFR83)
Fokusgedeelte: Handelinge 16:30b, 31a

Wat moet ek doen?

Wat moet ek doen om gered te word? Dit is die vraag van die tronkbewaarder van Filippi. Wat moet ek doen? Kan ons iets doen om gered te word? Die antwoord van Paulus en Silas is kort: “Glo in die Here!”

Is geloof iets wat ’n mens doen, of beteken dit juis dat jy ophou om iets te doen? Is geloof nie juis dat jy jou laat red deur die Here Jesus en dat jy self niks doen nie? Alles is tog net genade van sy kant af.

Geloof ís iets wat ons moet doen. Wat ons moet doen, is om te glo. Geloof is tog om op te hou om op jouself te vertrou en jou hele lewe in die hande van die Here te laat. Dit is om op te hou om jouself te probeer red deur allerhande dinge te moet doen voor God jou genadig sal wees. Geloof is om jou heeltemal oor te gee aan jou Redder. Geloof is om alles van jou Verlosser te verwag. Wat jy moet doen, is om niks te doen nie, want om iets te doen, kan jy nie!

Dit is so moeilik, want ons wil nie ons eie swakheid aanvaar nie. Ons spook en spartel liewer om onsself te red, maar dit werk nie. Kyk eerder gelowig op na jou Redder en God! Gryp Hom vas en vertrou Hom! Dit is tog nie die daad van jou geloof wat jou red nie, maar die Een in Wie jy glo. Ten diepste is geloof nie iets wat jy doen of nie doen nie. Geloof is ’n lewende verhouding met Jesus Christus. Dit is ’n verhouding waarin ek nie wys op wat ek alles doen nie, maar na Hom. Daar hang Hy aan die kruis, vir my! Daar sterf Hy, vir my! Daar staan Hy op, vir my! Dit is die Een in wie ek glo!

Dit maak die geloof aktief. Dan kan jy sien wat jy in die geloof doen: liefde, bewys jou oorgee aan God, diens lewer en dankbaar wees, omdat jy ’n geredde kind van God is!

Sing: Psalm 68-1:9

Ds. RG (Roelie) Aucamp (Emeritus)

Vrydag 17 Januarie

Skrifgedeelte: Efesiërs 3:14-21
Fokusgedeelte: NGB, Artikel 27

Die algemene Christelike kerk

Ons eerste gedagtes en belewenisse van die kerk is nooit dat die kerk algemeen voorkom nie. Die plaaslike gemeente is vir ons kerk en ander kerke is vir ons ver. Met verkykers bespied en verken ons ander kerke. Hoe jammer dat ons meesal die verkykers ook nog verkeerdom vashou! Daarom lyk alles vir ons “daar oorkant” maar baie klein en vaag en selfs verkeerd.

In Paulus se gebed vir die Efesiërs sien ons dat God anders na die kerk kyk. Die HELE gemeenskap van gelowiges wêreldwyd het hulle bestaan aan Hom te danke. Vir God is die gelowiges van verskillende kerke baie naby aan mekaar. Hulle is één kerk van wie Hy die God en Vader is. Dit geld selfs vir gelowiges wat reeds gesterf het! Al is alle bande met ons geliefdes wat gesterf het, afgesny, ons behoort nog aan dieselfde kerk!

Tye het so verander dat gelowiges van verskillende kerke baie nader aan mekaar moet begin lewe – nie net omdat God ons almal se Vader is nie, en nie net ter wille van oorlewing nie, maar ook om, soos in vers 18 gesê word, “SAAM MET AL DIE GELOWIGES te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek”.

Waar daar ’n groter uitsig op en betrokkenheid by ander kerke kom, groei die belewenis, die insig en die begrip van die liefde van Christus ook. Só sal ons saam in liefde gewortel en gegrondves bly, soos wat in vers 17 bely word! Dit is tyd om die verkykers reg te draai.

Sing: Psalm 103-1:7

Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)

Saterdag 18 Januarie

Skrifgedeelte: Jesaja 12
Fokusgedeelte: Jesaja 12:4

Maak die Here se verlossingsdaad aan die volke bekend

Jesaja se boodskap wat hy van die Here ontvang het, is om Israel en Juda te waarsku van die Here se komende oordeel. Hulle het in afgodery verval, hulle het nie op die oproep tot bekering ag gegee nie, en daarom sal die Here hulle in ballingskap wegvoer. Saam met die oordeel kom daar egter ook ’n boodskap van hoop en herstel. Die Here sal ’n oorblyfsel laat oorbly en in hulle midde sal die Immanuel (God met ons) (Jes. 7:14; Jes. 9) wees. Sy genade word sigbaar in die koms en die regverdige regering van die Messias.

Waar die Messias-koning regeer, word die toorn van die Here afgeweer en ontvang die volk heerlike vertroosting en seëninge. Hy maak die krag van die Here sigbaar, en daarom kan die volk hulle volle vertroue op Hom stel. Waar die Messias regeer, word die volk gerig tot dankbaarheid, wat op verskillende maniere sigbaar word. Hulle sal die Here dank en hulle sal in gemeenskap met Hom leef deur sy Naam aan te roep. Hulle sal ook van sy werke vertel en getuig dat sy Naam groot is.

Ons Vader het in sy toorn, wat vir ons bestem was, oor Christus ontbrand aan die kruis op Golgota. Hy het sy toorn van ons afgewend. Dit moet ons daagliks tot dankbaarheid stem dat ons nou in ware gemeenskap met Hom kan leef en gehoorsaam aan sy gebod kan wees. As dankbare, verloste kinders het ons nou die roeping om te vertel wat Hy vir ons gedoen het. Dit kan ons vertel deur blymoedig die Naam van die Here te verheerlik. Die getuienis wat ons nou kan uitleef, dien tot die Here se eer en dat ons Hom alleen sal loof en prys.

Sing: Psalm 97-1:1, 7

Dr. C (Christiaan) Jooste (Magol)

Sondag 19 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 5:13-16
Fokusgedeelte: Matteus 5:16

Sout en lig in ’n bederfde, donker wêreld

Toe ons Here Jesus Christus voor die skares gepreek het, was hulle verwonderd oor dit wat hulle gehoor het. Dit kan ook nie anders nie, want dit is preke van God Self. In sy geheel volmaak en tot vertroosting, bemoediging, toerusting en vermaning. Die langste en die mees volledige van hierdie preke wat ons in die Bybel het, is die Bergpredikasie in Matteus 5 – 7.

Die preek begin met die bekende Saligsprekings. Die burgers van God se koninkryk is waarlik gelukkig, want hulle leef onder die grondwet van God se koninkryk wat deur Christus bedien word. Koninkryksburgers ontvang nie net seën nie, maar leef ook ’n roeping uit. Ons is deur die versoeningswerk van Christus in die Koninkryk van die Here ingebring en onder sy heerskappy gestel, daarom moet ons nou in gehoorsaamheid aan Hom ons roeping uitleef. Al is ons nie van die wêreld nie, is ons steeds in die wêreld.

Die wêreld waarin ons leef, is gebroke en vol boosheid. Die sonde het bederf in die wêreld ingebring en ’n stikdonkerte oor die wêreld laat toesak. Die Here is tog genadig en stuur vir ons die Lig in die wêreld wat weer genesing en herstel bring. Ons Here Jesus Christus is die Lig vir die wêreld en in Wie ons nou ons lewenswandel kan rig.

Deur sy koms in die wêreld het Hy aan ons verlossing geskenk en nou het ons die roeping om sout en lig te wees. Die werking van sout is om smaak te gee en bederf te keer. Deur naby aan die Here se Woord te leef en ons optrede deur Hom te rig, kan ons waarlik sout wees. Deur die gelowige kind van die Here se heiligheid en verbintenis met Christus kan ons die werking van sout in hierdie lewe bring.

Die burgers van die Here se koninkryk kan nou die Lig waarin hulle wandel ook in hierdie donker wêreld uitstraal. Die profetiese getuienis wat ons daagliks uitleef, moet soos ’n lig in hierdie donker wêreld skyn. Dit kan alleen gebeur wanneer ons self daagliks in die lig van

God se Woord leef. Wanneer ons waarlik sout en lig is, dien dit tot verheerliking van ons Koning se Naam.

Sing: Psalm 149-1:1, 2

Dr. C (Christiaan) Jooste (Magol)

Maandag 20 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 95:1-11
Fokusgedeelte: Psalm 95:1

'n Lewe wat God eer en prys

Die psalmdigter se hart is bly. Hy sing! Hy jubel oor die Here! Hy sing oor die Here (vs 1), hy sing voor die Here (vs 2, 6). Die Here is sy rede om te sing. Hy, die almagtige Skepper-Koning-Herder is die God wat sy volk red (vs 1) en versorg (vs 7). Daarom sing hy en roep hy ander om te sing, om die Here te loof!

Gelowiges het rede om te sing. Die Here het ons gered. Jesus Christus is die Rots van ons heil (Matt. 16:16-19). Hy is die Goeie Herder (Joh. 10) wat sy skape red en veilig in sy hand bewaar (Joh. 10:27-28), die Koning van die konings (1 Tim. 6:15). Elkeen wat die Skepper-Koning in Jesus Christus ken en as ons God en Herder bely, sal waarlik sing om die Here te loof. Dié lofprysing sal gehoor word en sal almal roep om saam te sing. Dié lofprysing sal gesien word in 'n "neerbuig-lewe" (vs 6). 'n Lewe in kleinheid voor die Here, in sy teenwoordigheid, is 'n lewe wat Hom eer en prys. Dié lofprysing stem uit 'n hart wat gewillig en bly die Skepper-Koning-God gehoorsaam dien, 'n hart wat gewillig en bly die leiding van die Herder-Koning volg (vs 7-11).

Ongehoorsaamheid en ongeloof draai ons lewe weg van die Here af en laat die lofprysing stil word. Daar word vandag baie gepraat oor konings en regeerders. Mag ons gesprekke ander oproep om ons Skepper-Koning te prys.

Sing: Psalm 95-1:1, 4

Ds. FM (Frederik) Dreyer (Noordrand)

Dinsdag 21 Januarie

Skrifgedeelte: Romeine 11:25-36
Fokusgedeelte: Romeine 11:29, 30

Goeie nuus: God se verlossingsplan kan nie gestuit word nie

As jy Romeine 11:25-36 die eerste keer en selfs die tweede keer lees, sal jy moet erken dat dié verse nie van die bekendste in die Romeinebrief is nie. Hierdie verse gaan oor die toekoms van die Joodse volk. As Paulus hieroor skryf, doen hy dit om die Christene uit die heidennasies teen selfversekerdheid te waarsku. Hy doen dit om aan te dui hoe Jode en nie-Jode mekaar kan bevoordeel. God se genadebewyse aan die een groep bevoordeel mettertyd ook die ander groep.

Dit is 'n "geheimenis", maar lees 'n mens vers 28-32, verstaan jy dat die hooflyne van God se handelinge in die geskiedenis daarin saamgevat word. Die boodskap, die goeie nuus is dat die Here onwankelbaar getrou bly aan Homself én aan elkeen wat Hy uitverkies het. Ons hemelse Vader gebruik die Jode se ongehoorsaamheid om die seën van die boodskap van vryspraak na die heidene te bring. As Hy dié doel egter bereik het, sal Hy Hom weer 'n keer oor Israel ontferm (vs 31).

God se genade bly altyd genade. Juis dié waarheid moet jy uitdra en in die wêreld vertel. Hoe jou Here se "geheime" werk, is bedoel om aan alle mense te vertel. Vir jou mag dit nie altyd menslik logies wees nie, maar jy moet ook besef dat God se plan wat vryspraak beteken, onstuitbaar voortgaan.

Is daar iemand wat Hom kan voorskryf wat om te doen? Wie ken God se planne? Wie is in staat om sy optrede te verstaan? Niemand in die hemel of op die aarde het soveel wysheid en insig soos God nie. Daarom dat alle gelowiges uit alle volke uiteindelik sal deel in die beloftes wat God aan Abraham toegesê het – deur die geloof in Jesus Christus, die enigste ware Middelaar en Verlosser.

Die Here werk op sy manier. Erken dit en glo dit en sê elke dag aanbiddend op jou knieë (11:36): *"Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle*

dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid." Dank Hom só vir jou vryspraak en vir dié van al sy kinders.

Sing: Skrifberyming 24:4, 5

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)

Woensdag 22 Januarie

Skrifgedeelte: Filippense 2:5-11
Fokusgedeelte: Filippense 2:5-11

Wat is jou gesindheid?

Paulus skryf die brief aan die gemeente in Filippi uit die tronk uit. 'n Mens sou verwag dat dit dan hoofsaaklik sal handel oor moeite, verdriet, beproewing en lyding, maar dit wat ons lees en ervaar, is heeltemal die teenoorgestelde. Paulus skryf in hierdie brief meer oor die vreugde van gelowige-wees as in enige ander brief. Maak nie saak wat met my gebeur nie, dit is 'n vreugde om aan die Here te behoort. Ons sien dit so wonderlik in hierdie loflied in Filippense 2:5-11.

Hierdie loflied begin met die woorde: *"Dieselfde gesindheid wat in Jesus was, moet ook in julle wees!"* Dit is 'n oproep om dadelik jou hart te deurgrond en te kyk na jou hele lewensingesteldheid. Wat is jou gesindheid, wat is vir jou belangrik? Is jy al so deur die swaar van die lewe, deur wat jy beskou as jou daaglikse realiteit, platgetrek dat alles net vir jou voel soos moeite, alles net donker lyk, of kan jy soos Paulus selfs uit die tronk uit jou loflied laat hoor?

Wat was Jesus se gesindheid? Hy is God Self, wat die gestalte van 'n slaaf aangeneem het, die hemelse heerlikheid soos 'n kleed afgegooi het, om na hierdie aarde te kom. Hy is verneder, Hy is verag, gespot, geslaan, alles vir JOU.

Dit plaas dadelik die klem terug by jou. Hoe reageer jy wanneer jy hierdie loflied hoor? Jubel jou hele wese saam met Paulus: "Jesus Christus is Here!"?

Jesus het hierdie vernedering ondergaan sodat ons kan jubel, sodat

die juk van die sonde en die ewige dood vir ewig van elke gelowige afgegooi is, sodat ons nou kan lewe as dankbare, jubelende offers vir God. Dit is ons gesindheid, ons uitgangspunt, ons dryfveer.

Sing: Skrifberyming 5-2:1, 5, 9, 10
Ds. SJL (Lohan) Linde (Pretoria-Wonderboom-Suid)

Donderdag 23 Januarie

Skrifgedeelte: Nehemia 9:1-6
Fokusgedeelte: Nehemia 9:5, 6

Verootmoedig jouself!

Dit gebeur gereeld dat daar ’n dag van verootmoediging uitgeroep word. ’n Dag waar daar gebid word vir reën, of uitkoms, of vir watter belangrike saak ook al op die harte van almal lê. Hierdie woord, verootmoediging, beteken om onsself voor die Here neer te buig, en eintlik ons hele wese voor Hom leeg te maak – soos ons dan ook in Nehemia sien. Die hele volk kom bymekaar, en vir die eerste gedeelte van die dag word hulle met hulle sonde gekonfronteer. Dan nog ’n kwart-dag, met rouklere aan en as op hulle koppe, bely hulle hul sondes. Alles word oopgevlek, alles word bely.

Wanneer laas het jy jouself so voor God verootmoedig, jouself so voor God leeggemaak? Dit is die proses om jou eie ek, jou wil, heeltemal af te breek, sodat God se wil in jou lewe na vore kom – soos die Israeliete gedoen het. Toe hulle heeltemal leeg was, het hulle oorgegaan na lofprysing toe. Gaan bestudeer gerus die res van die hoofstuk biddend.

Hierdie ware verootmoediging het net vir ons waarde, want ons weet dat ons verlos is. Ons moet ons sonde bely, maar daarmee saam het ons die wonderlike belofte dat die Lam van God die sonde op Hom geneem het en daarvoor betaal het. Daarom kan ons met jubelende blydskap die as van ons kop afstof, en die feesklere aantrek wat God vir gee, om so met dankbare harte vol lofgesange by die bruilofsmaal van die Lam aan te sit.

Ons hoef nie meer in sak en as te sit oor ons lewe nie; bely dit wat op jou hart is voor die Here, en glo dat daar vergifnis is in ons Here Jesus Christus, dan word jou klaagliedere verander in lofgesange, en kan jy saam met die Leviete bely: “Kom, prys die Here julle God! Hy is van ewigheid tot ewigheid.”

Sing: Psalm 18-1:1, 10

Ds. SJL (Lohan) Linde (Pretoria-Wonderboom-Suid)

Vrydag 24 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 13
Fokusgedeelte: Psalm 13:1-6

Hoe lank nog, Here?

Deur die Psalms word ons rou emosies ten toon gestel. Die Psalmdigter se worsteling is my en jou worsteling: Hoe lank nog, Here? Dit is nie ’n vraag uit ongeloof nie, maar uit moedeloosheid.

In sy worsteling sê hy dat hy elke dag opstaan en van vooraf besef daar is geen uitkoms nie. Hy voel asof die Here vir hom kwaad is. Hy het sy gesig van hom af weggedraai, in woede.

Wanneer ons na die eerste drie verse kyk en dit vergelyk met die laaste vers waar hy troos en vrede beleef, dan besef ons iets: Ons omstandighede maak seer, maar dit is nie al wat ons seermaak nie. Die boodskap van ons beproewing maak ons baie keer die seerste.

Asof sy omstandighede nie erg genoeg is nie, glo hy nou dat die Here hom vergeet het, hy is nie goed genoeg nie en niemand is daar om hom te help nie. Hy het net vyande en dié gaan hom nog oorheers.

Kink dit nie vir jou bekend nie? Ons kry ook in tye van beproewing dieselfde boodskappe, want jy voel magteloos.

Tydens sy gebed verander daar iets in die Psalmdigter se denke. Hy besef hy kan vashou aan die troue liefde van die Here. Ek en jy het oneindig meer sekerheid oor die troue liefde van die Here as Dawid.

Die Vader stuur sy Seun en Hy stort al die toorn vir ons sondes op Hom uit sodat jy kan weet: Christus is die oplossing.

Jy kan weet die boodskap agter jou seer kan jou nie meer seermaak nie. In jou beproewing het jy 'n Vader wat sorg en vir jou lief is. Jy is nie meer nutteloos nie, in Christus het jy waarde. Jy het nie net vyande nie, jy is deel van die Here se kerk.

Sing: Psalm 13-1:1, 2

Ds. DJ (Dirk) de Bruyn (Mosselbaai)

Saterdag 25 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:3-12
Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:3

Blydskap in die Here deur moeilike tye

'n Gelowige kan blydskap hê selfs in swaarkry. Maar hoe kry ek dit reg? Petrus verduidelik in vers 1-6 dat ons ons blydskap vind in die feit dat die Here ons liefhet en veilig hou.

Ons kan dié liefde opsom deur te sê: Jy is veilig in die Here se hand, van nou af tot in ewigheid. Jy het nou 'n lewende hoop op die ewige lewe wat nie kan weggaan, sleg raak of vernietig word nie. Nie omdat jy iets gedoen het om dit te verdien nie, maar uit genade deur geloof.

Ons word veilig bewaar vir die saligheid. Die Here beskerm jou in hierdie lewe sodat jy verseker kan wees van die ewige lewe. Dit is 'n militêre term wat hier gebruik word. Dit beteken die Here veg saam met ons sodat ons saam met Hom kan wees. Dit gee ons onuitspreeklike blydskap.

Petrus verduidelik die Here se beskerming verder in vers 7. Hy sê die geloof wat gesuiwer is, gaan lof, eer en heerlikheid waardig wees by die wederkoms. Maar wie gaan die lof kry? Die Here. Dit is nie jou geloof wat so groot is en jy wat die lof gaan kry nie. Maar die Here is elke dag saam met jou in die stryd deur die werking van die Heilige Gees. Met dit in gedagte kan jy met vreugde moeilike tye aanpak.

Tog is dit nie vir ons lekker in moeilike tye nie. Ons raak bedroef, hartseer en mismoedig. Dit is nie verkeerd om so te voel nie. Die gelowiges aan wie Petrus geskryf het, het ook so gevoel. Maar ons kan weet ons word deur die Here veilig bewaar, ons is na Hom op pad en niks kan ons van sy liefde skei nie. Dit gee ons 'n ander tipe blydskap. Blydskap deur my trane, harde werk en bekommernis.

Sing: Skrifberyming 3-4:1, 2

Ds. DJ (Dirk) de Bruyn (Mosselbaai)

Sondag 26 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 9:1-7
Fokusgedeelte: Psalm 9:1-7

Ek wil die Here prys

Hoe kom ons by die oortuiging: "Met my hele hart wil ek U prys, Here"? In die Psalm begin Dawid deur sy toewyding aan die Here te bevestig. Daarna verduidelik hy deur die Psalm hoekom die Here prysenswaardig is. Een van die redes waaraan Dawid bly vashou, is die Here wat Regter is (vs 4-5).

In sy lewe het Dawid besef die Here is Regter. Sy blote verskyning kan sy vyande vernietig (Ps. 21:10). Dit is hoe Heilig die Here is. Sy heiligheid verteer al sy vyande.

Hoekom is Dawid nie een van die Here se vyande nie? Want Hy besef Hy is afhanklik van die Here. Hy glo en vertrou op Hom. Deur sy geloof het hy deel aan die redding wat Jesus Christus bewerk het. Hy het die toorn van God namens ons gedra (HK So. 15, v/a 37).

Ons wat in Hom glo en vanuit ons geloof vir Hom leef, het dieselfde voorreg as Dawid. Ons word nie deur die Here verteer nie, maar ons is sy kinders. Wat doen dit aan jou hart om dit te weet? Dit laat ons uitroep: "Met my hele hart wil ek U prys, Here"!

Om die Here te prys, beteken om sy grootheid te erken en dit te bely as 'n feit. Dit is nie meer net koppe-kennis nie, maar ons wil Hom

vertrou met alles. Daarom wil ons ook vertel. Ons wil die Here se magtige dade oordink, bereken en aan ander vertel omdat ons Hom liefhet. Ons wil ook vrolik wees in die Here.

Daar is baie dinge in die wêreld wat ons kan bly maak, maar ons wil ons blydskap in die Here vind. Ons wil uiting gee aan ons blydskap deur soos Dawid te sing.

Wees vandag bly in die Here, prys Hom, vertel van sy magtige reddingsdade. Hy is jou Redder.

Sing: Psalm 9-1:1, 9

Ds. DJ (Dirk) de Bruyn (Mosselbaai)

Maandag 27 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 106:1-5, 45-48
Fokusgedeelte: Psalm 106:1, 3, 46

Genade selfs deur gevangenskap

Om toegesluit in gevangenskap te sit, is seker een van die grootste vrese vir meeste van ons. Daar waar jy uitgelewer is aan mense wat ’n tipe absolute mag oor jou het. Of daar waar jy tussen ander geharde misdadigers moet oorleef.

Maar dit is juis in hierdie situasie dat die troos van die Here ook weer na ons toe kom vandag. Ons moet die Here prys omdat Hy goed is, en sy goedertierenheid tot in ewigheid strek, volgens vers 1. In vers 3 wil dit voorkom of die Psalmdigter wil roem op die feit dat hy die reg bewaar en geregtigheid doen. Maar wanneer ons die hele psalm lees, sien ons vinnig sy negatiewe geskiedenis saam met sy volk. Uiteindelik tot in die gevangenskap van ballingskap waarin hulle weggevoer is.

Maar dan sien ons die genade, in vers 46 sien ons die genade van die Here hou nie op by die tronkdeur nie. Hy laat die mense wat Hy uitverkies het selfs genade en medelye vind by die mense wat hulle in gevangenskap hou. Uiteindelik is dit ook waar van ons wat uit die

gevangenskap van die sonde uitgered is, in die sterwe en opstanding van ons Here Jesus Christus. Waarlik, daar is geen einde aan die goedheid en goedertierenheid van die Here nie. Dit strek selfs deur gevangenskap tot in die ewigheid in.

Sing: Psalm 106-1:2, 19

Ds. FR (Franscois) Pretorius (Phalaborwa)

Dinsdag 28 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 63:1-12
Fokusgedeelte: Psalm 63:4, 5

Die kosbaarste besitting

Wanneer ’n mens gestrand en verlate in ’n woestyn vasgekeer is, word dit wat eintlik belangrik is, meer en meer duidelik. Meeste mense se eerste en belangrikste bekommernis sal voedsel wees. Die wil om te oorleef, waarvoor fisiese voedsel vir die liggaam ’n noodsaaklikheid is.

Maar wanneer ons Here Jesus Christus ook honger in die woestyn is, sê Hy duidelik in Matteus 4:4: *“’n Mens leef nie net van brood nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom.”* Presies hierdie oortuiging en gevoel tref ons dan ook by koning Dawid aan wanneer hy vir Absalom moet vlug en verlate in die Judawoestyn is. Hy verlang daarna om die mag en grootheid van die Heilige God te ondervind. Want vir Dawid is die kosbaarste besitting wat hy moes agterlaat, nie die voedsel en goud in sy paleis nie. Nee, wat hy moes agterlaat, is die voorreg om onverhinderd die Here te kan aanbid en loof in sang en lied.

Tog weet hy dat hierdie kosbaarste besitting nie vir ewig verlore is nie. En daarom kan hy ook hier in die woestyn ervaar en bely dat die troue liefde van die Here uiteindelik vir hom meer werd is sy eie lewe. Hy kan dit bely terwyl hy sy hande ophef en die Naam van die Here prys.

Sing: Psalm 63-1:1, 2

Ds. FR (Franscois) Pretorius (Phalaborwa)

Woensdag 29 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 17:1-15 (AFR33)
Fokusgedeelte: Psalm 17:8, 9

Die Here bewaar ons soos ’n oogappel

Dit is so al asof Dawid die laaste bede van die “Onse Vader”-gebed bid: “Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.” Dawid roep die Here aan dat Hy ’n regverdige saak moet aanhoor. Hy sê vir die Here dat hy die Here se kind is; dat hy die pad loop wat ’n kind van die Here behoort te loop. Hy vermy die pad van die geweldenaar en hou vas aan die Here se spore. Hy roep die Here aan. Hy soek beskerming by die Here. Hy sê daar is vyande, goddeloses wat hom geweld wil aandoen.

Die mens het drie doodsvyande, naamlik die duiwel, die wêreld en die eie sondige natuur van die mens. Hulle is gevoelloos en hoogmoedig. Elkeen van die vyande is soos ’n brullende leeu wat soek wie hy kan verslind (1 Pet. 5:8). Die mens is so swak in homself dat hy geen oomblik staande kan bly nie. “Bewaar my soos ’n oogappel”, vra Dawid. Die oogappel of pupil is seker een van dié liggaamsdele wat ek die meeste beskerm. Ek knip nie net my oë as iets nader kom nie, maar ek gebruik byna outomaties my hande om beskerming te bied. Dawid vra ook dat die Here hom sal beskerm soos ’n hen haar kuikens onder haar vlerke beskerm (vgl. Matt. 23:37).

As die Here ons bewaar, sal ons oorleef en oorwin. Die Here doen dit inderdaad ook. As Vader sorg, regeer en onderhou Hy. As Seun verlos Hy ons van ons sondenood; het Hy die mag van die dood oorwin en is Hy besig om die duiwel se kop te vermorsel. Ná sy hemelvaart regeer God deur Hom wat ons met God versoen het. En deur God se Gees wat in ons woon, verlig Hy ons harte en rus Hy ons toe met die wapenrusting van God (Ef. 6:10-20) sodat ons staande kan bly “en sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelike stryd nie (sal) beswyk nie totdat ons eindelik die oorwinning ten volle behaal” (HK, Sondag 52).

Sing: Psalm 7-1:1, 6

Ds. AH (Arie) Stavast (Emeritus)

Donderdag 30 Januarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 10:12-21
Fokusgedeelte: Deuteronomium 10:21

Om "groot te praat" ... oor God!

"Grootpraat" ("lofprysing" baie meer letterlik vertaal) het normaalweg vir ons almal maar 'n baie negatiewe en ietwat onaangename konnotasie, behalwe in gevalle waar iemand iets sou sê wat absoluut waar is, en verder as so 'n persoon in so 'n geval nie na homself sou verwys nie.

As ons egter oor God sou moes praat, is dit natuurlik iets heeltemal anders – in so 'n mate dat dit in werlikheid vir ons baie moeilik sou wees om die regte woorde van lof en opregte dankbaarheid te vind om sy absolute uniekheid (dit is: Wie Hy werklik is) en sy unieke optrede (bv. "magtige wonderdade" – vs 21) in die wêreld en in ons lewe te beskryf (vgl. NGB Art 1). Ons besef egter almal dat lofprysing 'n absolute en onmisbare deel van ons godsdiensbeoefening moet uitmaak.

Hoe doen ek so-iets wat feitlik aan die onmoontlike grens? Ek sou hiervoor maar slegs op een plek kon begin, by myself – in my eie hart. Vers 16 plaas my dan ook voor die pynlike en onafwendbare: ek moet my "hart besny" – hier diep binne-in my moet daar dus 'n baie pynlike proses plaasvind – 'n radikale verandering en 'n totaal nuwe hartsgesindheid wat tot stand kom, wat anders daar uitsien en alle eie misplaaste eiewilligheid en hardkoppigheid (of is dit nou "hartkoppigheid"?) uit my hart en lewe "uitsny"!

Dit alles geskied natuurlik onder leiding van sy Gees en kring noodgedwonge uit na al my woorde en dade (vs 12). So kom ek dan onder die indruk van die verreikende en praktiese implikasies wat dit vir my geloofslewe sou inhou: So sal ek voortaan ophou om myself te bluf – dat ek nie meer sou probeer om allerhande omkoopgeskenke (vs 17) in die vorm van uiterlike godsdiens en lippediens aan God die Vader op te dring nie. Verder, dat ek sal ophou om te verwag dat Hy my, omdat ek dink dat ek bloot uit myself so spesiaal is, as witbroodjie (vs 17: "om sekere gesiggies uit te lig") uitgesonder te word.

Nee, ware lof voorspel die einde van goedkoop en oppervlakkige godsdienstigheid, omdat ware lof uiteindelik slegs neerkom op ’n baie besondere en persoonlike (“hartlike”) verhouding met Hom. Die treffende woordjie “aanhang” (vs 20) sê dit alles. Dit vertel vir my in besonder van die persoonlike nabyheid (of ook: “persoonlike band”, of om aan iemand “gebind” te wees) wat daar kan en behoort te bestaan tussen twee sulke partye (vgl. ook Gen. 2:24). Ek en Hy (God) is dus “gebind” in so ’n hartlike verhouding. So is ek onherroeplik aan Hom gebind deur die “bloedband” van sy Seun Jesus!

Ek herinner my aan sy Vader se wonderlike woorde (Jer. 13:11) wat steeds in my ore (en hart) weerklink: *“Soos ’n gordel stewig vas is om die lyf van ’n man, so het Ek al die mense van Israel en Juda aan my vasgemaak.”* Ek kan en moet altyd oor Hom praat, juis omdat Hy my so na aan die hart lê!

Sing: Psalm 150-1:1

Ds. DPJ (Danie) Erasmus (Emeritus)

Vrydag 31 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 28:1 – 29:11
Fokusgedeelte: Psalm 28:6

Die mens se stem smeek om God se stem

Die woord “stem” kom nie minder nie as nege keer in hierdie twee psalms voor. In Psalm 28 gaan dit oor die mens se stem, en in Psalm 29 oor God se stem. Die mens se stem smeek: “Draai nie stilswyend van my af weg nie” (28:1). As die Here sou swyg teenoor die mens, sal die mens sterf, kwyn. Die mens se stem smeek om God se stem. As God se stem gehoor word, dan openbaar dit sy almag (Ps. 29). Sy stem is op die waters van die wêreld (stormseë, bruisende riviere, donderstorms). Sy stem kloof die bome van die Libanon, laat die berge bewe soos diere wat bokspring van angs.

Tog wil die mens God se stem hoor – om verdere redes. Die HERE se stem laat die takbokke lam (29:9). Sy stem bring vrede en seën. Met sy stem het Hy in die begin die woesteny in ’n paradys omskep (Gen.

1:2). Met die stem van sy Gees breek Hy 'n onbekeerde hart oop. In ons Here Jesus Christus het God se stem (Woord) vlees geword en onder ons kom woon (Joh. 1). Met hierdie Stem openbaar God Homself die duidelikste (Heb. 1). En as Jesus sy stem laat hoor, gehoorsaam wind en see (Mark. 4:41) en dooies (Joh. 11:43). By Jesus se sterwe en opstanding beveel God aardbewings, sonsverduistering, 'n geskeurde gordyn, dooies wat opstaan (Matt. 27:45, 51, 52; 28:2).

Dawid smeek. God hoor – en Hy versterk en verlos en gee vrede (Ps. 28; 29). Maar toe Jesus smeek ("Laat hierdie drinkbeker by My verbygaan", en "My God, My God, waarom verlaat U My?"), swyg God – ter wille van óns verlossing!

Die swye teenoor Jesus is die straf op óns sonde. Terselfdertyd is dit ook die waarborg dat God nooit teenoor sy kinders sal swyg nie. Daarom roep Dawid dit uit: *"Geloofd sy die HERE, want Hy het die stem van my smekinge gehoor"* (Ps. 28:6).

Sing: Psalm 33-1:1, 5, 6

Ds. AH (Arie) Stavast (Emeritus)

KWARTAAL 1 – FEBRUARIE

TEMA: OPROEP TOT LOF AAN DIE HERE (Psalm 33:1-3)

Die fokus op regverdiges (die wat in Christus deur 'n ware geloof geregverdig is) moet die HERE verheerlik. Hy is die voorwerp en die onderwerp van lof. Alles moontlik om die lof van die HERE te verkondig, moet gebruik word. 'n Nuwe lied (vgl. Ps. 40:4; 96:1; 98:1; 144:9; Jes. 42:10; Op. 5:9) moet gebruik word om die HERE in sy almag en voorsienigheid te loof en die geloof in God te verklank.

Saterdag 1 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 1:39-56
Fokusgedeelte: Lukas 1:46-47

Die Here is ons rede tot lofsang

Uit totale toewyding sing Maria 'n lofsang aan God vanuit die diepte van haar hart. Maria se drang om God te loof is gebore uit die feit dat God haar Saligmaker en Verlosser is. Die woord wat in hierdie gedeelte met "Saligmaker" vertaal word, dra die betekenis dat God die Outeur van ewige verlossing is. Totdat ons God as ons Verlosser erken, is ons verstand nie vry om ware en volle vreugde te geniet nie, maar sal ons in twyfel en angs bly. Dit is alleen God se Vaderlike goedheid en die verlossing wat daaruit vloei wat die siel met vreugde vul. Ons kan God dus eers waarlik dank as ons weet dat ons ons verlossing alleen in Hom het.

In haar eenvoud het Maria besef dat die Verlosser, uit haar gebore, ewige verlossing bewerk het en daarom her sy God dan ook geloof en geprys. Alhoewel Maria die moeder van ons Here Jesus Christus is, is die genade wat aan haar bewys is, niks anders as die genade wat elke dag aan ons bewys word nie. Die Verlosser wat uit Maria gebore is, is immers ook elkeen van ons se Verlosser.

Daarom kan ons ook steeds dieselfde danklied sing. Ons kan ons steeds in God verheug, want Hy het sy Seun, Jesus Christus, gestuur sodat ons verlos kan word. Hy het ons vanuit ons sondige bestaan verlos, en daarom kan ons aan Hom die lof bring wat Hom toekom. Mag hierdie danklied ook deur ons, ons kinders en kindskinders

gesing word, en mag ons deur ons dankbaarheid hulle leer waarom God die rede vir ons lofsange is. Mag ons ook deur die Heilige Gees die krag kry om God altyd te verheerlik vir die groot genade wat Hy elke dag aan ons bewys.

Sing: Psalm 103-1:1

Ds. JN (Josef) Hibbert (Pietersburg-Noord)

Sondag 2 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 92
Fokusgedeelte:Psalm 92:2-3

"Dit is goed om die Here te loof"

Vanuit die Psalm sien ons duidelik dat die dag van die Here daaroor gaan om in die Here te rus en na te dink oor God se werke in ons lewens. God het in sy wysheid aan ons 'n dag daargestel waarop ons ons kan losmaak van alle bekommernisse en onsself ernstig op sy lof kan toespits. Dit is immers goed om die Here te loof en tot sy eer te psalmsing. Hierdie Psalm leer ons dan hoe die regte onderhouding van die Sondag lyk. Dit bestaan in die viering van die Goddelike Naam.

Ons word ook verder opgeroep om in die môre die goedertierenheid van God te verkondig en sy getrouheid in die nagte. Die Here se goedertierenheid is konstant en nie aan enige seisoen gekoppel nie. So moet ons ook besef dat die Here se getrouheid nie net in die nag getoon word nie, maar regdeur elke dag. Wat die digter dus hier aan ons wil duidelik maak, is dat ons die Here die hele dag lank moet loof en prys. Dit is dus nie net reg om God te dank en sy lof te besing nie, maar dit is ook wat ons, gelei deur die Heilige Gees, heeldag moet WIL doen.

Die Psalm eindig met die woorde: *"...verkondig dat die Here reg is, my rots en in Hom is geen onreg nie"* af. God se regverdigheid bly dus regdeur die Psalm die hoofsaak. Christus se onregverdige kruisiging het op sy heerlike opstanding uitgeloop. Die oorwinning oor onreg en dood is behaal. Mag ons deur die Heilige Gees die krag ontvang om

so te leef dat almal die oorwinning in ons lewens kan sien en mag ons, dankbaar vir God se dade, die rusdag gebruik om die Here te loof en te prys, maar Hom ook in ons wandel en handel van elke dag loof en prys.

Sing: Psalm 92-1:1

Ds. JN (Josef) Hibbert (Pietersburg-Noord)

Maandag 3 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 68:5-7, 29-36
Fokusgedeelte: Psalm 68:32, 33

Sing tot eer van God!

Die 1936-beryming van Psalm 68 eindig met “U loof ons, Heer, der here”, en aan die einde van die 2001-beryming sing ons “Kom, loof Hom alle volke”! Albei hierdie pogings vat iets raak van waaroor dit in hierdie Psalm gaan: As die digter nadink oor hoe die Here deur die loop van die geskiedenis sy volk gelei het en hulle ’n plek tussen al die volke gegee het, sing hy ’n lofsang tot eer van die enige, ware God, en roep hy alle volke op om sy almag te erken en Hom te loof.

Dis waarom dit so goed is om die magtige werke van God uit sy Woord te ken, en om ook in ons eie tyd en lewe raak te sien hoe Hy red en troos en sorg. Elkeen wat Hom so ken uit wat Hy gedoen het, kan nie anders as om Hom te loof en te prys nie. Hy is die God van die Verbond wat vir Hom ’n volk gekies het, die vyand verslaan het, en ons toe in Jesus Christus sy eiendom gemaak het.

Ons kennis van wat Hy al gedoen het, gee ons juis ook die vrymoedigheid om soos die digter van Psalm 68 te bid dat Hy sy mag sal wys sodat alle volke sy heerlikheid sal sien en Hom sal erken en prys. As Hy optree, eer selfs Egipte en die Kussiete Hom!

Kinders van die Here voel nie magteloos teenoor die bedreiging van ongelowiges en die aanslae van die duiwel nie, want ons ken God as die Beskermer van sy volk. Ons kla nie net oor al die sedeloosheid en kerkloosheid nie, ons bid dat Hy sal wys dat Hy magtig is. Ons

sien daarna uit dat almal Jesus Christus sal leer ken as Here en Oorwinnaar, en saam met ons ’n lied tot sy eer sal sing!

Sing: Psalm 68-1:9

Ds. GNV (Nico) Botha (Emeritus)

Dinsdag 4 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 100
Fokusgedeelte: Psalm 100:3(a)

Kom, dien jou Koning met blydskap!

Psalm 100 is baie gelowiges se lieflingspsalm. Dit vorm die hoogtepunt van dié groep psalms wat die koningskap van God besing. Daar is nie een hartseer noot in hierdie pragtige lied nie! Wanneer die tempel betree word, is hierdie woorde deur die tempelkoor gesing. Dit nooi die kinders van God uit om nader te kom, om die Here met blydskap te kom dien. Hierdie blydskap leef om baie goeie redes in die harte van die volk. *Eerstens* word die oproep gemaak dat die Here as God bely moet word. Hy is die Skepper en die Eienaar van dié wat kom om te aanbid. *Tweedens* is Hy ook die Een wat hulle verlos, en so sy kudde geword het. Hy is *in die derde plek* ook die Herder, wat sy kudde bymekaar hou en lei. *Vierdens* is dit nie maar ’n tydelike toestand nie, dit is ’n langdurige en aaneenlopende verhouding wat van geslag tot geslag voortduur. Daar moet ’n dankbare vreugde in die gelowige wees, ’n vreugde wat ons met afwagting vervul wanneer ons optrek om die Here te gaan dien. Daar is te dikwels ’n neerslagtigheid in die godsdiens van baie gelowiges. Die oorbeklemtoning van ’n ingetoë houding kom ten koste van ’n vreugdevolle uitlewing van die blydskap wat daar by die Here te vind is. Die tempeldiens van Israel het ook sy opgewonde tye van vreugde ingesluit.

’n Mens sou Psalm 100 moeilik met ’n droewige gesig kan sing. Die woorde laat dit net nie toe nie. Ons moet dit ook nie toelaat nie!

Sing: Psalm 100-1:1-4

Ds. CB (Christo) Swanepoel (Lyttelton)

Woensdag 5 Februarie

Skrifgedeelte: Eksodus 15:1-21 (AFR83)
Fokusgedeelte: Eksodus 15:1–2

Wanneer die lewe druk, onthou: God is my krag en beskerming, die Een wat tot my redding kom

Die lewe plaas soms geweldige druk op ’n mens: daar is die druk by die werk, die druk van verwagtings, die druk om te presteer, die druk van finansies, die druk van eksamens en oorvol skoolprogramme, ’n geliefde is ernstig siek. Soms raak die druk te veel en wil jy daaronder swig. Dan die troos: Wanneer die lewe druk, is God ons krag en beskerming, die Een wat tot ons redding kom. Dis die kern van vers 1 en 2. ’n Loflied waarin God se verhewendheid besing word, maar ook ’n belydenis waarin die sanger erken dat God sy krag en beskerming is. Hierdie loflied is gesing na aanleiding van die volk wat onder groot druk verkeer het. Israel het Egipte verlaat ... voor hulle: die Rietsee ... agter hulle: die naderende Egiptenare ... Die nood druk. Dan kom die HERE en red sy volk op wonderbaarlike wyse. Perd en strydwa word in die see geslinger (vs 1).

Dis die genade: Ons hoef hierdie druk nie alleen te hanteer nie. Ons kan daarmee na die HERE gaan. Jesus het immers self druk ervaar, sodat Hy die kan help wat onder druk verkeer. So het Hy byvoorbeeld aan die kruis die druk van menslike vyandigheid en verwerping ervaar, die druk van versoeking, die druk van liggaamlike pyn en lyding, die druk van eensaamheid en verlatenheid, die druk van die dood. Dit sodat Hy kan sê “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is (ook almal wat die druk van die lewe ervaar) en Ek sal julle rus gee.” Hiermee saam, die Heilige Gees wat ons die innerlike krag en versterking gee om die druk te kan hanteer en verwerk.

So, wanneer die lewe weer druk, onthou: God is my krag en beskerming, die Een wat tot my redding sal kom. En wanneer die redding kom, loof en prys Hom daarvoor!

Sing: Psalm 107-1:1, 10

Ds. PC (Nelius) van Rooy (Elandskraal)

Donderdag 6 Februarie

Skrifgedeelte: Openbaring 15:1-4 (AFR83)
Fokusgedeelte: Openbaring 15:1-4

God tree altyd as Oorwinnaar uit die stryd

Daar is ’n noue band tussen gister en vandag se lied. Gister se lied het gegaan oor God wat daar by die Rooisee sy volk van die Egiptenaars verlos het. Hy het hulle gered deur hulle droogvoets daardeur te lei. Die Egiptenaars het daarin verdrink. Nou weet ons, Egipte is die sinnebeeld van die sonde. Die farao en sy magte: die bose se manier om te verhoed dat Israel die beloofde land beërwe.

Dis by hierdie tema dat ons Skrifgedeelte aansluit. Voordat die sewe bakke uitgegiet word, word eers ’n kykie op die ewigheid gegee. Johannes sien die gemeente van verlostes in die hemel aan die oewer van ’n see van glas. Die “see van glas” is hier ’n voorstelling van dit wat in Eksodus 15 beskryf word. ’n Verwysing na die “hemelse” Rooisee waardeur die oorwinnaars gekom het en wat weldra die agtervolgende vyand gaan verswelg. Die vuur daarin verwys na God se oordeel. Soos God se oordeel die Egiptenaars getref het deur hulle in die Rooisee te laat omkom, so sal God se oordele ook die goddelose tref. Soos Israel God aan die oewer van die Rooisee geprys het vir die oorwinning, so staan die oorwinnaars oor die dier (hoofstuk 13) gereed om God vir sy oorwinning te prys. So bereik die lied van Eksodus 15 sy klimaks: God wat as die Oorwinnaar geprys en aanbid moet word (vs 3, 4).

Die gelowige is in ’n voortdurende stryd teen die bose gewikkel. ’n Intense stryd. Die uitkoms is seker. Deur Jesus se dood en opstanding is die oorwinning behaal. As gelowiges kan ons nou reeds uit hierdie oorwinning leef. Verder, ons sien baie boosheid rondom ons. Die sonde en kwaad wat net erger word. Tog kan ons weet: dit gaan nie ongesiens by God verby nie. ’n Dag van rekenskap kom. Moenie dat die goddeloosheid in hierdie wêreld u moedeloos maak nie. Prys God eerder vir sy groot en wonderbaarlike dade.

Sing: Skrifberyming 2-7/37:1, 2 (melodie van Ps. 18)

Ds. PC (Nelius) van Rooy (Elandskraal)

Vrydag 7 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 7 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Psalm 7:18

Oproep tot lof aan die Here

Die Psalms is ’n wonderlike gawe uit God se hand! Deur hierdie gedigte uit die pen van gelowiges help die Heilige Gees ons om die volle spektrum van emosies wat deel uitmaak van ’n gebroke wêreld, te hanteer. Psalm 7 is ’n psalm vol kragtige waarhede vir elkeen wat aan die ontvangkant is van onverdiende swaarkry en onregverdige behandeling.

Hoe dikwels beleef ons nie dat daar mense is wat ons onregverdig beskuldig of selfs onregverdig behandel? Die ergste is sekerlik as dit vanuit ons perspektief lyk asof hulle daarmee gaan wegkom!

Dawid, wat iets soortgelyks aan sy lyf beleef, eindig die Psalm op hierdie wonderlike hoogtepunt (vs 18): *“Ek wil die Here prys vir sy regverdige optrede; ek wil die Naam van die Here, die Allerhoogste, besing.”*

’n Paar belangrike waarhede help hom om van moedeloosheid tot lofprysing te beweeg: Hy draai dadelik met sy swaar gemoed, wat hy baie grafies beskryf in vers 3, na die Here toe (vs 1-2). Hy is nie bang vir diep selfondersoek nie! Hy vra die Here om vir hom sy sonde uit te wys en hy is bereid om die verantwoordelikheid daarvoor te dra (vs 4-6). In vers 7-13 roep hy die Here op, op grond van hoe hy Hom ken, om in te gryp. Hy ken God as Een wat omgee oor onreg en wat baie dieper kwaad word daaroor as wat ons ooit kan word (vs 7). Hy ken God egter ook as die enigste ware Koning (vs 8), die regverdige God en Regter (vs 10, 12) en as die krygsman (vs 13-14) wat belowe om iets hieraan te doen! Niks van die onreg gaan by God verby nie en Hy gee regtig om. In die laaste plek herinner hy homself aan die waarheid dat God die wêreld so ontwerp het dat slim sy baas uiteindelik vang (vs 15-17).

Sy uiteindelike lofprysing is die gevolg van ’n hart wat homself in moeilike omstandighede herinner aan Wie God is en dat Hy die laaste sê

het! Wie ons God is, word natuurlik die duidelikste sigbaar in ons Here Jesus: sy volmaak regverdige lewe en sy onregverdige kruisdood. God se omgee word sigbaar aan die kruis in sy haat vir, en sy regverdige oordeel oor, die sonde. Dit is die kruis van Jesus wat selfondersoek en bekering moontlik maak (vs 13). Ons geloof in Hom laat ons deel kry in sy geregtigheid sodat ons vol hoop en in nederigheid kan kwaad word oor alle onreg. Ons regverdige, genadige God sal die laaste sê hê, en buite Jesus sal mense die volle gevolge van hulle sonde dra!

Sing: Psalm 119-1:57, 62

Ds. TF (Thomas) Dreyer (Cross Culture Church)

Saterdag 8 Februarie

Skrifgedeelte: Jesaja 42:8-17 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Jesaja 42:10-12

Oproep tot lof aan die Here

Die hartseer van Israel se sonde wat lei tot diep slawerny, is in Jesaja 1 – 39 deurgetrap. In hoofstukke 40 – 48 breek die lig deur. God kom om in te gryp deur sy lydende Dienskneg wat natuurlik niemand anders is as ons Here Jesus Christus nie. Hy kom doen wat Israel (en ons) nie kon of kan doen nie!

Ons fokusgedeelte val in wat beskryf word as die eerste Dienskneglied, wat Jesus se verlossingswerk begin verduidelik. Hier vind ons die kernrede vir God se duur verlossingswerk in Jesus, en dis nie in die eerste plek ons saligheid nie. Nee, vers 8 sê duidelik: *"Ek is die HERE, dit is my Naam. My heerlikheid sal Ek nie afstaan aan 'n ander nie, my roem nie aan gesnede beelde nie."*

God is sedert die sondeval, waarin Hy beroof is van die eer wat Hom toekom as heilige en liefdevolle Skeppergod, toegewy daaraan om te verseker dat Hy die lof kry wat Hom toekom. In ons gedeelte hoor ons nie net die belofte dat Hy dit gaan doen nie. Hy word geteken as 'n Krygsman, wat almal wat Hom van sy eer beroof, die stryd gaan aansê (vs 13).

Hierdie soeke na sy eer staan egter nie teenoor sy troue verbondsliefde vir ons as sy uitverkore kinders nie. As jy vir iemand lief is, wil jy die beste vir hulle gee, nie waar nie? Die Here weet Hyself is die beste wat Hy vir ons kan gee. Ons is gemaak om Hom te verheerlik, om sy eer bo alles te soek. Dit is al wat ons op ’n diep manier met ware vreugde kan vervul!

Daarom kom maak Hy van vyande vriende en kinders! In sy groot genade kom maak Hy ons blinde oë oop vir die dwaasheid van afgodediens, wat iets of iemand anders in sy plek stel (vs 16). Hy doen dit op ’n aangrypende manier! Hy, die enigste ware Lig, kom in die wêreld in en word mens in Jesus Christus om die duisternis in ons en om ons uit te dryf sodat ons Hom kan sien vir Wie Hy is en Hom kan loof en prys soos dit hoort (vs 16)!

Mag ons, van nature afgodsdienaars, beskaam staan oor ons dwaasheid (vs 17), maar dan, in diepe besef vir wat Hy vir ons gedoen het en in die krag van die Heilige Gees, juig as ons hierdie opdrag hoor (vs 10): *“Sing vir die Here ’n nuwe lied, besing sy roem van die einde van die aarde af!”*

Sing: Psalm 40-1:1, 2

Ds. TF (Thomas) Dreyer (Cross Culture Church)

Sondag 9 Februarie

Skrifgedeelte: Romeine 14:1-12
Fokusgedeelte: Romeine 14:11

Oproep tot lof aan die Here

Om God tydig en ontydig te loof en te prys, is nie net die regte ding om te doen nie. Dis nie net goed vir ons elkeen persoonlik omdat ons daarvoor gemaak is nie. Dit is ook goed vir ons verhoudings met mekaar en dit kan en sal op ’n baie praktiese manier onderlinge eenheid en harmonie bring.

Waarom? As elkeen na sy eie eer soek, waarborg dit verskille, verdeeldheid en onenigheid. As ons saam op soek is na die Here se eer,

om voor Hom te buig, Hom met ons tong te bely as God (vs 11), skep verskille ’n geleentheid om Hom te verheerlik.

By die gemeente in Rome aan wie Paulus hier skryf, was daar verskille oor watter kos om te eet en nie te eet nie (vs 2). Daar was verskille oor die hou van sekere Joodse feesdae (vs 5-6). Paulus se raad oor hoe om dit te hanteer en te verhoed dat dit maak dat mense op mekaar neersien en mekaar veroordeel en so verdeeldheid bring (vs 3), is duidelik: *Onthou dat julle almal huisbediendes (slawe) is van die Here (vs 4), wat nie vir julleself nie, maar vir Hom leef en vir Hom sterf en wat in lewe en in sterwe aan Hom behoort (vs 7-8).*

Jesus se kruisdood en opstanding in ons plek, wat elkeen van ons ewe nodig het en wat sy Koningskap oor elkeen van ons se lewens bevestig (vs 9), maak dat ons nie op mekaar kan neersien of mekaar kan veroordeel nie (vs 10). As twee studente ’n vak druip, is dit baie dwaas vir die een wat ’n bietjie meer gekry het om vir die ander een te lag en op hom neer te sien, of hoe? Ons gaan op gelyke voet voor God se regterstoel staan (vs 10) en verantwoording doen (vs 12). As gelowiges gaan ons daar staan met een en dieselfde hoop: Jesus se lewe, kruisdood en opstanding in my plek!

Paulus haal uit Jesaja 45:23 aan as hy sê: *“Want daar staan geskryf: “So seker as wat Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig en elke tong sal My as God bely.”*

Sy punt is, dit gaan eendag vir seker gebeur, maar dit hoef nie tot dan te wag nie. Dit kan hier en nou al gebeur, en waar dit gebeur, sal vreugde en vrede en onderlinge liefde heers! So, kom ons buig die knie en bely Hom as God, en loof en prys Hom saam met die tong!

Sing: Psalm 45-1:1, 10, 14, 16

Ds. TF (Thomas) Dreyer (Cross Culture Church)

Maandag 10 Februarie

Skrifgedeelte: Daniël 2:17-23
Fokusgedeelte: Daniël 2:21

Jesus Christus, die Heerser oor die Konings van die aarde

Waaroor droom jy? Meestal hou ons drome verband met die toekoms. Jy droom oor jou ideale en dit wat jy graag wil bereik. In Daniël 2 gaan dit ook oor ’n droom, eintlik oor ’n nagmerrie. Koning Nebukadnesar, die tiran en diktator van die tyd, het gedroom en deur die droom was sy gees ontsteld en sy slaap daarmee heen (vs 1). Sy reaksie hierop is skrikwekkend: *“As julle nie aan my die droom en sy uitleg bekend kan maak nie, sal julle ledemate afgekap word, en van julle huise sal vullishope gemaak word”* (vs 5).

God maak die droom aan Daniël bekend. Hy kan vir Nebukadnesar gaan vertel oor sy droom van die groot beeld. Die beeld met ’n kop van die beste goud, sy bors en arms van silwer, sy maag en heupe van koper, sy bene van yster, sy voete deels van yster en deels van klei (vs 32-33). Maar voordat Daniël dit doen, loof en prys hy die Here: *“Mag die Naam van God van ewigheid tot ewigheid geprys word.”* Daniël word klein voor die Here. Hy sien hoe God aan die werk is. In vers 21 getuig hy: *“Hy tog verander die tye en die geleenthede; Hy sit konings af en stel konings aan; Hy verleen wysheid aan die wyse manne en kennis aan die wat insig het.”* In die beeld word duidelik gemaak: Nebukadnesar se koninkryk is tydelik. Na hom sal daar ander koninkryke kom. Hulle sal net so tydelik wees, want elke ryk moet plek maak vir die koninkryk wat kom. Die steen wat teen die berg afrol. So word die Christus wat nog moet kom, aan Nebukadnesar verkondig. Die menslike moet plek maak vir die hemelse. Vanuit die hemel kom daar ’n nuwe ryk op die aarde. As Christene ken ons hierdie ryk. Dit is die koninkryk van Jesus Christus. Die toekoms behoort aan Hom! Hy is die steen, die hoeksteen van sy ryk. Dit is Hy waarop die ewige ryk gebou word. As die wêreld met al sy politiek en oorloë keer op keer op sy kop staan, mag ons weet dat ons aan die ryk van die ware Koning behoort.

Sing: Psalm 118-1:11

Ds. GP (Gerben) Meijer (Waterkloofrand)

Dinsdag 11 Februarie

Skrifgedeelte: Sefanja 3:9-20
Fokusgedeelte: Sefanja 3:14

Die oog op die toekoms gee troos in die hede

In Sefanja 3 lyk dit of daar tussen die hede en die toekoms gespring word. As jy die woorde in vers 15 lees: *"Die HERE het die oordele oor jou afgewend ..."* dan laat dit jou dink aan die ewige heerlikheid. Die stryd is gestry die vyande is uit die weg geruim. Lees jy bietjie verder, dan is jy weer terug in die hede: *"Sion: moenie dat jou moed jou begewe nie."* Die profeet bemoedig die volk: die finale bevryding wat kom, gee nou reeds hoop.

Om dié rede kan die volk van God in die hede liedere van bevryding sing. Al word die HERE se oordele 'n werklikheid, word hulle getroos met die wete dat Hy in hulle midde is.

Sefanja profeteer in die tyd van die goeie koning Josia. Hy het 'n groot hervorming in Jerusalem bewerkstellig. Sy voorgangers was die slegte konings Manasse en Amon. Hulle het die volk in afgodery saamgesleep. In dié dae het Israel rede gehad om doodsbang vir die Here te wees. Sefanja begin met harde woorde: *"Ek gaan beslis alles van die aardbodem af uitwis"* (Sef. 1:2) Die boek sit vol oordeel (Sef. 1:1 – 3:8). Eers in die laaste verse verander dit. Skielik aan die einde is daar 'n wending. Daar is hoop, daar is uitkoms, daar is ruimte vir die kinders van die Here om in die moeilikste omstandighede te sing.

Die rede? Die Here jou God is in jou midde, 'n held wat verlos. In liefde lei die Here sy kinders deur die swaarste tye van beproewing. In Sefanja maak die Here duidelik dat Hy gaan skoonmaak, maar Hy gaan dit doen omdat daar iets nuuts moet kom. Daarom word daar gesing, want hier word geprofeteer van die Messias wat kom. In Matteus 4:16 gaan dit in vervulling: *"Die volk wat in duisternis woon, het 'n groot lig gesien; vir hulle wat in die gebied en die skadu van die dood leef, het 'n lig opgegaan."*

Deur Jesus Christus bring die Here die redding wat nodig is. Bevryding van die sonde, dit wat die volk keer op keer die afgrond in sleep. In

Hom is daar bevryding. Om dié rede kan ons vandag saam met ons medegelowiges uit die tyd van Sefanja jubel en sing!

Sing: Psalm103-1:9

Ds. GP (Gerben) Meijer (Waterkloofrand)

Woensdag 12 Februarie

Skrifgedeelte: Efesiërs 5:1-21
Fokusgedeelte: Efesiërs 5:19

Vervul deur die Heilige Gees, is die lewe 'n lied

Pinkster is 'n wonderlike fees. Dit is die aanbreek van 'n nuwe era vir die kerk in die wêreld. Ná Pinkster is die evangelie versprei. Van mond tot mond, mens tot mens, land tot land is die boodskap vertel: Jesus is die Here oor alle dinge. Hy het uit die dood opgestaan. Daar is redding vir die wêreld, daar is verlossing. 'n Nuwe lewe in geloof, hoop en liefde is moontlik. Dit is die kragtige evangelie van Jesus Christus! Ná Pinkster is baie mense deur die Woord geraak en is hulle lewens deur die geloof verander. Regoor die wêreld leef daar mense vol van die Heilige Gees. Hieroor skryf Paulus in Efesiërs 5. Vers 19 word ingelei met die woorde: *"Word vervul deur die Heilige Gees ..."* Vervul deur die Heilige Gees is jy een met Jesus Christus. Deur Hom word die genade en krag van die Here in jou lewe sigbaar.

Ná die vervulling deur die Heilige Gees volg drie aanwysings: sing, dank en dien. As jy vol is van die Gees, sal jy sing en jubel oor God se werke (vs 19). Al van die Ou Testament af pas dit by kinders van die Here. In die tempel is daar gesing. In die jong kerke in die Nuwe Testament is daar ook gesing. Ons het daarvan gelees in Paulus se brief aan die gemeente in Efese. Die ou kerkvaders het geskryf oor hoe daar in die kerk gesing is. Hoe eredienste begin is met die woorde uit Psalm 100: *"Gaan deur sy poorte in met lof."* Heerlik om vol van die Gees te sing.

Vol van die Gees word jou lewe geken aan dankbaarheid (vs 20). Sigbaar en tasbaar leef jy in dankbaarheid voor God die Vader. Dankbaar vir die liefde wat Hy vir jou gee deur sy Seun Jesus Christus. Jou

woorde en dade getuig dat jy dit van harte waardeer. Vervul met die Gees maak jou laastens ook diensbaar (vs 21). Paulus skryf dat ons onderdanig aan mekaar moet wees uit ontsag vir Christus. Vervolgens trek hy die lyn deur na die verhouding tussen man en vrou, kinders en ouers, werkgewers en werknemers: Dien mekaar. Sing, dank en dien word sigbaar as jy deur die Heilige Gees vervul is. Daarin bereik jy as mens die bestemming waarvoor die Here jou gemaak het.

Sing: Psalm 98-1:1

Ds. GP (Gerben) Meijer (Waterkloofrand)

Donderdag 13 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:1-10
Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:9 (AFR53)

Lewe in Jesus om God te verkondig

Die ware gelowiges in ons Here Jesus – sy kerk – word vir ons beskryf in vers 9. Wat ’n wonderlike saak om te weet wie jy is in Jesus Christus. Dit is die manier om te verstaan wie die gelowige is – deur Jesus Christus te ken waarin die gelowige ingelyf is, deur ’n ware geloof.

Jesus is die uitverkore hoeksteen van God: Hy is die Een waarop die res van God se kerk-gebou word. Hy is die Priester wat dien deur Homself te offer, sodat daar ’n kerk kan wees. Hy is die Koning wat oor sy kerk regeer. Hy is sonder sonde om die kerk te versoen met God.

Hy is die eniggebore Seun van God, in verbond met die Vader, om die kerk ewig tot die Vader te bring. Hy het gekom om nie net God aan ons te openbaar nie, maar Hom ook te verheerlik. Dit was die vreugde van ons Here Jesus – om sy Vader te eer.

Sal die kerk van ons Here Jesus dan iets anders soek om te wees? Sal die kerk dan ’n ander doel in die lewe kan hê? Sal hulle wat deur ’n ware geloof in Jesus ingelyf is, anders wil wees? Petrus sê die kerk is ’n geslag wat in Christus uitverkies is vanuit ’n wêreldgeslag wat

besig is om verlore te gaan. Hulle lewe in die wêreld as plek, maar lewe in Jesus Christus as bron.

Die kerk is mense wat in die wêreld hulleself toewy aan die Hoeksteen van die kerk, waarop hulle lewe hier en ewig gebou word. Hulle stry in die onguns van die tyd, teen die gees van die tyd.

Die kerk is die nuwe volk wat God, in Jesus, vir Homself vergader, uit alle volke, tale en nasies. Die kerk is nie beperk tot een volk en een kultuur nie. Hulle is nie die beste uit die volke nie. Hulle is ewe verlore sondaars wat geheilig en gekoop is deur die kosbare bloed van ons enigste Hoëpriester.

Hierdie uitverkore, geredde, dienende, strydende, heilige kerk-volk, is die ware volk van God wat vernuwe is en geroep is om God te verheerlik. Om ook te verkondig Wie God is, soos ons Here Jesus gedoen het. Doen dit – verkondig Hom wat jou uit die duisternis na die lig geroep het.

Sing: Psalm 25-1:2, 4

Ds. DJ (Dirk) Dykstra (Nigel)

Vrydag 14 Februarie

Skrifgedeelte: Joël 2:21-27
Fokusgedeelte: Joël 2:26 (AFR53)

Loof God omdat Hy goed is

Die HERE het sy volk getugtig deur ’n sprinkaanplaag en droogte te beskik, wat hulle oes verwoes en hulle in ’n krisis gedompel het. Dit het groot ekonomiese gevolge gehad. Dit beteken ’n skaarste aan kos vir mens en dier. Lewensmiddele wat nodig is, raak ’n krisis.

Die skaarste aan kos was egter nie die enigste probleem nie. Die volk het ook gesig verloor by die heidenvolke rondom. Hierdie plaag was nie net aan Israel bekend nie, maar ook die ander volke het geweet. Dit bring vrae na vore: Waar is Israel se God ...waarom is sy hand teen hulle met die plaag? Die volke het Israel in diskrediet by die

HERE gesien. Maar dit het nie gebeur sonder rede nie. Dit was die HERE se dissiplinerende hand gewees, sy Vaderlike liefdestug. Hy roep daarmee sy volk tot bekering: 'n oproep tot bekering, soos die HERE s'n, is nooit liefdeloos nie – veral as dit 'n mens terugroep na die HERE toe.

Want dit lyk asof die volk sy vertroue in homself – in bloed en bodem – gestel het. Die HERE is nie geraadpleeg in al die volk se handel en wandel nie. Dit is om nie in die vrees van die HERE te lewe nie, maar volgens jou eie goeddunke.

Die sonde van die volk het die gevolg van die HERE se tugtende hand gehad. Maar die HERE belowe dat Hý sal herstel wat die sprinkane opgevreet het. Die HERE is die Een wat die gevolge van die sonde kan en wil herstel. Hy is ook die enigste Een wat dit kan en wil doen. Daarom word die volk deur sy tugtende hand tot bekering geroep – om na Hom toe terug te keer en van hulleself af te keer. Hy gooi hulle wat tot Hom keer, nie uit nie.

Dit is alles die HERE se genadewerk wat ons verstand te bowe gaan: waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword (Rom. 5:20).

Laat hul Hom dank bewys, vir redding wat so soet is, Hom voor die mense prys, omdat Hy groot en goed is (Ps.107:3, berymd).

Sing: Psalm 107-1:1, 3

Ds. DJ (Dirk) Dykstra (Nigel)

Saterdag 15 Februarie

Skrifgedeelte: Daniël 4:19-37
Fokusgedeelte: Daniël 4:37

Kyk op na die Here en nie af na die aarde toe nie

In die tweede gedeelte van hoofstuk 4 lees ons dat die hoogmoed van koning Nebukadnesar tot 'n val kom as sy droom in vervulling gaan en hy die verstand van 'n dier kry. Ons lees ook dat hy ná die

vasgestelde tyd na die hemel opgekyk het om hulp, en toe sy verstand teruggekry het. Toe Nebukadnesar van die dak van die paleis afgekyk het oor die groot stad Babel, is sy koningskap van hom af weggeneem in ’n oomblik (vgl. Dan. 4:30, 31), maar toe hy ná die vasgestelde tyd weer opkyk na die hemel en die Allerhoogste prys, loof en eer, kry hy sy koninklike waardigheid, eer en majesteit terug (vgl. Dan.4:36).

God was geduldig met Nebukadnesar. Selfs die sewe tydperke van oordeel oor hom was ontwerp as ’n manier om hom nederig te maak sodat hy die waarheid van God sou erken.

As mense is ons geneig om eerder af as op te kyk. Ons voel gemaklik om eerder bevele te gee as om dit te ontvang. Wanneer jy in afhanklikheid aan die Here opkyk na Hom, sien jy sy regverdige optrede raak! Jy sien Jesus Christus raak wat aan die kruis vir jou sonde gesterwe het. Wat jy ook al het, insluitende jou gesondheid, rykdom, krag of posisie, is ’n gawe van God. Die rykdom van God se goedheid, verdraagsaamheid en geduld moet jou tot bekering van jou sonde lei (Rom. 2:4). Plaas jou vertroue in die Here eerder as om op jou eie insigte staat te maak of om op jou eie krag te vertrou. Deur die krag van die Heilige Gees laat Hy jou op die regte pad loop (Spr. 3:5, 6).

Kyk op na die Here en bid in afhanklikheid van jou Skepper-God!

Sing: Psalm 146-1:2, 3

Dr. J (Jan) Lion-Cachet (Klerksdorp)

Sondag 16 Februarie

Skrifgedeelte: Matteus 6:5-15 (AFR53
Fokusgedeelte: Matteus 6:9-13; HK, Vraag 119

Jesus leer ons bid

Die Onse Vader is sekerlik een van die eerste gebede wat ons ouers ons leer bid het. Ons wil vandag oor die Onse Vader as ’n geheel nadink en daaruit enkele riglyne vir ons daaglikse gebede aflei. Lees ons die Onse Vader deur, sien ons hoe die hele gebed

op God toegespits is. Elke sin is tot ons hemelse Vader gerig. Elke sin straal van ootmoed en nederigheid, afhanklikheid van God en 'n kinderlike vertroue in ons hemelse Vader. God word in die hele gebed erken as God en in die hele gebed word Hy verheerlik.

Die Onse Vader is verder 'n kort gebed. Bid jy die gebed redelik stadig, neem dit jou ongeveer 35 sekondes. Daar is baie langer gebede in die Bybel. Jesus se gebed in Johannes 17 is ongeveer vyf keer so lank as die Onse Vader. Daar is baie korter gebede in die Bybel. Dink aan die tollenaar se gebed in Jesus se gelykenis (Luk. 18:13): *"O God, wees my, sondaar, genadig."* Dink aan die twee gebede aan die kruis! Jesus bid (Luk. 23:34): *"Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."* Die misdadiger langs Jesus bid tot Hom (Luk. 23:42): *"Jesus, dink aan my wanneer u in u koninkryk kom."*

Die Onse Vader is verder 'n eenvoudige gebed. Dit is sonder opgesmukte en hoogdrawende woorde. Ons gebede wat ons elke dag bid, hoef nie ingewikkeld en vol hoë woorde te wees nie. Ons gebede hoef nie 'n bepaalde lengte te hê om goed te wees nie. 'n Egte gebed het niks met lengte of hoë woorde te doen nie. Dit is om diep uit jou opregte en vertrouende hart in gewone woorde met jou Vader in die hemel te praat. Dit is vandag weer jou voorreg.

Sing: Skrifberyming 10-2

Ds. L du P (Wicus) van der Vyver (Silverton)

Maandag 17 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 103
Fokusgedeelte: Psalm 103:1-5 (AFR2020)

Lofsingend ... lewenslank!

Psalm 103 met niemand anders as die Dawidmens aan die woord nie. 22 verse met die geloofsperspektief van vreugde om lofseggend 'n psalmlied te kan en mag aanhef.

Voorwaar … daar is nie nog so 'n boek in die Bybel nie. 'n Unieke boek, die Psalms. En Psalm 103 is geen uitsondering nie. Woord

vir woord is die psalmskrywer as nietige mens uitbundig lofsingend. Dawid se woorde in dié Psalm is lofwoorde. Psalm 103 kan daarom beleef word as een groot loflied. ’n Loflied in die lewe van Dawid én in die lewe van elke mens. ’n Himniese psalm oor die lippe van elke vrygekoopte mens met die lof vir die Here baie kenmerkend! In hoë toon:
“God wil ek loof met alles wat in my is,
ék wil Hom prys omdat Hy goed is vir my!”

Lof op grond van die liefde van die Here. Inderdaad ... die ontvangs van vergifnis wek vreugde en lof in die lewe van die gelowige. Daar is meer as genoeg rede om lewenslank lofsingend te lewe! Die weldade van die Here is vir Dawid en vir elke Godskind die allermotivering tot lof. Die weldade van die lewende Here word in vers 3-5 in lofwoorde uitgespel:

- Hy wat vergifnis skenk deur sy genade.
- Hy wat teen dood en siekte sy beskerming bied.
- Hy wat die menskind kroon met sy liefde en ontferming.
- Hy wat my, van dit wat my bedreig, vrymaak.
- Hy wat my in alles voorspoedig maak.
- Hy wat die goeie so oorvloedig gee!

Maar byna te min lofwoorde omdat die Here sy kind van skuldelas onthewe en genadiglik ’n mens se sondes vergewe.

Die liefde én die weldade van God ... die hartklop van die Vader. Uiteindelik geopenbaar in Christus Jesus. Bely met Psalm 103 in die hand:
“Ek roep (lofsingend), tot vreug herbore:
“Verlos en nie verlore ...”

Sing: Psalm 71-1:1

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)

Dinsdag 18 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 103
Fokusgedeelte: Psalm 103:8-13 (AFR2020)

Lofsingend ... lewenslank! (oor die lewende Here)!

Die digterstaal van Dawid se Psalm 103 dra spreekwoordelik loodswaar aan lofwoorde. Daar is immers so baie redes waarom 'n mens die Here kan en moet loof. Psalmtaal as die taal van Dawid se hart en gemoed. Dawid en elke kind van die Here is met verwondering vervul. Loof singend die Here, want:
"Die Here is vol liefde en lankmoedig.
Hy is in sy geregtigheid oorvloedig ..."

Inderdaad, vers 8 vat die gesindheid van die Here in 'n enkele sin saam. Vier "gesindhede" wat inderwaarheid werklikhede is! En sou 'n mens twee gesindhede kon uitsonder, moontlik dan barmhartigheid en liefde. En tog te besef dat daar so baie redes is om God te loof. Voluit barmhartig, wat beteken Hy twis nie meer oor sonde nie! Inteendeel, Hy vergewe sondes so volkome dat dit nooit weer teen 'n mens sal tel nie, want Hy bly nie vir altyd kwaad nie! Sy liefde is groot – so groot soos die afstand tussen hemel en aarde én die onmeetbare afstand tussen die ooste aan die een kant en die weste aan die ander kant! Hy is eindeloos groot. Loof Hom. Die onpeilbare grootheid en omvang van God se liefde en lankmoedigheid en barmhartigheid en geduld is afgestem op die vergifnis van sonde. Dankbaar en lofsingend op die pad van die lewe. As mens op aarde, kan ons met verwondering sê:
"God wil ek loof met alles wat in my is,
ek wil Hom prys omdat Hy goed is vir my ..." (Ps. 103-2:1)

Die lewende God, wat op grond van sy liefde, ontferming, barmhartigheid en geduld, Jesus Christus na die aarde stuur om te ly en te sterwe. Om in die liefde en ontferming die hartklop van die Vader op te vang en die woorde van Johannes 3:16 ook my lofwoord te maak: So lief het die lewende Here ook vir my, dat Hy Sy seun gegee het sodat ék kan lewe. Loof die Here!

Sing: Psalm 103-1:5

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)

Woensdag 19 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 103
Fokusgedeelte: Psalm 103:20-22 (AFR2020)

Lofsingend in die massakoor!

Psalm 103 is by uitnemendheid 'n lofjuweel. Vers vir vers ... met as kern die verkondiging van die vergifnis van sonde, wat God op grond van sy liefde en ontferming skenk aan diegene wat Hom dien. En juis die ontvangs van vergifnis wek vreugde en lof in die lewe van die gelowige! Die Dawiddigter van Psalm 103 en in hedendaagse tyd die kind van die lewende Here wat lofsingend lewe en onder andere sê:
"Hy is onmeetbaar lief vir wie Hom dien,
so groot, daar is geen maatstaf voor te kry nie,
Hy sal nie kwaad vir ons (vir mý) vir altyd bly nie
en sal na ons (mý) behoeftes om bly sien ..." (Ps. 103-2:4)

Die opeenstapeling van veel meer as mooi woorde. Om presies te wees: die ineenskakeling van lofwaarhede wat die blydskap van die blye (evangelie) boodskap dra. Want ewig duur die liefde van die Here en Hy heers tot in die hoogste, verste sfere.

En die heerskappy van die Here oor alles in die skepping gee daartoe aanleiding dat die digter van Psalm 103 die hele skepping oproep tot lof aan die almagtige God. Selfs die hemelwesens word opgeroep tot lof. So asof die lofakkoorde aarde en hemel verbind! Lof aan God in alle wyer kringe. 'n Lofseggende koor wat die heelal vul. Want aan Hom kom alle lof toe, oraloor in tyd en tot in ewigheid. So hoort dit, want enigiets minder as dit is God nie waardig nie!

En in die massakoor klink elke mensestem in gemeenskap met God deur sy Woord, en deur die Gees van Christus word die sonde aan die mens bekend, die vergifnis 'n werklikheid en die lof van Psalm 103 'n spontane reaksie van die gelowige daarop.

Sê met verwondering:
"Laat hemel, aarde en see en berg en dal,
waar ook sy septer swaai – laat alle dinge

sy lof verhef in altyd wyer kringe!
En jy, my siel, loof jy Hom, (om Christus wil) bowenal ..." (Ps. 103-1:11)

Sing: Psalm 103-2:8

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)

Donderdag 20 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 66:1-7 (AFR33/53)
Fokusgedeelte: Psalm 66:1-7

Twee maal *Sela*

Psalm 66 is 'n loflied. Die kerk van die Ou Testament sing dit. Dié dat ons in die eerste vers lees "vir die musiekleier". Die musiek- of koorleier is die dirigent. Vandag is dit óns lied wat óns sing. Ons, die kerk van Christus in die Nuwe Testament, wat op pad is na die dag van Christus se wederkoms.

In Psalm 66 sing ons tot eer van God. Met ons loflied maak ons sy Naam groot. Sy werke getuig van sy mag en majesteit. Hy doen groot dinge in die lewe van sy kinders. Daarvan kan elke gelowige getuig. Hy doen ook groot werke in sy skepping. Daarom: *"Laat die hele aarde U aanbid en psalmsing tot u eer; laat dit u Naam verhef in psalmgesang"* (vs 4).

En dan volg die woordjie *Sela*. *Sela* is 'n musiekterm. Dit beteken dat die orkes vir 'n oomblik moet ophou speel. Die koor moet ook vir daardie oomblik stilbly voordat daar oorgegaan word na 'n volgende vers wat gesing word. *Sela* dwing 'n mens om mooi te dink oor wat so pas gesing is. Dit laat jou ook daarna uitsien om verder te sing. *Sela*. Ja, dis reg en belangrik om vir 'n oomblik stil te word. Dink oor wat jy sing.

En dan? Met die tweede strofe van hierdie besonderse loflied word ons opgeroep om God se groot dade te aanskou (vs 5). Hy verander die see in droeë land en maak 'n pad deur die rivier. Elke Israeliet het presies geweet wat dit beteken. God verlos sy volk uit die slawehuis van Egipte. Hy maak vir hulle 'n pad deur die Rooi See. Hy bring hulle

ná ’n uitmergelende woestynreis van 40 jaar in die land van belofte. Hy maak vir hulle ’n pad deur die Jordaanrivier. God red! Hy maak paaie dwarsdeur water sonder om ’n brug te bou of ’n tonnel te grawe. Hy heers vir ewig deur sy mag. ’n Mens word sprakeloos.

Hoeveel te meer staan ons nie verstom oor die verlossing wat ons in Christus geniet nie. Ons is elkeen besig met ’n woestynreis op hierdie gebroke aarde. Maar kyk mooi na die pad wat ons God baan. ’n Pad na die ewige hemelse heerlikheid. ’n Pad deur seë en riviere. Ons reaksie hierop? *Sela* (vs 7). ’n Tweede *Sela*. Word nog ’n slag stil. Dink diep na oor die onbeskryflike wonder en krag van Christus se reddingswerk.

Sing: Psalm 66-1:1

Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)

Vrydag 21 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 66:8-15 (AFR33/53)
Fokusgedeelte: Psalm 66:8-15

’n Derde *Sela*

Sela is ’n musiekterm. Dit beteken dat die orkes vir ’n oomblik moet ophou speel. Die koor moet ook vir daardie oomblik stilbly voordat die volgende vers gesing word. *Sela* dwing ’n mens om mooi te dink oor wat so pas gesing is.

In die eerste sewe verse van Psalm 66 is daar twee *Selas* – na vers 4 en na vers 7. Vers 15 eindig met ’n derde *Sela*. Kyk wat gaan aan die derde *Sela* vooraf. Waaroor moet ons nadink voordat ons die heel laaste strofe van hierdie besondere loflied sing?

’n Gelowige word nie gespaar van swaarkry nie. God toets sy kinders. Hy louter ’n mens soos wat ’n mens silwer louter. Dis swaar om getoets en gelouter te word. Petrus beklemtoon dit in sy eerste brief (1 Pet. 1:3-9). Dit maak seer – fisies sowel as geestelik – as ’n mens deur die smeltkroes van die hemelse Vader se tugtiging gaan (Heb. 12). Maar dit is nodig. Langs die pad van beproewing word die geloof versterk.

Wat moet die gelowige doen as die Vader ons tugtig? Psalm 66 verwys na geloftes wat betaal en brandoffers wat gebring word. In tye van nood roep ons na God. Ons smeek Hom om te help en te red. Ons maak geloftes. Ons belowe verbetering en maak reg wat verkeerd is. Ons bring offers. Geen brandoffers meer soos wat dit in die Ou Testament gedoen is nie. Ons pleit op grond van Christus se offer vir volkome vergewing van al ons sondes.

En dan? Dan volg die derde *Sela* aan die einde van vers 15. Vir ’n derde keer word ons gedwing om stil te word en diep na te dink oor alles wat God in ons lewens doen. Hy tugtig ons. Hy vergewe ons in Christus. Hy bring herstel. Is dit alles vanselfsprekend? Glad nie. *Sela*. Oorweeg en bereken die grootheid van God se genade in jou lewe.

Dit gebeur so maklik in die lewe van ’n gelowige dat die glans van die evangelie van verlossing dof raak. Ons is so gewoond daaraan om te hoor dat daar om Christus wil volkome versoening vir al ons sondes is. Moenie dat dit té gewoon raak nie. God se verlossing bly ’n wonderwerk – dié groot wonderwerk waaroor ons nie genoeg kan dink én dank én sing én God aanbid nie.

Sing: Psalm 66-1:6

Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)

Saterdag 22 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 66:16-20 (OAV)
Fokusgedeelte: Psalm 66:16-20

Geen verdere *Sela* nie

Ons het nou by twee geleenthede stilgestaan by die musiekterm *Sela*. *Sela* beteken dat die orkes vir ’n oomblik moet ophou speel. Die koor moet ook vir daardie oomblik stilbly voordat die volgende vers gesing word. *Sela* dwing ’n mens om mooi te dink oor wat so pas gesing is.

In die eerste sewe verse van Psalm 66 is daar twee *Selas* – na

vers 4 en na vers 7. Vers 15 eindig met ’n derde *Sela*. Daar is geen vierde *Sela* in Psalm 66 nie. Tog eindig die Psalm op ’n hoogtepunt. ’n Hoogtepunt waaroor daar ook diep en rustig nagedink behoort te word.

In die loflied wat handel oor God se verlossingswerk kom daar ’n punt waar gelowiges mekaar bemoedig en versterk (vgl. Kol. 3:16). Ons hoor die oproep in vers 16: *Kom luister!* Maak oop jou ore en hoor! Wat moet ons hoor? *“Laat my vertel, vir julle almal wat God vrees, wat Hy aan my siel gedoen het.”*

Dit is ’n groot ding wat hier gebeur. Dit gaan nie maar net oor ’n menslike getuienis oor wat iemand beleef het nie. Hier word vertel van God se groot werke in die lewe van sy kinders. Daarvoor moet ons ons ore en oë oopmaak. Daaroor moet ons met mekaar praat. Kyk wat doen God! Kyk wat bring Hy tot stand in die lewe van sy kinders, ook as Hy hulle tugtig en louter.

In ons daaglikse gesprekke kan ons so maklik vasval in alles wat skeefloop. Psalm 66 dwing ons om verder te kyk as die nood en swaarkry wat ons met ons oë sien. Ons word opgeroep om mekaar te bemoedig in die Here. Merk op hoe God gebede verhoor, redding skenk, heling bewerk. Nee, Hy luister nie as ons halfhartig of skynheilig tot Hom roep nie (vs 18). Maar as ons oproep in Christus tot Hom roep, hoor en verhoor Hy. Daaroor moet ons met mekaar praat. Oor die manier hoe God gebede verhoor. Dan maak ons Hom groot – met woord en daad.

“Geloofd sy God wat my gebed nie afgewys en sy goedertierenheid aan my nie onttrek het nie!” ’n Vierde *Sela* is nie nodig nie. Aan God kom die eer toe.

Sing: Psalm 66-1:7

Dr. GJ (Gerard)Meijer (Oos-Moot)

Sondag 23 Februarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 6:1-25 (AFR83)
Fokusgedeelte: Deuteronomium 6:2

Heerlik om met my kinders God te dien

Om deel van die volk van Jahwe te wees, plaas 'n groot verantwoordelikheid op jou. Net so die naam "Christen" om tot eer van Christus op te tree. Daarom het die HERE sy gebooie aan sy verbondsvolk gegee. Die pad is gewys om anders te leef as die heidennasies. Anders as die Egiptenare waaronder slawe was, anders as die Kanaänitiese bure.

Deuteronomium 5 herhaal die Tien Gebooie, as herinnering aan die gebeure by Horeb 40 jaar tevore. Moses beklemtoon: *"Dit is nie ons voorvaders met wie Hy hierdie verbond gesluit het nie, maar ons, ons almal wat hier is en nou lewe"* (Deut. 5:3).

Wat was die doel van die gebooie? Om die eer van die HERE te bevorder en sy lof te verkondig. Die opdrag was om *"die Here jou God jou lewe lank te dien en gehoorsaam te wees"*. Lewenslank, omdat jy met jou hele lewe dank aan Hom verskuldig is. Wie so 'n dankbaarheidslewe leef, sal die seën van "'n lang lewe" hê. 'n Lang lewe was 'n gawe van God as seën in die beloofde land. Vir die Nuwe-Testamentiese gelowiges staan die begrip "ewige lewe" voorop. Jesus leer dat elkeen wat in Hom glo en Hom liefhet, nou reeds op aarde die ewige lewe ontvang (Joh. 5:24).

Die liefdesgebod word gegrond in God se liefde. *"Luister Israel, die HERE is ons God!"* Hy het sy liefde sedert Abraham bewys. Daarom behoort ons en ons hele nageslag Hom van harte lief te hê. Elke ouer wat hierdie gebooie hulle eie maak, moet dit aan hulle kinders oordra. Daagliks, waar ouers en kinders ook al saam is, moet die liefde vir God ingeskerp word. Op elke lewensterrein – waar met die hande gewerk word, met die verstand beplan word, in die gemeenskap gedien word. Dan word God verheerlik deur sy geliefdes.

Sing: Psalm 119-1:1, 3

Dr. WC (Callie) Opperman (Emeritus)

Maandag 24 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 22:1-6 (AFR20)
Fokusgedeelte: Psalm 22:4

Die Heilige is naby, al voel ek verlate

Wanneer ek deur diep beproewing gaan en uitroep: “Waarom het U my verlaat?” dan onthou ek steeds dat Hy my God is. Hom kom die lof toe, want Hy is die Heilige wat ter wille van Christus ons nooit sal verlaat nie! Ek kan verseker wees dat my God, die Heilige, naby is in my nood. Ons kan “die lofliedere van Israel” saam met alle gelowiges sing. Lofsange versterk ons geloof en verdryf die bangheid van verlate wees. Die heerskappy van ons Koning en Verlosser staan vas en seker. Hy was nog altyd bereid om te help in nood (Ps. 46).

Die belewenis van godverlatenheid is die ergste wat enige gelowige kan ervaar. In die verskriklikste nood roep ’n mens soms uit: “My God, my God, waarom het U my verlaat?” Miskien was jy, of dalk jou wederhelf of kind, gekaap in jou motor, verkrag, wagtend op ’n gevaarlike operasie. Sovele Christene staar daagliks vervolging in die gesig.

Hierdie harde uitskreeu (AFR20) vertolk egter ook die misterie van die geloof – verlate, maar ek weet dat Hy “MY GOD” is! Seker van God se nabyheid, al beleef ek die angs: “Waarom is U ver daarvan om my te verlos?” Twee kere word herhaal: My God! En weer: My God! Uit daardie sekerheid kom die dankbare belydenis: *“U is tog die Heilige, U heers waar die lofliedere van Israel opklink”* (Ps. 22:4).

Die Heilige was nog altyd genadig teenoor sy volk, maar hy voel soos ’n wurm met wie almal spot. Profetiese woorde, wat in die Messias vervul is. Verag, gespot, verwerp. Die Here Jesus het aan die kruis hard uitgeroep: *My God, my God, waarom het U My verlaat?* (Matt. 27:46). Werklik verlaat om die verskriklike straf vir sondaars te dra. Helse pyn en smart. Finaal. Volkome. Daarom sal die verloste volk nooit verlaat word nie.

Sing: Psalm 22-2:1

Dr. WC (Callie) Opperman (Emeritus)

Dinsdag 25 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 12:4-7 (AFR83/AFR2020)
Fokusgedeelte: Lukas 12:5

Jesus waarsku sy geliefdes oor wie gevrees moet word

Ons lees hier dat Jesus sommige mense sy vriende noem. Die oorspronklike woord is *"philois"*, met ander woorde ook *"geliefdes"*. Wanneer God ons só aanspreek, behoort mens geborge te voel.

Christus waarsku hier sy geliefdes om niemand te vrees nie, selfs nie al word daar met die dood gedreig nie. Vrees is 'n natuurlike menslike emosie wat ons elkeen dikwels beleef. Jy wil vlug óf aanval, wegkruip óf veg om jouself of geliefdes te beskerm. Vrees laat ons bedreig en onseker voel en is dikwels die oorsaak van verkeerde keuses en besluite in ons lewe. Jesus leer sy geliefdes dat hulle nie mense moet vrees nie, maar eerder Hom wat nie alleen fisies kan doodmaak nie, maar ook die mag besit om iemand selfs na die dood oor te lewer om vir ewig gepynig te word in die hel! Daar is dus gesonde en ongesonde vrees. Die gesonde vrees vir God is egter anders. Dit is 'n eerbiedige ontsag wat lei tot gehoorsaamheid en dankbaarheid vir sy verlossing en liefde deur sy Seun. Hierdie gesonde vrees lei tot gesonde keuses en besluite.

Die wat só vrees, sal vervolg word, soos Jesus deurentyd waarsku. Maar ons kan troos vind daarin dat God Drie-enig weet van alles wat op die aarde gebeur. Selfs hoeveel mossies gevang, verkoop en gedood word vir voedsel aan die armes. Hy vergeet nie één van hierdie eenvoudige geveerdes nie en sal ook nie van jou vergeet nie. Hy weet selfs hoeveel hare jy het en hoeveel vandag en more gaan uitval.

Hy sal ons vervolgers vergeld en ons bekragtig met sy Gees in tye van vyandskap, stryd en selfs moord (2 Tim. 1:7). As geliefde gelowiges leef ons vir ewig en niemand kan ons skei van sy liefde vir ons nie (Rom. 8:39).

Sing: Psalm 84-1:1, 2, 3

Ds. GA (Regardt) Venter (Krokodilrivier/Brits)

Woensdag 26 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 42
Fokusgedeelte: Psalm 42: 2

Soos ’n wildsbok wat smag na water, smag my siel na U, o God!

Hierdie lied word in moeilike tye geskryf deur Dawid op vlug, of gelowiges in ballingskap. Die skrywer smag na God, ’n emosionele gevoel wat hy verder toelig as hy dit vergelyk met ’n wildsbok wat dors is en smag na waterstrome. Hierdie dier is in ’n woestynagtige gebied in die droë seisoen.

Hy vergelyk homself met hierdie wilde dier wat iets verklap oor sy eie toestand as mens. Soos die wildsbok, is hierdie persoon as gevolg van die sondige menslike natuur op ’n moeilike plek in sy lewe. Die wildsbok smag na water omdat hy lewendig is. So smag hierdie persoon daarna om sy geestelike dors te les omdat hy geestelik leef. Geestelike lewe kom van God deur die werking van sy Gees en daarom het ons, anders as andere, wel behoefte aan Hom.

Die psalmdigter verlang na die tempel as die plek waar sy dors in die verlede gereeld geles is. Mooi herinneringe hoe daar op pad na die Tempel in skares gejuig en gesing is, laat hom verlang. Maar al wat hierdie persoon nou beleef, is hartseer en trane. *“My trane is my spys”* (AFR33/53). Hy drink sy eie trane en dit bevredig nie. Soos ’n onrustige dier is hy in ’n worsteling met homself en hy praat ook met homself! *“Waarom kwyn jy weg, my siel, en is jy onrustig in my?”* (AFR2020) Hy spreek sy eie depressie as gevolg van sy omstandighede verskeie kere aan en beveel homself om weer op God te hoop en Hom te loof vir die verlossing wat sy teenwoordigheid bring.

Kom ons les ons geestelike dors saam met miljoene gelowiges deur die eeue en ons loof God vir sy verlossing wat Hy bewerk het en nog sal bewerk. Lofprysing aan God droog trane af, voed die siel en bemoedig só die moedelose.

Sing: Psalm 42-1:1, 2, 3

Ds. GA (Regardt) Venter (Krokodilrivier/Brits)

Donderdag 27 Februarie

Skrifgedeelte: Openbaring 4:1-11
Fokusgedeelte: Openbaring 4:9-11

God op sy troon

Wanneer mense die boek Openbaring lees, is die eerste waaroor hulle praat: die kragte van die Bose, die merk van die Bees (666) en Armageddon. Wanneer Johannes hom in Openbaring begin toespits op die toekomstige dinge, is die eerste wat hý sien: God op sy troon.

As Jesus vir Johannes begin vertel wat nog gaan gebeur, begin Hy vertel van ’n erediens. Johannes sien die wonderlikste tonele van edelstene en kleure en ongewone gedaantes wat net een ding doen, hulle prys God. God weet dat daar nog skrikwekkende dinge gaan gebeur op hierdie aarde; daarom begin die openbaringe by die Troon van God en met ’n erediens. God word aanbid deur elkeen in die hemel en op aarde. Alles en almal onderwerp hulle spontaan aan God, nie omdat hulle moet nie, maar omdat Hy dit waardig is.

Alles wat in Openbaring gaan volg, kan vreesaanjaend en oorweldigend wees. Maar God is groter as enigiets wat die wêreld op ons kan probeer afdwing. Niks en niemand het ’n verweer teen sy grootheid en mag nie. Kyk wat doen hulle daar voor die troon! Hulle sing lofliedere, hulle aanbid – alle aandag is net op Hom en sy troon. Hoekom? Wanneer ons dit doen, Hom loof en prys en eer, is ons aandag nie toegespits op ons omstandighede en probleme, ons mislukkings en tragedies nie. Ons gee ons volle aandag aan Hom wat ons in ons stryd en al ons worstelinge bystaan. God was nog altyd daar in die verlede, Hy is in die hede hier en Hy sal in die toekoms daar wees wanneer ons Hom nodig het. Hy sal ons nooit verlaat of alleen laat nie, selfs nie in ons donkerste oomblikke nie. Jy kan vandag in die verwagting leef dat Hy by jou is.

Sing: Skrifberyming 1-2:1, 2, 3

Dr. ME (Etienne) Schalekamp (Emeritus)

Vrydag 28 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 56
Fokusgedeelte: Psalm 56:4, 5

Ek is nie bang nie. Ek vertrou net op God!

Dawid se lewenspad het dikwels deur omstandighede van onsekerheid en gevaar gegaan. Hy moes vir 'n lang tyd voor koning Saul en sy soldate vlug en in die berge wegkruip. Hy het teen die reus Goliat geveg. Hy het voor sy eie seun Absalom gevlug. In Psalm 56 vertel hy van dié keer toe die Filistyne hom in Gat gevange geneem het, maar hy vertel ook wyer van al die tye van teëstand en konflik in sy lewe. Dit is nogal erg, want hoor net: vyande wat van vroeg tot laat my jaag en vervolg (vs 2, 3); hulle vergal my lewe met al hulle bose planne en beskuldigings; soos sluipmoordenaars hou hulle my dop en bly hulle op my hakke (vs 6, 7).

Ons kan met sekerheid sê dat Dawid 'n man is wat met ervaring kan praat. Hy ken gevoelens van vrees, moedeloosheid, frustrasie en woede. Maar wat doen hy? Wat kan ons van Dawid leer as ons lewe ook soms donker, magteloos en moedeloos voel? In hierdie Psalm wys hy vir ons enkele voetspore om te volg. Heel eerste, soos altyd by Dawid, neem hy sy toevlug tot God (vs 2) en hy praat sy hart uit met God. Hy noem al sy vrese en frustrasies. Belangrik is egter dat hy sy vertroue in God se krag as die Allerhoogste uitspel (vs 5, 12). Hy weet dat God in sy lewe teenwoordig is en sy trane raaksien (vs 9), dat Hy na sy hulpgeroep luister en keer dat hy nie struikel nie (vs 10, 14). God is aan sy kant en daarom is hy nie bang nie.

Dit alles is vir Dawid so 'n werklikheid dat dankbaarheid in sy gemoed opborrel (vs 13) en al die ander negatiewe emosies eenkant toe skuif. Ons het vandag ook die groot voetspoor van die kruis waar Jesus al die angste van die hel in ons plek gedra het. Nog meer as Dawid mag ons uitroep: God is vir ons! Wie kan dan teen ons wees (Rom. 8)?

Sing: Psalm 33-1:10, 11

Dr. SJ (Kobus) van der Walt (Emeritus)

KWARTAAL 1 – MAART

TEMA: OPROEP TOT LOF AAN DIE HERE (Psalm 33:1-3)

Die fokus op regverdiges (die wat in Christus deur 'n ware geloof geregverdig is) moet die HERE verheerlik. Hy is die voorwerp en die onderwerp van lof. Alles moontlik om die lof van die HERE te verkondig, moet gebruik word. 'n Nuwe lied (vgl. Ps. 40:4; 96:1; 98:1; 144:9; Jes. 42:10; Op. 5:9) moet gebruik word om die HERE in sy almag en voorsienigheid te loof en die geloof in God te verklank.

Saterdag 1 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 107 (AFR83/2020)
Fokusgedeelte: Psalm 107:1-3, 43

Dank die Here!

Wanneer ons die Here dank en loof vir wat Hy reeds gedoen het, versterk dit ons geloof met die oog op wat vir ons voorlê.

Psalm 107 se digter kyk na die verlede en erken dat die Here wat Hom aan Abraham en sy nageslag verbind het, goed is. Sy trou en liefde het geen einde nie. Die Psalm illustreer die Here se troue liefde in die verlede. Met die uittog het Hy sy pas bevryde volk deur die barre woestyn na Kanaän gelei (vs 4-9). Op hierdie onbekende, soms benouende pad kon hulle aan God se beloftes vashou. Hy was getrou aan sy beloftes en het hulle in die beloofde land gebring.

Tweedens fokus die digter op Here se liefde in die tyd toe Hy hulle as gevolg van hulle opstand en ongehoorsaamheid in ballingskap laat wegvoer het (vs 10-22). Toe hulle hul bekeer en Here om hulp roep, het Hy hulle uit hulle benoudheid verlos.

Derdens dink die digter na hoe God hulle bewaar het in tye toe hulle nuwe ondernemings begin het en op skippies geklim het om handelsgeleenthede te ontgin. Hy het hulle telkens weer by veilige hawens gebring.

Wanneer mens terugkyk in jou lewe, sien mens bakens wat getuig van die Here se troue liefde. Daarvoor kan en moet ons Hom dank. Méér nog, dit waarvoor ons Hom dank, herinner ons Hy is steeds

getrou. Daarom kan die mense aan wie die Here Homself verbind het ook vandag uitdagings met vertroue tegemoet gaan, weet Hy is genadig en Hy gee ’n nuwe toekoms vir hulle wat van verkeerde paaie terugdraai. Ons hoef nie bang te wees wanneer ons nuwe moontlikhede ontgin nie. Omdat Hy getrou is en sy beloftes nakom, kan ons Hom nou reeds dank.

Sing: Psalm 107-1:1, 3

Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld/Tzaneen)

Sondag 2 Maart

Skrifgedeelte: Levitikus 9:18 – 10:3 (AFR83/2020)
Fokusgedeelte: Levitikus 9:1-3

Om naby God te wees, bring groot verantwoordelikheid

’n Hoogtepuntdag in Israel se geskiedenis het op ’n tragiese laagtepunt geëindig. Levitikus 9 beskryf hoe die priesters met hulle dienswerk in die tabernakel begin het. Reinigings-, brand-, maaltyd- en graanoffers is gebring. Vir die eerste keer in Israel se geskiedenis kon hulle die Here só dien.

God het die offers aanvaar en Moses en Aäron het hulle geseën. Die Here se heerlikheid het aan hulle verskyn. Hulle het ’n vuur gesien wat voor Hom uitgaan en die brandoffer verteer. Die volk het gejuig en neergeval om God te aanbid. God was so naby!

Daarna het Aäron se priesterseuns, Nadab en Abihu, hulle vuurpanne gevat, kole daarin gesit en wierook daarop gegooi. Dit was teen God se bevele. Hulle Hom gedien soos hulle goedgedink het. Ten spyte van al die offers wat daardie dag gebring is, het God hulle laat sterf. Die offers moes versoening tussen hulle en God bring sodat hulle as God se heilige, afgesonderde volk kon leef. Hulle het dit egter vervang met hulle eie uitgedinkte offer. Die gevolge was verskriklik.

Ons Here Jesus het die volmaakte offer gebring sodat ons vir altyd in God se teenwoordigheid kan leef. Deur ons Here se bloed is ons afgesonder om sy volk te wees. Hy wys ons in sy Woord hoe Hy wil

hê ons as sy heilige, afgesonderde volk moet leef. Sy Gees werk in ons om eerbied vir Hom te hê en Hom ywerig te dien.

As ons egter die werk van sy Gees onderdruk en slimmer as God se voorskrifte wil wees, moet ons gevolge verwag. Respekteer Hom en wees aan Hom gehoorsaam, want Hy is die heilige God wat in sy genade naby ons kom.

Sing: Psalm 119-1:1, 3

Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld/Tzaneen)

Maandag 3 Maart

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 6:11-21 (AFR2020)
Fokusgedeelte: 1 Timoteus 6:13-17

VVV waardeur God se glorie duidelik word

Gelukkig nie vreemde vlieënde voorwerpe nie. Maar “vlug, vasgryp en volhard”. Dis die taal van die Heilige Gees deur Paulus aan Timoteus.

In vers 11 die eerste V – Vlug weg van die materialisme (vs 9, 10) want dit het ’n aaklige “V” in hom, naamlik versoeking. Die begeerte na meer geld en besittings is om jou lewe te bou op ’n baie onseker “V” – verganklikheid.

In jou wegvlug van die materialisme, gryp vas aan die ewige lewe (vs 12). Hierin word die goeie belydenis verbind aan die belydenis wat Christus voor Pontius Pilatus afgelê het. In Johannes 18 bely Jesus dat sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie. Met sy “Ek is” kom die volle (w)Waarheid van God aan die lig.

“Ek is wat Ek is” bewys Homself as Here, as enigste Heerser, as Koning van die konings, as Here van die heersers, as Enigste wat alleen onsterflikheid besit. Vanaf Israel se bevryding uit Egipte, deur geslagte en eeue heen, teenoor alles nasies en volke. Om veral aan sy volk te wys en deur hulle aan die wêreld te bevestig: sy Seun, Jesus Christus, is die volledige oopmaak van “EK IS”, en daarin persoonlik

die bewys van waarheid. Vlug dan weg van verganklike dinge. Gryp Christus vas. En volhard met Hom en deur Hom (vs 14) totdat Hy met sy wederkoms weer sal verskyn.

Met vlug, vasgryp en volhard laat ons die glorie van God al meer in die wêreld skyn. Dit is wat lof beteken: om God se allesoortreffende waarde te erken. Om sy krag en heerlikheid voor alle mense, voor die hele skepping, te erken. Hiervoor neem die Gees ons op die pad van die VVV.

Sing: Psalm 9-1:7

Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)

Dinsdag 4 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 145 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Psalm 145:1-3

Ek, ons en almal prys u Naam

Hierdie Psalm begin by “Ek wil u Naam prys” (vs 1). Dit brei verder uit na “U troue volgelinge prys U” (vs 10). En dan wyd: “Alle mense moet sy heilige Naam prys vir altyd en altyd” (vs 21).

In sy Naam lê sy wese, sy dade, sy wil – die alles van God opgesluit. In vers 3 word beklemtoon dat die Here groot is. Hy is Koning. Hy wys dat Hy in sy grootheid bo alles uittroon.

Tussen hierdie drie maal U (Naam) prys, lê die Gees vir ons God se grootheid oop. Wat ons mag raaksien in sy dade (vs 4-7). Wat maak sy dade so groot? Sy koning-wees wys Hy anders as wat ons gewoonlik van konings sien. Hy wys dit in genade, barmhartigheid, geduld en troue liefde (vs 8). Tegelyk is Hy baie regverdig (vs 17).

Hoekom sal dit vir Dawid en vir my en jou belangrik wees? Ons wil grootheid baie keer sien in mag en krag. Ons wil dit sien in glans en glorie. Maar nòg Dawid, nòg ek en jy kom werklik daarby uit. Beslis nie naby aan God nie.

Hoe sal ons kan lewe in sy grootheid? Slegs deur sy genade, sy hart vir ons. Dat Hy sy geduld met ons baie ver rek. Sy liefde vir ons is betroubaar, want Hy is tegelyk konsekwent regverdig.

Vestaan ons dit? Nee (vs 3). Maar aanvaar met verwondering dat sy hand onder ons is as ons val. Val ons nie baie keer nie? Aanvaar dat Hy ons in ons moedeloosheid en swakheid weer optel. Dat Hy vir ons elke dag sorg omdat Hy weet dat ons daarvan afhanklik is (vs 14-16).

Gee Hom erkenning. Groot is die Here!

Sing: Psalm 8-1:1-4

Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)

Woensdag 5 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 1:18-23
Fokusgedeelte: Romeine 1:21

Geen verontskuldiging nie …

Wanneer u op ’n keer na die Orion en Suiderkruis kyk, dink u aan God? By die wiegie van u kind/kleinkind, meld u God se wysheid teenoor omstanders? Op die seestrand waar u vakansie hou, erken u in soveel woorde God se mag in die magtige branders? Vir géén mens – ook nie gelowiges nie! – is daar verontskuldiging wanneer mense God nie eer en dank nie. Want “van die skepping van die wêreld af kan ’n mens uit die werke van God duidelik aflei … dat Hy waarlik God is.”

Dit bly verbysterend hoe mense al óm God redeneer sonder om Hom te eer. Sommige skryf dissertasies oor Hom. In sy boek “The God Delusion” (Bantam Books 2006), bestempel die Britse bioloog, Richard Dawkins, die bestaan van ’n “persoonlike god” as ’n misleiding. Ander mense maak weer van sy werke (afgods)beelde wat lyk soos mense, voëls, diere of slange (vs 23). Soos sekere Oosterse en Afrika-geloofsgroepe. Maar “met hulle redenasies bereik hulle niks nie, en deur hulle gebrek aan insig bly hulle in die duister” (vs 21).

Die onkunde, valse skaamte, moedswilligheid in verband met God se eer is so tragies. Die ontstaan van kinderlike geloof in die lewende God is ’n misterie. Juis dáárom moet u en my dade en woorde tydig en ontydig van sy mensliefde bly getuig, soos deur die kruis en leë graf van sy Seun Jesus Christus bewys.

Sing: Skrifberyming 3-2:1-6

Ds. J (Johan) Botha (Emeritus)

Donderdag 6 Maart

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 5:2 – 2 Kronieke 6:2
Fokusgedeelte: 2 Kronieke 5:2 – 2 Kronieke 6:2

Loof die Here vir sy ewige goedheid

Die ingebruikneming van die tempel in Jerusalem was vir Salomo en die volk ’n geleentheid van groot opgewondenheid en dankbaarheid. Ná sewe jaar se beplanning en harde werk het die groot dag uiteindelik aangebreek. Wat ’n aangrypende geleentheid was dit nie. Die verbondsark gaan die tempel binne en dan laat die trompetblasers en die sangers ’n magtige loflied tot eer van Jahwe, die HERE opklink. Aangrypend in eenvoud en gewydheid. Dit is hulle taak om God te prys en te dank, omdat Hy goed is, en sy liefde is vir ewig. Hulle sing van HESED, wat ons vertaal met verbondsliefde en getrouheid. Dit word herhaal in hoofstukke 7:3, 20: 21 asook Psalm 136.

God kom woon by sy mense te midde van offers en aanbidding. Die verband tussen die offer en God se inwoning kom weer na vore in hoofstuk 7, waar ons lees: *“… die vuur uit die hemel (het) neergedaal en die brandoffer en die slagoffers verteer, en die heerlikheid van die HERE het die huis vervul.”*

Is dit nie ’n wonderlike prentjie van die evangelie nie? Ons Here Jesus Christus het opgevaar na die hemelse tempel, waarvan hierdie tempel maar net ’n skaduwee is! Deur die offer van sy bloed! Bloed, oneindig meer waardevol as die bloed van diere. Hebreërs sê dat die bloed van stiere en bokke nooit genoeg was om mense te heilig nie. Maar Hy was waardig, oneindig waardig. Die HERE het Hom aan die kruis

verteer, en sy offer was aanvaarbaar, sodat God weer by sy mense kon woon.

Ons sing van die Here wat trou is in die opwekking van sy Seun. Wat was die reaksie toe Hy opgevaar het? Lofsange soos dié van die tempelsangers, so sing die kerk in Openbaring toe die Lam wat geslag is, die troon bestyg. En wat het gebeur nadat Hy opgevaar het? Hy kom woon in ons harte om ons tempels van lof en dank te maak deur die Heilige Gees. Daarom kan die lof van ons mond en hart nooit stil word nie. So goed is die Here dat Hy jou verlossing voltooi in die ewige heerlikheid wat vir jou wag. Sing Psalm 136 elke dag van jou lewe: Loof die Here, want Hy is goed.

Sing: Psalm 136-1:1

Ds. SP (Sarel) Venter (Pietersburg)

Vrydag 7 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 5:17-29 (AFR83)
Fokusgedeelte: Lukas 5:25, 26

Loof die Here as die Almagtige Verlosser

Die Here Jesus het nie in die eerste plek aarde toe gekom om mense gesond te maak nie, maar om hulle verhouding met God te herstel. Hy het gekom om dooie harte en nie siek liggame nie, te genees.

Nogtans het Hy groot deernis gehad vir almal wat weens ongesteldhede pyn en lyding verduur het en het die wat sy hulp opgesoek het, nooit weggewys nie. Ongeredde mense wat deur God aangeraak word, praat oor hulle genesing; geredde mense loof die Geneser. Ongeredde mense storm vorentoe om die nuwe lewe aan te gryp; geredde mense prys die Here om eer te bring aan hulle Redder, om met ’n luide stem die “Seun van die Mens” te prys. Sy selfbenaming wys Hy het die volmag om sondes te vergewe – dit is sy groot taak waarvoor Hy gekom het.

Dit impliseer ook Jesus se goddelikheid en hemelse oorsprong, want

dit is net God wat sondes kan vergewe. Die geneesde verlamde staan onmiddellik voor hulle oë op, as bewys van Jesus se volmag om te vergewe en te genees. Die lamme, wat op sy bed gedra is, dra nou sy bed en gaan al prysende na sy huis as getuienis dat Jesus se werk God se werk is. So verkondig hy in sy lofsang sy nuutgevonde geloof in Jesus se almag. Almal teenwoordig breek in lofsang uit, want hulle is met diepe ontsag vervul deur die wondergenesing en die sondevergifnis deur die Seun van die Mens. Daarom sê hulle: Vandag het ons *paradoksa* gesien (teenstrydige dinge, wat moeilik is om te glo – ongelooflike dinge).

Die Fariseërs en wetsgeleerdes verwerp die Seun van die Mens wanneer Hy aan die kruis versoening doen. Hulle verwerp die wonder van die opstanding en die hemelvaart. Die vreugde van gemeenskap met God deur die Heilige Gees is vir hulle afstootlik. Ken jy die vreugde van volkome verlossing, en hoe loof jy die Here vir jou verlossing?

Sing: Psalm 89-1:1

Ds. SP (Sarel) Venter (Pietersburg)

Saterdag 8 Maart

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 3:1-5 (AFR53)
Fokusgedeelte: 2 Timoteus 3:5

Waar ontvang jy krag te midde van swaarkry?

Ons sou verwag (dalk verkeerdelik) dat in die moeilike tye waarin ons lewe mense hulle krag en uitkoms in die Here sou soek. Maar gemeet aan waar die mense van ons samelewing staan, dan kom ons agter dat mense hulle krag en heil op ander plekke soek en nie by die Here nie. Hierdie is nie ’n nuwe leefstyl nie. Paulus waarsku Timoteus hieroor in ons voorgelese gedeelte.

Hier word in verse 2-4 genoem waarheen die mense in tye van swaarkry hulle toevlug neem. Daar is ’n lys van 18 wat hier genoem word. Telkemale kom ons agter as jy hierdie lys lees dat die uitkoms in die mens self gesoek word. Hulle maak gebruik van hulle eie krag en hulle eie planne, en uiteindelik leer vers 4 ons dat hulle meer lief is

vir hulle eie genot as wat hulle lief is vir God. God speel nie meer ’n rol nie.

Dit is maklik om te redeneer dat ons nie daarby betrokke is nie. Maar vers 5 waarsku dat daar selfs mense in die kerk is wat hierdie selfde pad volg. Die kerk spring nie die tendens van ons tyd vry nie. Daarom is Paulus se oproep aan Timoteus: Keer jou van hierdie mense af. Dit beteken vermy hulle, moenie aan dieselfde gesindheid en praktyke deelneem as wat hulle doen nie. Jy moet jou krag en heil op ’n ander plek soek. Waar?

Paulus se raad en oproep aan Timoteus: Verse 14 en 15. Hou by wat jy geleer het in die Woord. Die Woord leer ons dat ons die dinge daarbo moet bedink (Kol. 3:2). Jesus Christus leer ons self in Matteus 6 dat ons ons oog op dit wat reg is, moet fokus.

Daarom is dit belangrik om te besef dat dit deur die krag van die Heilige Gees is dat ons gelei word in ons lewens om reg op te tree, op so ’n wyse dat die vrug van die Gees (Gal. 5:22) duidelik word in ons lewens. Ons dra sy vrug. Dan soek ons nie ons krag in onsself of in ons eie genot nie, maar soek ons ons krag in God en word ons gelei deur die werking van die Gees in hierdie lewe. So bly ons staande te midde van die swaarkry van hierdie lewe.

Sing: Psalm 86-1:6

Ds. N (Neville) Boy (Thabazimbi)

Sondag 9 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 7:1-6 (AFR53)
Fokusgedeelte: Romeine 7:4

Waarom dra ons vrugte wat God verheerlik?

Efesiërs 2:10 en Sondag 32 (Heidelbergse Kategismus) praat van die gedagte van goeie werke wat God voorberei het. Hier word gepraat van vrugte wat gedra kan word. Die sake hou verband met mekaar. Wat word bedoel en waarom moet ons dit doen?

Dit handel in ons voorgelese gedeelte oor die weg tot saligheid. Vir die Jode was dit streng volgens die wet. Dit was vir hulle die weg tot saligheid. Christus het egter gekom en die weg tot saligheid verander. Hy Self het die weg tot saligheid geword. Ons lees in 6:4 en verder dat ons vir die sonde dood is deur die dood en die opstanding van Christus. Vers 4 sê dat ons so in ’n nuwe lewe kan wandel. Hierdie nuwe lewe is die weg van saligheid deur geloof in Christus.

Die nagevolge hiervan is die feit dat ons nou geleer word dat ons vir die wet dood is. Dit beteken dat die navolging van die wet nie meer lei tot saligheid nie, maar die geloof in Christus lei tot saligheid. Romeine 7: 4 leer ons dat ons aan ’n ander behoort. Ons behoort nou aan ons ewige Verlosser, Jesus Christus. Hy maak ons vry van die wet volgens vers 3.

Beteken dit dat die wet dan ongeldig is? Nee, dit leer ons egter dat die wet se doel verander het. Die wet word nou die riglyn vir hoe God wil dat ons lewe. Dit word vir ons ’n lewe in dankbaarheid vir die verlossing in Christus. Daarom vrugte dra. Die bedoeling van die wet was nog altyd ’n manier hoe God sy wil aan ons bekend maak en hoe Hy wil dat ons lewens gekenmerk word. Daarom word dit nou vir elke gelowige die manier hoe ons God kan verheerlik en word dit die vrug van dankbaarheid in die lewe van elke gelowige.

Sing: Psalm 40-1:4

Ds. N (Neville) Boy (Thabazimbi)

Maandag 10 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 118:1-9
Fokusgedeelte: Psalm 118:2-4 (AFR83)

Wat ’n vreugdevolle psalm!

Dit is ’n lied wat geskryf is om fees te vier. Wat dit nog meer besonders maak, is die rede vir hierdie uitbundige gesing tydens dié fees. Ons lees dit in vers 5. Die Here het dié wat na Hom geroep het, verhoor en bevry.

Na ’n groot terugslag, trauma of bedreiging is dit sekerlik een van die eerste dinge wat gelowiges wil doen. Nadat die Here jou verlos en bevry het, wil jy Hom jubelend loof en sy liefde en trou bely.

Die Psalm roep drie groepe op om deel te neem aan die beurtsang. Eers word Israel opgeroep, daarna die priesters en laastens word die wat die Here dien, uitgenooi.

So begin ons vandag nog elke erediens. Nadat die Here sy gemeente geseën het, word daar met lofpsalm en belydenis gereageer. Hy het ons saamgebring in sy tempel. Daar vier ons elke Sondag ons Here Jesus se opstanding uit die dood en juig ons oor ons bevryding uit benoudheid. Hierdie Psalm is tydens die pasga gesing waar die Israeliete dié verlossing uit Egipte gedenk het. Dit het later ook ’n gunsteling geword tydens die Loofhuttefees.

Dit wys ons net weereens dat ’n psalm deur die eeue nooit waarde kan verloor nie. Die feeslied se vreugde geld van geslag tot geslag. In hierdie sondige wêred waar alles so verganklik is, kry ons troos. God se liefde is van ewigheid tot ewigheid. In tye waar mense soekend is en rigting soek, is dit ’n stewige geestelike fondasie om op te bou. Hierdie psalm het ewigheidswaarde.

Sing: Psalm 118-1:1, 2

Ds. CB (Christo) Swanepoel (Lyttelton)

Dinsdag 11 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 118: 19-29(AFR83)
Fokusgedeelte: Psalm 118:22, 29

Die Here is goed, aan sy liefde is geen einde nie!

Die hoogtepunt van Psalm 118 se vreugdesange begin by die derde en laaste lofprysing in vers 22. Die kern van hierdie beurtsang kom by die belydenis in vers 27: “Die Here is God.” Die lied word dus afgesluit deur God te loof vir die wonder wat Hy verrig het. God het teen alle verwagting in van ’n klip wat deur die bouers weggegooi is, ’n hoeksteen gemaak.

Dit wat vir die mense onbruikbaar voorgekom het, is deur God verhef tot iets waardevol. Die uitkoms van God se werk lyk toe heel anders as wat mense verwag het. Die klip word toe die hoeksteen!

Dit laat ons dink aan iets soos 'n sluitsteen, wat heel laaste bo in 'n koepelkonstruksie ingevoeg word om die hele gebou stewig aanmekaar te hou. Hierdie beeld wys heen na die volk Israel wat 'n klein volkie was. Glad nie indrukwekkend gemeet teenoor die groot nasies van die wêreld nie. Nasies wat hulle eie rigting en lot probeer bepaal het. Tog roep God vir Israel om die nasies voor te berei op God se verlossingsplan. Hulle moes wys hoe alles perfek in mekaar pas.

Dis tog hartseer dat Israel hierdie posisie en plan skeef gesien en toegepas het. Ons hoor hoe Jesaja 28:16 hulle oproep om te verstaan dat God se verlossingsplan hulle sal bevry. Dis waarop hulle moet vertrou. Hy roep na bekering.

Hierdie oproep om op God se plan en sy bevryding te hoop en daarin te glo, geld vandag steeds. Dit is steeds 'n opdrag vir sy kerk. Jesus waarsku Self in Matteus 21:42 dat daar diegene is wat Hom sal verwerp. Vir die kerk van die Nuwe Testament is Hy egter die ware hoeksteen. Daarom loof ons die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie!

Sing: Psalm 118-1:13, 14

Ds. CB (Christo) Swanepoel (Lyttelton)

Woensdag 12 Maart

Skrifgedeelte: Filippense 1:3-11
Fokusgedeelte: Filippense 1:3, 9

Dankie, Here!

Dankie, Here dat my medegelowiges hulle werk goed doen! Dit is die bede wat Paulus oor die gelowiges in Filippi bid ... Waarom doen ek die werk wat die Here my opgedra het? Om in die openbaar bedank te word? Sodat daarvan 'n ophef voor ander gemaak kan word? Om dankie te sê, is goeie maniere. Maar dan moet die dankie

aan die regte adres gerig word – dit mag nooit uit die oog verloor wie eintlik verantwoordelik is vir die werk wat gedoen is nie.

Paulus dank nie die gelowiges vir hulle harde werk nie, hy dank God. Die wil en die krag om ons goddelike opdragte uit te voer, kom immers van sy Gees alleen. Dit is daarom gepas en noodsaaklik dat ons dankgebed vir die werk van gelowiges tot God gerig word. Eers wanneer die dank aan God gebring is, kan werklik gebid word *"dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling"* (vs 9).

Dank aan God vir die dade van geloof wat Hy deur gelowige mense doen, gee inderdaad die vertroue om te bid: Mag God se werk in gelowiges tot hoër hoogtes gevoer word. Aan God al die eer!

Sing: Psalm 23-1:1, 2

Ds. EP (Paul) Nel (Brackenhof)

Donderdag 13 Maart

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 1:1-11 (AFR53
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 1:3

Ken die bron van jou vertroosting

Elke huis het sy kruis en elke hart het sy smart. Troos is die een ding waarvan ons nooit genoeg kan kry nie. Almal het dit nodig, van groot tot klein. Wat doen die kleinste outjie op die speelgrond wat deur die groter seuns bedreig word? Hy hardloop na sy pa vir troos.

Dit is in 'n sekere sin wat Paulus in hierdie Skrifgedeelte doen. Hy erken sy hemelse Vader as dié een wat hom onder moeilike omstandighede vertroos. Die eerste brief aan die Korintiërs gee ons genoeg aanduiding hoekom die apostel vertroosting nodig gehad het. Die Korintiërs was in alle opsigte 'n teleurstellende gemeente. Hierdie teleurstelling kom op Paulus se pad te midde van al die verdrukking wat hy reeds in sy ampswerk verduur het. Hy meld in hierdie Skrifgedeelte dat selfs die doodsvonnis by geleentheid oor sy hoof gehang het. Toe hy daarvan bevry is, het hy geweet hy moet sy vertroue slegs op dié Vader stel wat in staat is om die dooies op te wek, die Vader van ontferminge.

Hierdie uitdrukking was saam met die woorde *God van alle vertroosting* deel van die Joodse liturgie in die sinagoges. Paulus het dit as 'n Jood goed geken, maar dit was slegs as Christusgelowige – toe hy die Vader as "die Vader van onse Here Jesus Christus" leer ken het – dat hy die kragvolle ondersteuning van hierdie aanspreekvorm werklik leer begryp het. Deur die Here saam met Paulus te dank vir die vertroosting, word die gemeente ook deel van hierdie vertroosting. Diegene wat saam met Paulus vertroosting ervaar het, word aangemoedig om dit ook met ander te deel.

As jy die Vader se vertroosting ervaar het, is jy ryk. Die Naam van die Vader van onse Here Jesus Christus sal dan op jou lippe wees.

Sing: Skrifberyming 8/5-3

Ds. G (Gustav) Opperman (Emeritus)

Vrydag 14 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 119:1-7 (AFR53)
Fokusgedeelte: Psalm 119:1, 2

Rig jou lewenspad reg in

Hier in die bekende alfabetiese lied, waar elkeen van die letters van die Hebreeuse alfabet met agt strofes die wet van die HERE beskryf en besing, is die eerste woordjie 'n saligspreking. *"Geseënd, gelukkig, welgeluksalig is die opregte van weg."* Dit is elkeen wie se lewenspad reg ingerig word.

Elkeen van ons se lewenspad neem soms onbekende en onbeplande afdraaie. Die roetekaart van die lewe is nie altyd soos ons dit vooruit beplan nie. Baie maal is hier voor jou 'n skielike gevaar in die pad. Noodgedwonge moet jy uitswaai of rem, dan verloor ons beheer. In die meeste gevalle gebeur hierdie dinge omdat ons nie ag gegee het op die verkeersreëls nie. Of ons aandag was elders, of ons het nie die aanwysings gesien nie. Soms ry ons net te vinnig.

So beskryf die Psalm in hierdie verse ook hoe ons lewe deur God se wet gerig word. As ons hierdie wet oordink en daaruit leef, maak dit

die onbekende gevare soveel makliker om te hanteer. Dit vrywaar ons nie van ongeluk nie, maar dit gee ons die wysheid en moed om nie in moeilike omstandighede beskaamd te staan dat ons verkeerd opgetree het nie.

Die uiteinde van elkeen se lewenspad, wat met hulle hele hart, en nie halfhartig nie, op God gerig is, en sy wet oordink, hulle sal gelukkig wees en geseënd.

Sing: Psalm 119-1:1, 3

Ds. LJE (Lourens) Venter (Centurion)

Saterdag 15 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 12:1-2 (AFR53/83/2020)
Fokusgedeelte: Romeine 12:1-2

Ons lewe as dankoffer aan die Here

Die Romeinebrief kan in drie hoofdele saamgevat word: ons sonde (Rom. 1:1 – 3:20), ons verlossing (Rom. 3:21 – 11:36) en ons dankbaarheid (Rom. 12:1 – 16:27). In die eerste twee dele (hoofstukke 1 – 11) maak die Heilige Gees deur Paulus aan ons bekend dat ons van ons sondeskuld verlos word, nie deur eie verdienste nie, maar bloot op grond van God se genade, deur die geloof, in Christus. Daarom eindig hoofstuk 11 in 'n lofsang aan die Here (11:33-36).

Tog eis die Here van ons dat ons wel in sy diens moet optree – dit wil sê: godsdiens. Ons godsdiens is egter nie deel van ons verlossing nie, maar van ons dankbaarheid. Daarom begin die dankbaarheid-deel van die Romeinebrief in 12:1, 2 deur te sê wat ons eintlike godsdiens behels.

Samevattend beskryf vers 1 dit soos volg: Ons moet uit dankbaarheid vir die genade wat God aan ons bewys het, ons liggame aan Hom wy as 'n lewende, heilige offer. Om jou liggaam as lewende offer aan God te gee, is niks anders nie as om al jou liggaamlike kragte, vermoëns en middele wat jy van God ontvang het, in sy diens te stel. Dit wil sê jy moet dit so gebruik dat dit Hom sal behaag en Hom tot eer sal strek.

In vers 2 word verduidelik hoe ons liggame heilige offers voor God kan word. Eerstens moet ons, gelei deur die Heilige Gees, wegbreek uit die manier waarop die sondige wêreld dinge doen. Ons moet op 'n ander, nuwe manier begin dink en doen. Ons optrede moet nie meer deur ons eie goeddunke bepaal word nie, maar deur dit wat God van ons verwag.

En hoe weet ons wat God van ons verwag? Deur sy Woord, waarin Hy sy wil bekendmaak. Elke keer voor ons iets doen of sê, moet ons dink aan wat die Here se wil is, volgens sy Woord. As ons dan daarvolgens optree, word ons lewe al meer 'n lewende, heilige offer waarin God Hom verheug, 'n dankbare loflied tot sy eer.

Sing: Psalm 119-1:39

Prof. GJC (Gert/Jorrie) Jordaan (Emeritus)

Sondag 16 Maart

Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:12-19 (AFR2020)
Fokusgedeelte: 1 Petrus 4:16

Dra die naam "Christen" met trots en vrymoedigheid

Om 'n broer in die tronk te hê, is vir enige familie 'n skande. En wanneer jy self daardie broer is, is die skande op jou. Want dan weet almal jy is 'n dief of 'n moordenaar of skuldig aan 'n ander misdaad. Dié skande wat jy moet verduur, is deel van die lyding waarmee jy as misdadiger gestraf word.

Vir 'n Christen is die skande nog erger, want oor sy misdaad skaam hy hom voor God. Sy misdaad is boonop 'n klad op die naam "Christen", en doen God se Naam oneer aan. Daarom skryf die apostel Petrus in vers 15: *"As een van julle ly, moet dit nie wees omdat hy 'n moordenaar is of 'n dief of 'n misdadiger of kwaadstoker nie."*

Tog gebeur dit soms dat 'n Christen straf of lyding moet verduur sonder dat hy 'n misdaad gepleeg het, net omdat hy in Christus glo, soos die lesers aan wie Petrus geskryf het. Die Romeinse keiser Nero het destyds Christene gearresteer, gemartel en selfs laat doodmaak, om

geen ander rede nie as oor hulle geloof. Petrus troos hulle: *"Wanneer iemand ly omdat hy 'n Christen is, moet hy hom nie daaroor skaam nie."* In vers 14 herinner hy hulle aan Jesus se woorde in sy bergrede (Matt. 5:11): *"Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg."*

So troos die Heilige Gees geloofsmartelare deur die eeue, ook gelowiges in ons tyd wat vervolging moet verduur. Die vervolging is nie noodwendig fisies van aard nie. Soms is die lyding geestelik, weens beledigings of benadeling deur 'n goddelose samelewing, of weens die bespotting van ongelowiges en die aftakeling van ons Christelike waardes. Onder sulke lyding vertroos die Gees ons met Petrus se woorde*: "As iemand ly omdat hy 'n Christen is, moet hy hom nie daaroor skaam nie."*

Inteendeel, skryf Petrus, juis dan moet ons kop omhoog hou en die Christen-naam met trots dra. Nie trots oor onsself nie, maar ons trots is gegrond in die Here wat ons aanbid en dien. As ons aanhou om sonder skaamte met vrymoedigheid sy Naam te bely, selfs al bring dit vir ons lyding, word ons lewe 'n getuienis van God se almag en heerlikheid in hierdie wêreld – op die ou einde tot beskaming van sy vyande.

Sing: Psalm 46-1:1, 2

Prof. GJC (Gert/Jorrie) Jordaan (Emeritus)

Maandag 17 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 1:1-8
Fokusgedeelte: Romeine 1:1

God se goeie nuus

Paulus was baie opgewonde oor dit wat hy wou sê; oor dit wat hy móés sê! Hy val met die deur in die huis. Hy kan onmoontlik stilbly. Paulus, die dienaar van Christus Jesus het goeie nuus. Nie bloot goeie nuus oor iets wat vandag goeie nuus is en dalk môre maar ou nuus geword het nie. Die apostel dra God se goeie nuus oor Iemand – die Verlosser wat intree in mense se lewens en harte. In Romeine

1:1 sê Paulus in werklikheid van homself: “God het my vir Homself opsy gesit om sy blye boodskap te verkondig.” Hy bring nie sy dae luilekker deur nie. Hy is nie verveeld nie, inteendeel, hy is doelgerig en opgewonde om ’n boodskap te dra wat alles in ’n nietige mens verander.

Daar is 16 hoofstukke in die brief aan die Romeine en aan jou wat sê: Daar is goeie nuus wat werklik goed is. Die nuus is dat in Christus sonde vergewe word, selfsugtigheid oorkom word, skuld weggeneem word, angstigheid oorwin word en die lewe hoopvol aangepak kan word. Dit is die goeie nuus van verlossing, die nuus van God se Seun en van God se genade. Die evangelie van God is so totaal anders. Dit is nie bloot goeie nuus van mense nie, maar God se goeie nuus vir die mens, vir jou!

En ’n mens kan nie anders as om te wonder waarom God tog ’n goeie boodskap indra in ’n wêreld met mense wat Hom verwerp en verag nie. Nie een van ons verdien om dit te hoor nie, nog minder om daardeur verlos te word. Maar tog, wie het beter as Paulus geweet hoe goed hierdie boodskap werklik was? Luister daarom nog eens na die evangelie van God en wees in Hom verblyd.

Sing: Psalm 32-1:1

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)

Dinsdag 18 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 136:1-26
Fokusgedeelte: Psalm 136:2, 3, 12

Aan sy liefde is daar geen einde nie

In die Joodse tradisie het dié Psalm bekendgestaan as die Groot Psalm van Lofprysing. Selfs in sy opbou kan die lofprysing gesien word: ’n oproep tot lof in die inleiding (vs 1-3); die hoofdeel wat oor God se heilsdade handel (vs 23-22); oproep tot lof in die slot (vs 23-26). ’n Verdere kenmerk is die herhalende refrein “aan sy liefde is daar geen einde nie” of “want sy goedertierenheid is tot in ewigheid”. Volgens die oorspronklike psalm sing die koorleier voor elk van die 26

verse “Loof Jahwe”, dan volg die koor met ’n deel waarin vertel word van God se groot dade in die geskiedenis, waarna die gemeente die refrein sing.

As Nuwe-Testamentiese gelowiges kan ons soveel meer maak van God se lof, want ons het juis dié liefde van God gesien waar Hy sy eniggebore Seun gegee het. Vir wie? Vir ’n in sonde gevalle, vervreemde, opstandige, haatdraende, vervloekte mensheid. Waarlik, aan sy liefde is daar geen einde nie. Vir meer as 160 jaar al bewaar God die Gereformeerde Kerke ten spyte van soveel aanslae. Ons sien daagliks in ons eie lewe dat Hy die God van die gode, en die Here van die here is, wat ons telkens met sy sterk hand en met sy uitgestrekte arm verlos. Kom ons maak elke dag ’n feesdag, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid.

Sing: Psalm 33-1:6

Ds. S (Simon) Hibbert (Emeritus)

Woensdag 19 Maart

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:3-6
Fokusgedeelte: Efesiërs 1:3-6

Uitverkiesing is ’n loflied van God se genade – jou loflied elke dag!

Kan jy jouself indink in ’n weeskind se skoene? Sonder ’n ma en pa, hulpeloos in die hande van vreemdelinge. Hoe alleen en hopeloos laat dit nie daardie kind nie?

Kan jy jouself weereens indink in ’n weeskind se skoene as daar iemand instap en jou uitkies en aanneem as ’n eie kind. Skielik het jy ’n pa wat jou liefhet, vir jou omgee en aan wie jy behoort. Jy sal jubel van blydskap en nie ophou dankie sê nie.

Jy ís daardie kind! Jou hemelse Vader het jou uitverkies en jou aangeneem as sy eie kind. Skielik het jy ook ’n naam. Die naam van God se eie Seun Christus wat jou aan die kruis losgekoop het van die sondedood. Jy is CHRISTEN. ’n Kosbare naam.

Paulus beskryf hierdie uitverkiesing as ’n seën van God uit die hemel – ’n stuk onverdiende genade! Die vraag is: Leef jy elke dag waardig jou nuwe naam? Leef jy tot eer van God en van Christus?

Jou uitverkiesing as kind het ’n doel: jy moet heilig en onberispelik wees in jou liefde! Dit kan ’n jubelende blye opdrag wees, want as jy heilig en onberispelik in liefde is, vertoon jy die eienskappe van jou hemelse Vader, Hy wat heilig en volmaak in sy liefde is. Daarmee het Hy jou van ’n ewige sondedood gered!

Net so red en bou jy jou huwelik en jou gesinslewe met heiligheid en onberispelike liefde, want dit maak dat jy met al jou behoeftes en voorkeure en verwagtinge terugstaan en doen wat jou Hemelse Vader van jou verwag:

- om die mense om jou met liefde te dien; om met liefde mekaar te vergewe; met liefde geduld te hê met jou mense se gebreke; met liefde die argumente en die strydbyl te begrawe en vrede te maak; met liefde te aanvaar as jy nie altyd jou sin kry nie.

Dán word jou hemelse Vader geprys deur jou dade. Dán word die genade van Christus sigbaar in jou liefde.

Totius bring die lof van jou mond en jou dade mooi onder woorde in die beryming van Psalm 100: *“Juig al wat leef, juig voor die Heer. Dien God met blydskap. Gee Hom eer.”*

Sing: Psalm 100-1:1, 3

Ds. CJ (Christo) van Vuuren (Hartbeespoort)

Donderdag 20 Maart

Skrifgedeelte: Hebreërs 13:10-15
Fokusgedeelte: Hebreërs 13:15

Die Lofoffer, jou offer?

Die verhouding tussen gelowiges en Christus word hier uitgebeeld met ’n verwysing na die Ou-Testamentiese gebeure op die groot versoendag.

Op daardie dag is die offerdier buite die laer geslag en verbrand en die hoëpriester het die bloed van die dier in die allerheiligste deel van die tempel, waar God woon, op die verbondsark gesmeer. Daar het hy gebid en om vergifnis gesmeek vir die sondes van die volk.

Christus is op Golgota buite Jerusalem gekruisig. Sy kruisdood het in die hemel, waar God woon, versoening gebring vir ons sondes. Daardeur het ons vrede gekry met ons hemelse Vader en het die Heilige Gees ons verander tot kinders wat uitroep: “Abba, Vader.” Maar soos die offerdier verbrand is – niemand kon die voordeel daarvan geniet deur dit te eet nie – verdien ons niks van Christus se offer vir ons nie. Dit word aan ons gegee uit die groot genade van God.

Van ons word eenvoudig verwag om dankbaar te wees. Daardie dankbaarheid word ’n lewe van blydskap teenoor en lof aan God. Hy gee aan ons dít wat die wêreld met al sy skatte ons nie kan gee nie. Daarom tree ons uit die wêreld uit in ’n verhouding met Hom. Dit beteken, ons verhouding met Hom is groter en belangriker as enige ander verhouding. Ons is in die eerste plek kind en dienaar van Christus. Ons moet uit ons volk en gesin en huwelik uitree, in ’n verhouding met Hom. Dan tree ons terug in ons volk en gesin en huwelik as sy kind en dienaar!

Ons moet daarom nie moedeloos en opstandig teenoor God raak as dinge in hierdie wêreld ons ontnugter en seermaak nie. Juis dan is Christus ons toevlug. Hy troos en gee ons krag deur sy Gees en Woord om gelowig en blymoedig ons las te dra. Totius berym dit mooi in Psalm 116: *“Wat kan ’k die Heer vir al sy guns vergeld? Wat kan ’k Hom bring uit dank vir sy genade? Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade en by die kelk van heil sy Naam vermeld.”*

Sing: Psalm 116-1:7, 10

Ds. CJ (Christo) van Vuuren (Hartbeespoort)

Vrydag 21 Maart

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 6:12-20
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 6:20 (AFR83)

In ons oproep tot lof aan die Here sluit dit die liggaamlike ook in

In ons moderne wêreld, waar persoonlike vryhede dikwels gevier word en grense lyk asof dit maar vloeibaar kan wees, herinner die woorde van die apostel Paulus in 1 Korintiërs 6:12-20 ons aan 'n diepgaande waarheid: ons liggame is heilig. In vers 20 skryf Paulus: *"… want julle is duur gekoop. Verheerlik dan God in julle liggaam."*

Wat beteken dit om God te verheerlik met ons liggame? Dit begin met die besef dat ons liggame nie net biologiese bondels of instrumente van genot is nie, maar ook diep geestelike entiteite. As gelowiges huisves ons liggame die Heilige Gees (1 Kor. 6:19), wat ons tempels van God se teenwoordigheid maak. Hierdie waarheid moet 'n diep impak maak in hoe ons ons liggame beskou en behandel.

Paulus kontrasteer die verganklike begeertes van die vlees met die ewige belangrikheid van ons geestelike eenheid met Christus. Hy daag ons uit om te besef dat elke handeling, veral in sake van seksualiteit, geestelike implikasies het. Wanneer ons in seksuele onsedelikheid betrokke raak, onteer ons nie net ons liggame nie, maar onteer ons ook God, wat ons vir reinheid en heiligheid geskape het. Daarom beteken dit om God te verheerlik met ons liggame, dat ons Hom eer met ons fisiese self, in ons gebrokenheid. Dit behels die beoefening van selfbeheersing, reinheid en eerbied in alle aspekte van ons lewens, insluitend hoe ons ander en onsself behandel. Dit beteken dat ons ons liggame gebruik om God se doel vir ons aardse bestaan te dien en sy heerlikheid te weerspieël. Terwyl jy vandag oor vers 20 nadink, oorweeg hoe jy die liggaamlike deel van jou bestaan bestuur. Behandel jy dit met die respek en eer wat aan 'n tempel van die Heilige Gees toekom? Bring dit die besef in jou hart: jy is nie jou eie nie; jy behoort aan God, en Hy roep jou om te leef op 'n manier wat sy heiligheid en liefde weerspieël?

Sing: Psalm 139-1:1, 2, 12

Ds. HM (Herman) Stavast (Wierdapark)

Saterdag 22 Maart

Skrifgedeelte: Jakobus 5:13-20
Fokusgedeelte: Jakobus 5:13 (AFR83)

In ons oproep tot lof aan die Here moet ons bid in alle omstandighede

Die woorde van Jakobus nooi ons in ’n lewe in van aanhoudende gebed en aanbidding. In vers 13 fokus hy op die reaksie van gelowiges in verskillende omstandighede: *“As daar iemand onder julle is wat swaar kry, moet hy bid. As daar iemand is wat opgeruimd is, moet hy lofliedere sing.”* Ons moet bid in die tye van lyding en uitdagings.

Dit is natuurlik om tot God te roep wanneer ons swaarkry, en dit is ’n kragtige uitdrukking van ons vertroue in Hom en afhanklikheid van Hom. In hierdie oomblikke van lyding of swaarkry, wanneer ons harte seer is en antwoorde word skaars, moet ons weet dat God ons uitnooi om na Hom te kom met ons nood en pyn. Hy is nie net ’n toevlug in tye van nood nie, maar ook ’n getroue Vader wat ons hoor en sien in alle omstandighede en ons graag wil versorg.

Ons moet God loof in tye van vreugde en oorvloed. Wanneer ons seën geniet en ons harte oorloop van dankbaarheid, is dit ’n geleentheid om ons lof en aanbidding tot God te rig. Lofsang is nie net vir Sondae nie, maar ’n daaglikse uiting van ons erkentlikheid teenoor die Here vir sy goedheid en genade in ons lewens. Dit herinner ons dat al ons goeie gawes van Hom kom, en dit herstel weer ons fokus op die ewige Bron van elke seën.

Ons daaglikse lewens in gemeenskap met God moet gekenmerk word deur ’n voortdurende beweging tussen gebed en aanbidding, wat ons harte nader aan Hom bring. Bring lof aan God vir die geleenthede wat Hy ons bied om tot Hom te nader, of ons in lyding is of in lofsang.

Sing: Psalm 84-1:1, 2, 6

Ds. HM (Herman) Stavast (Wierdapark)

Sondag 23 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 35:1-9
Fokusgedeelte: Psalm 35:1-9

Laat u koninkryk kom en ek sal jubel!

In Psalm 35 bid Dawid tot die Advokaat van elke uitverkorene, vir Goddelike intrede teen die aanvegtinge van vyande. Psalm 35 voorsien troos vir elke gelowige, in die patroon van klagte, gebed en belofte. Ons weet DIE HERE ONS GEREGTIGHEID sal finaal regspreek oor die onreg teen God se kinders gedoen. Dawid vra vergelding op bose vyande, met die spies en skild van waarheid, en dat die Gees hom binne-in die stryd sal toerus tot geloofsekerheid, hy glo God sal spreek: “Ek is jou heil!” Dawid vertrou dat sy vyande, beskaam, deur God se Engel verslaan sal word (vs 6).

Hierdie sogenaamde “vloekpsalm” leer ons mág bid vir die vernietiging van onreg en vervolging deur die koninkryk van die hemele se teenstanders. Al die kwaad wat sonder oorsaak teen Dawid, as God se gesant, beplan en gepleeg word, sal die vervolgers self verstrik, omdat hulle in werklikheid teen God veg. Dawid bid nie in selfregverdiging nie. Hy bid dat God Homself as Almagtige sal vertoon, sodat die samesweerders se duistere weg, die glibberige kuil, die vangnet van boosheid, openbaar word soos nietige kaf voor die wind.

Die Heilige sal die vyande van sy waarheid verwoes en ons mág daarvoor bid. Die Engel van die HERE, Jesus Christus, is die Oorwinnaarkoning wat alle mag daartoe ontvang het, om die duiwel, die dood en die sonde te vernietig. Gelowiges mág uit hierdie belofte gelowiges in vertroue leef en soos Dawid jubel: “Maar my siel sal juig in die HERE, dit sal bly wees in sy heil” (vs 9) Jesus Christus, die gestuurde Messias van God, leer dat gefokusde gebed, in diens van sy koninkryk, verhoor sal word! “As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen” (Joh. 14:14).

Sing: Psalm 35-1:1, 4

Ds. LJ (Lou) Erasmus (Emeritus)

Maandag 24 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 35:10-18
Fokusgedeelte: Psalm 35:10-18

Ek vertrou op u regspraak, Here!

Psalm 34 het verkondig dat die Engel van die HERE seëninge bring vir God se volk. Psalm 35 verkondig die Engel van die HERE bring vloek oor die vyande van die koninkryk van die hemele. Soos kaf word hulle weggedryf.

In hierdie tweede deel van Psalm 35 verwoord Dawid sy versugting na die hemel (vs 10). Soos elke gelowige, wat met 'n rein gewete gefrustreerd worstel onder verdrukking en kwade bedoelinge. Dawid verlang na die koninkryk van God, waar liefde en meegevoel heerskappy voer, maar ervaar die koninkryk van die duiwel, waar haat en aanvalle oorheers.

Die HERE verdien nóg baie meer as net die lofprysing van ons siele, elke geredde mens juig met sy hele wese en bestaan oor die redding en hulp wat God verleen. So beleef Dawid (en ons) die uiteindelike vyandskap teen God se werk wat in Christus volbring word. Uitverkorenes omhels die Messias en wandel dankbaar in die vrees van die Here. Dié wat Christus egter nie reikhalsend verwag nie, leef in vyandskap teen God en in haat teen sy kinders. Selfs ons mees opregte meelewing met húl hartseer en smarte, verander nie hul bose harte se nyd teen ons nie (vs 14). Afgunstiges juig as die gelowige struikel, sweer feestelik saam en verbly hulle wanneer die regverdige ly. Dawid bid dat die Here sy gelowige siel in hierdie eensaamheid sal versterk (vs 17).

Dawid vertrou God kán alles, hy sien profeties vooruit, hoe God in groot vergaderings geprys sal word vir die redding wat God gee, met die nuwe lied wat nét die uitverkorenes kan sing (Op. 14:3). Dawid verkondig in Psalm 35 vrede vir God se dienaars in die Messiasryk én dat die Here daarom tot in ewigheid geloof moet word.

Sing: Psalm 35-1:6, 7

Ds. LJ (Lou) Erasmus (Emeritus)

Dinsdag 25 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 35:19-28
Fokusgedeelte: Psalm 35:19-28

Here, wees my naby, hou my vas wanneer U vergeld!

In die derde deel van Psalm 35 vertel Dawid hoe sy haters mekaar aanmoedig met 'n vermakerige oogknip, wanneer hulle sy dade berekend verkeerd interpreteer, moedswillig vervals. Mense wat vrede haat, kan dit ook nie spreek nie. Groot leuens kom voort uit groot monde en boosheid is waarlik eenogig, heeltemal blind vir die vyand se goeie hoedanighede, soos Christus leer: "Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein" (Mark. 7:23).

Dawid bid dat die Alomteenwoordige dié wat hom verdruk, vergeld (2 Tess. 1:6), wanneer die Here die Troon van oordeel bestyg (vs 23). Dawid bely vertroue in die groot "EK IS", sy Here en sy God. Dawid gryp biddend vas aan die belofte van ware geregtigheid uit God.

Goddeloses se vreugde en spot in ons val, dring elke verdrukte gelowige na sy Rotsvesting. Die wraak wat Dawid vra, is dat die haters beskaamd voor God gestel mag word. Hy bid vir die triomf van die Koninkryk van die hemele, nie vir persoonlike verdediging nie (vs 27). Hy bid vir Godsopenbaring aan die ongelowiges. Dawid se profetiese gebed gehoorsaam beide die verbod op wraak én die opdrag tot naasteliefde (Lev. 19:18). Dawid bewapen homself met die wapentuig van geloofsvertroue, sy oog op God, wat regeer. Daarom kan hy God elke dag, heeldag loof en prys.

Dawid leer vooruit-vertrouend wat ons reeds weet: In Jesus Christus word alles volbring volgens die goeie raad van God. Psalm 35 is wél 'n wraakpsalm, waar vergelding teen onreg, teen God se waarheid gevra word. Die psalm leer ons om selfs in verdrukking, steeds te bid in Godsvertroue, met berusting in ons heil, nié vanuit persoonlike wraakbegeertes nie! God is nie ons stuurjonge nie, Hy is baie meer. Hý is ons Here en ons God!

Sing: Psalm 35-1:10, 12

Ds. LJ (Lou) Erasmus (Emeritus)

Woensdag 26 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 84
Fokusgedeelte: Psalm 84:3

Ons God is ’n lewende God, daarom moet ons jubel!

Hierdie Psalm handel oor die tempel van God, om by die Here te wees. Die digter sê dat hy smag na die tempel (voorhowe) van die Here. Hy wil by die Here wees, in sy teenwoordigheid. Hy sê ook nog ’n belangrike ding in vers 3: met alles wat hy is (hart en siel), jubel hy uit tot die lewende God.

God is lewe, buite Hom is daar geen lewe nie, ons weet dit, Hy hou van dag tot dag sy skepping in stand. Ons lees dit ook in hierdie Psalm, dat selfs die mossie ’n huis en die swaeltjie ’n nes het by die altare. Ons moet ook onthou dat God ’n verbond sluit met sy volk. Hy het ’n lewende verhouding met sy volk, daarom jubel die Psalmdigter net omdat God dit vir hom moontlik maak.

Dink aan die woorde van Christus: *“Ek is die weg, die waarheid en die lewe, niemand kom na die Vader behalwe deur My nie”* (Joh. 14:6). Christus is die lewe, Hy het ons verlos, deur Hom kan ons na God toe gaan. Hy het uit die dood opgestaan en sit aan die regterhand van God, Hy is ook ons Voorspraak. Ons is deur sy kruisiging en opstanding ook deel van die volk van God, ons wat in Hom glo.

Watter blydskap bring dit nie vir ons nie? Filippense 4:4 sê: *“Verbly julle altyd in die Here, ek herhaal: Verbly julle!”* Dit is ’n bevel! Ons moet, net soos die Psalmdigter, met hart en siel tot die lewende God jubel!

Sing: Psalm 84-1:1, 2

Ds. MH (Marco) le Roux (Reitz/Lindley)

Donderdag 27 Maart

Skrifgedeelte: Galasiërs 1:11-24
Fokusgedeelte: Galasiërs 1:11-24

Die kernwaarheid van die Bybel

Paulus gebruik sy eie besondere roepingsverhaal om te vertel dat niemand van die evangelie mag afwyk nie. Paulus werk met die gedagte dat sy prediking en geskrifte ’n beeld in die gedagtes van sy hoorders opwek, want dis nie deur ’n mens uitgedink nie. In hulle verbeelding sien hulle presies wat hy preek. Dis asof hy met sy woorde op hulle gedagtes skilder. Hulle sien Jesus as Gekruisigde onder hulle hang. Dis Jesus aan die kruis, maar met my gesig! Dis Jesus, maar met my sonde! Dis Jesus, maar dis my hel!

Sien u Jesus aan die kruis in u gedagtes?! Die Heilige Gees het dit in ons harte ingeprent, onuitwisbaar afgeëets – Christus is in ons! So kommunikeer God met ons. Die Heilige Gees maak ons by wyse van spreke deelnemers aan hierdie verhaal … soos Paulus sy verhaal vertel – dit is nie ’n stokou verhaal nie, maar een wat vandag hier “onder ons” afspeel omdat ons tot geloof gekom het; omdat ons waarlik deel het aan Hom, reinig sy bloed ons van elke sonde! Glo dit van harte!

Paulus het Jesus só werklikheidsgetrou aan sy hoorders en lesers verkondig dat die Heilige Gees hulle geloofsverbeelding so beïnvloed het dat hulle Hom as’t ware tydens elke preek tussen hulle kon sien hang. Die kruisiging van Jesus is die kernwaarheid van die Bybel: wie dit weglaat, het niks! Dit alleenlik is God se vrymagtige verlossingsdaad, niks anders nie!

Ons het daaraan deel deur ons geloof. Paulus het meer gemaak van die betekenis van die kruisiging as die blote uiterlike feite daarvan vir elkeen persoonlik. Dis hierdie betekenis wat ons deur die werk van die Heilige Gees in ons harte aangryp en nie die sensasionele voorstellings nie.

Sing: Skrifberyming 12-2 (Lied 265)

Dr. PK (Pieter) Lourens (Emeritus)

Vrydag 28 Maart

Skrifgedeelte: Handelinge 2:37-47
Fokusgedeelte: Handelinge 2:46, 47

By God lê ons hoop en ons opdrag

Dit moes wonderlik gewees het om deel te wees van die kerk soos wat dit hier vir ons beskryf word. Die evangelie word verkondig, die mense hoor, kom tot geloof en dan pas hulle hul lewens aan by dit wat hulle gehoor het en by dit wat die Heilige Gees in hulle werk. Dit het egter nie net goed gegaan in die kerk nie, die volk was hulle ook goedgesind.

Hoe anders is die situasie waarin die kerk homself vandag bevind. Daar is mense wat die evangelie hoor, maar eenvoudig nie hulle lewens daarby aanpas nie. Selfs binne die kerk is die mense mekaar nie altyd goedgesind nie. Alhoewel die kerklike situasie waarin ons onsself bevind, anders is as dit wat ons hier gelees het, is God nie anders nie. En by Hom lê ons hoop en ons opdrag.

Dit is die Here se onbeperkte reg om by die getal van die gelowiges by te voeg wie Hy wil. Dit is egter ook die voorreg en plig van die gemeenskap van die gelowiges om God aan die mense bekend te maak wat Hom nog nie ken nie, en hulle wat die Here by die kerk voeg, te verwelkom. Op ons rus steeds die verpligting om op so ’n manier te leef dat die wêreld buite die kerk sal sien wat God binne die kerk laat gebeur, en vanuit die stukkendheid van die wêreld die heelheid wat God daar bewerk, sal raaksien.

Die kerk is anders, maar God is steeds dieselfde, en Hy kan steeds dieselfde deur sy Woord en deur sy Gees doen, as wat in daardie eerste rukkie na die uitstorting van die Heilige Gees gebeur het. ’n Gewetensvraag: Is ons sulke Christene dat God mense by die lewende kerk voeg op grond van dit wat hulle by ons sien?

Sing: Psalm 40-1:8

Prof. PC (Chris) van der Walt (TSP)

Saterdag 29 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 148
Fokusgedeelte: Psalm 148:1, 7, 13

Prys die Naam van die Here, want sy Naam alleen is hoog verhewe!

Die hemele en die aarde en die ganse mensdom moet die Here prys. Sy Naam alleen is hoog verhewe bo alles wat was en is en sal wees. God se Naam openbaar Homself. *"Ek is wat Ek is"* (Eks. 3:14).

Psalm 146 bevat die loflied van 'n enkeling. Psalm 147 bevat die loflied van die gemeente. In Psalm 148 word die hemele, die aarde en die ganse mensheid opgeroep om die Naam van die Here te loof. Die eerste en laaste woorde van die Psalm is: *Halleluja – Prys die Here!* Ten minste 12 maal lees ons dat die Here geprys, geloof moet word. So groot en almagtig en hoog verhewe is God dat ALLES opgeroep word om die Naam van die Here te prys.

In die eerste plek (vs 1-6) word die hemele opgeroep om die Here te prys. Die son, die maan, die sterre, die hemelwesens, almal in die hemele word opgeroep om God te prys. Juis met Jesus Christus se geboorte het daar 'n magdom engele Hom geloof en geprys, lees ons in Lukas 2:13-14: "Skielik was daar saam met die engel 'n menigte engele uit die hemel wat God prys en sê: "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!" In die hemel prys almal die Here heeldag lank. Ons lees in Openbaring 5:11-12: "Toe het ek rondom die troon en die lewende wesens en die ouderlinge 'n groot menigte engele gesien. Daar was duisende der duisende, ja, miljoene der miljoene. Ek het hulle hard hoor uitroep: "Die Lam wat geslag was, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang."

In die tweede plek (vs 7-10) word die hele skepping opgeroep om die Here te prys. Die seediere, weerlig en hael, sneeu en miswolke, stormwinde, berge, vrugtebome, wilde diere en alles wat vlieg, moet die Here loof en prys. Hoe prys die skepping die Here se Naam? Deur te doen waarvoor hulle geskape is. Die vrugtebome dra vrugte,

die reën en die sneeu kom op die bestemde tyd, die skepping gaan voort in gehoorsaamheid soos God dit geskape het. Daarom moet ons die skepping ook oppas en oor die skepping heers met verantwoordelikheid, want alles behoort aan God. So is daar 'n hele paar Psalms waar ons lees dat die skepping die Here se Naam prys. In Psalm 8 besing Dawid die wonderlike skepping wat God gemaak het en in Psalm 19 lees ons hoedat die skepping getuig van die mag van God.

In die derde plek (vs 11-13) word die ganse mensdom opgeroep om die Here se Naam te prys. Konings, regerings, jong manne en meisies, grysaards en seuns. God is getrou aan sy verbond. God het ons geskape om Hom te loof en te prys. So het Jesus Christus ons met God versoen sodat die Heilige Gees wat uitgestort is, ons in staat kon stel om die Here se Naam te erken en te bely. Jesus Christus is die Hoof van die Kerk en die hele skepping en Hy pleit gedurig vir ons, sodat ons God kan loof en prys en aan God die lof kan toebring. Ons lofprysinge moet nie net hoorbaar wees in wat ons sê en bely nie, maar ook in wat ons elke dag doen. Ons dade moet getuig van die lof aan God."Prys uit die hemele die Heer,
gee, engele aan Hom die eer.

"Prys son prys maan en prys Hom ster die hemelwesens hoog en ver"
(Ps. 148-2:1, Cloete-beryming)

Sing: Psalm 148-2:1-9

Ds. GS (Gerrit) Kruger (Burgersdorp)

Sondag 30 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 149
Fokusgedeelte: Psalm 149:4-7

Loof die Here vir die oorwinning wat Hy gee!

Alles wat ons as kinders van God doen, moet daaroor gaan dat ons God moet eer. Ook hierdie Psalm, soos Psalm 148, begin en eindig met, *Halleluja – Prys die Here – Loof die Here*. Ons moet elke dag die Here loof en prys, want sonder Hom kan ons niks doen nie, kan

ons nie leef en werk nie. Johannes 15:5: *"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie."* Dit is die belangrikste saak van die plaaslike kerk – om God te loof en te prys. Ook hierdie lofprysing is wat ons in die hemel gaan voortsit, dit is wat ons vir ewig bestem is om te doen.

Ons moet God individueel loof en prys, ja ook as ons gaan lê om te slaap (Ps 3:5; 4:9). Ons moet God ook kollektief as gemeente loof en prys in die samekomste van die kerk (Heb. 10:25).

Ons moet God aanhoudend loof en prys, omdat Hy God is, omdat Hy alleen dit waardig is en omdat Hy ook elke dag oor ons waak. Ons lees in Psalm 121 dat God nie sluimer of slaap nie, maar dat Hy altyd oor ons die wag hou.

Waar en wanneer die oorwinning was waaroor die volk juig, is nie vir ons duidelik nie, maar die digter roep die Godsvolk op om God te loof. Hierdie oorwinning is onder andere ook oor die sonde, dit het Jesus Christus aan die kruis vir ons verdien. Dit het ook 'n eskatologiese oorwinningsperspektief toe Jesus opgevaar het na die hemel. Ons kan daarom nie anders as om God te loof en te prys nie.

Ons sterkste swaard in die stryd op aarde is die Woord (Heb. 4:12): *"Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart."* Daarom vertrou ons nie op onsself nie, maar op die Here. Hy staan die hulpeloses by, dit is die wat weet hoe afhanklik hulle van Hom is (vgl. Matt. 5:3-12; Matt. 11:5).

Daarom is almal wat glo in ons Here Jesus Christus, meer as oorwinnaars deur Jesus Christus wat die oorwinning gegee het (Rom 8:37): *"Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet."* Prys die Here!

Sing: Psalm 149-1:1, 2

Ds. GS (Gerrit) Kruger (Burgersdorp)

Maandag 31 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 150 (AFR53)
Fokusgedeelte: Psalm 150:6

Alles wat lewe, moet die HERE loof

Hierdie lied is die doksologie, die hoogtepunt, van die Liedereboek *Tehelim*. Elkeen van die vyf boeke in die Psalms eindig met ’n soortgelyke doksologie. Hier egter is die samevatting van al die liedere. Dit is die uiteinde, die oploop van die hele liedereskat: Loof die HERE! Dit is ’n simfonie van lof, as’t ware ’n loftriomf van oorwinning.

Alles wat lewe, moet die HERE loof. Daar is niks wat uitgesluit word nie. Alles wat uit God bestaan, moet tot Hom bestaan. Die ganse skepping, en alles daarin moet die Skepper eer. Die skepping self word opgeroep tot lof en aanbidding. Die wonderlike van hierdie oproep vind ons reeds in die bladsye van Openbaring.

Ons sien hoe die ganse skepping rondom die troon van God staan en aan Hom lofsange sing. Eer aan God, Halleluja. Elke keer as die oproep kom om God te prys, en aan Hom die lof en aanbidding en eer en heerlikheid te bring, roep die skepping uit: Halleluja!

Hoe lyk jou lewe? Is jou hart gerig op die eer van die Almagtige? Is jou lewe ’n doksologie van God se lof? Daarvoor het die Seun van God Self in hierdie wêreld gekom. Sodat ons in Hom en deur Hom tot God mag leef. In Christus Jesus vind ons lewe ’n doksologie, ’n loftriomf in die oorwinning oor die sonde en die dood.

Laat alles wat asem het, die HERE loof! Halleluja!

Sing: Psalm 150-1:1, 2, 3

Ds. LJE (Lourens) Vewnter (Centurion)

KWARTAAL 2 – APRIL

TEMA: JUBEL IN DIE HERE, WANT HY IS REG EN GOED (Psalm 33:4-5)

Fokus op die Woord van die Here wat reg is, betroubaar is. So is ook sy werke reg en betroubaar, want daar is geen spanning in wat die HERE openbaar en wil in sy Woord en wat Hy deur sy Gees tot uitvoering bring nie. In sy Woord en werke sien ons sy goedertierenheid – sy liefde en guns – teenoor Israel, maar ook sy skepping.

Dinsdag 1 April

Skrifgedeelte: Psalm 33
Fokusgedeelte: Psalm 33:4-5 (AFR2020)

Jubel in die Here, want Hy sê en doen wat reg is

Wanneer jubel ons? Wanneer iets ons bly gemaak het. Dan jubel ons oor dit wat ons bly gemaak het.

In Psalm 33:1 staan: *"Regverdiges, jubel oor die HERE!"* Dit beteken dat die HERE ons bly maak. En ons gee op 'n vrolike manier uiting aan ons blydskap deur oor die HERE te jubel en uitbundig te juig.

Hoe maak die HERE ons bly? Deur dit wat Hy sê, wat Hy doen en Wie Hy is.

Dit wat die HERE sê, maak ons bly. Hoekom? Want die woord van die HERE is reg. Dit bevat die goeie nuus van die Woord wat vlees geword het en onder ons kom woon het en ons kom red het. Die woord van die HERE is waar. Ons kan dit glo. Ons kan daarop staatmaak.

Dit wat die HERE doen, maak ons bly. Hoekom? Want al sy werk is betroubaar. Dit wat die HERE doen, stem ooreen met sy woord. Hy sê nie een ding en doen dan 'n ander ding nie. Nee, Hy hou sy woord. Hy kom al sy beloftes na. Hy het dit gedoen deur Jesus Christus. In Hom is al God se beloftes "ja" en "amen".

Wie die HERE is, maak ons bly. Hoekom? Want Hy is lief vir reg en geregtigheid en sy troue liefde vul die aarde. Die HERE haat onreg.

Hy bring ware geregtigheid en vrede. Sy troue liefde maak dat Hy goed is vir ons. Sy troue liefde kan gesien word in sy Seun wat Hy na die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan leef.

Hoekom jubel ons oor die HERE? Omdat sy woord reg is, sy werk betroubaar is, Hy lief is vir reg en geregtigheid en sy troue liefde die hele aarde vul.

Sing: Psalm 145-1:10, 12

Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom)

Woensdag 2 April

Skrifgedeelte: Deuteronomium 6:4-25
Fokusgedeelte: Deuteronomium 6:17-19 (AFR2020)

Jubel in die HERE deur te doen wat goed en reg is in sy oë

Die HERE wat self goed en reg is, vereis van ons om te doen wat goed en reg is. Wat is goed en reg? Dit wat goed en reg is in die oë van die HERE.

Hoe weet ons wat goed en reg is die oë van die HERE? Deur die gebooie van die HERE, sy bepalings en vaste voorskrifte te ken. Hoe kan ons dit ken? Deur die Woord van die HERE te ken en te bestudeer.

Dit begin in die ouerhuis waar ouers hulle kinders van kleins af leer dat die HERE ons God is en dat ons Hom met hart en siel en met al ons krag moet liefhê. Dit behels dat ouers hulle kinders die Bybel leer, sodat hulle kan weet Wie God is, wie hulle is en wat die HERE ons God van ons vra om te doen.

Ons moet nie net weet wat goed en reg is in die oë van die HERE nie, ons moet dit doen ook. Dit is nie net Wie die Here is, wat Hy doen en wat Hy sê, wat ons bly maak nie. Dit is ook wat Hy van ons vereis, wat ons bly maak. Hoe so? Want dit wat Hy van ons vereis, is die dinge wat tot ons voordeel is. Dit is wat ons ’n geseënde lewe laat lei.

Die goeie nuus van die evangelie is dat God weer seën gebring het

vir die wêreld, deurdat sy Seun, ons Here Jesus Christus, ten volle gehoorsaam was. Deur die geloof het jy deel gekry aan hierdie seën. Hoe meer jy doen wat goed en reg is in die oë van die HERE, hoe meer sal jy hierdie seën ervaar. Jubel daarin om te doen wat goed en reg is in die oë van die HERE.

Sing: Psalm 119-1:6

Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom)

Donderdag 3 April

Skrifgedeelte: Psalm 25
Fokusgedeelte: Psalm 25:8 (AFR2020)

Omdat die HERE goed en reg is, help Hy sondaars reg

Wanneer ons in die nood is, bid ons tot die HERE. Dit is wat die digter van Psalm 25 gedoen het. Hy het nie net gebid dat die HERE hom help teen sy vyande nie, Hy het ook gebid dat die HERE sy weë aan hom bekend sal maak en dat die HERE hom sal leer en lei.

Die HERE se leiding – dít is wat ons nodig het, wanneer ons in nood is. Dít is waarvoor ons moet bid. So word gebed leergeleenthede waar die HERE ons onderrig. Daar is sekere dinge wat ons slegs in gebedsgemeenskap met die HERE kan leer.

Ons grootste nood is die nood waarin ons weens ons sonde beland het. Daarom het ons die HERE se barmhartigheid, sy liefde en vergewing nodig – alles dinge waarvoor die digter van Psalm 25 gebid het en waarvoor ons ook moet bid.

Ons kán hiervoor bid, omdat die HERE goed en reg is en Hy daarom sondaars reghelp. Hy help sondaars weer op die pad van die lewe.

Dit is slegs moontlik omdat ons Here Jesus Christus aan die kruis gesterf het. As dit nie hiervoor was nie, sou geen sondaar ooit weer op die pad van die lewe kon kom nie. Hy het nie net die pad van die lewe vir sondaars moontlik gemaak nie, Hy leer hulle ook hoe om weer op

die pad van die lewe te kom. Hy leer hulle dat berou en skuldbelydenis en geloof en bekering en dankbaarheid en gehoorsaamheid deel van hierdie pad is.

Dít is iets om oor bly te wees! Hoekom? Want ons is sondaars. Die HERE leer óns die pad. Hieroor jubel ons. Ons jubel in die HERE, want Hy help óns reg, omdat Hy goed en reg is.

Sing: Psalm 25-1:2, 4

Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom)

Vrydag 4 April

Skrifgedeelte: Jesaja 1:10-20
Fokusgedeelte: Jesaja 1:17, 18 (AFR83)

Godsdiens sonder etiek is ’n gruwel vir die Here

In ons Skrifgedeelte is God besig met ’n hofsaak teenoor sy opstandige volk. Jesaja beklemtoon dat godsdiens sonde word as dit nie gepaardgaan met toewyding aan God nie. Die volk kom die voorskrifte in verband met die bring van offers en die hou van feesdae na, maar van ’n verhouding met God was daar geen sprake nie. Hulle doen onreg, maar hulle dink hulle kan God met hulle skyngodsdiens bluf.

Juda was in vandag se terme “Sondag-Christene”. Dit wat ons in die erediens bely en sing, het geen impak op die res van ons lewens Maandag tot Saterdag nie. Godsdiens sonder etiek, erediens sonder gehoorsaamheid en lewensoorgawe is ’n gruwel vir die Here.

Dus kom Jesaja met sy oproep tot verandering (vs 17). Die sondes van die volk roep om vergifnis en versoening. Die offerdiens kan hierdie krisis nie meer oorkom nie, want die volk se hande is besmet. ’n Verandering lyk onmoontlik. Verandering kan slegs kom van die Een wat verontreg is. Hier kan slegs God verandering bewerk. Hoe doen God dit?

In die tweede deel van Jesaja (53:5-6) word die antwoord op hierdie vraag alreeds in ’n mate aangetoon. Die volle geheim van God die

Regter, wat ook God die Heiland en Verlosser is, word uitgespel in die koms en die kruis van Christus. Deur die kruis van Christus ontvang ons vergifnis van sondes en word die menslik-onuitwisbare rooi 'n Goddelike spierwit. Met die vergifnis in Christus breek die koninkryk van God deur in hierdie wêreld. Vergewing beteken bevryding, vernuwing, lewensverandering, hartgrondige bekering. Nuwe-Testamenties gesien, impliseer vergewing dat ons nie meer leef nie, maar Christus in ons leef omdat ons saam met Hom gekruisig is (Gal. 2:20; Rom. 6:6,11). 'n Persoon wat ware vergifnis ontvang, se lewe word totaal verander.

Sing: Skrifberyming 5-2:3, 4

Ds. SJ (Stephan) Briel (Bergbron)

Saterdag 5 April

Skrifgedeelte: Jeremia 7:1-15
Fokusgedeelte: Jeremia 7:3-8 (AFR83)

Valse godsdiens bring valse gerustheid wat bekering verhinder

Jeremia bring hierdie boodskap nadat Jojakim koning van Juda geword het (Jer. 26:1-5). In 'n tyd van bedreiging en onsekerheid soek die volk na bemoediging. Daarom kom hulle tempel toe, want daar was priesters en profete wat hulle moed kon inpraat. Wanneer hulle by die tempelpoort uitkom, staan daar 'n figuur wat sê: *"Moenie julle vertroue stel in leuens nie. Julle sê: 'Ons is veilig! Dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel!'"* (Jer. 7:4). Dit is 'n tyd van onheil, maar die volk bekommer hulle nie veel nie. Hulle is 'n godsdienstige volk en met die tempeldiens word vrese besweer en skuldgevoelens weggepreek en weggeoffer. Die tempel is ook simbool van God se teenwoordigheid en waarborg van sy beskerming. Hy sal hulle nie in die steek laat nie.

Juis dié valse gerustheid lei tot 'n uiterlike vormgodsdiens wat bekering verhinder. Wat kort, was die uitoefening van God se heerskappy. Onskuldige en weerlose mense is veronreg, en afgode is aanbid. Daarom die oproep tot bekering (Jer. 7:5).

Pasop vir ’n uiterlike vormgodsdiens! Dit bring ’n valse gerustheid wat bekering verhinder. Ware aanbidding gaan oor ’n hartsverhouding met God! Jou godsdienstige handelinge soos Bybellees, bid en erediensbywoning kan rituele raak om jou gewete te sus. Dan dink jy God sal jou seën omdat jy by die erediens was en daagliks stiltetyd gehou het. Maar die eintlike vraag is: Het jy ’n ontmoeting met God gehad tydens die erediens en in jou stiltetyd?

Sonder ’n ontmoeting met God kan geen bekering plaasvind nie. ’n Ontmoeting met God sal jou lewe verander! In Christus het ons die wonderlike voorreg om tot God te nader en Hom te ontmoet (Heb. 10:19-22).

Sing: Psalm 33-1:1, 11

Ds. SJ (Stephan) Briel (Bergbron)

Sondag 6 April

Skrifgedeelte: Lukas 18:18-30
Fokusgedeelte: Lukas 18:22 (AFR83)

Godsdienstigheid teenoor ’n ware verhouding met God

Hierdie ryk jongman wou seker wees dat hy die ewige lewe het. Volgens hom het hy nie enige wet, die vereiste volgens die Jode, oortree nie. Hy het nog onder die Joodse “misverstand” geleef dat iemand wat ryk is ’n beter kans het om die koninkryk te verdien. ’n Ryk Jood het gedink dat hy maklik die koninkryk kan bekom omdat hy bates het om goeie dade mee te doen, soos om aalmoese te gee en te betaal vir die instandhouding van die sinagoges.

Hoekom het Jesus vir die ryk jongman gesê om al sy besittings te verkoop, die geld vir armes te gee en Hom te volg? (Luk. 18:22). Versterk Jesus nie hierdeur die verkeerde doktrine dat hy die ewige lewe deur werke kan bekom nie? Moes Jesus nie eerder gesê het: “Vertrou My” nie?

Dit is presies wat Jesus vir hom gesê het! In sy geval was dit onmoontlik om alles te verkoop en die geld vir armes te gee as hy nie algehele

vertroue stel in Jesus en oorgee aan Hom nie. Die jongman se besittings was sy afgod en hy het dit regverdig deur godsdienstigheid. Die Here ken ons harte en ontbloot dit met sy opdrag wat soos 'n tweesnydende swaard sny. Jesus se opdrag aan hierdie ryk jongman was toepaslik vir die toestand van sy hart. Die Here vra nie elke ryk persoon om alles te verkoop en geld vir die armes te gee nie. Die Here het dit nie gevra van Abraham (Gen. 13:2) of Josef van Arimatea (Matt. 27:57) nie, want geld was nie hulle afgod nie.

Menslik gesproke is dit onmoontlik om gered te word, maar vir God is dit moontlik. Ons redding en verhouding met God is slegs deur die genade en wonderwerk van Jesus. Dit is 'n geskenk wat God gee aan ons wat nie meer op onsself vertrou nie, maar volledig van Jesus in geloof afhanklik is.

Sing: Psalm 84-1:1, 6

Ds. SJ (Stephan) Briel (Bergbron)

Maandag 7 April

Skrifgedeelte: Romeine 7:7-25
Fokusgedeelte: Romeine 7:12, 13

Die wet en sy voorskrifte is heilig en reg en goed

Paulus gebruik meermale 'n denkbeeldige gespreksgenoot, soos hier, om sy argumente te verduidelik. En dan sê hy: 'n Mens sou die gevolgtrekking kon maak dat die wet sonde is. Maar die sonde lê nie in die wet self nie. Die wet se werk is om die sonde te ontmasker. As voorbeeld neem Paulus die tiende gebod. Dit is eers die opdrag "jy mag nie begeer nie" wat 'n mens werklik bewus maak daarvan dat dit sonde is om te begeer. Hoe sou mens geweet het dat dit sonde is om te begeer as die wet nie gesê het dit is sonde nie?

Maar, sê Paulus, die oomblik dat ek van die sonde van begeerte bewus begin word, kry die sonde 'n nog groter vastrapplek in my lewe. Al die ander slapende reuse in my lewe begin ook nou wakker word. Nou is elke soort begeerte in my aan die gang gesit (vs 8)! Dit is dus nie by die wet en sy opdragte waar die fout lê nie, maar die fout lê by

myself. Die wet en sy voorskrifte is heilig en reg en goed (vs 12). Die logiese vraag is nou: As die wet goed is, hoe is dit dan moontlik dat dit vir my die dood gebring het? Hierop is die antwoord dat dit nie die wet is wat die dood gebring het nie, maar die sonde. Die wet se doel was om my nader aan God te bring, maar die sonde het die wet misbruik en van my 'n oortreder gemaak.

Deur die wet sien ons hoe skrikwekkend die sonde werklik is (vs 13). Die goeie bedoeling wat die wet dus gehad het, is deur die sonde gedwarsboom, en het 'n slegte resultaat opgelewer.

Die ergste vir Paulus is dat hierdie omkeer van goeie bedoelings ook in sy lewe afspeel. En hier verwoord hy die frustrasie van baie gelowiges deur die eeue heen. Hoe kan dit wees dat ek die goeie wil bereik, maar elke keer by die kwade uitkom? Maar in hierdie worsteling kan ek vasgryp aan Jesus Christus, wat vir al my oortredings ten volle betaal het.

Sing: Skrifberyming 2-4:1-3

Ds. WJ (Kobus) Botha (Bloemfontein-Noord)

Dinsdag 8 April

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 2:1-7
Fokusgedeelte: 1 Timoteus 2:3, 4

God wil dat ons vir allerlei mense moet bid

Een van die belangrikste dinge wat ons moet doen, is om te bid, nie net vir onsself nie, maar vir alle mense. Maar wie is hierdie "alle mense"? Dit kan lyk asof die Here hier deur die apostel Paulus bedoel dat ons vir elke individu op hierdie aarde moet bid. Maar dis nie wat alle mense hier beteken nie. Ons weet mos uit die Bybel self dat daar baie mense is wat verlore sal gaan onder God se regverdige oordeel.

Vir die Bybelskrywers wat die Heilige Gees gebruik het, is die mensdom nie 'n klomp individue nie, maar 'n verskeidenheid van soorte en groepe mense, naamlik volke en nasies, grootmense en kinders, armes en rykes, regeerders en onderdane, gelowiges en ongelowiges.

En wat hier met alle mense bedoel word, is dat ons vir al hierdie soorte en groepe van mense moet bid.

En, sê die Here, veral vir regeerders en almal wat gesag uitoefen. En selfs al sou hierdie konings en hooggeplaastes ons nie goedgesind wees nie, hef dit nie die opdrag op nie. Hierdie opdrag is juis gegee in ’n tyd toe die Christene vervolg is.

En waarvoor moet ons bid? Dat die regeerders eerbaar en verstandig sal regeer, maar veral dat die Heilige Gees hulle ook kinders van God sal maak. Ons moet bid dat hierdie mense ook ons enigste Middelaar, Jesus Christus, sal leer ken: Hy wat Homself as ’n losprys vir almal gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, ewig kan lewe.

Sing: Skrifberyming 15-7:1, 2, 6

Ds. WJ (Kobus) Botha (Bloemfontein-Noord)

Woensdag 9 April

Skrifgedeelte:Psalm 119:1-8 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Psalm 119:7

Prys God terwyl jy sy Woord bestudeer

Vandag se stukkie is die eerste van 22 oor Psalm 119. In die Hebreeus bestaan die Psalm uit 22 strofes van agt reëls elk. In elke strofe begin die agt reëls met dieselfde letter van die Hebreeuse alfabet: vers 1-8 met Alef, vers 9-16 met Bet, ensovoorts. In elkeen van die strofes kom daar ook agt woorde (nie dieselfde woorde elke keer nie) voor wat met God se woord, wet of verordeninge te doen het.

Die 2020-vertaling het elkeen van die Hebreeuse woorde met dieselfde Afrikaanse woord vertaal. Die hele psalm handel oor God se opdragte aan sy kinders. Die psalm begin met ’n saligspreking: “Gelukkig”, gelukkig is hulle wat erns maak met God se opdragte, wat daarna luister en dit doen. God het Self die opdragte gegee, soos onder andere in die Tien Gebooie en die Bergrede (Matt. 5-7). Dit is God se opdragte aan ons, verstaanbaar en duidelik.

Dit is duidelik dat die digter van Psalm 119 God se woorde bestudeer het. So het hy onder die besef gekom van wat God van hom verwag as ’n gelowige. Hy is egter ook dankbaar oor dit wat God hom in sy woorde leer. Alleen deur op die lewenspad te loop wat God aandui, kan hy gelukkig wees en weet dat God steeds by hom sal wees. Daarom wil hy die Here prys terwyl hy die Here se opdragte oordink. Hy roep ook sy lesers op om die Here te prys.

Jesus het juis gekom om te doen wat ons nie kan nie. Hy was ten volle gehoorsaam, tot in die dood. Hy het sy Gees gestuur om ons steeds op die gelowige pad te lei. Daaroor kan ons alleen die Here dank. Om dit opreg te doen, moet ons ook erns maak met die lees van die Bybel en ons lewe daardeur laat rig.

Sing: Psalm 19-2:3

Prof. HF (Herrie) van Rooy (Emeritus)

Donderdag 10 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:9-16 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Psalm 119:10, 11

Soek God, koester sy woorde

In hierdie agt verse word twee Hebreeuse woorde met “u woord” vertaal, in vers 9, 11 en 16. Die twee woorde is sinonieme. Die woord wat in vers 9 voorkom, is ook in die Hebreeus die laaste woord in vers 16.

Op hierdie manier kry God se woord besondere klemtoon. Die jongmens moet hou by God se woord (vs 9). Die digter sê in vers 11 dat hy God se woord koester. In vers 16 sê hy dat hy God se woord nie sal vergeet nie. In die hele psalm is God se woord, sy opdragte, baie belangrik. God se woorde hou die jongmens op die regte pad – maar ook elke gelowige. Daarom moet God se woorde in die gelowige se hart bly (vs 11). Hy mag dit nie vergeet nie (vs 16), hy mag nie daarvan afdwaal nie (vs 10). Die digter bestudeer God se woorde, hy koester dit in sy hart, hy dink daaroor na, hy vertel ander mense daarvan, hy vind vreugde daarin.

Dit is inderdaad belangrik dat God se woord, sy woorde, 'n besondere plek in ons lewens moet inneem. 'n Mens kan egter met God se woorde besig bly sonder om steeds in die regte verhouding met God te leef. In hierdie opsig bring vers 10 die regte balans. Die kennis van God se woord moet 'n mens lei tot kennis van God, van Wie Hy is, van hoe Hy ons hele lewe in besit neem. Daarom sê die digter in vers 10 dat hy God met sy hele hart soek. Hy wil in die regte verhouding met God leef. In hierdie verhouding is God se woord 'n lig op sy pad – maar hierdie lig moet hom by God bring.

Jesus het deur sy lewe, dood en opstanding die pad na God vir ons oopgemaak. Daarom moet ons steeds in 'n lewende verhouding met God staan.

Sing: Psalm 25-1:2

Prof. HF (Herrie) van Rooy (Emeritus)

Vrydag 11 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:17-24 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Psalm 119:19, 22

'n Vreemdeling op aarde, maar nie vir God nie

"Vreemdeling" is 'n bekende begrip in die Ou Testament, waar die woord 92 keer voorkom. Die oorgrote meerderheid van die gevalle is in Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium. Vreemdelinge was gewoonlik mense wat van ander lande gekom het om in die grondgebied van Israel te kom woon. Verskillende wette maak voorsiening vir die beskerming van vreemdelinge. Hulle en die weduwees en wese is dikwels onderdruk.

In die Psalms kom die woord net vier keer voor. Psalm 94:6 sê dat goddelose mense vreemdelinge, weduwees en vaderlose kinders doodmaak. Psalm 146:9 sê dat die Here die drie groepe beskerm. In Psalm 39:13 noem die digter homself 'n vreemdeling by God. God is die een wat sy regte beskerm.

Psalm 119:19 is uniek in die Psalms as die digter homself 'n vreem-

deling op aarde noem. Natuurlik is ’n gelowige iemand wat nie maar op hierdie wêreld kan tuis word nie, veral nie die wêreld wat niks van God wil weet nie. Wat egter in Psalm 119 belangrik is, is die rede waarom die digter ’n vreemdeling op aarde is. Dit is omdat God se woorde sy of haar lewe bepaal. In vers 19 vra hy dat die Here nie sy bevele vir die digter moet verberg nie. Hy wil weet wat God van hom verwag. In vers 22 sê hy dat hy bespotting en minagting moet verduur omdat hy hom aan God se opdragte hou. Gelowiges word van die ongelowiges onderskei deur die feit dat hulle wil leef soos wat God dit wil hê.

Jesus het aan die kruis gesterf en uit die dood opgestaan sodat ons kan weet dat ons gered is en aan Hom behoort. Daarom word ons deur die Heilige Gees gelei om anders te wees as die wêreld, om hier ontuis te voel tussen mense wat hulle nie aan God en sy woorde steur nie.

Sing: Psalm 119-1:7

Prof. HF (Herrie) van Rooy (Emeritus)

Saterdag 12 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:25-32
Fokusgedeelte: Psalm 119:32 (AFR83/AFR2020)

Die Woord van die HERE is die polsslag van my lewe!

Die vierde hoofdeel van Psalm 119 is die Dalet-gedeelte. Agt verse wat elkeen met die Hebreeuse letter “Dalet” begin. Dit hou verband met die woord “delet” wat “deur” beteken. Psalm 119 is soos ’n deur wat oopgemaak word en ’n nuwe wêreld wat oopgaan. Dit bring jou by ’n plek waar jy diep binne-in jou eie siel en jou eie hart kan inkyk.

Ons het almal nodig om by daardie plek uit te kom. Ons siel het hierdie verkwikking, hierdie oop deur nodig, omdat dit nog vaskleef aan die stof van hierdie wêreld (vs 25). Die stof wat ’n simbool is van die doodsheid in hierdie wêreld – die doodsreuk wat soos ’n onuithoudbare stank vaskleef aan die korruptheid en die afvalligheid en die selfgesentreerdheid in hierdie wêreld. Dis die soort dinge wat ’n

mens se siel laat wegdrup van kommer. En ons weet ’n mislukte lewe is net so ’n groot gevaar as die dood.

Hoe kom ons weer by die plek waar jy deur die waarhede van die Woord verkwik kan word? Jy kom net daar as jy die HERE, kragtens die beloftes van sy Woord, biddend vra om jou daartoe te help. Biddend vra: “Leer my u insettinge” … en: … “Laat my die weg van u bevele verstaan.”

Die deur word vir ons toeganklik as die HERE in ons ’n liefde vir sy Woord wek. Die deur is die Lewende Woord: Jesus Christus. Die Weg, die Waarheid en die Lewe. Deur sy kruisdood het hy vir ons die deur oopgemaak. Hy gee aan ons sy Gees. Sy Gees gee weer vir ons nuwe harte wat ons gretig maak om sy gebooie te gehoorsaam. So verryk die HERE ons lewe! Hy verruim jou hart – maak dit groter – en verkwik jou siel. Bid dankbaar: Verruim my insig!

Sing: Psalm 19-1:5, 6

Dr. De W (De Wet) Saaiman (Krugersdorp)

Sondag 13 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:33-40
Fokusgedeelte: Psalm 119:36 (AFR83/AFR2020)

Die Woord van die HERE, ons kompas of GPS om in ’n regte verhouding met Hom te lewe!

Begeer jy ook om geestelik te groei? Dit is nie iets wat ’n mens in eie krag vermag nie. God se Heilige Gees moet jou daarmee help, anders is dit ’n verlore stryd. Ons het sy insig en sy krag nodig. Daarom vra die digter in vers 36: *“U verordeninge, laat die my na aan die hart lê.”* Wanneer God se verordeninge vir ons *na aan die hart lê*, is dit nie iets vreemds wat van buite af op ons afgedwing word nie.

In Jeremia 31 beloof die Here beloof om dit vir sy volk iets innerliks te maak: *“Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart …”* (Jer. 31:33). Wanneer die wet op ons harte geskryf staan, het ons dit ons eie gemaak, dan wil ons daarvolgens lewe, dan het dit by ons ’n

innerlike oortuiging geword. Jy ervaar dit dan as ’n kompas, ’n GPS, en nie as boeie nie.

Die digter ken ook die verleidelikheid van die rykdom. Die begeerte om ryk te wil wees, is baie sterk en baie algemeen. Wie van ons wil nie ryk wees nie? Sug nie saam met oorlede Lukas Maree as hy sing “Ek sou kon doen met ’n miljoen” nie! Hierdie wens kan sterker wees as enige ander begeerte. Dit is egter nie soos wat dit hoort nie en soos wat die psalmis dit wil hê nie. Daarom dat hy vra: *“U verordeninge, laat dié my na aan die hart lê, nie die begeerte om myself te verryk nie”* (vs 36) Die begeerte na besittings is dikwels ’n ernstige belemmering in geestelike groei. Daarom behoort ons te bid dat God sy begeerte na die Woord, eerder as na rykdom by ons sal aanwakker.

Ware vreugde is immers net by God te vind, nie in rykdom nie! Soek elke dag jou ware vreugde en geluk in God se Lewende Woord, Jesus Christus.

Sing: Psalm 34-1:1, 6

Dr. De W (De Wet) Saaiman (Krugersdorp)

Maandag 14 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:41-48
Fokusgedeelte: Psalm 119:41, 42 (AFR83/AFR2020)

Die Woord van die HERE leer my om met vrymoedigheid rekenskap van my geloof te gee!

Wees altyd bereid om rekenskap van jou geloof te gee. Die digter bid in vers 41-42 om redding sodat hy met vrymoedigheid, op grond van die beloftes van God se Woord en sy vertroue daarin, sy liefde vir God en sy Woord teenoor sy vyande te kan verduidelik.

Wanneer ons die waarheid praat, sal ons nie beskaamd staan nie. God se Woord verander nie. Dis die absolute waarheid en kan altyd vertrou word, ongeag die omstandighede. Wat God as reg verklaar het, sal altyd reg wees en wat God as sonde en verkeerd verklaar het, sal altyd sonde en verkeerd wees.

Wanneer iemand verklaar dat daar geen absolute waarheid is nie, het daardie persoon sy eie stelling op grond van logika ontken. As daar nie ’n absolute waarheid is nie, dan is daar inderdaad ’n absolute waarheid. Wanneer ons verklaar dat God se Woord die absolute waarheid is, kan ons dit met genoegsame bewyse uit elke wetenskaplike veld staaf. Hoe meer wetenskaplikes ontdek, hoe meer word die waarheid van God se Woord bevestig. Hoewel baie teorieë deur die jare heen die Bybel weerspreek het, was daar nog nooit enige werklike bewyse wat dit doen nie.

As die Woord van God nie die absolute waarheid is nie, dan het Hy ons geskep en ons sy wil gegee, maar ons sal nooit weet of dit nog steeds van toepassing is of verander het sedert ons dit die laaste keer gelees het nie. Hy sou voortdurend sy nuwe waarheid aan ons moes openbaar en daar sou nie iets soos lewe wees om Hom te behaag nie. In teenstelling met die mens verander God nie sy besluit met elke nuwe idee of neiging wat opduik nie.

Die grootste Waarheid is Jesus. Hy is die Woord van God. Hy is die Ewige Lewe. Hy is die Bron van Redding. Hy is die Poort wat na die hemele lei. Hy is ons Verlosser, maar Hy is ook ons HERE, ons Meester en Leier. Jesus is die Openbaring van God se absolute waarheid aan ons.

Sing: Psalm 86-1:1

Dr. De W (De Wet) Saaiman (Krugersdorp)

Dinsdag 15 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:49-56
Fokusgedeelte: Psalm 119:49

U het dan belowe!

Die digter het vreeslik deurgeloop onder die gespot van vermetele mense, omdat hy gehoorsaam was aan die Here se wil (vs 51). Daarom wil die digter die Here in vers 49 herinner aan sy woord waardeur Hy aan hom hoop verskaf het. Hierdie “woord” wat hom hoop gegee het, is niks anders as die Allerhoogste se beloftes nie.

Vandaar dat ons net in die volgende vers lees dat die beloftes van Here hom troos. Ja, so kragtig is God se beloftes – die digter lewe daardeur.

Die Here se beloftes troos gelowiges dat ons nie swig onder die gebrokenheid nie. Nee, ons kan weer opstaan en hoopvol lewe. Hoeveel beloftes het ons nie in die Bybel ontvang nie? Al daardie beloftes trek uiteindelik saam in die Man wat in Eden beloof is. Dit trek saam in Hom wat elke spot en skande gedra het en deur Wie se wonde ons genees is. Christus waarborg God se beloftes aan ons deur die Gees van die belofte aan sy kerk te gee. Deur die doop en die nagmaal versterk die Heilige Gees ons geloof dat God se beloftes vir ons persoonlik bedoel is. Sy beloftes geld nie net vir ander nie, maar ook vir my.

Mense wat dit glo, lewe met hoop, want God kan nooit vergeet nie. Sulke mense kan met ’n vaste vertroue bid: O Here, my God, U wat nooit kan vergeet nie, dink tog hieraan: U het ook aan my beloftes gemaak. Ons is getroos en lewe met ’n vaste hoop, want die Here sal sy beloftes nakom.

Sing: Psalm 119-1:15, 18

Ds. RA (Ronald) Bain (Oranjerivier)

Woensdag 16 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:57-64
Fokusgedeelte: Psalm 119:57

Die Here is my deel

Psalm 119 loop oor van die digter se liefde vir die Here se Woord en vir elke onderwysing daarin. Hy wil die woorde van die Here bewaar, sê vers 57b. Dit beteken dat hy dit in sy hart wil bêre en oppas. Hy wil die Here se weë oordink en die paaie van die Here se getuienisse bewandel. Hy staan selfs om middernag op om die Here te loof vir sy regverdige bevele.

Waarom? Die Here is my deel, sê die digter. Die woord vir “deel” sou ons ook kon vertaal met ’n erfporsie of selfs ’n besitting. Die Here het

al met die indeling van die beloofde land beveel dat die stam Levi nie grond mag erf nie, want die Here is self hulle erfdeel (Deut. 10:9; 18:2). Sondaars kan die Here egter nie erf nie, hulle moet die hel erf. Daarom het Christus God se straf oor ons sonde sy erfdeel gemaak. Sodoende kon Hy as ons Hoof al die beloftes van God ontvang en dit aan ons uitdeel.

Hy begin daarmee deur die Vader te bid dat Hy sy Heilige Gees oorvloedig aan sy bruid sal gee. Sodoende is die Here nou reeds ons deel. Ons het die Here reeds ontvang, want Hy woon in ons. Maar die Gees is ook die deposito van ons volle erfdeel wat wag – wanneer ons vervul sal word met die aanskouing van God se aangesig. Wie die Gees ontvang het as deposito van hulle volle erfenis, kan nie anders as om die Here se Woord diep in hulle harte te bêre nie – daardie Woord wat hulle leer hoe heerlik hulle Erfdeel is.

Sing: Psalm 119-1:19, 21

Ds. RA (Ronald) Bain (Oranjerivier)

Donderdag 17 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:65-72
Fokusgedeelte: Psalm 119:67, 71

Wanneer is die Here goed vir ons?

Die Here is goed en Hy doen goed (vs 68). Daarom het Hy goed gedoen aan sy kneg (vs 65). Die goedheid van die Here is nie noodwendig 'n kommervrye lewe nie. Inteendeel. Voordat die digter verdruk was, het hy gedwaal. Hy was koersloos. Dis gevaarlik om koersloos rond te dwaal. Daarom was die Here vir hom goed. Hy het die digter verdruk, sodat hy die Here se bepalings sou leer. Dan sou hy ook nie meer ronddwaal nie. Let op, die digter praat nie van oordeel en straf nie, maar van verdrukking. Iemand anders moes die gelowiges se straf dra, anders sou ons verdrukking die dreiging van die hel wees.

Christus wat ons straf gedra het, troos ons deur sy Gees dat ons hemelse Vader ons liefdevol tug. Ons Vader verbrysel ons nie, Hy

het dan sy Seun in ons plek verbrysel. Dis waar, sy Vaderhand lê soms baie swaar op ons, want Hy wil nie toelaat dat ons oor die afgronde van die lewe sal dwaal nie. Hy wil ons nie laat terugkeer na die slawerny, vernedering en vertering van 'n lewe in sonde nie. Hy wil ons daarvan bewaar om sy Heilige Gees te bedroef, aangesien diegene wie in hulle sonde ronddwaal nooit die Here se goedheid kan ervaar nie. Hulle is ongevoelig vir die Here se goedheid (vs 70).

Ons God is vir ons goed. Daarom verdruk Hy ons soms, sodat ons sy wil vir ons lewens sal leer ken. Sodoende keer Hy ons om koersloos van Hom af weg te dwaal. Dan kan ons sing: *"Dat U my verdruk het, HERE, dit was enkel goed vir my."*

Sing: Psalm 119-1:23, 25

Ds. RA (Ronald) Bain (Oranjerivier)

Vrydag 18 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:73-88
Fokusgedeelte: Psalm 119:75

Psalm 119 – 'n Psalm vir 'n jongmens!

Kan jy dit glo! Hierdie "onbekende" Psalm is geskryf deur 'n jongmens (vs 9, 99, 100). Klaagliedere 3:27 sê: Dit is goed dat mens in jou jeug swaarkry! (kyk ook Ps. 119:71). Maar hierdie jongmens voel dat hy onskuldig in die gevangenis verkeer.

Die situasie waarin die digter hom bevind, word beskryf in verse 23, 46 en 161. Die digter word bespot, onderdruk en vervolg deur owerheidpersone wat hulle nie steur aan die Woord van God nie. Sy lewe is voortdurend in gevaar (vs 109). Hy erken in sy swaarkry dat God hom nederig laat word het en dat dit selfs vir hom voordelig is, maar hy smag na hulp en bid ernstig vir uitkoms. In die swaarkry is God se Woord sy troos en sy wysheid.

Die hele Psalm is 'n gebed vir standvastigheid in lyding. Die digter se pyn word vererger deur die mense wat afvallig van God se Woord raak (vs 79). Dink aan Jesus wat toenemend geïsoleer is deur sy

volgelinge wat padgee tot Hy alleen in sy lyding gestaan het. Die digter se gebed om verlossing bereik die hoogtepunt in verse 81-88: Hoe lank nog?

Die Psalm laat ons veral op hierdie dag aan ons Here Jesus Christus dink wat ook nog so jonk was (Luk. 3:23) en onskuldig moes ly en sterf vir ons sondes. Trouens, ook in Psalm 119 is Jesus Christus deur sy Gees aan die woord (1 Pet. 1:10, 11). En omdat Hy ook werklik mens geword het soos ons, moes Hy gedurende sy lewe op aarde ook op God en sy Woord vertrou in sy lyding (Heb. 2:12, 13) soos die digter van Psalm 119 moes doen. Jesus se smeking en gebede is verhoor deur God, en God het Hom uit die dood opgewek (Heb. 5:7-10). Omdat Jesus Homself eerbiedig aan God onderwerp het in sy lyding, het Hy vir ons 'n bron van ewige saligheid geword.

Sing: Psalm 119-1:26-29 of Psalm 119-2:14
Ds. JH (Hans) Grobler (Reddersburg en Bloemfontein Suidheuwels)

Saterdag 19 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:81-88
Fokusgedeelte: Psalm 119:82

Wanneer gaan U tog vir my uitkoms gee?

In ons teksvers kry ons die hoogtepunt van Psalm 119. Die digter is verswak. Hy is op gewag. Sy oë is op gehuil. Hy smag na die uitkoms wat die HERE moet gee. Hy vra: Wanneer gaan U my vertroos? Wanneer gee U vir my uitkoms? Die digter voel soos 'n swart berookte sak. Sy gesondheid is besig om in duie te stort. Hy is maer. Byna heeltemal uitgedroog. Hy wil graag weet hoe min dae daar vir hom oor is.

Hy vra die HERE met heilige ywer om te oordeel. Hy is verontreg. Die hovaardige mense wil hom vernietig. Maar hulle het nie 'n geldige rede om dit te doen nie. Hulle optrede teenoor hom maak dit vir hom duidelik dat hulle die HERE se gebooie verwerp. Want as hulle die HERE se gebooie liefhet, sou hulle hom nie soveel gehaat het nie. Hy roep: Help my!

Sy teenstanders bring sy posisie in die land in gevaar. Hulle dink hulle is die enigste mense wat reg het om in die land te woon (vs 87). Hoewel die digter voel dat hy naby aan die dood is, plaas hy sy vertroue op die HERE se beloftes. Hoop op God! (Ps. 42 en 43). Hy beoefen soveel geduld vir so lank al dat daar ’n stille versugting in sy hart ontstaan waaraan hy met woorde nie uitdrukking kan gee nie.

Hy bly die HERE vrees. Vir ander lyk dit sinloos om nog gehoorsaam te wees aan die HERE se gebooie. Hulle hoop verdwyn soos die saad wat op die klipbanke gesaai is. Maar dis juis hoekom hovaardige mense die digter haat, want hy bly getrou. God se getrouheid roep by ons getrouheid op, en juis dit haat die hovaardige.

Wanneer gaan U my vertroos? Wanneer gaan U vir my uitkoms gee? Die antwoord kry ons in die evangelie. Die uitkoms is hier! Die uitkoms is hier! (Jes. 40:1). God die HERE het hierdie gebed van die digter beantwoord met die koms van Jesus Christus. Jou God is hier! Die genadejaar van die Here het aangebreek (Luk. 4:16-21). Ook Jesus is gehaat sonder geldige redes (Joh. 14:25). Maar soos God na drie dae sy Seun uit die dood opgewek het, so seker sal jou ellende ’n einde hê. God skenk elke dag vir jou ’n vars gawe van sy liefde (v.88).

Sing: Psalm 119-1:30, 31, 32 of Psalm 119-2:15
Ds. JH (Hans) Grobler (Reddersburg en Bloemfontein Suidheuwels)

Sondag 20 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:89-96
Fokusgedeelte: Psalm 119:89

Sonder die ewige , magtige en vaste Woord van die Here sou ek vergaan het

“U Woord, HERE, staan vir altyd vas in die hemel.” Die woonplek van die HERE se Woord is in die hemel. Dit is die herkoms en tuiste van die HERE se Woord – die hemel. Dit is waar Jesus, self ook die Woord, vandaan kom om met sy evangelie vir ons lewe op aarde te skenk. Die Woord van die HERE is verhewe bo alle verandering (Jes. 40:6-8; 1 Pet. 1:22-25), wisseling en beroering wat so kenmerkend is

van die lewe op aarde. Gelowiges kan hier op aarde groot onsekerheid en twyfel beleef. Daarom moet ek deur die geloof my hart verhef en my anker uitgooi in die hemel daarbo waar Jesus Christus is aan die regterhand van sy Vader en ons Vader (Kol. 3:2-4).

Hoewel die lewe op aarde onderworpe is aan soveel verandering, is daar twee sake waarin die HERE se Woord uitblink op die aarde. Ongelowiges sal hulleself daarom nie kan verontskuldig nie. En dit is: dat die aarde deur die HERE vasgestel is en op sy vaste plek bly. Van dag tot dag bly dit so (vs 91). Die HERE hou die aarde so in sy vaste plek dat ongelowiges dapper dink, dit sal maar net altyd so bly en dit maak nie saak of jy op die HERE se Woord vertrou of nie (2 Pet. 3:4-7, 13; Heb. 12:25-29).

Die digter sê in vers 92 as hy hom nie in die HERE se ewige Woord verlustig het nie, sou hy omgekom het in sy ellende. Hy sou verlore gegaan het. Die mense wat ontrou is aan die HERE se Woord, wag hom in en lê hom voor om hom te vernietig (vs 95). Dit is waar sy ellende vandaan kom. Hierdie woord vir ellende is ook die woord wat Jesus gebruik in Matteus 5:3: “Salig is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.”

Aan jou, ellendige gelowige wat wag op die HERE, word nou ’n heerlike belofte gemaak dat die uitkoms waarop die eeue so lank gewag het, hier is in Jesus Christus! (Jes. 40:1). Hou goeie moed!

Sing: Psalm 119-1:33-36 of Psalm 119-2:16, 17
Ds. JH (Hans) Grobler (Reddersburg en Bloemfontein Suidheuwels)

Maandag 21 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:97-104
Fokusgedeelte: Psalm 119:97-98 (AFR2020)

Liefde vir God se Woord bring wysheid en insig!

Soek jy meer wysheid? Verlang jy na ’n dieper insig? Die Here leer ons hier dat wie sy Woord bestudeer en gehoorsaam daaraan leef, wyser word en meer insig kry in dinge wat vir ander duister is.

So ’n gesindheid van ’n getroue Bybelstudent vind ons by die digter van Psalm 119. Sy liefde vir God se wet strek veel dieper as net ’n oppervlakkige vroomheid. Dit is ’n passie wat sy siel voed en sy gedagtes dag en nag besig hou – daarom raak hy wyser as sy vyande, verstandiger as sy leermeesters en het hy meer insig as oumense.

Hoe lyk jou gesindheid teenoor God se Woord? Het jy sy wet lief? Bly die Here se woorde in jou gedagtes, en praat jy gedurig met jou kinders daaroor? Is die Here se wet die rigsnoer vir jou hele lewe?

God se wet is nie net ’n stel reëls nie, dit is die bron van wysheid wat ons tot die wonderlikste insig kan bring. Wie erns maak met die wet van die Here, sal hulle sondige natuur beter leer ken en met groter verlange na die vergewing van sondes en na die geregtigheid in Christus soek.

Mag ons vandag en elke dag streef na ’n dieper liefde vir God se wet. En mag die Heilige Gees ons so help en lei dat ons die Here se wet nie net sal ken nie, maar sal leef sodat ons op so ’n wyse getuies mag wees van sy wysheid en genade!

Sing: Psalm 119-1:37, 38

Ds. FJ (Fritz) Potgieter (Bloemfontein-Suid)

Dinsdag 22 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:105-112
Fokusgedeelte: Psalm 119:105 (AFR2020)

God se Woord is ’n lamp en ’n lig

Is jy nog op koers? Is jy seker daarvan dat jy nog op die regte pad is? Die Bybel leer ons dat hierdie sondige wêreld donker is. Om in die donker jou weg te vind, het jy lig nodig, daarsonder sal jy jou vinnig vasloop of verdwaal.

In die fokusgedeelte gebruik die psalmdigter twee kragtige beelde om duidelik te maak dat God se Woord vir ons rigting en leiding in hierdie donker wêreld kan bied:

- ’n Lamp vir my voet: Die psalmdigter vergelyk die Woord van God met ’n lamp wat lig werp op die pad voor hom. In ’n donker wêreld, waar die pad dikwels onduidelik en gevaarlik is, verskaf die Woord van God die nodige lig om elke tree met sekerheid te neem. Dit herinner ons dat ons nie alleen loop nie, maar dat die Heilige Gees deur die Woord ons voortdurend lei en beskerm.
- ’n Lig vir my pad: Nie net wys die Woord van God ons op die volgende tree nie, maar dit gee ook ’n breër perspektief op die lewensreis waarmee ons besig is. Die lig wat God se Woord werp, help ons om nie net die huidige omstandighede te verstaan nie, maar ook om deur die geloof te sien waarheen God ons lei en hoe ons op hierdie lewenspad ’n dankbaarheidslewe kan lei tot sy eer. Dit is ’n lig wat nie net ons persoonlike lewe aanstuur nie, maar ook ons roeping in die wêreld verhelder.

Vir ons as gelowiges is daar ’n diep troos en vreugde in die feit dat ons in die Woord van God ’n betroubare ligbron het. Petrus getuig van hierdie ligbron as die evangelie van Jesus Christus in 2 Petrus 1:19 as hy sê*: “Hierdie boodskap is soos ’n lamp wat in ’n donker plek skyn. Julle sal goed doen as julle in sy lig bly totdat die dag aanbreek en die môrester opkom in julle harte.”*

Laat ons in gehoorsaamheid wandel met die vaste vertroue dat God se Woord soos ’n lamp die pad voor ons voete sal verlig en soos ’n helder lig op ons lewenspad sal skyn.

Sing: Psalm 119-1:39

Ds. FJ (Fritz) Potgieter (Bloemfontein-Suid)

Woensdag 23 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:113-120
Fokusgedeelte: Psalm 119:114 (AFR2020)

Vestig jou hoop op God se Woord

Waarop of op wie stel jy jou hoop? Waarheen vlug jy as jy bang of benoud raak? In hierdie gedeelte word ons getref deur die

psalmdigter se vaste vertroue en toewyding aan God se Woord, selfs te midde van moeilike omstandighede en teenstand. Vir die psalmdigter is God se Woord 'n bron van krag en troos in tye van beproewing.

In vers 114 erken die psalmdigter dat God se Woord sy beskerming en skild is. Dit is veel meer as net 'n gevoel, hy ervaar werklik dat hy by die Here veilig is. Hierdie wete dat hy altyd by die Here kan skuil, spruit voort uit sy geloof en hoop op God se beloftes wat hy in sy Woord aan ons openbaar. In tye van twyfel en vrees, bied God se Woord 'n veilige hawe.

Van nature is ons geneig om ons hoop op mense of geld te plaas. Ons is so dikwels geneig om as gevolg van ons sonde van God en sy Woord af weg te vulg. Daarom roep die Here ons in hierdie gedeelte op om ons hoop op Hom alleen te stel en om ons vertroue op sy beloftes te vestig.

Moet op prinse nie vertrou nie, by wie niemand heil kan vind – op die mens jou hoop nie bou nie; want as God hule gees ontbind, keer hul na die aarde weer en hul raadslag stort terneer. Salig hy wat in die lewe, sonder hulp en sonder raad, as hom alles wil begewe, vlug tot God sy toeverlaat; en ook in die swartste nag op die Here alleen bly wag.

Sing: Psalm 146-1:2, 3

Ds. FJ (Fritz) Potgieter (Bloemfontein-Suid)

Donderdag 24 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:121-128 (AFR2020)
Fokusverse: Psalm 119:123, 125

Here, verlos my, u dienskneg, van verdrukkers en gee my dieper insig in u Woord

Die Psalmdigter noem homself die Here se dienskneg. As dienskneg worstel hy met verdrukking, dinge waarmee ons ook dikwels stoei. Hierdie is nie 'n klop op die eie skouer nie, maar dinge wat vir

hom as dienskneg belangrik is. Hy noem die volgende: Ek doen wat billik (kom niemand te na) en reg is; ek haat bedrog; ek het u bevele lief, baie liewer as goud, as fyner, suiwer goud! Daarom volg ek al u opdragte oor alles.

Wat is die verdrukking waarmee die psalmdigter en ons stoei? Die verdrukker-mense is vermetel en mishandel openlik minder bevoorregte mense in die samelewing. Hulle pleeg bedrog en verryk hulleself. Die grootste ontsteltenis is egter nie die arrogansie en hoogmoed teenoor die mens nie, maar teenoor die Here. Die verdrukker wil die Here se voorskrifte kragteloos maak asof dit nie bestaan nie.

As dienskneg-kinders van die Here kan ons in tyd van verdrukking tot Hom smeek: O Here, “moet my nie aan my verdrukkers oorlaat nie”, en, “my oë smag na u verlossing, na u belofte van geregtigheid”. Sien jy dat dit hier eerste gaan oor ons verhouding met die Here. Self kan ons geen verlossing bewerk nie! Hoe meer ons met die Here in gebed praat, hoe meer sal ons ook vra vir insig oor hoe om op te tree. Vra vrymoedig: skenk aan my insig, dieper begrip sodat ek U en u hele Woord nog beter kan ken. Ja, handel met my volgens u troue liefde.

Waak teen kla. Bid en wag in geloof op die uitkoms wat God sal gee. Ons verdrukking word ligter as ons vashou aan die genade dat Christus reeds deur sy kruisdood en opstanding oorwin het en ons sondes wegneem. Ja, ons is nou reeds veilig en kan smeek: Kom, Here Jesus, kom tog gou!

Sing: Psalm 119-1:45, 46; Psalm 116-1:9

Ds. J (Joop) van Schaik (Randburg)

Vrydag 25 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:129-136 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Psalm 119:129, 131

Die Here se Woord gee wonderkrag vir elkeen wat daarna smag

Dink mooi na oor die volgende vraag: Is die Here en sy Woord nog elke dag belangrik genoeg vir jou? Dalk is jou lewe net te besig.

Dalk is die kritiek wat teen die Bybel en jou as Christen uitgespreek word die rede dat dit jou lou of koud maak. Dalk trek iemand anders se sonde of jou eie sonde jou af in ’n gat en jy dink die Here wil jou nie meer red nie.

Die Psalmdigter het vir seker ook baie dinge beleef wat hom afgetrek het, maar met die leiding van die Heilige Gees word deur die skrywer erken dat die Here se Woord *wonderkrag gee vir die een wat daarna smag* (vs 129).

Hierdie *smag* roep die beeld op van ’n oop mond waarmee ek hyg, dors en hunker na die Woord. Om jou mond oop te maak, beteken jy wil meer kos of water ontvang, druppel vir druppel en korreltjie vir korreltjie. So wil ons niks mis uit die Woord nie, daarmee gevoed word en het ons die grootste begeerte om met opgewondenheid nog meer te leer!

Ten spyte van neerdrukkende omstandighede kom intense innerlike en uiterlike verwonderende vreugde in God en sy Woord. Die Heilige Gees wek met die Woord *wonderkrag* binne ons op en spoor ons aan om God verder te dien, om elke dag Christus se verlossing vas te gryp en dankbaar te lewe. Geen medikasie, wetenskap of ander dogma kom naby aan die Here se Woord nie!

Maak gereeld die Bybel oop en jy sal al hoe meer beleef hoe die donker in jou liggaam, siel en gees verdryf word. Hou vol daarmee. Jy wat glo in God die Vader, Seun en Heilige Gees, jy is kind van God! Smag na God en sy Woord en beleef elke dag God se wonderkrag!

Sing: Psalm 119-1:47; Psalm 84-1:3

Ds. J (Joop) van Schaik (Randburg)

Saterdag 26 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:137-144 (AFR2020)
Fokusgedeeltes: Psalm 119:139-140, 141, 143

Niks kan ons van vreugde in die Here en sy Woord roof nie

Ontstel dit jou ook as mense die Here se Woord vergeet? Die digter sê met verse 139-140 dat dit hom geweldig ontstel! Die rede is sy ywer vir die Here en sy Woord! Die Here se Woord is absoluut suiwer, bevat geen fout of leuen nie. Hy treur oor God se oneer en nie oor sy eie swaarkry nie. Sy liefde vir die Here en daarom sy liefde vir sy Woord oortref alles!

Mag ons liefde vir die Here en sy Woord ons aanspoor om sy liefde teenoor alle mense uit te straal, teenoor gelowiges, ongelowiges. Die Here se Woord is nie net suiwer nie, dit is ook suiwerend, vir jou en die mense aan wie jy dit oordra.

Die digter sê in vers 141 dat hy verag voel in die publieke oog. Tog, die veragting deur mense kan hom nie van die Here, sy Woord en die waarheid daarvan laat vergeet nie. Weet jy, dit is beter om klein en verag in mense oë te wees as om verwaand trots en beterweterig te wees en vir ander te wil leer: Laat ek nou vir jou sê! Jy kan klein wees in die oë van mense, maar in die Here se oë is jy ontsettend kosbaar, sy kind! Hou vandag hieraan vas, want God is groot en stuur jou vandag die wêreld in.

Die digter sê in vers 143 dat sy benoudheid en angs deur sy vyand veroorsaak is en dit lê swaar op hom, maar dit kan nie sy vreugde in die Here en sy gebooie steel nie! Ons is net mense wat benoudheid en angs beleef. Tog, ten spyte daarvan werk die Heilige Gees in ons om ons vreugde nie in die menslike oorwinnings te vind nie, maar in die Here en sy gebooie, sy Woord. Niks kan ons van vreugde in die Here en sy Woord roof nie! Ja, ons is reeds saam met Jesus Christus meer as oorwinnaars! Vreugde in die Here en sy gebooie is groter as my benoudheid en angs!

Sing: Psalm 119-1:50, 51

Ds. J (Joop) van Schaik (Randburg)

Sondag 27 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:145-152
Fokusgedeelte: Psalm 119:151-152

Die Here is naby

Wanneer ’n mens skokkende gebeure deurmaak, beleef jy daardie veg-of-vlugreaksie. Hoe mens gaan reageer, het baie te make met jou sielkundige samestelling. Tog is dit moontlik dat mense leer om anders te reageer in sekere omstandighede. Die proses om voor te berei vir skokkende gebeure, word “kondisionering” genoem.

In hierdie deel van Psalm 119 hoor ons hoedat die Psalmdigter homself gekondisioneer het. In vers 150 sien ons dat hy in gevaar is. Tog sê hy in vers 151: *“Maar U, Here, is naby.”* In vers 152 hoor ons: *“Uit u bepalings weet ek dit lank reeds.”* U sien, die digter was al lank besig met die Here se woord. Nou hoef hy nie in angs en bewing verskrik te raak nie. Hy het die Here se woord lankal reeds in sy hart begin stoor.

Nou, in die tyd van aanslag, kom die Woord na die oppervlak. Hy roep na die Here. Daar is net een manier dat Hy die Here se bepalings sal kan nakom – dis net as die Here die een is wat ingryp en uitred.

Die oproep hier is om die Here se Woord voortdurend te oordink. As dit deel van jou lewe geraak het, sal jy dalk in die nag wakker lê oor ’n probleem, maar nie sonder die Here se leiding nie. Jy sal uitroep. Dis dikwels daar in die donker van die nag dat sy Woord jou hart dan tot ruste bring oor bekommernisse en jou gedagtes orden oor die regte pad om te loop.

Vanuit Nuwe-Testamentiese lig gesien: Die Here het jou verlos deur sy Seun. Laat daardie nuus die kern van jou gedagtes word, doen moeite om dit in jou hart te stoor en só sal sy Gees jou oortuig van God se onverdiende en onveranderende nabyheid in jou oomblik van moeilikheid.

Sing: Psalm 1-1:1, 2

Ds. J (Hanno) van Schaik (Plettenbergbaai/Knysna)

Maandag 28 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:153-160
Fokusgedeelte: Psalm 119:153, 159

Roep volhardend na God

Hoe maklik voel ons nie dat God ons miskyk nie? Dis dan wanneer ons juis moet uitroep tot Hom.

Dit gebeur maklik wanneer ons deur moeilike of uitdagende tye gaan dat ons onsself afvra: Waarom het die Here nou so gemaak? Waarom? Ons kan maklik sit en tob oor die redes vir die dinge wat ons oorkom. Tog sien ons hier duidelik dat die digter geleer het om uit te roep tot die Here. Hy tree in God se teenwoordigheid in met sy uitroep: *"Sien tog my ellende raak Here … Sien my tog raak."*

Wat interessant is, is dat hy juis sy besigwees met die Here se woord as grondslag vir God se raaksien beskou. Dit moet ons nie laat dink hy verdien God se teenwoordigheid en sorg nie. Die Woord is wel die wyse waarop ons God se teenwoordigheid begin ervaar – dis hoe ons God leer ken. Sonder sy Woord sal ons beswaarlik kan uitroep om raakgesien te word. God se Woord het die raakpunt geword tussen sy uitroep en sy krisis.

Wanneer ons lief raak vir die Here se Woord, dra dit hierdie vrug: ons begin al meer en meer tot God uitroep in ons tye van nood. Dit raak die grondslag vir 'n lewe in sy teenwoordigheid. Het jy sy stem al so leer ken dat jy al meer en meer verlang na sy aangesig? Hou jou besig met die Woord en roep volhardend uit na God.

Sing: Psalm 18-1:2, 3

Ds. J (Hanno) van Schaik (Plettenbergbaai/Knysna)

Dinsdag 29 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:161-168 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Psalm 119:166

Omdat ons oortuig is van ons verlossing, doen ons wat die Here van ons vra

Regdeur Psalm 119 sien ons die kontras tussen die negatiewe en die positiewe. Die digter stel gedurig die realiteit: *"Leiers vervolg my sonder rede"* maar dan verwoord hy sy gelóófsrealiteit: *"… maar net vir u Woord het my hart 'n heilige vrees"* (vs 161)(vgl. bv. Ps. 119: 141, 153, 157). Selfs al gaan dit dus hóé swaar in hierdie psalmdigter se lewe, hou hy perspektief. In álle omstandighede hou hy vas aan die Here se Woord … aan die Here se Wet.

Meer nog – die digter vind 'n vreugde in die Here se Wet (vgl. o.a. Ps. 119:70, 92). Maar hoe is dit moontlik? Hoe kan 'n mens bly wees oor 'n stel koue reëls? Wanneer 'n gelowige God se Wet rég verstaan, dan is dit moontlik. Omdat álle mense gebroke is, het dit alléén Jesus Christus geverg om God se heilige Wet ten volle, namens gelowiges, te gehoorsaam (HK Sondag 23, 24). Vir 'n gelowige is die Wet daar as riglyn vir ons dankbaarheidslewe. Ons sal nooit die ewige lewe kan verdien omdat ons die Wet ten volle nakom nie, maar ons kan in gehoorsaamheid daaraan lewe juis omdat ons so dankbaar vir ons onverdiende verlossing is.

Te danke aan Christus se volmaakte gehoorsaamheid, sy kruisdood en opstanding, ervaar ons 'n vreugde in God se bepalings. Soos die psalmdigter, het ons die Here se Wet lief, want daarin sien ons die héle evangelie raak! Die Tien Gebooie wys ons juis op ons eie sonde en tekortkominge, maar óók op die Een in Wie ons ons hoop kan vestig. Hierdie "hoop" van vers 166 is die váste sekerheid dat ons – deur Christus alléén – vryspraak van ons sondes ontvang het. Wanneer gelowiges opnuut die Here se genade hierin raaksien, doen ons met 'n glimlag dít wat die Here van elkeen van ons vra.

Sing: Psalm 119-1:6, 14

Ds. LD (Daniël) Myburgh (Otjiwarongo)

Woensdag 30 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:169-176 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Psalm 119:175

Om God Drie-Enig éwig te loof

Hier – aan die einde van die langste Psalm – het die digter die begeerte dat sy klaagroep (vs 169) en sy smeekgebed (vs 170) God sal bereik. Die digter se wens is dus dat hierdie gebed, as geheel, die Here se genadetroon sal bereik.

En dan, in die laaste ses verse van Psalm 119, is dit so al asof hierdie wens van die psalmdigter réédS vir hom 'n realiteit geword het. Hy leef met die vaste vertroue in sy hart dat sy Vader hierdie gebed van hom sál hoor – en op sy tyd sal verhoor. En daarom gaan hy spontaan oor om God te loof in verse 171 en 172. Hierdie digter dra die vrug van 'n opregte dankbaarheidslewe! Aangesien hy die Here se Woord konstant oordink en aangesien die Here Homself onophoudelik aan die digter openbaar, wil hy die Here sonder ophou loof (vgl. Ps. 119:164).

Trouens, hierdie gelowige wil nie nét die Here tydens hierdie, aardse, lewe loof nie, maar óók hierná: *"Laat my siel lewe sodat dit U kan loof"* (AFR53). Lof aan God! Dit is tog ons primêre roeping hier op aarde, maar óók in die hemele (Op. 21, 22).

Tog bly ons maar net mens wat, nét soos die psalmdigter, soms struikel en val. Daarom pleit hy in die heel laaste vers van Psalm 119 dat die Opperherder hom sal opsoek wanneer hy dalk tydens sy aardse reis verlore sou raak. Te danke aan God, die Vader, se liefde herinner God se Gees hom aan God se Woord: *"U gebooie vergeet ek immers nie."* Aangesien die Almagtige Verbondsgod áktief aan die werk is, ervaar die psalmdigter gemoedsrus. Hierdie héle gebed van hom – die héle Psalm 119 – sál God bereik. Gebedsverhoring vind wél plaas! Daarom behoort álle lof aan God Drie-Enig. Tot in alle ewigheid.

Sing: Psalm 119-1:3, 62

Ds. LD (Daniël) Myburgh (Otjiwarongo)

KWARTAAL 2 – MEI

TEMA: JUBEL IN DIE HERE, WANT HY IS REG EN GOED (Psalm 33:4-5)

Fokus op die Woord van die Here wat reg is, betroubaar is. So is ook sy werke reg en betroubaar, want daar is geen spanning in wat die HERE openbaar en wil in sy Woord en wat Hy deur sy Gees tot uitvoering bring nie. In sy Woord en werke sien ons sy goedertierenheid – sy liefde en guns – teenoor Israel, maar ook sy skepping.

Donderdag 1 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 40 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Psalm 40:7-9

U het my ore oopgemaak om u woord te hoor

In die begin van Psalm 40 beskryf Dawid met beeldspraak hoe die Here hom uit groot nood gered het. Dit was asof hy in 'n diep put vasgekeer, besig was om in die modderige slik weg te sink. Hy was verlore, maar hy het tot die Here geroep en op die Here bly wag. Uiteindelik het die Here hom gered en sy voete op 'n rotsbank laat staan.

Hierdie redding deur God het reaksie by Dawid gewek. Hy het 'n nuwe lied vir die Here gesing (vs 4) en hy het oor sy redding getuig (vs 6, 10-11). Die kern van sy reaksie is dat hy homself nou in gehoorsaamheid aan die Here wou toewy. Hy besef dat die Here nie uiterlike offers wil hê nie, maar 'n toegewyde hart. 'n Toegewyde hart soek nie sy eie dinge nie, maar soek die wil van God. Iemand met 'n toegewyde hart se ore is oop vir die woord van God (vs 7). Iemand met 'n toegewyde hart dra die wet van God met liefde in sy binneste (vs 9).

Jesus is die volmaakte vervulling van hierdie woorde. Daarom dat verse 7 en 8 van Psalm 40 letterlik in Hebreërs 10:5-8 op Jesus van toepassing gemaak word. Deur sy volmaakte gehoorsaamheid is ons uit die put van ons sonde-ellende gered. In reaksie op ons verlossing roep Paulus ons in Romeine 12:1-2 op om ons liggame as lewende offers aan God beskikbaar te stel. Dit kan alleen gebeur wanneer ons denke vernuwe word volgens die woord van God.

Maak jou ore so vir God se Woord oop dat jou denke daardeur gevorm word. Dan sal jy nie net tot God se eer lewe nie, maar ook geduldig en vertrouend op Hom kan wag wanneer swaarkry weer op jou pad kom (vs 12-18).

Sing: Psalm 40-1:3, 4

Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)

Vrydag 2 Mei

Skrifgedeelte: Psalms 42 en 43 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Psalm 42:1, 2

Die Woord les jou dors

Psalm 42 gebruik die beeld van ’n dors wildsbok om die digter se geestelike dors uit te druk. In sy dors-nood hoor hy stemme:

- Daar is stemme in sy ore: die stemme van vyande wat hom spot (vs 4, 11).
- Daar is stemme in sy kop: daar is sy eie innerlike twyfelstem (vs 6, 7, 12).

Psalms 42-43 was waarskynlik vroeër een psalm. In vers 1 word die psalm in die 2020-vertaling aangedui as ’n maskiel. ’n Maskiel is ’n lied wat wil onderrig. Psalm 42 en 43 as ’n maskiel leer ons hoe om die stemme in ons eie ore en kop stil te maak, sodat ons Here se stem kan hoor en geestelik verkwik kan word. Twee dinge moet ons doen:

- Ons moet bid (vgl. vs 9-10).
- Ons moet sy lig en wysheid soek (Ps. 43:3).

Jesus is die lig wat na die wêreld gekom het (vgl. Joh. 1). Jesus is die fontein wat ons die water gee wat ons ewige dors les (vgl. Joh. 4:14).

Die digter van Psalm 42-43 is geestelik dors, want hy smag daarna om voor God te verskyn (vs 3). In en deur Jesus kan ons in die teenwoordigheid van God kom. Deur sy woord leer ons Hom ken, sodat ons vertrouend ons nood voor Hom in gebed kan uitstort.

Psalms 42 en 43 het ’n refrein wat drie keer herhaal (vs 42:6, 12; 43:5). Die refrein is soos ’n preek wat die digter vir homself preek. Preek voortdurend vir jouself die evangelie dat dit die fondasie van jou lewe sal wees. Dan sal jy beleef hoedat God jou dors les en sal jy nie meer die dors wildsbok van Psalm 42 wees nie, maar jy sal die wildsbok van Habakuk 3:19 wees wat met die krag van die Here veilig op hoë plekke loop.

Sing: Psalm 42-1:1, 3, 5

Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)

Saterdag 3 Mei

Skrifgedeelte: Jesaja 55 (AFR83)
Fokusgedeelte: Jesaja 55:8-11

Soek God se woord – dit keer nie leeg na Hom toe terug nie

Let op hoeveel keer ons in Jesaja 55 die opdrag kry om die Here te soek en na Hom te luister (vs 1, 2, 3, 6, 7). Hoekom die noodsaak om na die Here te kom en na Hom te luister?

Vers 8 gee ons die antwoord. Die Here sê: *“My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos myne nie.”* Die Here se gedagtes verwys na sy wil, begeerte, sy planne. Die mens se wil, begeerte en planne is nie soos die van God nie. So sien ons al tydens die skepping en sondeval. God se wil was dat die mens sy beeld en verteenwoordiger moes wees (Gen. 1:27). Die mens se wil was om soos God te wil wees (Gen. 3:4-6).

Omdat die mens sy eie wil tot uitvoer gebring het, het die sondeval plaasgevind. Nou dors ons na verlossing en herstel van ons verhouding met die Here. Genadiglik het God sy Seun na hierdie wêreld gestuur om ons van ons sonde te verlos. Hy is die fontein van die lewe. By Hom koop ons sonder om te betaal wyn en melk – die brood van die lewe.

Omdat ons in Jesus herstel is voor God, moet ons nou leer wat sy gedagtes is. Ons gedagtes bepaal immers ons optrede. Wanneer jou

gedagtes soos God se gedagtes word, word jou optrede die optrede wat God wil hê.

Waar vind ons die gedagtes en die wil van die Here? Ons vind dit in sy woord. Soek sy woord en luister daarna. Die verandering wat dit in jou werk, is bewys dat God se woord nie onverrigtersake na Hom toe terugkeer nie.

Sing: Psalm 119-1:39, 48

Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)

Sondag 4 Mei

Skrifgedeelte: Johannes 4:27-34
Fokusgedeelte: Johannes 4:34

Verkry geestelike voedsel deur God se wil te doen

Hierdie baie bekende gedeelte uit die Woord van God dwing ons om ’n vraag aan onsself te stel: Waaroor gaan ons verhouding met God in Christus werklik vir ons?

Jesus en sy dissipels was op hulle pad van Judea na Galilea. Dit was deur die gebied van Samaria en naby ’n dorpie met die naam Sigar, wat kort by die plek was waar Jakob ’n put gegrawe het. Daar het Jesus, wat moeg was van die reis, sommer by die put gaan sit. Sy dissipels het na Sigar gegaan om kos te koop.

Die gebeure by die put ontvou rondom die mens se mees basiese vereistes, naamlik kos en water. Terwyl Hy alleen by die put is, kom ’n vrou daar aan. Ongewone omstandighede. Jesus alleen in gesprek met ’n vrou. Jesus se vraag na water uit die put, omdat die vrou ’n skepding het, begin dan die gesprek. ’n Gesprek wat baie gou ’n geestelike strekking het. Water wat nodig is om fisiese dors te les, word die onderwerp van lewende water, wat ewige dors les. Dan gaan die gesprek nie verder oor Jesus se behoeftes nie, maar oor dit wat Hy gee.

Wanneer die dissipels opdaag met die kos, word dit duidelik dat ook

dié basiese behoefte van Jesus nie meer noodsaaklik is nie. Ware geestelike voedsel word verkry deur God se wil te doen. Hoe belangrik is jou verhouding met God in Christus? Is dit belangriker as wat kos en water vir jou is?

Sing: Skrifberyming 9-1:10, 11

Ds. MP Fourie (Emeritus)

Maandag 5 Mei

Skrifgedeelte: Handelinge 21
Fokusgedeelte: Handelinge 21:14

Eers moet ons hoor, dan moet ons in gehoorsaamheid doen

Paulus is op pad na Jerusalem waar hy weet hy gevange geneem gaan word ter wille van sy geloof. Hy word versterk deur die gebede van medegelowiges op die strand voor hulle vertrek. Alleen deur gebed kry mens krag om jou roeping ten spyte van lyding te vervul. Selfs na al die waarskuwings het hy steeds sy reis na Jerusalem voortgesit: *"Ek is bereid om nie net gevange geneem te word nie, maar ook om in Jerusalem te sterf ter wille van die Naam van die Here Jesus"* (vs 13b). So praat iemand wat deur die krag van gebed ondersteun word om sy roeping vreesloos te vervul!

In Sesarea smeek die gelowiges Paulus weer om nie na Jerusalem te gaan nie. Dit is te gevaarlik, maar Paulus weet wat geloof en wat gehoorsaamheid is. Hy is bereid om te sterwe vir die Naam van die Here Jesus. Paulus sal egter ook die kruis kan opneem omdat die Here Jesus reeds eenmaal die kruis gedra het. Ons verstaan God se wil nadat ons gehoorsaam doen wat Hy vra en nie omdat ons gedoen het wat Hy vra nie. Eers moet ons hoor (God se opdrag) en dan in gehoorsaamheid doen sonder dat ons weet wat die gevolge gaan wees. Dit is 'n saak van oopstaan vir die Gees se leiding, van luister en van gehoorsaam wees. "Laat u wil geskied!" Dit sluit ook in dat ek en jy die wil van die Here moet doen.

Sing: Skrifberyming 9-3:1

Ds. MP Fourie (Emeritus)

Dinsdag 6 Mei

Skrifgedeelte: Efesiers 5:6-20
Fokusgedeelte: Efesiers 5:17 (AFR83)

Ken God se wil

Hoe gevaarlik leef jy? Ja, ons sonde is altyd ’n klap in die Here se gesig. Ons kan so onverstandig optree, so vol net van onsself. Dit maak jou lewe dood en uitsigloos, want in elke sonde is ons net besig met ons eie wil. Dit plaas jou lewe op ’n doodlooppad. Daarom moet jy in alles die sonde haat en ontvlug.

Om te stry teen die sonde, is egter nie al wat die nuwe lewe vir ’n Christen inhou nie. Jy moet ook probeer om te wete te kom wat die Here wil dat jy moet doen. Jy moet jou lewenswandel toets aan die norm van wat God van jou verwag en dit dan uitleef. Jou geloof moet deur jou werke uitstaan.

As ons deur die Gees van God vervul is, ken ons die wil van die Here en leef daarvolgens. Jy word nie deur die Gees vervul as jy jou oorgee aan die sondige dinge nie, maar jy word deur die Gees vervul deur gebed, die lees van die Bybel, erediensbywoning en uitlewing van naasteliefde. Dan is die Gees werksaam in jou. Dan het die verstandige gelowige insig oor hoe God wil sien dat jy moet lewe. Dit is ’n nuwe lewe vol blydskap in diens van God. Omdat ons in ’n goddelose tyd leef, moet ons elke geleentheid gebruik om met die Here besig te wees.

Die nuwe lewe in ons word ’n lewe van lof, aanbidding, dankbaarheid en diens, ’n lewe om God alleen groot te maak. Hou vas aan dit wat 1 Johannes 2:17 aan ons voorhou: *“En die wêreld met al sy begeertes gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly vir ewig lewe.”*

Sing: Psalm 86-1:6

Ds. RG (Roelie) Aucamp (Emeritus)

Woensdag 7 Mei

Skrifgedeelte: Openbaring 5:1-14 (AFR83)
Fokusgedeelte: Openbaring 5:9

Nuutgemaak

Wat hou die lewe vir ons in? Uit onsself is dit een groot vrees en onsekerheid. Ons sondelewe maak alles so donker. Wat hou die ongeopende boekrol vir ons in?

Dit het Johannes laat huil, want niemand kon dit oopmaak nie. Daarom is ons enigste troos in lewe en in sterwe om nie na onsself nie, maar op te kyk na Jesus Christus. Alleen Hy kan die boekrol oopmaak! Jesus, die Leeu uit die stam van Juda, vol met die krag om te oorwin. Jesus, die Lam wat geslag is en lewe. Dit het die vier lewende wesens en die 24 ouderlinge voor die hemeltroon 'n nuwe lied laat sing: die Leeu en die Lam alleen is waardig om die boek oop te maak.

Watter troos is die lied tog nie! Dis nuut in 'n sondeverlore wêreld, want dit verkondig nuwe lewe. Dit gee moed, krag en sekerheid vir elke dag. Hierdie lied besing die genadige wil van God, dat Hy sy Seun gegee het om ons te kom koop op die slawemark van die sonde en om weer kinders van God te wees. Die prys was geweldig: die bloed van die Lam. Hierdie loskoop sluit mense van alle groeperings in, uit elke stam, taal, volk en nasie. Hierdie vrygekooptes word saamgebind om konings en priesters in God se diens te wees. Net Christus kan die seëls oopmaak en die gang van die geskiedenis bepaal. Dit is ons lewenstroos. Oor dit wat Jesus Christus vir ons gedoen het, kan ons as nuwe mense deel in hierdie nuwe lied. Kan ons lewe elke dag dan anders wees as dankbaarheid aan God? Dankbaarheid ...

- wat diens is;
- wat oorgegewenheid is;
- wat gehoorsaamheid is;
- wat liefde is;
- wat 'n lewe is waarin die Here alles is.

Sing: Skrifberyming 5-3:1

Ds. RG (Roelie) Aucamp (Emeritus)

Donderdag 8 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 18 (enige vertaling)
Fokusgedeelte: Psalm 18:31

Wie die Here baie liefhet en by Hom skuil, vind dat Hy getrou is om sy kinders te beskerm

Psalm 18 is Dawid se groot oorwinningslied. Kyk 2 Samuel 22. Opvallend is dat die dank vir oorwinning gegrond is in absolute toewyding aan sy Here.

Hy beskryf die dieptes en doodsangs waarin hy was. Hy roep na die Here, "my Sterkte, my rots, my God by wie ek skuil". "My skild, my sterk verlosser." Groter as sy angs is die innige persoonlike verhouding met sy God.

Sy Here het woedend geword (vs 8-9) oor wat sy kind aangedoen word. Met bonatuurlike optrede met kosmiese gevolge, beskryf hy sy Here se redding (vs 9-16). Asof hy 'n baba is, het die Here hom doodeenvoudig met een hand opgetel tussen die vyande uit. Met groot sekerheid gee Dawid 'n juridiese element aan die redding: Die Here het aan my reg laat geskied. Sy vyande se optrede word veroordeel, hy gryp vas aan sy eie reg by God. Hy het God se wil gehoorsaam, hom deur sy wet laat lei, was opreg voor Hom. God het gesien dat hy onskuldig is (vs 25).

Die redding was nie uit verdienste nie: uit liefde het God hom kom red (vs 20). Uit liefde vir God het hy regverdig voor God geleef in hierdie innige persoonlike band. Sy belydenis: Alles wat God doen is volmaak, wat Hy sê, sy Woord, is gelouter, geen onsuiwerheid sal jy daarin kry nie. Vertroue, agting, liefde van Dawid teenoor sy Here, sy Rots, sy skild. Hulle loop die pad saam.

Hy het vir Dawid en ons almal 'n toekoms gegee (vs. 51): Vir altyd regeer God se gesalfde. Uit Dawid se nageslag kom ons Here Jesus Christus. Hy het om hierdie persoonlike verhouding wat Hy met sy broers en susters het, Homself kom gee. Die aarde het ook geskud en duisternis het toegeslaan toe Hy dit gedoen het. En ons is gered. Elkeen wat in hierdie innige verhouding met Hom leef, die pad saam

stap, ook kruis dra, weet een ding: Hy, en Hy alleen, is “my God, my rots, by wie ek skuil, my skild en sterk verlosser, my veilige vesting”.

Met my God spring ek oor ’n muur, want wat Hy doen is volmaak, wat Hy sê is gelouter.

Sing: Psalm 18, 31, 116

Ds. J (Jan) Malan (Emeritus)

Vrydag 9 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 19 (enige vertaling)
Fokusgedeelte: Psalm 19:8-9

Deur die skepping leer ons die almag van God, deur die Gees dat sy Woord volmaak is en aan ons lewe gee

Psalm 8 vra: Wat is die mens teenoor die grootsheid van God se skepping? Ons is meer as nietig, ook sondig en kan boonop nie ons eie dwalings raaksien nie, selfs nie ons verborge sonde nie. Ons wat dienaars van God is, kan maar net by Hom pleit dat ons woorde en gedagtes vir Hom aanvaarbaar sal wees.

Net soos by Dawid se Psalm 18, verval die dienaars van die Here nie in fatalisme nie, maar vind by God in innige persoonlike verhouding met Hom helderheid, vastigheid en diepe vertroosting. Hulle leer Hom waarlik ken.

Hulle sien saam met Dawid hoedat die hemel, die son, dag en nag ’n boodskap uitstuur, getuienis van God se mag, sy werke, dat Hy God is. Almagtige Skepper. Hoe begenadig ons is om Hom te kan ken!

Hierdie getuies buig ons aandag af na sy Woord in die Heilige Skrif. Wie met die Woord omgaan, word gou deur die Heilige Gees gelei om te besef dat sy Wet nie net swaar gebooie is nie, maar dat dit betroubaar is, wysheid gee vir wie nog onervare is, dit bring blydskap en koers, lewenskrag in jou lewe.

Waar die opeenvolging van dae en nagte, die son wat stralend daag-

liks opkom en weer ondergaan, ons herinner aan tyd en daarmee die aftel van ons verganklike dae, roep die aarde in sy gebrokenheid en verganklikheid die Woord se vervulling in die soenoffer van ons Here Jesus Christus op. Die skepping, getuies van God se mag, smag self na die bevryding van die verganklikheid, soos ons, met die wederkoms van ons Here.

In die omgang met die Woord van God openbaar die Gees Self aan ons die troos en betroubaarheid van God se werk. Hy laat ons vind dat die gebod van die Here helder is, sy eise goed, sy bepalings reg, elkeen van hulle regverdig. Jesus Christus Self het aan elkeen voldoen sodat ons kan hoop op 'n lewe in ewige heerliheid met Hom.

Sing: Psalm 19-1:1, 4; Skrifberyming 18-6; 18-7:1, 3, 9
Ds. J (Jan) Malan (Emeritus)

Saterdag 10 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 93
Fokusgedeelte: Psalm 93:5 (AFR53)

Die betroubare woorde van ons hemelse Koning

In 'n wêreld vol van vraagtekens is daar heelwat dinge waarop gelowiges met uitroeptekens mag en moet antwoord. Een saak wat die wêreld al meer bevraagteken, is die koningskap van God. "Is God regtig koning?" Daarteenoor antwoord ons met 'n uitroepteken: "Die HERE is Koning!" Dit is hierdie feit waarmee Psalm 93 begin. Nie "die HERE word Koning" of "die HERE was Koning" nie. Hy ís!

Uit hierdie heerlike feit van God se koningskap vloei vastigheid vir die lewens van sy kinders. Omdat die HERE Koning is, *"staan die wêreld vas, sodat dit nie wankel nie"* (vs 1b). Vanuit die geloof hoef ons nie te vrees dat daar iets kan gebeur wat die voleinding van die wêreld met Christus se wederkoms sal ontspoor nie. Geen ramp of oorlog, geen pandemie of katastrofe nie.

Saam met die wêreld wat vasstaan, staan ook God se troon vas (vs 2). Die mensdom kan soos bruisende riviere teen God se troon

probeer stamp en stoot – aan sy koningskap verander egter niks nie. Hy bly Koning, vir ons ten goede.

Daar is ’n derde saak wat vanuit God se koningskap vasstaan. Nie net is die wêreld en God se troon stewig gegrond nie. Ook sy *“getuienisse is baie betroubaar”* (vs 5). Dit pas by ’n Koning om vanaf sy troon sekere uitsprake te maak. Die uitsprake wat van God se troon af kom, is uiters betroubaar. Daar is geen vraagtekens agter dit wat Hy sê nie.

God se getuienisse gaan oor beide sy beloftes en bevele. Wat Hy belowe, word voltrek. Daar is geen belofte van ons hemelse Koning wat onvervuld bly nie. Ook wat Hy beveel, handhaaf Hy. Daarom eindig die Psalm deur te sê dat heiligheid by die huis van die HERE pas. As geheiligde burgers van sy koninkryk behoort ons na sy bevele te luister, juis omdat dit baie betroubaar is.

Met ’n uitroepteken mag ons eenvoudig beaam wat Psalm 93 besing. Die HERE se koningskap, en die vastigheid wat dit vir ons bied, is rede tot uitermate lof!

Sing: Psalm 93-1:1-4

Ds. MD (Dirk) Meijer (Bloemburg)

Sondag 11 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 111
Fokusgedeelte: Psalm 111:7 (AFR53)

God se betroubare handewerk

As jy Psalm 111 in die oorspronklike taal in jou hande sou neem, sou jy ’n wonderlike patroon daarin opmerk. Elke sin begin met ’n nuwe letter van die Hebreeuse alfabet. In sommige vertalings is daar gepoog om die patroon aan te dui deur die name van die letters (Alef, Bet, Gimel ens.) voor elke nuwe sin te plaas.

Hierdie patroon het gedien as ’n instrument om maklik die inhoud van die Psalm te memoriseer. En wat is die inhoud van dié Psalm? Dit is ’n loflied oor die werke van God. Van A tot Z word daar oor God se

dade gesing – die dade van God wat altyd uitloop op dit wat Christus, die Alfa en die Omega, vir ons gedoen het.

Binne die alfabetiese lofprysing van God se werke word spesifieke aandag gegee aan die werke van sy hande (vs 7). Handewerk gaan oor baie persoonlike optrede. As jy iets met jou eie hande maak, dan giet jy iets van jouself as persoon daarin. Dit is nie afsydige besig wees met dinge waaroor jy nie omgee nie. Dit is intensiewe en innige hantering van dit wat vir jou belangrik is.

Op hierdie manier praat die Skrif dikwels van God se werke as die werke van sy hande. Deur sy hande skep Hy (Jes. 48:14), verlos Hy (Deut. 26:8), versorg Hy (Ps. 145:16), vorm Hy (Jes. 64:8) en bewaar Hy ons (Jes. 41:10). Die handewerk van God is so sigbaar in ons eie lewens.

Hierdie handewerk van God is trou, reg en betroubaar (vs 7). Hy is getrou aan sy beloftes deur te doen wat Hy belowe het. Hy handhaaf en onderhou die reg met sy hande. Hierdie werk is baie betroubaar. Soos die geskiedenis getuig van God se handewerk, kan ons ook in ons eie dag daarop vertrou dat die werke van sy hande nie stop nie. In die hande van God moet ons tot gelowige berusting kom soos wat Hy met ons besig is.

Sing: Psalm 111-1:4

Ds. MD (Dirk) Meijer (Bloemburg)

Maandag 12 Mei

Skrifgedeelte: 1 Konings 17:17-24
Fokusgedeelte: 1 Konings 17:17-24

God hou lewe en dood in sy hande

Na ’n tyd in Sarfat word die weduwee se seun siek en hy sterf. Die moeder se woorde aan Elia is verstaanbaar. Die Here het dan juis vir Elia na haar gestuur om haar en haar seun op ’n wonderbaarlike wyse in die lewe te hou. Dit lyk asof dit die Here se bedoeling is om hulle te laat lewe. Maar ook vra hierdie vrou haarself af in haar enor-

me verdriet en wanhoop of die doel van die Here nie moontlik anders is nie?

Elia gaan pleit in sy binnekamer vir genade. Sy gebed word deur die Here verhoor en die seun lewe weer. Die moeder bely in haar blydskap dat die Here die Almagtige God is. Hy is die houer van lewe en dood.

Hierdie vrou in die hartland van die Baälaanbidding ontdek wat die getrouheid van die God van Israel vir 'n mens beteken. Om op Baäl te vertrou, was betekenisloos. Baäl belowe voedsel, maar kan nie reën gee nie. Hy belowe lewe, maar kan dit nie gee nie, want elke afgod is magteloos. Hierdie gebeure rig ons geloofsoë op die betekenisvolste gebeurtenis in die geskiedenis van die wêreld – Jesus se kruisdood en opstanding. Die Here doen iets wat niemand nog ooit kon doen nie – Hy oorwin die dood. Die Seun van God staan uit die graf op en oorwin sonde en die dood. En Hy gee ewige lewe aan almal wat hulle vertroue in Hom alleen plaas.

God is getrou en onmeetbaar groot. Hy is die God van die kosmos en in beheer van die droogte en reën, die kraaie, die kanne en die kruike, ook van die lewe en die dood. Ons lewe elke dag uit die genade wat ons in Jesus Christus het. Hy het inderdaad alle mag in die hemel en op die aarde. Hy is die weg, die waarheid en die lewe tot in ewigheid.

Sing: Psalm 2-1:6

Ds. SP (Sarel) Venter (Pietersburg)

Dinsdag 13 Mei

Skrifgedeelte: Jesaja 25:1-12 (AFR83
Fokusgedeelte: Jesaja 25:6, 9

Die Here bied 'n feesmaal aan!

Die boek Jesaja bestaan uit profetiese uitsprake van gebeure voor, tydens en na die Babiloniese ballingskap van Israel (586-539 vC). Israel was in ballingskap weens hulle ongehoorsaamheid aan God.

Die groot troos is dat God die gang van die geskiedenis bepaal. Enersyds oordeel die Here en andersyds gee Hy die belofte van redding. In Jesaja 25:6 staan dat die Here 'n feesmaal vir al die volke gereed gaan maak. Oorwinning in die Here sal gevier word. Die mag van die dood en die sonde sal gebreek word. God vee as Vader die trane af. Vir die oorblyfsel van Israel het dit werklikheid geword, want hulle is na Jerusalem teruggelei. God stuur sy Seun, Jesus Christus, om redding te kom gee! Deur Jesus Christus verander alles vir die mens en die skepping. Jesus word gespot, gekruisig. Hy word deur God verlaat en Hy beleef die angste van die hel. Hy oorwin die dood, die sonde en Satan! Hy gee aan jou genade. Jesus kom weer, en dan sal ons die bruilofsfees van die Lam in sy volheid beleef. Dan sal God die Vader ons trane finaal afvee. Dan is die seerkry van die sonde verby, finaal (Op. 21:4)!

Intussen? Jy is nie alleen nie. Die Heilige Gees is in jou en die Woord lei jou. God skenk aan jou medegelowiges om saam die stryd te voer en nou reeds saam die oorwinningsfees te leef. Dit is waarom ons nagmaal vier. Mag die Heilige Gees jou laat vashou aan die redding en vreugde wat Hy as God die Vader, Seun en Heilige Gees aan jou gee. Deel jou vreugde van redding met dié wat nog soek en smag na God.

Sing: Psalm 48-1:5

Ds. J (Joop) van Schaik (Randburg)

Woensdag 14 Mei

Skrifgedeelte: Openbaring 16:1-9
Fokusgedeelte: Openbaring 16:7 (AFR)83

Die heilige toorn van die heilige God

Ons weet deesdae almal van klimaatsverandering en die wêreldwye probleem van besoedeling, die grootskaalse besoedeling van die lug en die see en die riviere. Dié probleme het direk te doen met die swak manier waarop die mensdom met die aarde omgaan. In 'n sekere sin pluk die wêreld dus die vrugte van die probleme wat ons self gemaak het.

Wat sal gebeur as God Self sy heilige toorn oor hierdie wêreld uitgiet? Dit kom ter sprake in Openbaring 16, naamlik die sewe engele met hulle bakke wat gevul is met die toorn van God. Hierdie engele het uit die tempel gekom, die woonplek van God (15:5). Kortom: die heilige toorn van die heilige God! Die afmetings hiervan word in Openbaring 16 uitgespel en is met een woord onoorsienbaar groot! In Openbaring 8 en 9 het ons ook al met hierdie dinge kennisgemaak, met die trompette wat geblaas het. Dan is telkens een derde van alles getref. By die sewe laaste plae is dit nie meer net een derde nie, maar alles!

Die eerste engel wat sy oordeelsbak op die aarde uitgegooi het, laat ook dink aan die sesde plaag destyds in Egipte, naamlik swere wat aanhoudend etter. Ja, God het al sulke dinge gedoen! Nou, Openbaring 16:2, pynlike en kwaadaardige swere, en dit baie spesifiek geteiken: by die mense wat die teken van die dier het! Die tweede engel het sy bak oor die see uitgegooi. Ons weet watter groot rol spesifiek die see speel. As die water van die see soos bloed word, kan die see nie meer sy funksie vervul nie en gaan alle seelewe dood, wat ’n ondenkbare ramp is, en ook alle vervoer in die see kom tot stilstand. Die derde engel se bak laat weer dadelik dink aan die eerste plaag destyds in Egipte. Let by hierdie ontsagwekkende gebeurtenis spesifiek op die kommentaar van die een engel: “U is regverdig omdat U hierdie oordeel voltrek het.” Dié gewigtige uitspraak is weer verder beaam deur nog ’n engel op ’n baie plegtige manier: “Ja, Here God, Almagtige, betroubaar en reg is u oordele.”

By hierdie punt moet ons ook dink aan die geroep van die siele onder die altaar toe ons Here Jesus die vyfde seël oopgemaak het: “Wanneer voltrek U die oordeel en wreek U ons dood op die bewoners van die aarde?” Nou, in Openbaring 16, kry ons die antwoord, en daarvan kan nie anders gesê word nie as wat die engel wat oor die altaar toesig hou, gesê het: “Ja, Here God, betroubaar en reg is u oordele.”

Ook net so finaal is die reaksie op die aarde op die ergste hittegolf ooit: dat die mense hulle nie bekeer het nie, en mense wat só maak, is inderdaad ryp vir die oordeel!

Sing: Psalm 33-1:4

Ds. DHP (Dirk) Wijnbeek (Emeritus)

Donderdag 15 Mei

Skrifgedeelte: Openbaring 22:6-11
Fokusgedeelte: Openbaring 22:6 (AFR83)

Hierdie woorde is betroubaar en waar

Waar Openbaring 16 ons iets laat sien het van die ontsagwekkende oordeel van God, stel Openbaring 21-22 ons voor die onpeilbare heerlikheid van wat hierna sal wees. Dit is die Nuwe Jerusalem, die stad waarvan God Self die Boumeester is, dié stad waarna Abraham, Isak en Jakob al uitgesien het en daarom in die land wat God aan hulle beloof het as vreemdeling in tente gewoon het (Heb. 11:10, 13-16). Só 'n toekoms! Net die lewende God kan sulke dinge doen en in Christus alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen (Kol. 1:20)! Petrus skryf in sy brief van die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis (1 Pet. 1:4).

Die punt wat ons in Openbaring 22 by herhaling moet weet, is dat hierdie dinge, hierdie beskrywing van hoe alles aan sy einde sal kom en alles nuutgemaak sal word, betroubaar en waar is. Daarom is elkeen ook geseënd wat hierdie woorde ter harte neem, en die oproep in vers 10 om die woorde van hierdie profetiese boek nie geheim te hou nie, en die belofte in vers 16 aan diegene wat in hulle eie persoonlike lewe hiermee erns maak, prakties voorgestel met jou klere was. Dit laat 'n mens ook dink aan die skare in Openbaring 7 wat voor die troon staan in hulle feesgewaad, die mense wat hulle klere gewas en dit wit gemaak het in die bloed van die Lam (Op. 7:14). Die klere gewas sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en deur die poorte van die stad kan ingaan.

Hierdie woorde, hierdie hele beskrywing van sake, van die einde van hierdie aardse bedeling en van die dinge wat gaan kom, is betroubaar en waar! Dié sekerheid word verder bevestig deur Jesus se eie woorde dat Hy gou kom.

Johannes was deur al hierdie dinge so oorweldig dat hy sommer voor die engel neergeval het wat hom op hierdie profetiese verkenningstog begelei het. Vroeër het hy ook so gemaak (Op. 19:10). Dit is inderdaad groot dinge, net soos die boodskap oor die bruilof van die Lam na

die ontsagwekkende afrekening met Babel. Dis alles te groot vir ons menslike verstand en emosie om behoorlik van kennis te neem en te verwerk, soos wat dit ook letterlik te groot was vir Johannes om dit alles te verwerk.

Hoe raak dié toekomsprentjie ons? Maak dit ons in ons diepste wese opgewonde met ’n toekomsverwagting wat verder kyk as al die uitdagings waarmee ons van dag tot dag te doen het? Met groot afwagting en hoop vervul, juis omdat die woorde betroubaar en waar is!

Sing: Skrifberyming 18-7:1, 12

Ds. DHP (Dirk) Wijnbeek (Emeritus)

Vrydag 16 Mei

Skrifgedeelte: Jesaja 40:1-11 (AFR53)
Fokusgedeelte Jesaja 40:5, 8

Ons troos is: God se Woord hou ALTYD stand!

In Jesaja 1 – 39 word ballingskap as straf belowe as daar nie bekering is nie. In Jesaja 40 – 66 word verlossing belowe. Jesaja 40 begin met: “Troos, troos my volk ... spreek na die hart van ...”

“Troos” is in Jesaja om “na die hart van Jerusalem” (die gelowige) te praat. Genesis 50:21 verduidelik “troos” nader: Josef praat met sy broers in Egipte. Hulle is bang dat hy hulle sal doodmaak. Maar Josef praat na hulle hart: hy sal niks teen hulle hou nie, al het hulle hom baie leed aangedoen. Hy onderneem om hulle te versorg.

In Jesaja 40:2, 9 praat die HERE na sy volk se treurende hart: Julle is nou al vir die volle tyd in ballingskap; julle stryd (swaarkry, lyding, verstote-wees) is verby; julle skuld is betaal; uit die hand van die HERE ontvang julle meer as genoeg vergifnis vir al julle sondes! Wees nie bevrees nie ... julle God is hier met julle!

Hoekom troos die HERE? Vers 5: want die HERE het dit gespreek dat Hy sy heerlikheid gaan openbaar waar gelowige en ongelowige dit kan sien! En vers 8: die mens is soos gras wat verdor, maar ons

God se woord hou stand tot in ewigheid! Dit wat die HERE belowe het, gáán Hy uitvoer! Die gelowiges kan maar sy woord daarvoor vat!

Verdere vertroostende en waargeworde woorde word ineengevleg met die "want" en "maar": daar gaan 'n wegbereider eers gestuur word (Johannes die Doper). Die goeie boodskap is dat God hier by sy mense is (in Christus Jesus is God altyd met ons)! Die Here kom as 'n Sterke (selfs die dood is oorwin)! Die HERE kom as 'n Herder, wat met krag sy kinders bymekaar maak en in liefde hulle teen sy bors vasdruk en lei en versorg (alles in Christus vervul)!

Dus: die Here maak sy beloftes waar! Hy hou sy kerk in stand deur sy Woord en Gees. "Kom na My toe en Ek sal rus gee," sê Jesus. Só ook: die Wederkoms; die Bruilofsmaal van die Lam; die Ewige Lewe! Sy Woord hou ALTYD stand!

Sing: Skrifberyming 22:1, 8 (11-1)
Ds. AH (Arie) Stavast (Emeritus Pretoria/Kroonstad)

Saterdag 17 Mei

Skrifgedeeltes Esegiël 36:16-38; Levitikus 15:32, 33
Fokusgedeelte: Esegiël 36:26-29a

Bekering, reiniging deur Christus en Gees ter wille van sý Heilige Naam!

In Levitikus 15 gee die HERE voorskrifte oor manlike en vroulike onrein afskeidings. So 'n onrein persoon moet gereeld met WATER was totdat die afskeiding weg is (Lev. 15:13, 27, 28, 32, 33). Aan die einde van die onreinheid moet 'n versoeningsoffer voor die HERE gebring word. Hierdie onreinheid is soms 'n doelbewuste daad; andersins onbewustelik, reëlmatig en gereeld.

In Esegiël 36 word Levitikus 15 se waarteken van WATER-reiniging en versoeningsoffer ná liggaamlike onreinheid oorgedra op die sondes wat die verbondsvolk op 'n reëlmatige en gereelde wyse gepleeg het. Esegiël 36:16-18: *"Mensekind, toe die huis van Israel in hulle land (Jerusalem) gewoon het, het hulle dit verontreinig … met*

hulle handelinge; hulle handelinge was voor my aangesig soos die besoedeling van die maandelikse onreinheid. Daarom het Ek my grimmigheid oor hulle uitgegiet, vanweë die bloed wat hulle in die land vergiet het, terwyl hulle dit met drekgode verontreinig het." Hulle het met 'n willekeurige besluit sonde gepleeg en soms nie eens besef dat hulle sonde doen nie. Hierdie reëlmatige en gereelde sondepleging is juis dan die oorsaak van die ballingskap. Geen berou, sondeafwassing of versoening is begeer nie. *"Toe hulle aankom waarheen hulle gegaan het, het hulle my heilige Naam ontheilig, deurdat daar van hulle gesê is, 'dit is die HERE se volk hierdie, maar uit sy land moes hulle padgee'"* (36:20). Selfs in ballingskap word die Naam van die HERE gereeld en doelmatig ontheilig.

Dáárom sê die HERE: *"Nie ter wille van júlle doen Ek dit nie … maar slegs ter wille van mý heilige Naam, wat onder julle ontheilig is … sal Ek my groot Naam heilig"* (vs 22-23). Wat gaan Hy doen? Hy gaan hulle terugbring na hulle land; rein WATER oor hulle sprinkel; van *"al julle onreinhede … en afgodsbeelde sal Ek julle reinig. Ek sal julle 'n nuwe hart gee … My Gees sal Ek in julle binneste gee. Ek sal sorg dat julle my vaste voorskrifte volg … Ek sal julle verlos van al julle onreinheid"* (24-29a).

Hierdie beloftes hét die HERE nagekom: met die terugkeer na Jerusalem; met die dood, opstanding en hemelvaart van Christus; en met die uitstorting van die Gees. Met die wederkoms: 'n nuutgemaakte Jerusalem en skoongewaste gelowiges aan die bruilofsmaal van die Lam – al singend word God se Naam geheilig!

Sing: Skrifberyming 14:1, 2 (8-1:1, 2)

Ds. AH (Arie) Stavast (Emeritus Pretoria/Kroonstad)

Sondag 18 Mei

Skrifgedeelte: Esegiël 37:1-14
Fokusgedeelte: Esegiël 37:4, 7, 10

Deur sy Woord herskep God nuwe lewe – selfs in doodsbeendere!

Esegiël, 'n priesterseun, word saam met die stam van Juda weggevoer na Babel. In die elfde jaar sien Esegiël deur die Gees van die HERE 'n eienaardige visioen. Dit was in 'n tyd wat die ballinge net die "duistenis, woes en leeg" raakgesien het. *"Kyk, hulle sê: Ons bene is verdor, en ons verwagting is verlore; dit is klaar met ons!"* (vs 11b). Hulle wanhoop!

Het jy of jou geliefdes ook al by so 'n doodloopstraat aangekom waar daar net tot die besef gekom word dat daar geen pad meer vorentoe is nie?

Die profeet sien geweldig baie doodsbeendere in die laagte lê – heeltemal verdor! Volgens vers 11a simboliseer die doodsbeendere die hele huis van Israel (die kerk).

Die HERE vra: "Kan hierdie bene lewendig word?" Esegiël antwoord: "Here HERE, U weet dit." Twee keer moes Esegiël profeteer: "Hoor die woord van die HERE, droë bene! Kyk, Ek bring gees in julle in … ook senings en vel, sodat julle lewendig kan word." Toe Esegiël profeteer, hoor hy 'n geratel, soos wat die dor bene roer om bymekaar te kom – elke been na sy been toe. Klik, klak, klok …!

Vir die lewensgees moes Esegiël 'n derde keer profeteer: "Kom aan uit die vier windstreke … en blaas … sodat hulle lewendig word"! En kyk, die dooie, dor bene word lewendig! Die HERE bring 'n wonderwerk voort!

Dink jý dat die kerk vandag ook verdor is soos die doodsbeendere? Hoor jy ook soms die negatiewe beoordeling van die kerk van Christus? Is daar by jóú ook soms wanhoop omdat jou gemeentelede deur die wêreld se slegte invloede meegesleur word?

Hierdie visioen laat ons egter met nuwe hoop na Christus se kerk kyk.

Elkeen van ons moet soos Esegiël profeteer: *"En Ek sal my Gees in julle gee, dat julle lewendig kan word; en Ek sal julle vestig in julle land; en julle sal weet dat Ek, die HERE, dit gespreek en gedoen het"*! Wees dan elkeen 'n getroue getuie van God se liefde in Christus by jou huis, jou werk, jou gemeente. Getuig vertrouend: Daar waar die Woord gebring word, daar werk Gods Gees!

Sing: Skrifberyming10:1-6 (5-4)

Ds. AH (Arie) Stavast (Emeritus Pretoria/Kroonstad)

Maandag 19 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 8:4-15 (AFR83)
Fokusgedeelte: Matteus 8:5-13

Glo en jy sal gered word

Ons gaan vandag en môre stilstaan by dieselfde verse uit Mattteus 8. Matteus 8:4 en 8:14-15 omarm as't ware dit wat in 8:5-13 beskryf word. In die middelste gedeelte word vertel van Jesus se optrede teenoor 'n nie-Jood, en die omarmende gedeelte (vs 4 en 14-15) vertel van Jesus se bediening aan Jode.

Ons lees in Handelinge 13:46 die volgende: Paulus en Barnabas het reguit vir hulle (Jode in sinagoge in Pisidië) gesê: "Die woord van God moes eerste aan julle verkondig word. Maar omdat julle dit verwerp en daarmee beslis dat julle die ewige lewe nie werd is nie, gaan ons nou na die mense toe wat nie Jode is nie ..." Dit is in lyn met Jesus wat sy Groot Opdrag gee in Matteus 28:19 en bevestig in Handelinge 1:8: "… julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

Jesus se tuisdorp was Kapernaum (Matt. 4:13). 'n Groep Romeinse soldate was hier gestasioneer. Toe Jesus inkom in sy tuisdorp, vra 'n leier van hierdie heidense soldate Jesus se hulp – sy slaaf is sterwend. Ons lees niks oor hoekom hierdie Romein Jesus sou vertrou nie, maar dit is duidelik dat hy Jesus se Goddelike gesag en mag in sy optrede kon raaksien. Daarom sê hy dat Jesus nie eers na sy huis toe hoef te kom nie, Hy hoef net die woord te spreek ... En dan

word hierdie ongelooflike getuienis deur Jesus oor hierdie Romein vir ewig in die Skrif opgeneem: “Ek het nog by niemand in Israel so ’n groot geloof teëgekom nie.”

So word hierdie insident, wat Jesus se empatie én ware gesag toon, ’n profetiese vooruitwysing na die tyd toe die evangelie ook aan nie-Jode gebring is. En per implikasie – ook aan ons, wat nie Jode is nie. Wat meer is: die Romein se uitspraak praat van die feit dat elkeen wat glo, gered sal word. En dít is tog die evangelie wat wêreldwyd moet weerklink: Glo, en jy sal gered word (Rom. 1:17, Mark. 16:16; Hand. 15:11). Ons dank die Here vir sy genade – wat ook na ons toe oorgespoel het!

Sing: Skrifberyming 2-4:3

Dr. AJ (Braam) Krüger (Benoni)

Dinsdag 20 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 8:4-15 (AFR83)
Fokusgedeelte: Matteus 8:4, 14-15

Ons is Jesus se hande en voete

Ons het gister begin kyk na Matteus 8:4-15. Matteus 8:4 en 8:14-15 omarm as’t ware dit wat in 8:5-13 beskryf word. In die middelste gedeelte word (profeties) vertel van Jesus se optrede teenoor ’n nie-Jood, en die omarmende gedeelte (vs 4 en 14-15) vertel van Jesus se bediening aan Jode.

Israel was God se uitverkore volk. Uit hulle sou die Messias gebore word. As vooruitwysing na die Messias word allerlei godsdienstige reëlings in die Ou Testament gegee, onder andere die offers. Een van die offers was die dankbaarheidsoffer – vir mense wat gesond geword het, byvoorbeeld van melaatsheid, soos die man wat in Matteus 8:1-4 beskryf word. Jesus het ’n hart gehad vir die siekes en ellendiges. Daar staan in Matteus 14:14: Hy (het) die groot menigte mense daar gesien. Hy het hulle innig jammer gekry en die siekes onder hulle gesond gemaak. So kom hierdie melaatse na Jesus toe, en word hy (fisies) gesond gemaak. Maar melaatsheid het ’n geweldige sosiale

implikasie gehad – jy mag nie naby mense kom nie, ook nie eers jou eie gesin nie! Die enigste manier tot herstel was om deur die priesters rein verklaar te word, en dan die nodige offers te doen. So word hierdie melaatse gestuur na die priesters, en hy word weer sosiaal en godsdienstig aanvaar in die gemeenskap. Jesus herstel mense in verhoudings. So ook met Petrus se skoonma.

Maar juis omdat hulle die Here leer ken het in hierdie genade en barmhartigheid, was hulle veronderstel om tot 'n seën vir die nasies te wees (sien Gen. 22:18). Hulle was egter nooit baie geneë hiertoe nie – die boek Jona illustreer die Jode se onwilligheid om na die nasies toe uit te reik. Die Jode gaan uiteindelik só op in die rituele en uitwendige godsdiens dat hulle Jesus as Messias nie herken of erken nie, ja verwerp!

Hierdie opdrag het in die Nuwe-Testamentiese era oorgegaan na die kerk van die Here, na ons! Ons is nou Jesus se hande en voete (Matt. 25:35 vv). Dit is ons Goddelike voorreg om uit te reik na hulle in nood, hetsy fisies of geestelik. Om God se genade en liefde te demonstreer aan 'n wêreld wat Hom nodig het.

Sing: Psalm 103-1:7

Dr. AJ (Braam) Krüger (Benoni)

Woensdag 21 Mei

Skrifgedeelte: Handelinge 4:23-31 (AFR83)
Fokusgedeelte: Handelinge 4:31

Werking van die Woord

Dreigemente om op te hou om Christus te verkondig, is so oud soos die kerk self. Die vroeë kerk is gedreig en net so word ons vandag nog steeds gedreig.

God beskryf deur Lukas die ontstaan en groei van die kerk te midde van teenkanting. In hierdie gedeelte is die apostels besig met hulle openbare optrede en dan ervaar hulle dadelik teenkanting deurdat hulle gedreig word om op te hou om Christus te verkondig (vs 21).

Nadat hulle vrygelaat word, gaan hulle terug na hulle medegelowiges en bid saam dat die menslike vrees hulle nie sal beroof van hulle vrymoedigheid om die Woord te verkondig nie (vs 23-30). God bevestig sy trou deur die plek te laat skud waar hulle was, hulle met die Heilige Gees te vul, en daarmee het hulle die versekering ontvang om met vrymoedigheid voort te gaan om Christus te verkondig (vs 31). Die apostels besef die werking van die Woord kom tot sy volle werking wanneer Christus vrymoedig deur die Heilige Gees binne mense verkondig word. Sonder Christus is daar geen bediening van hoop en troos moontlik nie, en daarom mag hulle nie uit vrees terugdeins nie.

Ons word vandag weereens gedreig, deur instansies en mense, om op te hou om Christus te verkondig. Regerings, werkgewers en skoolbeheerliggame begin al meer en meer dreig dat ons nie met vrymoedigheid in ons land, werksplekke en skole oor Christus mag praat nie. Deel van die dreigemente is straf, om ons werk te verloor en stilswye oplê by skole. Ons moet nie deur vrees oorweldig word nie, maar biddend wees dat God deur die Heilige Gees vir ons die vrymoedigheid sal gee om onbevrees Christus te verkondig. God is tot vandag toe getrou en niemand sal die werking van die Woord deur die Heilige Gees kan stop nie, maak nie saak hoeveel kere ons gedreig word nie. Mag ons ook deur die Heilige Gees die vrymoedigheid ontvang om Christus onbevrees in ons land, werksplekke en skole te verkondig.

Sing: Skrifberyming 15-5:1, 2, 4, 5, 7

Ds. AN (Nikla) du Plessis (Worcester)

Donderdag 22 Mei

Skrifgedeelte: Romeine 10:5-21 (AFR83)
Fokusgedeelte: Romeine 10:14-15

Werking van die Woord

God is deur Paulus hier aan die woord om die gelowiges in Rome te leer dat vryspraak slegs in Christus te vinde is. Elke gelowige kry deel aan hierdie vryspraak deur hulle geloof in Christus alleen. Die Woord is die boodskap van hierdie geloof (vs 8) en dit leer dat

elke hart wat glo en elke mond wat bely dat God Jesus uit die dood opgewek het gered sal word (vs 9).

God spreek dan die werklikheid aan dat niemand Hom kan aanroep as hulle nie glo nie, en hulle kan net glo as hulle van Hom hoor, en hulle kan nie hoor as iemand nie preek nie. Hoe preek jy as jy nie gestuur is nie? Dus is dit wonderlik as jy die voetstappe hoor van hulle wat die goeie boodskap van Christus verkondig (vs 14-15). Die werking van die Woord, deur die Heilige Gees, bring dus geloof deur hulle wat dit verkondig en die geloof bring redding.

Vandag is hierdie selfde beginsel nog net so relevant soos vroeër, naamlik dat mense God slegs kan aanroep as hulle in Hom glo. Om te kan glo, moet hulle van Christus hoor. Hierdie is 'n baie belangrike saak dat Christus vandag verkondig moet word in eredienste, Bybelstudies en evangelisasie. Christus moet gehoor word in ons werksplekke en skole, want daar waar Christus verkondig word, daar is die Heilige Gees aan die werk en word die geloof bewerk. Die roeping is groot op hulle wat geroep is om hierdie werking van die Woord te verduidelik, want die oes is groot, maar die arbeiders is min (Luk. 10: 2).

Dit is 'n werklikheid binne ons eie kerkverband dat daar min jongmanne is wat die laaste paar jaar geroepe voel om hierdie kosbare evangelie te verkondig. Daarom word ons as kerke opgeroep om jongmanne met die nodige gawes binne ons gemeentes te identifiseer en aan te moedig om opgelei te word om die blye boodskap te verkondig. Dus, waar Christus verkondig word, daar kan deur die Woord en Gees geloof wees en so raak die getal vol van hulle wat deur God vir die ewigheid bestem is.

Sing: Psalm 89-1:1, 6

Ds. AN (Nikla) du Plessis (Worcester)

Vrydag 23 Mei

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:3-14
Fokusgedeelte: Efesiërs 1:13a

Loof God, want Hy bring ons deur die Heilige Gees tot geloof!

Op ’n aangrypende wyse word ons opgeroep om die grootheid van God prys! Tot drie keer toe kom hierdie oproep tot ons in ons Skrifgedeelte!

Ons moet God loof en prys omdat Hy ons met hemelse seëninge oorlaai! Hierdie seëninge ontvang ons van die Vader, Seun en Heilige Gees. Lees gerus weer die oorvloed seëninge wat in vers 4 tot 14 beskryf word en loof God vir elkeen!

Een van die seëninge waarvoor ons God moet verheerlik is dat Hy ons in Chrstus deur die Heilige Gees tot geloof bring. Hoe doen die Gees dit? Hy laat ons eerstens die evangelie hoor! Hiervoor gebruik hy verkondigers van die ware Evangelie. Wat hulle met die Woord aan ons bedien beskryf Paulus as:

- die waarheid;
- die evangelie van verlossing.

Die Heilige Gees maak dan ook ons harte en ore oop en plant deur die Woord die geloof in ons. Hierdie geloof is dan nie alleen kennis van wat God in Christus vir ons gedoen het nie. Dit is ook kinderlike vertroue dat God gedoen het wat Hy in die Woord sê, naamlik dat Hy ons deur die bloed van Christus verlos het.

Die Gees doen hierdie wonderlike werk in ons om ons in Christus in te lyf, ons onder sy hoofskap te laat lewe en in sy volk op te neem.

Dink bietjie hoe wonderlik die Heilige Gees te werk gegaan het om jou ook tot geloof te bring. Dink dankbaar aan die mense wat Hy gebruik het om die evangelie aan jou te verkondig en dit vir jou oop te breek! Dank God daarvoor!

Dink ook na oor wat jy as gelowige opnuut weer uit die Woord moet hoor en ter harte moet neem, want die Gees se kragtige werking

sien ons onder andere in berou oor sonde, in ’n diep verlange na versoening met God in Christus, in die blydskap van die geloof en in die krag en troos wat gelowiges in Christus het.

Ons geloof is louter genade van die Vader, in Christus deur die Heilige Gees wat in ons woon. Loof en eer God dan daarvoor en wys dit deur in jou geloof te bly groei.

Sing: Skrifberyming 1-1:6, 7

Ds. BR (Reinder) Kingma (Bellville-Oos)

Saterdag 24 Mei

Skrifgedeelte: Efesiërs 6:10-20
Fokusgedeelte: Efesiërs 6:17

Stry oorwinnend met die swaard van die Gees!

Vir Jesus Christus kon die duiwel nie oorwin nie. Gelowiges is daarom sy nommer een teiken. Hy en sy handlangers (die wêreld en ons eie sondige natuur) wil ons as soldate van Jesus Christus op verskillende maniere onskadelik maak en uiteindelik uitskakel in die styd tussen die Lig en die duisternis.

Vir hierdie stryd moet ons ons krag in die Here soek en in sy groot mag. Hoe doen ons dit? Deur die geestelike wapenrusting wat God ons gee, aan te trek en te gebruik. Die swaard van die Gees is die sesde deel van ons wapenrusting en word nader beskryf as die Woord van God. Die Heilige Gees gee aan gelowiges die Woord van God as verdedigings- sowel as aanvalswapen om in persoonlike versoeking en getuienis die bose te kan beveg en te oorwin. Lees gerus hoe ons Here Jesus Self met die Woord van God die versoekings van die duiwel in die woestyn weerstaan en oorwin het (Matt. 4).

Die swaard van die Gees wat ons as wapenrusting ontvang het, is ’n baie kragtige wapen! Luister maar hoe beskryf Hebreërs 4:12 dit: *Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg.*

Vat die swaard van die Gees! Dit is ons opdrag! Dit is ’n doelbewuste aksie van ons kant wat hier gevra word. Ons moet ons wapen baie goed leer ken, maar ook leer om dit te gebruik. Dit vra oefening en nogmaals oefening! Alleen so kan ons weerbaar wees teen die aanslae van die bose en oorwin. Enkele riglyne om oorwinnend met die swaard van die Gees te kan veg:

- Bid altyd voordat jy die Woord lees of aanhoor. Vra die Heilige Gees vir insig in die Woord en dat die Woord eerstens in jou lewe op vrugbare grond sal val.
- Lees die Woord oor en oor – word vol daarvan! Maak notas vir jouself, merk kernsake en leer selfs gedeeltes uit jou kop vir latere gebruik in jou geveg met die bose.
- Oordink en bespreek die Woord met medegelowiges in jou huis, gemeente of vriendekring. Bly ’n leerling in die Woord van God!
- Gebruik die Woord in jou eie lewe, in die lewe van jou kinders en waar jy met soekende, twyfelendes en ongelowiges te doen kry. Met God se Woord kan jy die werk van die duiwel verbreek!

Gebruik jou wapenrusting oorwinnend! Dit kom van God af!

Sing: Skrifberyming 14-3:3, 4

Ds. BR (Reinder) Kingma (Bellville-Oos)

Sondag 25 Mei

Skrifgedeelte: Kolossense 4:2-6
Fokusgedeelte: Kolossense 4:3 (AFR 83)

’n Deur vir die Woord

Die apostel Paulus is in die gevangenis en hy vra dat die gelowiges van Kolosse vir hom sal bid. Hulle moet bid dat daar ’n deur sal oopgaan. Opvallend dat hy nie vra dat die deur van sy sel sal oopgaan nie. Nee, Paulus stel dit duidelik dat hy met ’n doel in die gevangenis is; hy moet die boodskap van Christus daar verkondig.

Vroeër in sy brief sê Paulus dat hierdie boodskap ’n geheimenis is wat lank verberg was, maar nou geopenbaar is. Die inhoud van die

geheimenis is: *"Christus is in julle. Hy is julle hoop op die heerlikheid"* (1:27). So beskryf Paulus die kosbare en troosryke inwoning van die Heilige Gees in elke gelowige: "Christus is in julle."

Vir hierdie boodskap vra Paulus 'n geopende deur. Sekerlik bedoel hy dat die regte geleentheid moet kom om hierdie wonderlike nuus met mense te deel. Daar is egter ook nog 'n ander deur wat moet oopgaan. Paulus moet die regte woorde vind om dit te verduidelik. Van nature is elke mens se verstand mos deur sonde verduister. God moet die deur na ons verstand oopmaak en ons gees en denke verlig om sy Woord reg te kan bring.

Die derde deur wat moet oopgaan, is die deur na die toehoorders se harte. Van nature is daardie deur dig toe vir die evangelie. God moet die geopende hart gee, waar die goeie nuus van Christus se inwoning kan tuiskom. God doen dit vir elkeen wat Hy uitverkies het (1:26).

As Christus dan so in ons woon, word die lewe 'n fees (Op. 3:20). Dit begin alles by 'n gebed om 'n deur vir die Woord.

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)

Maandag 26 Mei

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 2:1-16
Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 2:13 (AFR83)

Die wonderbaarlike en kragtige werking van die Woord van God

Die apostel Paulus kon skaars drie weke in Tessalonika werk voordat hy in die nag moes vlug as gevolg van 'n opstand en vervolging deur afgunstige Jode (Hand. 17:1-10). Vol kommer het hy gewonder wat van die klein gemeente wat in Tessalonika ontstaan het, gaan word. Was sy koms en verkondiging onder hulle tevergeefs en 'n mislukking? Menslikerwys gesproke kon hy nie veel verwag nie.

Maar die boodskap wat hy in Tessalonika gebring het, was die Woord van God. Dié Woord wat 'n krag tot redding is van elkeen wat glo (Rom.

1:16). Daarom lees ons ook hoe dit in Tessalonika wonderbaarlik en kragtig gewerk het:

1) Die Woord is eenvoudig en suiwer GEBRING, sonder vleitaal, bybedoelings soos hebsug of soeke na die eer van mense. Met groot sorg en opofferende liefde, soos die van 'n ma (2:7) en 'n pa (2:11), is elkeen met die evangelie bemoedig en aangespoor.
2) Die Woord is GEHOOR en ONTVANG in die oortuiging dat dit nie mensewoorde is nie, maar die woord van God (2:13). Hierdie oortuiging in elke hart was die werk van die Heilige Gees (1:5).
3) Die Woord het ook 'n kragtige UITWERKING in die lewe van die gelowiges van Tessalonika gehad. Paulus noem hulle "'n voorbeeld vir al die ander gelowiges" (1:7) en verwys aan die begin van sy brief na die werk van hulle geloof, die inspanning van hulle liefde en hulle volharding in Christelike hoop (1:3).

Het God se kragtige Woord van redding ook so tot by jou gekom? Dank God dan, soos Paulus doen, onophoudelik (2:13) vir hierdie wonderbaarlike werking van God se genade in jou lewe.

Sing: Psalm 119-1:19, 39

Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)

Dinsdag 27 Mei

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 2:1-13
Fokusgedeelte: 2 Timoteus 2:9 (AFR83)

Die Woord van God kan nie geboei word nie

Die wêreld dink 'n sterk persoon is iemand wat nie hulp nodig het nie en wat alles self kan doen. Paulus verduidelik dat dit in die koninkryk van God anders werk. Almal wat daarin dien, staan sterk slegs deur genade, en werk saam met ander betroubare en bekwame mense (2:1-2). Om as gelowiges op hierdie manier sterk te staan, is om drie redes belangrik:

1) Want dit is die ROEPING VAN DIE WOORD dat die evangelie alle uitverkorenes moet bereik, sodat ook hulle die verlossing en ewige

heerlikheid wat daar in Christus is, kan ontvang (2:10). Hiervoor is nodig die fokus van ’n soldaat (2:4), die dissipline van ’n atleet (2:5) en die roetine van ’n hardwerkende boer (2:6).

2) Want die VERDRUKKING VAN DIE WOORD bring mee dat daar vir elke gelowige ’n stuk ontbering is wat hy of sy ter wille van die evangelie moet dra (2:3). In Paulus se geval is dit sy gevangenskap en naderende marteldood (4:6).
3) Want die OORWINNING VAN DIE WOORD is die hoopvolle en sekere uitsig wat alle gelowiges mag hê. Die Woord van God kan nie geboei word nie. Dit gaan van God uit, en sal nie ledig na Hom terugkeer nie (Jes. 55:11). Op hierdie oorwinningspad het die Woord ook ons immers bereik.

Dit is die krag van Christus se opstanding wat gelowiges sterk laat staan in hulle roeping, verdrukking en hoop. Deur hierdie genade leef en regeer ons saam met Hom (2:11-12a). Sy genade is so groot dat Hy aan ons getrou bly, selfs al is ons soms ontrou (2:13). Ons moet Hom net nie verloën nie (2:12b).

Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2

Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)

Woensdag 28 Mei

Skrifgedeelte: Hebreërs 4:1-13
Fokusgedeelte: Hebreërs 4:12, 13

God se woord is lewend en kragtig

Afvalligheid bedreig ons geloof. Met verwysing na Psalm 95:11 moes die Hebreërs leer dat die ingaan in die rus nie tot die ingaan in die beloofde land beperk was nie. Hulle het wel die woord gehoor, maar nie almal het daders geword nie. Nadat God sy skeppingswerk afgehandel het, het Hy op die sewende dag gerus (Gen. 2:2). Die belofte om in sy rus in te gaan, was ook vir die Hebreërs geldig. Hierdie belofte geld steeds vir elkeen wat uitverkies is en besig is om van die bose werke te rus. Die Israeliete se rus in Kanaän was ’n skaduwee van die geestelike rus wat ons in Christus, met sy wederkoms, sal geniet.

God se woord is lewend en kragtig. Deur die kragvolle werking van die Heilige Gees word ons vir die woord ontvanklik. Soos 'n skerp swaard sny die woord diep in ons harte in. Kragdadig gryp die Heilige Gees in en bewerk deur die woord verandering, verbetering van ons gedagtes, begeertes, woorde en dade.

Die woord is skerper as enige swaard met twee snykante. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. Dit ontbloot ons diepste lewensnood. Voor God, wat alles weet, val ons maskers weg.

Jesaja 55:11 wys ons daarop dat die woord nooit leeg tot God terugkeer nie. Sy woord bring tot stand waarvoor Hy dit stuur. Teen sy woord is geen verweer nie. Kragdadig bewerk dit redding vir die uitverkorenes. Kragdadig bewerk dit die verdoemenis vir die goddelose.

Teenoor die dreiging vir die afvalliges, is daar die heerlike beloftes vir dié wat glo. Bid dat die Heilige Gees jou vir die woord oop en ontvanklik maak. Dat jou gedagtes, hartsgesindheid en ingesteldheid verander mag word. Ons mag nooit rustig in die sonde wees nie. In die soenverdienste van Christus word die onrus in ons binneste stil.

Sing: Psalm 139-1:1, 2, 12; Psalm 95-1:3, 4, 5

Ds. WP (Willem) van der Merwe (Emeritus)

Donderdag 29 Mei

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:1-7
Fokusgedeelte: Hebreërs 11:3

Geloof oortuig ons dat God deur sy woord die wêreld geskep het

Wat God oor sy skeppingswerk deur sy woord geopenbaar het, moet in die geloof aanvaar word. Die klem val nie op wat geloof is nie, maar wat geloof bewerk.

In Hebreërs 11 sien ons hoe die krag van die geloof in die lewe van geloofshelde na vore gekom het. Deur die woord en getuienis van die Heilige Gees was hulle geloof 'n drywende krag. Hulle geloof het hulle aangevuur om, teen alle menslike verwagtinge in, steeds te volhard.

Hulle was seker van die dinge wat hulle gehoop het. Hulle was oortuig van die dinge wat hulle nie gesien het nie. Deur swaarkry heen het hulle op God en sy beloftes vertrou.

By Abel staan die eenheid van offer en geloof op die voorgrond. By Henog is sy omgang met God en God se welbehae in 'n mens op die voorgrond. By Noag was God se woord rigtinggewend, vermanend en lewewekkend. Hy het bly glo, al het die mense hom gespot. Sy gehoorsaamheid aan die woord veroordeel die wêreld. Hy word 'n erfgenaam van geloofsgeregtigheid.

Net soos ons, was hulle onvolmaak. Slegs Jesus Christus was volmaak aan ons Vader gehoorsaam. Hy is die Begin en Voleinder van ons geloof. Deur sy Gees en Woord maak Hy ons meer en meer gehoorsaam.

Geloof in God se woord is 'n dinamiese krag wat ons aanspoor tot goeie werke, volharding en 'n lewende hoop op 'n onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis (1 Pet. 1:3-5). So rig geloof (hoop) ons op die heerlike toekoms wat nou nog onsigbaar is. Geloof bewys ons dat die onsigbare 'n werklikheid is (bestaan reeds). So oortuig die Heilige Gees ons, bewerk Hy sekerheid sodat ons aan die Woord vashou, al gaan dit teen die menslike verstand in.

Sing: Psalm 33-1:2, 5, 6

Ds. WP (Willem) van der Merwe (Emeritus)

Vrydag 30 Mei

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:22-25
Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:23, 25 (AFR2020)

Die Woord wek nuwe lewe en gee vorm daaraan

Ons weet dit almal: blywende verandering en groei, wat die Here by ons soek, kom baie moeilik. Die Here soek vrug wat volg op verlossing. So sê Petrus dat die gelowiges mekaar nie net 'n bietjie moet liefhê nie, maar opreg en met groot intensiteit. Hierdie groei is alleen moontlik waar mense wedergebore is deur die Woord van God

en steeds voortbou op die Woord. Deur hierdie evangelie wek Hy ons op uit ons geestelike dood in sonde, skenk aan ons geloof en nuwe, ewige lewe. Watter instrument is meer effektief as God se Woord? Petrus noem ’n paar eienskappe van die Woord van God:

- Die Woord is lewend en blywend (vs 23, vgl. Jes. 40:8). Elke dag, deur die eeue, omskep die Heilige Gees lewens deur die Woord. Dit is hierdie kragtige Woord wat ons bemagtig om die nuwe lewe in Christus te leef. Hierdie Woord het oorleef deur al die eeue ondanks teenstand en kritiek, en steeds gaan dit voort om mense uit die dood tot die lewe op te wek.
- Die Woord is die evangelie wat aan ons verkondig is (vs 25). In die kern van die Woord staan die heerlike boodskap van verlossing deur God se liefde in Jesus Christus.
- Die Woord is onverganklike saad (vs 23). Dit is saad wat nooit sterf nie en sonder einde vrug lewer wat vir ewig bly.

Die Woord alleen is die kragtige instrument wat lewens blywend kan verander, daar is nie ander “quick fixes” nie. Deur die Woord wat ons harte aangryp, omskep die Gees ons hele lewensuitkyk, ons oortuigings en ons waardes om Christus na te volg. Daar is ’n direkte verband tussen die Woord in jou lewe en die groei in jou lewe. Delf daarom biddend en afhanklikheid in die rykdom van God se lewende en blywende Woord. Groei sal volg.

Sing: Psalm 119-1:1, 7

Ds. JGL (Deon) van der Walt (Oudtshoorn)

Saterdag 31 Mei

Skrifgedeelte: Openbaring 10:1-11
Fokusgedeelte: Openbaring 10:9-11 (AFR83)

Neem en eet die Woord

’n Magtige engel verskyn aan Johannes (vs 1) voordat die sewende trompet, die finale oordeelsaankondiging, geblaas word. Met sy regterhand opgehef na God bevestig die engel met ’n eed: “Daar is geen tyd meer oor nie ...” (vs 6). Daar kom ’n tyd wanneer God sy

verborge bedoeling in vervulling sal laat gaan: die finale koms van Christus se Koninkryk in volle glorie.

Die engel het ’n boekie in sy hand – moontlik ’n korter weergawe van God se raadsplan. Johannes kry die verrassende opdrag om die oop boek by die engel te vra en dit te eet (vgl. Eseg. 3:1-3). Die boek is soet soos heuning in sy mond, maar bitter in sy maag. Ook ons word geroep om die openbaring van God te vra, te neem en te eet, en in geloof ons eie te maak. Dit is heerlik soet en bring hoop op finale redding van ons vyande. Johannes kry vervolgens ook die opdrag om die boodskap van God aangaande baie volke, nasies, tale en konings te verkondig (vs 11).

Die opdrag is ook bedoel vir die hele kerk. In die opbou na die klimaks van die geskiedenis moet ons getroue getuies van die evangelie wees. Ons getuienis is deel van God se plan. Die gevolg is egter teëstand en vervolging (vgl. Op. 11) – dit is die bitter nadraai in die maag. Die Woord se impak is dus soet en bitter – redding én verwonding.

Ondanks die teëstand is daar ryk troos. Die engel se voorkoms spreek van God se troue teenwoordigheid. Sy bene, soos vuurpilare, en sy voete – een op die land en een in die see – is ’n kragtige beeld van God se heerskappy oor alle dinge. Al lyk dit of alles inmekaar tuimel – Hy het steeds beheer oor die ganse wêreld. Ons, sy getuies, is stewig en veilig in sy hand, selfs al gebeur daar onverstaanbare dinge wat nie aan ons geopenbaar is nie (vgl. die donderslae, vs 4).

Neem en eet en geniet die evangelie. Verkondig die boodskap van redding in Christus orals, ondanks die gevolge. So vind jy jou plek in God se heerlike verlossingsplan.

Sing: Skrifberyming 14-3:3, 4

Ds. JGL (Deon) van der Walt (Oudtshoorn)

KWARTAAL 2 – JUNIE

TEMA: JUBEL IN DIE HERE, WANT HY IS REG EN GOED (Psalm 33:4-5)

Fokus op die Woord van die Here wat reg is, betroubaar is. So is ook sy werke reg en betroubaar, want daar is geen spanning in wat die HERE openbaar en wil in sy Woord en wat Hy deur sy Gees tot uitvoering bring nie. In sy Woord en werke sien ons sy goedertierenheid – sy liefde en guns – teenoor Israel, maar ook sy skepping.

Sondag 1 Junie

Skrifgedeelte: Genesis 39:1-23
Fokusgedeelte: Genesis 39:21 (AFR53/83/2020)

Ons ondervind die HERE se troue liefde selfs in die slegste omstandighede

Josef het swaar in die lewe geken. Hy word as slaaf aan Potifar in Egipte verkoop. As slaaf was sy situasie hopeloos, en tog het dit baie goed met hom gegaan, want die HERE was by Josef. Die HERE het alles wat hy aangepak het, laat slaag. Die HERE se belofte aan sy oupagrootjie Abraham in Genesis 12, dat hy en sy nageslag tot 'n seën sal wees, word hier bevestig. Die HERE het die huis van die Egiptenaar oor Josef geseën (vs 5). Dit is so troosvoel vir ons om te weet, want ons is ook soms in slegte situasies. Die HERE is by ons in alle omstandighede. Hy kan die slegte situasie ten goede gebruik en ons tot 'n seën maak.

Dan tref die tweede terugslag Josef. Hy beland in die tronk. Ook daar in die tronk is die HERE by Josef. Vers 21 sê dat die HERE Josef sy troue liefde laat ondervind het. Die woorde "troue liefde" en die woord "goedertierenheid" (AFR53) is verbondswoorde. Die HERE as Verbondsgod bewys trou en liefde teenoor sy verbondskinders, al gebeur daar slegte dinge met hulle. Hy wys ook dat Hy in beheer is. Dit is nie sonder rede dat Josef in Egipte beland en later in die tronk nie. Hy verklaar die farao se drome en word as onderkoning aangestel. Hy tref voorsorg vir die hongersnood en kan kos en huisvesting voorsien vir sy broers wat uit Kanaän kom. So bewaar die HERE hulle, want die Messias moet uit hulle gebore word.

Met die Messias se koms word die troue liefde van die HERE duidelik sigbaar. Hy is Immanuel – God by ons, wanneer Hy mens word. Hy bevry ons van ons doodsbestaan en maak ons sy verbondskinders deur vir ons sondes aan die kruis te sterf. Hy is deur die Heilige Gees in alle omstandighede by ons.

Sing: Psalm 105-1:5

Ds. AL (Abri) Pelser (Bethlehem)

Maandag 2 Junie

Skrifgedeelte: Eksodus 33:7-23
Fokusgedeelte: Eksodus 33:14, 17 (AFR53/83/2020)

Die HERE is met ons elke tree wat ons gee

Die HERE vra vir Moses: “Moet Ek self meegaan om jou die rusplek te verskaf?” Die woorde “rusplek” en “rus” is in die Hebreeus ryk aan betekenis. Dit dui nie alleen op die “rus na werk” nie, maar ook om sekuriteit te hê. Die woorde word ook gebruik om God se voorsienigheid te verduidelik. God is in beheer en Hy stuur gebeure in ’n bepaalde rigting. Wie dit glo, vind ware rus.

Hoe smag ons nie daarna nie! Moses het ook daarna gesmag. Die volk het hom moedeloos gehad. Na die volk se aanbidding van die goue kalf (Eks. 32), sê die HERE dat Hy nie verder met die volk sal trek nie. Maar Moses sê: “As U nie self meegaan nie, laat ons dan nie hiervandaan optrek nie” (vs 15). Is dit ’n arrogante versoek van Moses? Nee, let op die basis waarop Moses hierdie versoek aan God rig. Hy herinner die HERE in vers 12 aan wat Hy gesê het: “Ek ken jou by die naam, en jy het ook genade in my oë gevind.” Die HERE bevestig dit in vers 19. Hy roep sy Naam “die HERE” voor Moses uit en laat Homself van agter sien. Hy sit Moses in ’n rotsskeur en maak hom met sy hande toe. Hy beskerm Moses en versterk hom vir die trekpad wat voorlê! Hy sal meegaan!

Ons kan God ook nie sien nie. God het Hom in Jesus Christus kom sigbaar maak toe Hy mens geword het. Hy is Immanuel – God met ons. Hy het die lydingspad enduit geloop en vir ons die pad so oop

en begaanbaar gemaak. Hy het vir ons rus aan die kruis bewerk. Hy verseker ons dat Hy saam met ons op die pad is. Ons hou ons oë in die geloof op die Here.

Sing: Psalm 25-1:6

Ds. AL (Abri) Pelser (Bethlehem)

Dinsdag 3 Junie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 33:1-29
Fokusgedeelte: Deuteronomium 33:1-5, 26-29 (AFR53/83/2020)

Die HERE gee ons krag vir elke dag wanneer ons onder sy seënende hand leef

Moses neem afskeid van die volk. Vir 40 jaar het hy hulle gelei en nou is hy op pad na Neboberg waar hy gaan sterf (32:50). Hy seën die volk in stamverband net soos Jakob voor hom gedoen het.

Die seën oor elke stam word omraam met twee lofliedere. In die eerste vier verse word die HERE se verskyning en optrede veral in die woestyntyd beskrywe. Die wetgewing by Sinai is prominent. Daar het die HERE hulle Koning geword (vs 5).

In die laaste vier verse van die hoofstuk volg die tweede loflied. Hier word die HERE se uniekheid beskrywe: "... daar is niemand soos God nie." Hoe begenadig is hulle nie as volk nie. God is 'n skuilplek vir hulle en sy arms is beskermend onder hulle.

Die twee lofliedere oor die HERE, met die seënbedes tussenin, bevestig dat dit die HERE Self is wat seën. Moses is maar net sy dienaar wat die seënbedes uitspreek. Die woord "seën" beteken letterlik om kragte in te dra. God alleen kan seën. Wanneer Hy seën, dra Hy kragte in en so sorg Hy vir sy volk. Sonder sy seën kan hulle nie standhou nie.

Ons is net so afhanklik van die HERE se seën! Daarsonder kan ons niks doen nie. Die HERE se seën kom veral tot ons in en deur Jesus Christus! Hy het mens kom word en al ons sondes op Hom geneem

en so 'n Vervloekte in ons plek geword. Hy het in ons plek aan die vloekhout gehang, sodat ons God se seën kan ontvang. Ons is dus geseëndes wat elke dag krag ontvang om staande te bly in die stryd van die lewe en voluit in God se diens te lewe. Ons besing die HERE se lof, want ons leef onder sy seënende hand, totdat ons opgeneem word in heerlikheid.

Sing: Psalm 20-1:1, 2, 4

Ds. AL (Abri) Pelser (Bethlehem)

Woensdag 4 Junie

Skrifgedeelte: Nehemia 9:1-37
Fokusgedeelte: Nehemia 9:33-35 (AFR83/AFR2020)

Die loon van die sonde is die dood

In Nehemia 9 vind ons die oorblyfsel van Israel wat ná hulle ballingskap terugkeer om Jerusalem te herbou. Op hierdie stadium is hulle nog onderdane van die Persiese Ryk – hulle was slawe in hulle eie land. Die Wetlesing in hoofstuk 8 dryf die Israeliete in hoofstuk 9 tot gebed, waarin hulle die Here se wonderdade deur die geskiedenis heen erken. Dit is in hierdie gebed, in Nehemia 9:33-35, dat die Israeliete hulle skuld besef; die Here was nog net goed vir hulle, maar hulle het Hom nie gedien nie en nie van hulle boosheid weggedraai nie. In kort, hulle het diep onder die indruk gekom van hulle eie sondigheid.

Sonde is ongehoorsaamheid – in daad, gedagte of gesindheid – aan God se wet, en die loon van die sonde is die dood. Ons Here Jesus sê Self in Lukas 13:3 dat as ons nie bekeer nie, sal ons vergaan – tensy Iemand ons van ons sondes verlos. Sondebesef en sonde-erkenning – op individuele asook gemeenskaplike vlak – kom nie natuurlik nie, en daarom kan ons maklik vergeet om aktief selfondersoek te doen. Soos ons in Nehemia 9 sien, ware sondebesef kom deur die verkondiging van die Woord, spesifiek wanneer ons met die spieël van die Wet gekonfronteer word.

Dit is hoekom die Wet nog in ons eredienste gelees word. Dit moet ons dryf om soos die Israeliete uit te roep: "Ons verkeer in groot nood"

(9:37), en na die voet van die kruis van ons Verlosser te gaan, want Hy het gekom om ons van ons sondes te verlos en ons met die Vader te versoen. Jesus Christus se werk aan die kruis verander ons ellendige uitroep van nood oor ons sonde in 'n nuwe, jubelende lied. Daarom, mag ons bid dat die Heilige Gees vir ons ware sondebesef sal gee.

Sing: Skrifberyming 9-3:1-2

Ds. JA (Jandré) Coetsee (Agulhas)

Donderdag 5 Junie

Skrifgedeelte: Ester 2:1-11
Fokusgedeelte: Ester 2:9

Goedertierenheid van die HERE

Sonde het gemaak dat die volk deur 'n heiden regeer word. Hulle verdien nie sy liefde en aandag nie, maar wie van ons doen? Ons Hemelse Vader beskik dit wel so dat 'n jong meisie van sy verbondsvolk raakgesien word en aan die heidense koning se hof beland. Sy is een van baie meisies wat meeding om die volgende koningin te word in die plek van die afgesette Vasti.

Hegai, die hoofpaleisbeampte, hou van Ester en gee aan haar voorkeurbehandeling. Nou wonder 'n mens hoekom het Hegai dit gedoen? Die boek Ester bevat miskien nie die Naam van God nie, maar sy hand kan op elke bladsy gesien word. Die HERE is gertrou in sy liefde. Hierdie volk het Hom meer as ooit nodig, al het hulle Hom verwerp. Hy sal hulle nie net los en sy rug op hulle draai nie. Die HERE verlaat nooit sy kinders nie, behalwe sy eie Seun aan die kruis, sodat Hy ons nooit in ewigheid hoef te verlaat nie.

Die HERE is hier besig om seker te maak dat Ester op 'n plek kan kom waar sy later vir Hom 'n bruikbare instrument kan wees. Ons kan hier sien dat Hy altyd sy woord hou. Ons getrouheid aan Hom is nie 'n voorwaarde vir sy trou aan ons nie. Hoe wonderlik! Hoe lofwaardig!

Die HERE kan daar werk waar mense nie eers kan sien nie – in die harte van mense. Hy werk in die hart van hierdie hooggeplaaste

paleisbeampte. Vir Hegai het dit miskien gegaan oor Ester, maar vir die HERE het dit gegaan oor sy Naam, sy eer, sy belofte, sy volk.

Die meeste van die tyd kan ons ook nie die groter prentjie sien nie en ons weet nie hoe dinge sal uitdraai nie. Die alledaagse lewe kan vir baie mense uiters onseker wees, maar wanneer ons die HERE so ken, dan besef ons dat ons in Hom al die vastigheid in die wêreld het. Sy troue liefde teenoor ons sal nooit verander nie, want Hy kan nie anders wees nie. Hy is altyd getrou. Die Heilige Gees gebruik hierdie geskiedenis van Ester om ’n vertroue en ’n rustige sekerheid in ons te werk.

Sing: Psalm 100-1:1-4 (let veral op vs 4)

Ds. TJ (Tommie) van Vuuren (Heilbron)

Vrydag 6 Junie

Skrifgedeelte: Ester 2:12-23
Fokusgedeelte: Ester 2:17

Die HERE laat dit vir ons goed uitwerk

Ons kon verwag het dat die koning so baie van Ester sou gehou het, want ons is bewus van die HERE wat hier aan die werk is.

Ester is eintlik magteloos, want alles hang oënskynlik van die koning en van sy smaak af. Dit alles lyk so willekeurig, so onseker en gevaarlik. Is dit nie die lewe nie? Die Heilige Gees leer ons met hierdie geskiedenis dat ons goeie HERE altyd in beheer is en Hy bestuur ons lewens. Die meeste van die kere kan ons dit eers sien as ons terugkyk.

Ons sal goed doen om dit te onthou, want meestal voel dit vir ons asof enigiets kan gebeur, alles is willekeurig, en hoe weet ons of dinge vir ons ten goede sal uitwerk? Alles lyk so onseker, so asof dit besig is om in die verkeerde rigting te loop. Ja, vir die mense wat nie ons HERE as God het nie, is dinge onseker en onvas.

Die geskiedenis van Ester wys weer vir ons dat ons HERE absoluut

getrou is in sy goedheid aan ons. Ons as Nuwe-Testamentiese gelowiges het die voordeel dat ons die Here Jesus Christus ken as God se troue liefde.

Ons hoef nie meer bang en onseker te wees oor elke nuwe nag, of dag, of avontuur nie. Nee, ons het soveel vastigheid in ons goeie HERE dat die lewe en die toekoms vir ons vol mooi belofte is, want ons goeie en liefdevolle HERE bestuur ons lewe en ons wêreld.

Die Heilige Gees skenk aan ons rustigheid en vrede met die evangelie van ons Here Jesus Christus, daarom vind ons soveel troos en sekerheid in die openbaringsgeskiedenis van Ester. In die woorde van die apostel Paulus in Romeine 8: 28. *"Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is."*

Sing: Skrifberyming 10:1, 2, 5, 6

Ds. TJ (Tommie) van Vuuren (Heilbron)

Saterdag 7 Junie

Skrifgedeelte: Ester 5:1-8
Fokusgedeelte: Ester 5:2

Ons goeie en getroue HERE sorg vir 'n mooi uitkoms

Was dit regtig vir Ester wat die koning nie kon weerstaan nie? Ester het 'n geweldige risiko geloop toe sy na die koning toe gegaan het. Dink net wat het met Vasti gebeur, wat nie wou kom toe hy haar geroep het nie. Bevind Ester haar nie nou in presies dieselfde posisie nie?

Sommige sal dink dat die koning meer van Ester gehou het as van Vasti, omdat Ester mooier was. Nee, dit is hoe mense dit sal sien. Die verskil is die HERE. Die Heilige Gees open ons oë vir wat werklik hier aan die gang is. Die HERE maak die verskil in die lewens van sy gelowige kinders en Hy kan ook sy gelowige kinders gebruik soos Hy dit goedvind.

Die HERE het van die begin af geweet hoekom Hy Ester hier in die koninklike paleis gevestig het. Dit was nie Ester wat so beeldskoon en oorweldigend was dat die koning haar nie kon weerstaan nie. Sy was dit wel, maar die HERE het haar gemaak wat sy is en Hy gebruik haar as die instrument in sy hand, waarmee Hy goed doen.

As die HERE harte kan verhard soos die van die Farao, dan kan Hy sekerlik later ook die hart van ’n ander heidense koning versag teenoor Ester. Ester het dit so gesien en daarom het sy nie sonder voorbereiding in die troonsaal van die koning ingestorm nie, maar sy het gevra vir biddende voorbereiding van drie dae en nagte(4:16).

Hiermee het sy duidelik erken dat dit net ’n wonderwerk sal wees, die eie werk van die HERE as sy nie doodgemaak word nie. Hier kan ons ook by Ester leer. Sekerlik was sy mooigemaak, soos nog nooit tevore nie, maar haar geestelike voorbereiding was die heel belangrikste.

Die HERE is goed vir sy kinders wat op Hom vertrou. Hy stel ons nooit teleur nie. Hiervan is die koms van ons Here Jesus en die inwonende Heilige Gees die duidelikste bewys. Wie beter om te vertrou en jou lewe op te bou as ons goeie en getroue HERE.

Sing: Psalm 136-1:1, 13, 18

Ds. TJ (Tommie) van Vuuren (Heilbron)

Sondag 8 Junie

Skrifgedeelte: Ester 6:14 – 7:6a
Fokusgedeelte: Ester 7:1-4 (AFR1983)

God voorsien ook waar ons bereid is om te dien

Dikwels sal gelowiges vassteek by die gedagte dat God se voorsienigheid ’n passiewe ding is. God voorsien en ons ontvang. Hy beweeg en ons staan stil met hande opgehef, sodat ons in ontvangs kan neem wat God aan ons gee. Tog sou mens met hierdie beredenering mis hoedat God ons juis deur sy voorsienigheid oproep tot aksie.

Ester het haar plig as koningin nie versuim nie. Sy het nie net in die weelde van die paleis verdwaal en van haar mense vergeet nie. Deur die bekende woorde van Mordegai – dat sy dalk juis met die oog op 'n tyd soos dié koningin geword het – het sy moed bymekaargeskraap om in die tempelhof in te gaan. Daar het die Here dit bewerk dat die koning só deur haar bekoor is dat hy haar lewe spaar.

Ester vra dan vir nog 'n ete en dan (met die vorige gebeure tussen Haman en Mordegai in gedagte) breek hierdie oomblik aan. Die oomblik deur God voorsien. Dit is 'n kairos-oomblik, 'n Godgegewe oomblik. Die oomblik waar Ester, Haman en die koning weer saam eet en die koning weer vir Ester vra wat haar wens is. 'n Oomblik waar die tyd só perfek reg is om die vyand van God se volk uit te wys dat die koning nie anders kan as om Haman se slinksheid in te sien nie. Alles het hierin meegewerk. Ester se bereidwilligheid om haar Here te dien, haar deel te doen en te vertrou dat die Here sal voorsien.

Moet dan nie nalaat om te doen wat jou hand vind om te doen in die koninkryk van God nie. Vertrou dat die Here ook hierin nie sy voorsienende hand sal onttrek nie. Gryp elke Godgegewe oomblik in diens van Hom aan!

Sing: Skrifberyming 2-2:2

Ds. D (Dirk) Kotzee (Pretoria-Alkantrant)

Maandag 9 Junie

Skrifgedeelte: Ester 8:3-17
Fokusgedeelte: Ester 8:10

God verander die onmoontlike na die moontlike

Haman, die skurk, is ontbloot en het aan die pen gery. Sy bose plan bly egter nog staan, dit kan nie herroep word nie. 'n Koninklike proklamasie kan nie herroep word nie. Is daar dan nou geen uitkoms nie? Ester moet weer haar lewe waag om die koning te spreek.

Die koning luister; anders as met Haman, tree Ahasveros nie op nie, maar gee vir Ester en Mordegai die volmag om namens hom op te

tree. Blitsig moet daar ’n plan gemaak word en briewe geskryf word. Baie wysheid is nodig om te verhoed dat die volk uitgeroei word. Hulle kan nie die bevel van die koning omkeer nie. Dit lyk onmoontlik om die Jode te red, maar dan maak die Here dit moontlik: hulle kan briewe uitstuur dat die Jode hulleself mag verdedig – hulle mag selfs hulle aanvallers se eiendom oorneem. Een oomblik sou die Jode uitgeroei gewees het – nou staan hulle gereed om hulle vyande te kan wreek en selfs hulle vyande se vroue en kinders doodmaak.

Maar, gaan hulle nou te ver? Is dit nie genoeg om hulleself net te verdedig nie? Hier gee God nie net die uitkoms nie, maar word die vyande van God se volk ook gewreek. Die Here tree op teen sy vyande: “Hy sal sy haters ver en wyd laat wegvlug voor sy oë.” En dan is daar ’n onverwagse wending: baie mense uit ander volksgroepe het Jode geword, die Jode wat vernietig word, word nou vermeerder!

So kan ons donkerste omstandighede deur die Here verander word en self vir ons tot seën wees. Die Here se Naam word verheerlik, sy volk word vergroot – en dit uit wat aanvanklik ’n tragedie sou wees!

Sing: Psalm 68-1:1, 2

Ds. ID de V (Danie) Potgieter (Rietvallei)

Dinsdag 10 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 23
Fokusgedeelte: Psalm 23:1 (AFR83/AFR2020)

Fokus op voorsienigheid

Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Wat ’n heerlike belydenis! Maar is dit regtig hoe ons voel? Ons kom tog baie dinge kort in die lewe, ons soek meer tyd, meer geld, meer gesondheid, meer geleenthede vir ons kinders ...

Jesus die Goeie Herder leer ons: “Soek eers die koninkryk van God ...” Wie Jesus het, het alles. Alles wat goed is. Hy is die vervulling van Psalm 23. Hy is die genoegsaamheid van God vir ons. Hy is ons rus en ons oorvloed.

Die Here is die bron van alles wat goed is. Hy is die vader van lig (vgl. Jak. 1:17). Daarom kom ons niks kort nie. Die Here weet hoeveel hare op ons kop is. Hy weet wat ons nodig het. En hy sal nie vir ons klippe gee as ons vir brood vra nie.

Dat God voorsien, beteken nie dat ek nie ’n goeie rentmeester moet wees nie. Dit beteken ook nie dat ek nie met wysheid moet beplan vir die toekoms nie. Maar dit beteken dat ek sal besef: Ek kan myself nie red nie. Dit beteken dat ek leer om te leef in afhanklikheid van die Here.

Ken Hom in al jou weë – dan sal Hy jou paaie gelyk maak. Leef in die gawe van sy lewe. Leef volkome toegewy aan Hom. Hy sal sorg. Hy sal ons nie vergeet nie, nie verlaat nie.

Deuteronomium 31:6: *“Hou moed en wees dapper! Moenie bang wees nie, moenie vir hulle skrik nie, want die Here julle God gaan saam met julle. Hy sal julle nie in die steek laat nie, julle nie alleen laat nie.”*

Sing: Psalm 90-1:1, 9

Ds. WM (Willem) van der Waal (Linden)

Woensdag 11 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 44
Fokusgedeelte: Psalm 44:7-8, 27(AFR83/AFR2020)

Fokus op vertroue

“Op my boog vertrou ek nie en my swaard sal my die oorwinning nie gee nie, want dit is U wat ons die oorwinning oor ons teëstanders gegee het en ons vyande die aftog laat blaas het … Kom ons tog te hulp en bevry ons, dat so u troue liefde blyk.” Om God te vertrou met alles wat ons het en is, klink goed en maklik genoeg. Maar die ware toets daarvan lê eerder in die moeilike tye van ons lewe. Dit is die tye waar ons regtig besef ons het die Here nodig. Dit is hierdie tye wat ons leer dat alles wat ons het, en alles wat ons is, onvoldoende is.

Ons rykdom kan ons nie red nie. Ons armoede kan nie ons identiteit wees nie. Ons gebrokenheid en die van ander het nie die laaste sê in ons lewe nie. Nee, die Here het die eerste en die laaste sê! Hy is die Alfa en die Omega.

Meer as suurstof, meer as elektrisiteit, meer as water en kos het ons die Here nodig. Ons het sy trou en sy goedheid nodig om Hom te verheerlik. Daarom het ons nodig om vanuit sy volmaakte oorwinning te leef. Dit is die oorwinning van die kruis oor die sonde, van die oop graf oor die dood, van God se lig oor elke vorm van duisternis.

Sy oorwinning beteken nie dat dit altyd goed gaan nie, dink maar aan die vervolgde kerk. Maar sy oorwinning beteken hy is GENOEG vir ons in alle omstandighede.

Moenie op jou eie kragte vertrou nie. Vertrou op sy liefde – niks kan jou van sy liefde skei nie.

Sing: Psalm 34-1:1, 2

Ds. WM (Willem) van der Waal (Linden)

Donderdag 12 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 68
Fokusgedeelte: Psalm 68:6-7a (AFR83/AFR2020)

Fokus op weerloosheid

“n Vader vir weeskinders en ’n beskermer van die reg van weduwees is God in sy heilige woning. God laat eensames in ’n huisgesin woon en lei gevangenes uit na vryheid …”

Die Here is die beskermheer van weerlose en hulpelose mense. Hy tree in die ruimtes in waaroor ons maar net verleë kan wees. Hy sorg vir die wat op Hom vertrou. Hy beskerm die wat na Hom toe gaan.

Hoe jammer is dit dat mense die Here se Woord gebruik om weg te kruip vir hulle eie weerloosheid. Hoe jammer dat mense geloof en godsdiens gebruik om mensgemaakte koninkryke op te rig.

Voor God het niemand iets om op te roem nie. Gelukkig is die wat weet hoe afhanklik hulle van die Here is. Dit is die weeskind, die weduwee, die eensames en die gevangenes.

Sien, dit is juis in ons weerloosheid wat sy krag duidelik word. *"My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is ..."*

Adam en Eva moes hulle saamgeflanste vyeblare vir die Here gee sodat hy hulle kon beklee, kon bedek. So is dit ook met ons, ons moet ontwapen word by die kruis – sodat ons beklee kan wees met Jesus.

Wat staan in die pad van my eie weerloosheid? Waarmee verskans ek my lewe? Waarin soek ek troos? My enigste troos is Hy! En daarvoor moet ek leer om hom te vertrou met al my suksesse en al my foute. Alles gaan oor Hom.

Dit is die krag van God om ons weerloosheid met genade te ontmoet. Maar wie hoogmoedig is, sal Hy verneder. Mag ons leer om die Here te vertrou met ons weerloosheid.

Sing: Psalm 18-1:1 (Twee maal)

Ds. WM (Willem) van der Waal (Linden)

Vrydag 13 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 85 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Psalm 85:7-8

Here, wil U ons nie maar weer lewend maak nie?!

Het jy dit ook al beleef … hoedat jy juigend getuig van die Here se wonderlike verlossing in jou lewe, sekerheid van sy genade, sy vergewing van jou sonde, belewing van sy deernisvolle sorg en nabyheid, uitsig op 'n nuwe lewe en toekoms wat soos 'n ligstreep voor jou lê?

Dit is, egter, dikwels 'n getuienis oor gister ... oor die verlede! Vandag, in die hede, lyk dit dikwels heeltemal anders! So het die posisie van sy volk weer versleg. Hulle beleef weer die Here se toorn, sy heilige

woede en (op die minste) “afsydigheid” in hulle moeilike omstandighede. Waarskynlik word hier verwys na hulle situasie nádat die Here hulle uit ballingskap bevry het.

Daarom die pleitgebed: *Here, laat ons weer u troue liefde ervaar, u verlossing – skenk dit aan ons* (vs 8)! ’n Gebed wat wemel van God se verbondstrou aan sy volk! Dit is waarvoor hulle pleit én op grond waarvan hulle pleit. Hierdie verlossing is alleen moontlik deur God se troue liefde, sy verbondsgenade!

Ons kan vir seker weet, juis dáárom, dat sy verlossing beslis naby is vir wie ontsag vir Hom het! En dit, om sy troue liefde in die geloof te omhels, vra niks minder nie as ’n lewend-máák van onsself, deur sy Gees (vs 7).

Troue liefde en waarheid ontmoet mekaar; geregtigheid en vrede omhels mekaar – uiteindelik in Jesus Christus. In Hom het God se heerlikheid, sy genade en waarheid, deurgebreek op aarde (Joh. 1:14). Hy het aan die kruis gesterf om ons sonde wat God se toorn opwek, (weg) te dra. Wat meer is: God het Hom uit die dood opgewek om geregtigheid en vrede vir ons te laat kom – hier op aarde! ’n Nuwe, volle lewe onder die seënende hande van God!

Wanneer jou hede mistroostig en godverlate voel, bid hierdie bede ... en luister na wat God sê, in en deur die Woord wat mens geword het! En wag juigend-gelowig op die vrede wat sy Woord bring.

Sing: Psalm 98-1:1

Ds. HC (Charl) van Rooy (Randburg)

Saterdag 14 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 89 (AFR83)
Fokusgedeelte: Psalm 89:33-34 (AFR2020)

Die onvergelyklike Here bly getrou aan sy verbondsbeloftes … selfs ten spyte van sy straf!

Die digter is hier in ’n denkbeeldige tweegesprek met die Here gewikkel – iets wat ek en jy dalk ook doen in die worsteltye van ons lewe. Dit begin met ’n lofsang … en hy het soveel rede om die Here te loof – vir sy troue liefde wat Hy vir sy volk koester en wat onverbreeklik sal bly bestaan in die hemel en op die aarde. Hy loof die Here vir sy verbond wat Hy met sy dienaar Dawid gesluit het en daarmee ’n ewige koningskap aan sy huis beloof het. Hy loof die Here vir sy wondermag wat Hom bó alle wesens in die hemel en op die aarde stel. Daar is niemand soos Hy nie! Drie maal word sy onvergelyklikheid besing: die hemelwesens vrees Hom, Hy word Here, almagtige God, genoem en Hy het absolute gesag selfs oor opstandige wêreldvolke (ontstuimige see) en oor die bose chaosmagte wat deur hulle heidense buurvolke aangehang en aanbid word.

Die Psalmdigter vind oorweldigende vreugde in die Here se beloftes oor Dawid, sy gesalfde koning wat onoorwinlik sal regeer, die volk se vyande sal verpletter, sy volk sal beskerm en sy magsgebied al verder sal uitbrei! *U, Here, het dit self oor u troue dienaar gesê ...* (vs 20).

Maar dan ... voel dit vir hom asof die Here sy verbondstrou van hulle weggeneem het, die koningslyn van Dawid tot niet gemaak het en sy verbondsvolk verlaat het. Dit is moontlik ’n verwysing na die pyn en verndering wat die volk tydens ballingskap verduur het – as straf op hulle voortdurende ongehoorsaamheid! Wat nou van sy verbondstrou, vra ek en jy, óók as ons sonde diep wonde in ons gees en liggaam slaan?

Wat doen die Psalmdigter onder sulke omstandighede? Hy neem die Here op sy Woord, die Here wat sê: *Maar my troue liefde sal Ek nie aan hom onttrek nie, en Ek sal nie my trou verloën nie* (vs 34).

Die feit is, sy verbondstrou bring straf as ons ontrou aan sy

verbond geword het en aan Hom ongehoorsaam is, maar tog is dit onverbreekbaar. En dit is só, omdat sy onverbreekbare verbondstrou werklikheid geword het in Jesus Christus, uit die geslag van koning Dawid. Hy is verwerp en geslaan om vir die sonde te betaal van elkeen wat biddend voor Hom staan en vra: *Here, wees my, sondaar, genadig ...*

Sing: Psalm 89-2:1, 5

Ds. HC (Charl) van Rooy (Randburg)

Sondag 15 Junie

Skrifgedeelte Psalm 90 (AFR83)
Fokusgedeelte: Psalm 90:12, 14, 17 (AFR2020)

Uitgelewer aan tyd en tog oorgelewer aan ons ewige God!

Ons voel onsself dikwels uitgelewer aan die tyd wat meedoënloos aftik na ons einde toe. Dis nou eenmaal hoe ons lewe op aarde is – verganklik, kortstondig, nietig, broos vanweë die sondigheid wat aan ons kleef. Die mens word weer stof as God praat – bloot 'n asemteug (vs 3), sy lewe soos 'n enkele wagbeurt in die nag, voordat jy jou oë uitvee ... is dit verby (vs 4), soos afgesnyde gras wat in die môre nog groen, wuiwend in die wind op die veld gestaan het ... en teen dieselfde aand is dit verlep en verdroog (vs 5). En ons kan niks daaraan doen nie!

Of kan ons? Die Psalmdigter bid: *Leer ons ons dae só gebruik dat ons wysheid bekom* (vs 12). Wysheid het niks te make met slimmigheid of boekgeleerdheid nie; wel alles met die besef dat ons hele lewe – en ons oorlewing – by God alleen lê.

En dit laat 'n soekende mens twee dinge doen: Eerstens laat dit ons bely dat die Here alleen 'n toevlug vir die verganklike mens is! Luister hoe sê die Psalmdigter: *Here, U was vir ons 'n toevlug van geslag tot geslag* (vs 1). In die naam "Here" hoor ons God as die Heerser van die hele wêreld, die Een wat mag het oor lewe en dood. Hy is die enigste toevlug ... 'n skuilplek vir die sterflike mens! My Here!

Hy is ’n God wat die nood van ons sterflikheid verstaan. Daarom het Hy sy Seun na ons “woestyn-wêreld” toe gestuur ... en Hom, ter wille van ons, aan die menslike verganklikheid prysgegee. Hy moes sterf in ons plek ... onder die toorn (oordeel) van God! Maar Hy het ook opgestaan uit die graf, en daardeur die dood oorwin en ons van die verganklikheid bevry! Deur Hom alleen kry verganklike mense weer die lewe met God en by God terug – vir ewig!

Tweedens laat wysheid ons bid: *Here, laat die dag so vir ons begin dat die res van die dag vol kan word met u troue liefde, u goedheid* (vs 14). Wysheid is om óórgelewer aan God se ewige verbondsliefde te leef te midde van die verganklikheid en sinloosheid wat die lewe bring. Om elke dag te herken as ’n geleentheid om genade by Hom te vind, en dankbaar en bewus te leef, sonder om heeltyd te smag en tob oor meer as wat ons gegun word.

Sing: Psalm 90-1:7, 9

Ds. HC (Charl) van Rooy (Randburg)

Maandag 16 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 100
Fokusgedeelte: Psalm 100:1 (AFR83/AFR2020)

Juig tot eer van die Here oral en altyd

’n Besondere opdrag wat in Psalm 100 aan ons gegee word: Loof die Here oor die ganse aarde! Almal moet juig tot eer van die Here. Die Psalm is ’n oproep om met blydskap in die Here te jubel, want *“die Here is God, Hy het ons gemaak; aan Hom behoort ons”* (vs 3). Alles en almal het Hy gemaak en behoort aan Hom. Deur die Here se verlossingsdade het Hy vir Hom ’n besondere volk gemaak en laat Hy hulle leef soos kleinvee wat wei. In Handelinge 20:28 lees ons die Here het vir Hom ’n gemeente verwerf “deur sy eie bloed”. Deur die bloed van Christus is ons gekoop vir die Here. Die lof kom Hom toe en hierdie lof word verkondig deur en in sy gemeente.

Daar waar die Here se volk saamkom, juig, dien en erken die volk God se verlossingsdade. Die volk “kom in sy teenwoordigheid”, hulle

“gaan sy poorte binne” en hulle prys Hom in “sy voorhowe”. Alles wys op die samekomste van die volk. Daar bemoedig ons mekaar en ons moedig mekaar aan om onophoudelik te juig tot eer van die Here. Ons dien ons Vader met blydskap. Wanneer die gemeente bymekaarkom om Hom te loof en sy Naam te prys, dan is ons besig om Hom te dien met blydskap.

Hierdie diens gaan van die samekomste uit en vul ons hele lewe. Die lof en blydskap duur voort, aanhoudend. Dit duur vir ewig omdat sy liefde vir ons nooit sal ophou nie. Die liefde en trou wat ons Vader vir ons het, duur van geslag tot geslag. Jubel in die Here, oral en altyd.

Sing: Psalm 100-1:1-4

Ds. J (Jaco) Cronje (Bloempark)

Dinsdag 17 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 101
Fokusgedeelte: Psalm 101:2 (AFR83/AFR2020)

Loof die Here met ’n onberispelike lewe

In Psalm 101 besing ’n koning die troue liefde en regspraak van die Here. Hy jubel oor die Here. Op grond van die troue liefde wil die koning homself ook toespits om getrou te leef wanneer hy die volk regeer en wanneer hy reg laat geskied. Hy wil onberispelik leef voor die Here.

Om so te leef, is die grondslag van ons alledaagse lewe. Ons wil opreg leef in ons huise, in die samelewing en ook wanneer ons te doen het met mense wat in ons diens aangestel is. Dit vereis ware wysheid, veral vir diegene wat in posisies van gesag aangestel is om oral en altyd die troue liefde van die Here uit te leef. Elkeen van ons het wysheid en insig nodig om op ’n koninklike wyse te optree teenoor ons medemens.

Om onberispelik op te tree, vereis dat ons in ’n hegte verhouding met die Here leef en daarvoor moet ons die Here ken en Hom liefhê. In besonder moet ons in geloof vasgryp aan die verlossingsdade van

Christus. Hy het in totaliteit opreg geleef en voldoen aan al die eise van ons Vader. Deur sy offer het Hy dit vir ons moontlik gemaak om opnuut 'n verhouding met ons Vader te hê.

Ons verhouding met die Here spoel oor in ons verhouding met ons medemens. Ons kennis en liefde vir die Here word sigbaar wanneer ons besig is met ander. Die Here is die middelpunt van ons hele bestaan. Daarom vra ons ook dat die Here ons sal bystaan en help om so op te tree dat daardie liefde na vore sal kom. Die Here is teenwoordig in ons lewe en dit word sigbaar in ons onberispelike lewe.

Sing: Psalm 25-1:2

Ds. J (Jaco) Cronje (Bloempark)

Woensdag 18 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 103
Fokusgedeelte: Psalm 103:1, 2 (AFR83/AFR2020)

Loof die Here met alles wat in jou is

Dawid loof die Here in Psalm 103 op 'n besondere manier: met sy siel. Met sy totale menswees loof hy die Here. Om met siel en alles wat binne ons is die Here te loof, is 'n gevolg van die Here se weldade. Hy vergewe ons sondeskuld. Hy genees ons siektes, Hy koop ons vry van die graf. Hy kroon ons met liefde en ontferming. Hy versadig ons begeerte met die goeie. Hy maak ons nuut.

Alles is gawes wat die Here aan ons gee in oorvloed. Hy gee krag, geregtigheid, barmhartigheid, genade. Mens het eintlik nie genoeg goeie dinge om op te noem wanneer dit kom by die Here se goedheid en liefde nie. Daarom kan ons nie ophou om in die Here te jubel nie. Hy is goed en Hy is reg. Dit is 'n gevolg van die Here se teenwoordigheid in ons lewe. Wanneer ons die hand van die Here in ons lewe kan sien en sy stem hoor, gaan ons dankbaarheid oor in hoorbare lofliedere. Wanneer die Here sy weë aan ons openbaar, ontsluit dit vir ons die weg na die ewige lewe en sy eie teenwoordigheid. Dit maak die koninkryk van God vir ons 'n werklikheid hier op aarde.

Deur die Heilige Gees kan ons sien hoe die koninkryk van God sigbaar word in ’n gebroke wêreld. Hy wys vir ons hoe ons deel in al hierdie goeie dinge deur Christus. Die Goeie Nuus is oorweldigend. Dit verander ons wanneer ons dit sien en hoor. Wanneer die Heilige Gees in ons besig is, word hierdie openbaring van God deel van ons liggaam en siel. Met liggaam en siel kan ons nie anders as om die Here te loof nie. Om dag en nag, sonder ophou, die Here te prys vir al hierdie weldade. Ons moet die Here loof sodat almal kan hoor hoe goed die Here is.

Sing: Psalm 103:1, 3

Ds. J (Jaco) Cronje (Bloempark)

Donderdag 19 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 106
Fokusgedeelte: Psalm 106:4

Verheug jou in die wete dat die Here aan jou dink!

Die skrywer van Psalm 106 bid in hierdie historiese psalm een van die mees aangrypende gebede wat die sondige mens kan bid(vs 4, 5)! *“Dink aan my, Here, in u liefde vir u volk, sluit my ook in by u redding, dat ek die voorspoed van u uitverkorenes mag aanskou en mag deel in die blydskap van u volk, my mag verheug saam met dié wat aan U behoort.”*

Daar is natuurlik menslik geproke geen geldige rede waarom God juis aan die sondige mens moet dink nie! Die geskiedenis van die voorvaders bevestig dit. Die digter verwys na die volk Israel wat in die woestyn baie gou vergeet het van die wonderbaarlike manier waardeur God hulle uit die hand van hulle haters gered het en hulle bevry het uit die mag van hulle vyand (vs 10, 21).

Hierdie grootse gebeurtenis het hulle nie in die hart geraak nie, daarom eis hulle skaamteloos meer kos en wag nie op die leiding van die Here nie (vs 12, 13). Hulle verset hulle in afguns teen Moses en Aäron, die gewyde dienaars van die Here (vs 14). Hulle versmaai die beloofde land, glo die beloftes van die Here nie, sit en mor in hulle

tente (vs 24). En so beskryf die digter die tragiese geskiedenis van die volk Israel. Talle kere het die Here sy volk gered, maar hulle het opstandig gebly en dieper in hulle sonde weggesink. *"Tog het Hy sy oë nie vir hulle nood gesluit nie; Hy het hulle smeekgebede verhoor"* (vs 43, 44).

Ons wat saam met hierdie sondige (digter) mens hierdie aangrypende gebed kan bid, ken die Here se oneindige liefde en genade! Ons onthou weer dat die Here se genadige verlossingspad loop deur die eeue heen, vir elke uitverkorene! En ten spyte van geen geldige rede dat God aan ons moet dink nie, bewys die Vader sy liefde en genade, en stuur Hy sy Redder-Seun, ons Here Jesus Christus, sodat Hy die (E)nigste rede word waarom God aan ons as nietige mense dink, sy oë vir ons nie sluit nie, en ook ons smeekgebede aanhoor! Verheug jou in Hom, nou en tot in ewigheid!

Sing: Psalm 106-1:1

Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)

Vrydag 20 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 107
Fokusgedeelte: Psalm 107:6

Roep na die Here in die dag van benoudheid!

In Psalm 107 is dit baie duidelik dat die digter van hierdie Psalm ons wil herinner aan die feit dat dilemmas, krisisse en onsekere tye regdeur die eeue al voorkom. Daar was eintlik nog altyd mense wat werklik swaarkrytye en worstelinge beleef het. Soms was hulle uitgelewer aan hulle omstandighede, en soms is hulle self daarvoor verantwoordelik.

Vier keer gebruik hy die woord "party" (vs 4, 10, 17, 23), en só klassifiseer hy hierdie mense … party was verdwaal … party was gevange in duisternis … party het dwaas opgetree, en … party is geteister deur natuursomstandighede buite hulle beheer! En telkens lees ons: in hulle nood het hulle na die Here geroep om hulp en Hy het hulle gered uit hulle ellende (vs 6, 11, 19, 28).

Hierdie noodroep na die Here is eintlik maar die geheim vir elke gelowige se lewe, want uitkoms, beterskap en redding is alleen maar in die hande van die Here! En dit maak nie saak wie of wat ek en jy is nie, en dit maak nie saak wat die omstandighede is waarin ons ons bevind nie, doelbewus of nie, die Here ken dit en Hy alleen kan ons werklik help. Ja, soms stuur Hy sy onsigbare engele, ander kere stuur Hy gewone mense, maar nooit los die Here ons verlate en verlore nie. Soms verander die Here ons in ons omstandighede om die ellende te verdra!

Ja, selfs die grootste ellende waarin die mensdom gedompel was, was nie vir die Here te groot om te hanteer nie! As Offerlam aan die kruis het Jesus Christus, ons Here, die diepste duisternis van die ewige dood ingegaan, sodat ons daarvan verlos kan wees. Die ellende en pyn wat Hy moes ly, oortref enige mens se ergste en grootste nood.

In Psalm 50 nooi die Here ons elkeen as gelowiges uit: *Roep my aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy sal my eer* (50:15). Kom ons wees verstandig, en doen dit!

Sing: Psalm 107-1:1

Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)

Saterdag 21 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 118
Fokusgedeelte: Psalm 118:14

Verwag jou hulp en redding van die regte (E)en!

Psalm 118 is baie bekend om verskeie redes. Na alle waarskynlikheid bevat dit die middelste vers in die Bybel, naamlik vers 8. En buiten dat hierdie vers 8 natuurlik ’n kragtige boodskap bevat, spreek die Psalm ook van soveel meer! Vanaf vers 22 lees ons ook woorde wat as Messiaans beskou word, omdat dit ’n direkte verwysing is na Jesus Christus in die Nuwe Testament (Matt. 21:42; Hand. 4:10, 11; 1 Pet. 2:5, 6).

Presies wat die digter se omstandighede was, is nie seker nie, maar

dat hy fisiese bedreiging ervaar het en desnoods in lewensgevaar verkeer het, is baie duidelik. Hy noem sy bedreiging "nasies" en "vyande" wat soos *"bye om hom gepak het, van alle kante af op hom afgestorm het, en deur hulle aanval hom wou platloop en sy ondergang wou bewerk".* En al sou hy ook op mense kon vertrou (vs 8), selfs hoë mense (vs 9), sou dit hom niks baat nie!

Eintlik maak dit nie saak wie die skrywer is nie, of wat sy omstandighede was nie, want hy het as ware en opregte gelowige sonder twyfel geweet van Wie sy hulp en sy krag werklik vandaan kom. Hy het geweet dat die Here sy toevlug is, hy het onthou dat die Here se liefde geen einde het nie, en hy het ervaar hoe die Here sy lewe bewaar het.

Mag ons verhouding met ons Here Jesus Christus ons geloofsoë so verhelder dat ons sy kragtige dade elke dag in hierdie lewe kan sien en beleef! En mag ons verhouding met Hom ons hoop en die vertroue so versterk dat geen uitdaging op aarde vir ons ooit te veel word nie. En mag ons sy nabyheid deur die Heilige Gees so ervaar, dat ons sy liefde, sy redding en sy heerlikheid kan besing tot in die ewige lewe!

Sing: Psalm 118-1:1

Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort

Sondag 22 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 136:1-26 (AFR33/53)
Fokusgedeelte: Psalm 136:1, 26

LOOF die HERE want Hy is goed!

Hoe ernstig neem ons die eenvoudige opdrag in hierdie psalm op? Die opdrag: LOOF die HERE! Die psalm se eerste woord is die opdrag om die HERE te loof (of prys) en die psalm eindig met dieselfde opdrag (vs 1, 26).

Om die HERE te loof en te prys, beteken nie alleen om sy Naam groot te maak met my stem en my dade nie. Die geheel van die psalm lei ons juis na die punt toe om te erken wie Hy is, wat Hy gedoen het en wat Hy steeds doen. Kortliks kan ons die psalm opdeel:

- Vers 1 – Hy is goed
- Vers 2-3 – Die HERE is God oor alle aardse magte (soos ons dit sing)
- Vers 4-9 – Hy is Skepper
- Vers 10-16 – Hy is Verlosser
- Vers 17-22 – Hy is Oorwinnaar
- Vers 23-25 – Hy is ons Redder in nood
- Vers 26 – Hy is hoog verhewe

'n Frase wat regdeur die psalm herhaal, weer en weer by elke vers na vore kom, *"want sy goedertierenheid is tot in ewigheid"*. Die 2020-vertaling: *"want vir ewig duur sy troue liefde."* Hierdie woorde wat elke keer herhaal, is die rede hoekom ons die opdrag kry om die HERE te loof. Sonder hierdie woorde sou dit onmoontlik wees om die HERE te prys.

Goedertierenheid is die HERE se genade, trou (waarheid) en liefde in sy verbond, in die verhouding wat Hy met sy kinders tot stand gebring het of opgerig het en nog steeds tot in ewigheid onderhou. Die HERE wys sy goedertierenheid baie duidelik vir ons: *"En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid"* (Joh. 1:14). Dit is ons Here Jesus Christus! Hy alleen bring ons deur sy Heilige Gees tot erkenning dat die HERE goed is. Hy, die Christus, laat ons sien Wie Hy is, wat Hy gedoen het en wat Hy steeds doen – die HERE is goed en Hy is die God van die hemel!

In Hom en deur Hom kan ons nie anders nie: LOOF die HERE, want Hy is goed! Soos ons ook deur die eeue bely, erken: "Hy is … regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is" (NGB Art 1).

Sing: Psalm 136-1:1, 3, 20

Ds. MH (Marco) le Roux (Reitz/Lindley)

Maandag 23 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 145:1-21 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Psalm 145:8, 9

Die HERE is goed, genadig en barmhartig

Hierdie psalm word ’n loflied van Dawid genoem. Dit is ’n besondere loflied. Dit is ’n alfabetiese loflied. Elke vers begin met ’n Hebreeuse alfabetletter. In die 2020-vertaling word hierdie Hebreeuse alfabet mooi aangetoon, dit is die Alef, Bet, Gimel ensovoorts, wat ons in die vertaling raaksien. Dit is ’n digvorm om onder andere daarmee te help dat die psalm maklik onthou word. Psalms is juis gedig om te sing! Psalm 145 – ’n LOFLIED …

Waaroor gaan hierdie loflied? Oor die grootheid en goedheid van die HERE en die vreugde wat dit vir die gelowige bring. Deur die geslagte word dit erken (vs 4, 5).

Wat wel opvallend is, is hier in ons fokusgedeelte. Een van die frases wat in die Ou Testament die meeste aangehaal word, is die aanhaling in vers 8*: “Genadig en barmhartig is die HERE, geduldig en groot in troue liefde.”* 1933/53-vertaling: *“groot van goedertierenheid”* (vergelyk gister se dagstukkie). Die HERE het Homself met hierdie einste woorde aan Moses openbaar op die berg (vgl. Eks. 34:6). Moses wou die HERE se heerlikheid sien, en dit is die woorde wat die HERE Self uitgeroep het. Die HERE is genadig, barmhartig, geduldig en goed. Dit alles binne sy goedertierenheid.

Ons troos is – dit is nie net op die berg met Moses of net elders in die Ou Testament waar hierdie woorde na vore kom nie. Dieselfde woorde word duidelik in die Nuwe Testament nie net uitgespreek nie, maar ook sigbaar gewys en vervul. Op ’n hoë berg verander Jesus van gedaante voor Petrus, Jakobus en Johannes (Matt. 17). Sy heerlikheid skitter! ’n Stem uit die wolk sê: *“Dit is my geliefde Seun in wie Ek ’n welbehae het. Luister na Hom!”* (Matt. 17:5).

Sien ons nog die genade, barmhartigheid, geduld en goedheid van die Here raak? Luister ons nog na Hom? Ons kan dit net raaksien deur die geloof in Jesus Christus ons Here. Dit kan ook net ons loflied

in gehoorsaamheid wees deur die kragtige werking van die Heilige Gees. Dit is ook persoonlik soos die psalm afsluit: *"My mond sal die lof van die HERE verkondig …"* (vs 21).

Sing: Psalm 145-1:1, 5, 12

Ds. MH (Marco) le Roux (Reitz/Lindley)

Dinsdag 24 Junie

Skrifgedeelte: Jesaja 62:7; 63:1-9; Romeine 5:10, 11; Openbaring 19:11-16
Fokusgedeelte: Jesaja 63:7

Die Here se troue liefde: bewys, oorvloedig, ontfermend

Daar is eers 'n magtige Soldaat wat verskyn aan die begin van Jesaja 63. Iemand wat Edom se mense verwoes. Wie is hierdie Soldaat? Die Losser wat na Sion kom om haar te verlos (Jes. 59:20). Hy vertrap die goddelose nasies. Sy bloedbevlekte klere herinner ons aan die Ruiter op die wit perd, in Openbaring 19, wie se klere met bloed deurweek is. "Sy Naam is die Woord van God" (Op. 19:13)!

Tog kom díé Soldaat nie om Jerusalem te vertrap nie, maar om haar te vestig en haar 'n loflied op aarde te maak (Jes. 62:6)! Na Jesaja se sombere boodskap van verwoesting oor Edom, praat die "wagters op die mure" van die Here se liefde vir Israel!

Ons fokusvers begin en eindig met die Here se troue liefde en dit staan in die meervoudsvorm, want die Here se liefde is altyd meervoudig, oorvloedig! Die vers vertel drie dinge rondom hierdie troue liefde van die Here:

1. Die Here het sy liefde bewys
2. Die Here se liefde is oorvloedig en
3. Die Here se liefde is ontfermend

Jesus Christus, die Losser, die Woord van God, die Ruiter op die wit perd het God se oorvloedige, ontfermende liefde ook aan jou bewys:

- Sy liefde is aan ons bewys, omdat die Here ons met Hom versoen het, deur die dood van sy Seun.
- Sy liefde is aan ons in oorvloed bewys, omdat Hy ons met Hom versoen het selfs toe ons nog sy vyande was.
- Hy ontferm Hom oor ons in sy liefde, en sal ons nie vertrap nie, maar ons in Jerusalem vestig om ’n loflied vir Hom op aarde te wees!

Sing: Skrifberyming 8:1-5

Ds. GM (Marnix) Boersema (Pretoria-Meintjeskop)

Woensdag 25 Junie

Skrifgedeelte: Jeremia 31:1-14; Johannes 15:1-8
Fokusgedeelte: Jeremia 31:12

Die Here se natgeleide tuin

Jeremia 31 lê ingebed tussen ’n paar profetiese uitsprake oor die toekoms van Israel. Die fokus is veral hulle toekomstige herstel ná ballingskap. Daar is talle “Ek sal”-uitsprake van die Here in hierdie hoofstuk, byvoorbeeld beloftes dat Hy ’n God vir Israel sal wees (31:1). Hoofstuk 31 loop dan ook uit op daardie pragtige belofte: *“... Ek sal my wet in hulle binneste gee, en dit op hulle harte skryf” (*vs 33, 34).

In hierdie lyn van beloftes belowe die Here in vers 12 dat Hy aan die volk ’n oorvloed seëninge in die land sal gee: ’n land vol koring, nuwe wyn en olie. Die Here sal hulle nie net hierdie genietinge van die land gee nie, maar Hy sal die volk self maak soos ’n “natgeleide (welbesproeide) tuin”. Soos ’n welige, groen tuin wat besproei word aan die einde van ’n bloedige warm dag waar alles afkoel en jy in die verfrissing kan ontspan!

Die beeld van ’n “natgeleide tuin” beteken die Here sal sy volk weer versterk en lewenslustig maak sodat hulle na ’n tyd van “warme wanhopigheid” verfris mag wees! Die Here maak nie van sy volk ’n dorre woestyn waarin alles en almal wegkwyn nie. Hy maak van sy volk ’n welige, lewendige, verfrissende tuin met ’n oorvloed water!

Deur die Here Jesus Christus het die Here hierdie dinge self kom doen. Sy volk is sy tuin; sy wingerd. En in hierdie tuin van Hom is die Here self die Tuinier wat die grond bewerk, water gee en aan ons snoei, sodat ons meer vrug sal dra (Joh. 15:1-8). In Christus word ons gesnoei, versterk, verfris.

Hy sal self vir jou wat lewensmoeg geword het, nuwe lewenskrag gee!

Sing: Psalm 65-1:1, 3, 7, 8

Ds. GM (Marnix) Boersema (Pretoria-Meintjeskop)

Donderdag 26 Junie

Skrifgedeelte: Daniël 1:1-21; Spreuke 16:7; Filippense 4:13
Fokusgedeelte: Daniël 1:9

Die Here maak selfs van ons vyande vriende!

Ons moet nie in hierdie wêreld verwag dat almal ons geloof en godsdienstige praktyke sal respekteer nie. Inteendeel. Jesus sê 'n realistiese verwagting is dat hierdie wêreld ons sal haat (Joh. 15). Dit beteken dat ons as Christen dikwels heldhaftig en wys moet optree wanneer ons geloof en ons waardes bots met díé van die wêreld. Kyk maar na Daniël.

Daniël word weggevoer en bevind homself in 'n land en tussen mense wat nie begrip het of verdraagsaam is teenoor sy geloof en godsdiens nie. Hulle is bereid om nuwe name te ontvang, nuwe klere te dra, aan 'n nuwe koning te antwoord. Tog kan hulle nie die koning se dieet volg en sy kos eet nie (Dan. 1:8).

Ten diepste is die tafel en die kos van die koning 'n simbool van afhanklikheid. Om "uit die hand van die koning" te eet, is eintlik 'n simboliese getuienis dat die koning vir jou die Groot Versorger is en dat jou lewe aan hom te danke is. So ver kan Daniël nie gaan nie. Daniël aanvaar dat hulle nou gehoorsaam die nuwe koning moet eerbiedig, maar God is nog steeds die hoogste Koning, die Groot Versorger, die Rede vir hulle lewe en behoud! Daniël moet sy vryheid behou om in getroue aanbidding sy hoogste diens en plig aan die Here uit te voer!

Dit was sekerlik nie maklik vir Daniël om hierdie besluit te maak nie. Hy het sekerlik gewonder hoe die toesighouer en die koning sou optree as hulle van sy versoek hoor! Tog gee die Here die krag sodat Daniël hulle voorneme bekend kon maak. Wonder bo wonder sorg die Here dat die toesighouer goedgesind en ontfermend teenoor hulle was!

Ons moet maar net gehoorsaam wees aan die Here en Hy sal handel met ons vyande. As ons in Godvresende gehoorsaamheid optree, mag ons verwag dat die Here wonder bo wonder die pad sal oopmaak en selfs van ons vyande vriende maak!

Mag die Here jou vandag die krag gee (Fil. 4:13) om in getroue aanbidding jou hoogste roeping teenoor die Here na te kom. Moenie mense vrees nie, vrees die Here.

Sing: Psalm 25-1:3

Ds. GM (Marnix) Boersema (Pretoria-Meintjeskop)

Vrydag 27 Junie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:1-11
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:1, 2

Volhardende vashou aan die volle waarheid van die evangelie

By die lees van hierdie woorde: “tevergeefs tot geloof gekom”, ontloop ’n mens nie vrae wat gevra sou kon word nie. Is dit moontlik? Wanneer is “ja” die antwoord hierop en wanneer “nee”?

Paulus het te hore gekom dat in Korinte sekere persone was wat die opstanding van die dooies verloën het. Hierop het hy met die fokusverse ter inleiding ingegaan. Die Korintiërs is op die volle waarheid van die evangelie gewys, soos dit aan hulle verkondig is toe hy 18 maande daar gearbei het (Hand. 18:1-18). Die evangelie – as krag van God tot redding (1 Kor. 1:18) – is aan hulle verkondig. Die volle waarheid is: Jesus Christus, wat gekruisig is, is uit die dood opgewek. Dit is die grondslag waarop hulle hul lewe as gelowiges gevestig het, waar hulle die volle waarheid van die evangelie gelowig aangeneem het.

Is dit moontlik dat hulle tevergeefs tot geloof gekom het? Ja … as nie volhardend aan die volle waarheid van die evangelie vasgehou word nie. As geen opstanding uit die dood aan die evangelie toegevoeg word, of as die opstanding weggelaat word, lewer die geloof geen vrug van redding nie. Wie sy vertroue in ’n evangelie sonder opstanding stel, het tevergeefs tot geloof gekom. Sonder geloof in die opstanding van Christus is gelowige wees nie moontlik nie.

Wie nié aan iets anders as die volle waarheid van die evangelie vashou nie, glo nié tevergeefs nie. Die volle waarheid van die evangelie is immers nie deur ’n mens bedink nie, maar deur God geskenk waar Hy daardeur roep en red. Die volle waarheid is dat die Gees jou deur volhardende verdieping in die Woord van die volle waarheid van jou redding deur Christus verseker. Daarom pas dit by die lewe van hulle wat in die volle waarheid van die evangelie gevestig is, om hiervolgens te lewe: *“Maar ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus”* (1 Kor. 15:57).

Sing: Psalm 71-1:14

Ds. EJ (Eddie) Tiemensma (Emeritus)

Saterdag 28 Junie

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:12-20
Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:12

Christus roep en rus toe

God se genade maak van jou ’n leier. Paulus praat met Timoteus, ’n jong man wat nou leiding moet gee. Twyfel kan baie maklik van ’n mens besit neem: Is ek reg vir hierdie roeping? Is ek nie te jonk nie? Sal ek getrou bly?

Paulus gebruik homself as voorbeeld van God se genade. Jou roeping is nie afhanklik van hoe goed jy is en wat jy alles op jou CV kan skryf nie, maar waartoe God jou roep en deur sy genade in staat stel om hierdie roeping uit te voer. As Paulus aan sy verlede dink, is dit nie ’n goeie getuigskrif nie. Hy het Jesus regstreeks in sy hoogheid aangetas, Hom belaster en beledig. Hy noem homself

die grootste sondaar (vs 16). Daarom sy diep dankbaarheid teenoor Jesus Christus wat hom nou roep om leier onder Christene te wees. Alles op grond daarvan dat Jesus Christus in die wêreld gekom het om sondaars te verlos.

God gebruik verloste sondaars. Wanneer God in sy lewe inkom en hy besef Wie hierdie Jesus Christus is wat hy vervolg en wie hy vir Jesus is, dan is daar die gewilligheid om te dien: Here, wat wil U hê moet ek doen? En wanneer daar gewilligheid is, oorlaai God met krag (vs 12), geloof (vs 14) en liefde (vs 14) en alles wat jy nodig het om God in jou leierskap te verheerlik (vs 17).

Wees dankbaar teenoor Jesus Christus wat jou geroep het en in sy genade daagliks toerus met krag, geloof en liefde vir hierdie roeping. Onthou, sy eer is op die spel.

Sing: Skrifberyming 15-1:1, 2 ,3

Dr TC (Theuns) de Klerk (Emeritus)

Sondag 29 Junie

Skrifgedeelte: Titus 2:11 – 3:11
Fokusgedeelte: Titus 2:11; 3:4

Deur God se genade 'n nuwe verlede, 'n nuwe toekoms en daarom 'n nuwe hede

Hoe lyk die hede as ons terugkyk na die geboorte van Jesus? Alhoewel Titus die Kretense se optrede in die verlede tyd beskryf, voel ons dikwels skuldig as ons woorde soos "ongehoorsaam", "begeertes", "singenot", "kwaadwilligheid" en "haatlik" lees (Tit. 3:3). In ons lewens hoort die beskrywing nie heeltemal tot die verlede tyd nie. God se genade wat verlossing bring, het egter verskyn. Deur ons Verlosser, Jesus Christus, kry ons 'n nuwe verlede. Daarom kan ons, ten spyte van ons sonde, ook in die verlede tyd praat: Hy het ons rein gemaak (Tit. 2:14). Hy het ons verlos en Hy het ons sonde afgewas (Tit. 3:5). Ons is deur sy genade vrygespreek (Tit. 3:7). Ons, erfgename van die ewige lewe (Tit. 3:7), sien uit na die gelukkige dag wat ons verwag (Tit. 2:13).

Kyk ons na die hede soos wat ons dit beleef, wonder ons soms of daar ’n toekoms is. Die verskyning van ons Verlosser beteken dat Jesus na ons toe kom. Dit is toekoms. Vanuit ons nuwe verlede, met ons uitsien na die toekoms, beteken die genade van verlossing dat ons in die hede reg lewe. Ons is gereinig, verlos, vrygespreek tot geloof in God met die doel om die goeie te doen (Tit. 3:8). Dit beteken dat ons die sondige gedrag afsterwe, om in ons lewe vir ander nuttig en goed te wees. Die goeie kom na vore in ons werkverhoudings (Tit. 2:9), ons gehoorsaamheid aan die owerheid (Tit. 3:1) en bedagsaamheid teenoor alle mense (Tit. 3:2).

Deur die goedheid van God het ons ’n nuwe verlede, ’n nuwe toekoms en daarom ’n nuwe lewe in die hede. Omdat God ewig is, is sy goedheid ewig.

Sing: Psalm 118-1:14

Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)

Maandag 30 Junie

Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:1-10
Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:1-5, 9, 10

Jy is ’n lewende steen!

God roep uit die duisternis tot die lig deur die kosbare bloed van Christus (1:19). Hy skenk die wedergeboorte in die hart en lewe van sy kinders (1:23). Wat vra God van jou as wedergebore kind van Hom? Lewe elke dag soos sy verloste kind! Leef jou roeping as Christen met krag en oortuiging uit in tye waar alles in ons land so hooploos lyk!

Petrus beklemtoon eers ’n baie belangrike aspek van hierdie roeping: Begin by jouself en hou op met elke vorm van kwaad, alle bedrog, huigelary, jaloesie en kwaadpratery (2:1). Dit is ’n oproep tot bekering. Breek met die sondige praktyke in jou lewe, want alleen so kan jy jou lig laat skyn in ’n hooplose wêreld. Die positiewe eis is: Voed jou met die melk van die Woord. Verlang daarna soos ’n pasgebore babatjie na die ware, onvervalste moedersmelk … en kom na Jesus

Christus toe, die Lewende Steen wat deur die mense afgekeur is. “Kom na Hom toe …” (2:4) en laat julle as lewende stene opbou tot ’n geestelike huis (2:5). Hy het jou as lewende steen in sy ewige Godsgebou “ingemessel”. Twee dinge is belangrik:

- Dank die Here elke dag dat Hy jou met sy kosbare bloed verlos het uit jou sinlose en sondige bestaan. Jy is nou deel van sy koninklike priesterdom en jy is afgesonder as sy eiendomsvolk. Jy is ’n lewende steen in sy huis waarvan Hy die hoeksteen is, die belangrikste steen waarop die hele gebou rus.
- Verkondig hierdie wonder, die evangelie van verlossing deur Jesus Christus (2:9), aan ’n hooplose wêreld en lewe as ’n hoopvolle, heilige priesterdom in ’n hooplose wêreld! Laat jou lig as ’n lewende steen van Jesus Christus helder skyn! Ons koerslose land het ’n diep behoefte hieraan!

Sing: Skrifberyming 5-3:4, 5

Ds. PJ (Pieter) van der Walt (Emeritus)

KWARTAAL 3 – JULIE

TEMA: JUBEL IN DIE HERE, WANT SY ALMAG WORD GESIEN IN DIE SKEPPING (Psalm 33:6-9)

Die almag van die HERE geopenbaar in die werking van sy Woord en sy Gees: alles wat tot bestaan geroep is, word tot bestaan gebring deur die "Gees van sy mond".

Dinsdag 1 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 33:6-9
Fokusgedeelte: Psalm 33:6, 9

As God die heelal kon maak ...

Sterrestelsels is uitgestrekte stelsels van stof, gas, donker materie en enigiets van 'n miljoen tot 'n triljoen sterre wat deur swaartekrag bymekaar gehou word. Hoe dieper in die heelal ingekyk word met kragtige teleskope, hoe meer sterrestelsels word waargeneem. Een 2016-studie het beraam dat die waarneembare heelal twee triljoen – of twee miljoen miljoen – sterrestelsels bevat! Sommige van daardie verre stelsels is soortgelyk aan ons eie Melkwegsterrestelsel, terwyl ander heeltemal anders is!

En nou getuig Psalm 33 dat God Drie-Enig dit alles kunstig gemaak het deur net te praat! God het met gesag met die duisternis gepraat en gesê laat daar lig wees, en dit was so! Hy het net beveel dat daar sterre in die sterrestelsels moet wees, en miljoene sterrestelsels het gevorm, elkeen met miljoene sterre in! Dis so groot dat ons mense met ons beste teleskope nog nie eers die einde kan sien nie! God het net gepraat en al die planete het gevorm! As mens dink dat God dit alles kon maak net deur 'n paar woorde te sê, dan kan ons net tot een gevolgtrekking kom: Ons God Drie-Enig is nog baie meer almagtig as wat ons dink! Ons God – Vader, Seun en Heilige Gees – is nog baie groter en kragtiger as wat ons klein menslike verstandjies kan bedink!

Lyk jou probleme soms vir jou te groot? Voel dit partykeer vir jou of jou gemeente of ons kerkverband se uitdagings te moeilik is? Onthou, dit is nie vir God te groot of te moeilik nie. As Hy miljoene sterrestelsels met miljoene sterre in elkeen kon maak deur net te praat, dan is jou probleme en uitdaging nie vir Hom te groot of te moeilik nie. Gee dit

vir God, en vertrou Hom daarmee. In sy groot almagtige hande is dit in goeie hande. Kom ons jubel oor die almag van ons God!

Sing: Psalm 33-1:3

Ds. LM (Marcel)Floor (Wapadrant)

Woensdag 2 Julie

Skrifgedeelte: Genesis 1
Fokusgedeelte: Genesis 1:31

Ons planeet verstom!

Gister het ons iets van God Drie-Enig se almag ontdek in die grootse heelal – die miljoene sterrestelsels en planete wat ons verstand te bowe gaan. Maar ook hoe meer ons ons eie planeet ontdek, hoe meer staan ons verstom! Want elke voëltjie en insek met die fynste detail en mooiste kleure vertel van God Drie-Enig se almag. Elke blom en elke blaartjie en elke bos sing ’n loflied oor die grootheid van ons God! Elke koraalrif, elke visspesie met die interessantste vorms en kleure, en ook elke soogdier wat die oseane deurkruis, getuig van die kreatiwiteit van ons Skepper! En hoe meer ons mensies verstaan van ekosisteme, en hoe intelligent en kreatief elke ekosisteem ontwerp en gemaak is, en hoe elke deeltjie daarvan ’n noodsaaklike rol speel, hoe meer staan ons verstom oor ons groot Skepper wat dit alles in sy almag so kunstig gemaak het! En wat nog meer is: Ons almagtige Skepper het dit nie net alles gemaak en so gelos nie, maar Hy is tot vandag toe en tot in ewigheid by sy skepping betrokke! Tot vandag toe sorg God vir sy skepping en regeer Hy oor sy skepping, dat niks in die heelal toevallig gebeur nie, ook nie op ons planeet aarde nie! Ons Here sorg só vir alles, en Hy is só in beheer van alles dat daar nie eers ’n mossie op die grond sal val as dit nie sy wil is nie, ja nie eens ’n haar van een van ons se koppe nie. Daarom is dit goed om van tyd tot tyd in die skepping te kom en stil te word en mooi te kyk en fyn te luister. Die almag van ons Here wat orals wys, sal jou laat jubel!

Sing: Psalm 8-1:1, 3, 4

Ds. LM (Marcel) Floor (Wapadrant)

Donderdag 3 Julie

Skrifgedeelte: Johannes 1:1-5
Fokusgedeelte: Johannes 1:3

Jy is ook deur Jesus geskep!

Anders as die ander drie Evangelies, begin die Johannes-Evangelie al reeds voor die skepping. Reeds van die begin af was Jesus – die Woord – daar, en Hy was van altyd af God, en Hy was van altyd af in die mees volmaakte verhouding met God. Jesus word die "Woord" genoem, omdat God Homself deur Jesus aan ons bekendmaak. En die eerste manier hoe God deur Jesus Homself aan mense bekendgemaak het, is toe God alles deur Jesus geskep het (Joh. 1:3; 1 Kor. 8:6; Kol. 1:16; Heb. 1:2). Mense kon dus van die begin af al God leer ken deur die skeppingswerk van Jesus! Die woord in die oorspronklike taal dui aan dat selfs alles wat vandag bestaan, en nog gaan bestaan, bestaan deur Jesus! (vgl. Kol. 1:16). En hoe wonderlik maak sy skeppingswerk God aan ons bekend, veral God se almag, waaroor ons so jubel hierdie maand!

En uiteindelik op die tyd wat God vasgestel het, het Jesus – die Woord – mens geword, en onder ons kom woon (Joh. 1:14). Hier op aarde het Jesus God nog baie duideliker aan mense bekendgemaak. Jesus het God die heel duidelikste bekendgemaak aan die kruis en deur sy opstanding! Daar sien jy God se hart en God se genade die heel duidelikste vir sondaarmense wat dit nie verdien nie. En deur Jesus se kruis en opstanding word jou herskepping ook moontlik! Want deur Jesus se kruis kan jou ou mens al hoe meer doodgaan, en deur sy opstanding kan jou nuwe mens al hoe meer opstaan!

So maak Jesus God aan ons bekend, nie net as almagtige Skepper nie, maar ook as liefdevolle Herskepper! En daaroor sal ek jubel!

Sing: Psalm 19-1:1, 2

Ds. LM (Marcel) Floor (Wapadrant)

Vrydag 4 Julie

Skrifgedeelte: Genesis 2:4-24
Fokusgedeelte: Genesis 2:4-5

Jubel in die Here, want sy almag word gesien in die skepping

Daar is so baie waaraan ek en jy niks kan doen nie. Ons wil soms goed wees vir ’n geliefde, maar ons het nie die vermoë om hulle pyn weg te neem of om hulle omstandighede te verander nie. Dan staan ’n mens magteloos, soos soveel ander kere.

Maar God is almagtig! Ons sien sy almag so duidelik in die skepping. Eers was daar niks, en toe skep God dit wat is. God is lewe, en Hy bring lewe voor in sy skepping. In die diversiteit van die skepping sien ons dat die skepsels ook lewe voortbring: bome maak nog bome, diere, voëls en visse bring nog lewe van dieselfde soort voort.

Laat ons jubel; laat ons met vreugde hardop sing oor God se almag! Die hele skepping moet ons herinner aan God se almag! God het alles geskep, en Hy het ook die middele gegee om sy skepsels te onderhou. Hy gee riviere sodat mens en dier water het om te drink, en Hy gee reën om die plante te versorg. Hy sorg vir kos vir mens en dier deur die bome en plante.

Laat ons jubel; laat ons met vreugde sing oor God se almag! God skep, God gee die middele vir die skepsels se onderhoud, maar God bly ook betrokke in sy skepping. Hy regeer en versorg asof met sy eie hand. God ons Vader is so betrokke dat Hy sy Seun mens (’n skepsel) laat word, sodat Jesus ons herskep en lewe in dooie harte bring deur die Heilige Gees. Almal wat deur Jesus tot kinders van God aangeneem is, mag seker wees dat ons Vader ons sal versorg. Ons kan in teëspoed geduldig wees en in voorspoed dankbaar wees, want ons almagtige Vader versorg ons!

Laat ons jubelend met vreugde sing oor God se almag!

Sing: Psalm 8-1:1, 3, 4

Ds. PJ (Peter) Hattingh (Vanderbijlpark Trinitas)

Saterdag 5 Julie

Skrifgedeelte: Genesis 7:1-24
Fokusgedeelte: Genesis 7:4

Jubel in die Here, want Hy regeer oor die skepping

Olifante, renosters en seekoeie, volstruise, arende en poue, luiperds, leeus en selfs die veldmuis gehoorsaam die Skepper en daag op by die ark.

Hoe onbegryplik groot is ons Here se almag dat Hy só kragtig regeer oor sy skepping? Manlik en vroulik van elke soort dier en voël, volgens die getal wat God vir hulle bepaal het, daag op sodat God deur hulle al die soorte op die hele aarde aan die lewe te laat bly. Dit is ’n magsvertoning van die Koning sodat niemand kan twyfel dat Hy waarlik regeer nie.

Tog is die magsvertoning nie afgehandel nie, want Hy gaan ook sy mag oor die nie-lewende deel van die skepping wys. God sê vooruit wanneer die reën sal begin, en presies hoe lank dit gaan reën. Dan doen God ook presies dit: sewe dae later begin die reën, en dit reën vir 40 dae en nagte soos God gesê het. Ook die fonteine van die groot waters gaan oop. Die vloed is so oortreffend dat dit nie aan toeval toegeskryf kan word nie. Die waters het immers selfs die berge bedek; sewe meter bo die berge was die water.

Ons kan alleen jubel in die Here, want Hy regeer oor die skepping. Hy bewaar alles in die ark, en wis alles en almal anders uit. God se heerskappy oor die skepping is onbetwisbaar. Ons sien dat ons Here regverdig die sonde uitwis, en barmhartig ook lewe bewaar. 1 Petrus 3:20-21 sê vir ons dat hierdie vloedwaters vorentoe gewys het na die doop waardeur ons gered is; die doop wat teken is van die afwassing van sondes deur Jesus Christus wat gesterf het en opgestaan het uit die dood. So wys God dat Hy werklik regeer oor die ganse skepping. Laat ons jubel in die Here.

Sing: Psalm 98-1:1, 2

Ds. PJ (Peter) Hattingh (Vanderbijlpark Trinitas)

Sondag 6 Julie

Skrifgedeelte: Genesis 8:1-22
Fokusgedeelte: Genesis 8:13

Jubel in die Here vir sy troue liefde

Het jy al gewag dat die Here uitkoms moet gee? Dit is baie moeilik om te wag op die Here terwyl jy vaskyk teen jou omstandighede. Wanneer ons fokus op ons Here se troue liefde, is die wag nie so swaar nie.

Noag het ook gewag op uitkoms van die Here. Het jy al gewonder hoe dit moes wees om in die ark te wees tydens die vloed? Jy dink oor almal en alles wat verdrink, en tog is jy baie dankbaar dat jy gered is. Jy sien dat al die diere dag vir dag kos eet, maar niemand weet wanneer hulle hul voete op droë grond gaan sit nie.

Ons kan dink hoe groot hulle onsekerheid was, asook die verlange was om weer op die droë grond te kon stap. As ons die tydlyn optel, sien ons dat hulle ’n hele jaar in die ark was.

Na ’n jaar is die vloed verby; hulle is op droë grond. Wat is die gepaste reaksie wanneer God uitkoms gee? Noag het van elke rein dier en voël ’n offer gebring. Noag het erken dat dit God is wat die vloed gebring het, dat dit God is wat die uitkoms gegee het en dat dit God is wat ook in die toekoms sal sorg. Daarom prys hy God vir sy troue liefde.

Ons weet dat elke dag sy eie kommernisse bring, maar ook dat ons ’n hemelse Vader het wat vir ons sorg. Die Heilige Gees getuig in ons dat Jesus ons reeds bevry het van die huidige wêreld. Daarom wil ons volhard om op God te vertrou in al ons probleme. Ons weet dat Hy in ons omstandighede vir ons sorg, dat Hy kan uitkoms gee, en dat ons ewig by Hom sal wees waar ons vry sal wees van kommernisse en ellende.

Sing: Psalm 66-1:1, 5

Ds. PJ (Peter) Hattingh (Vanderbijlpark Trinitas)

Maandag 7 Julie

Skrifgedeelte: Genesis 9:1-7; Romeine 13:1-5
Fokusgedeelte: Genesis 9:5-6; HK Sondag 40

God se gebod rakende die lewe van die mens

God stel duidelik in vers 6 dat Hy die Skepper van lewe is. Wanneer ons dus oor die lewe van die mens praat, dan praat ons oor die werk van die Here. Omdat God lewe geskep het, is Hy ook die eienaar van lewe en mag die mens nie met lewe maak wat ons goeddink nie.

God se skepping van lewe word deurgevoer in Christus wat weer lewe herskep, en in Christus alleen kan ons waarde vind vir lewe. Omdat Christus dan die weg van die dood gestap het en oorwin het, bly lewe ’n saak wat kosbaar is voor die Here. In Christus word God se liefde vir lewe beklemtoon. Die lewe van die mens moet dus beskerm word: dit is waaroor God se uitspraak in Genesis 9:5-6 gaan.

Die beskerming van lewe gebeur op twee maniere: God stel die staat daarvoor aan, maar so word elke mens ook opgeroep om lewe te beskerm. Ons lees dit in Genesis 9:5 en Romeine 13:4. Waar beskerming en bevordering van lewe dan in gedrang kom, het die mens die opdrag om op daardie gegewe oomblik lewe te beskerm.

Hoe word ons dan vertroos wanneer my geliefde se lewe geneem word deur iemand wat buite die sesde gebod lewe? Ek word vertroos deur die feit dat Christus die dood oorwin het, en daarom lewe ons saam met Hom tot in ewigheid. Geen swaard kan ons skei van die liefde van Christus nie.

Sing: Psalm 59-1:1, 10

Ds. JG (Jan) Ehlers (Meyerton)

Dinsdag 8 Julie

Skrifgedeelte: Eksodus 3:1-10
Fokusgedeelte: Eksodus 3:6, 7

In verbondstrou sien God die ellende van sy volk

Het jy al ooit gewonder hoekom die geskiedenis van die volk Israel vir ons kerk in die 21ste eeu nog belangrik is? Dit is wat ons in Eksodus lees: die geskiedenis van Israel. Hierdie is kerkgeskiedenis: dit is ons geskiedenis ook. Dit gaan oor God se handelinge met sy kerk.

In Eksodus 3 verskyn God aan Moses in die brandende bos – ons noem dit *Teofanie* (wanneer God op 'n besondere manier aan sy diensknegte verskyn). En hoe besonder openbaar God Homself nie opnuut aan Moses nie: *Ek is die God van jou vader, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob*. Onmiddellik word Moses herinner aan die verbond wat God met hierdie vaders gesluit het: *Ek sal ewig jou God wees en die God van jou nageslag* (Gen. 17:7). En dit is op grond van God se ewige verbond wat Hy dan die ellende van sy volk sien wat reeds 400 jaar lank slawe in Egipte was.

Na 400 jaar het God nog nie sy verbond vergeet, of op 'n enkele woord teruggegaan wat Hy beloof het nie. Dit is die ewigheid van die verbond wat hierdie geskiedenis aan ons verbind. Deur die eeue heen handhaaf God nog steeds sy verbond, aangesien die verbond met Abraham in Christus nog voller geword het. In Christus is ons ook nageslag van Abraham (Gal. 3:29). Daarom dink God nog steeds aan sy gelowige kerk wat hier op aarde is en mag ons nog meer die sekerheid hê dat Hy ons nooit sal verlaat nie (Rom. 8:39).

Die kerk van Christus mag daarom in alle ellende en benoudheid nog steeds op die Here vertrou wat uitkoms sal gee volgens sy wil en tot behoud sy gelowige kerk.

Sing: Psalm 124-1:1, 4

Ds. JG (Jan) Ehlers (Meyerton)

Woensdag 9 Julie

Skrifgedeelte: Eksodus 13:17-22
Fokusgedeelte: Eksodus 13:18, 21-22

Jubel in die Here – Hy openbaar sy almag veral op ompaaie

Ompaaie kan lank en uitmergelend wees – nie iets om oor te jubel nie. Die volk Israel het op hulle ompad deur die woestyn baie keer teen Moses en Aäron gemor.

Dit was ’n baie moeilike woestynpad. Daar was honger, dors en stryd, maar dit is die pad wat die Here aangewys het en waarop Hyself met hulle saamgegaan het deur die wolkkolom bedags en die vuurkolom snags. Op hierdie ompad het hulle die Here se lankmoedigheid, goedertierenheid en almag treffend beleef, soos met die water uit ’n rots en manna uit die hemel. Met hierdie ompad het hulle uiteindelik die beloofde land met gejubel kon binnegaan. Met die kortpad sou dit nie gebeur het nie.

So is die pad van die Here vir sy kind ook ’n ompad. Dit word ook ’n woestynreis genoem. Op hierdie pad is daar dikwels baie trane en stryd. Dit lyk soms asof dit die verkeerde pad is, maar vir elke kind van God is dit die pad waarlangs die Here aan ons sy genade en almag openbaar. Op die pad besef ons ons eie swakheid en leer ons om ons heil alleen van God deur Jesus Christus te verwag. In Christus is dit die pad wat eindig in die hemelse Kanaän vol ewige heerlikheid.

Onthou jy die ompad wat Jesus Christus hiervoor moes loop? Hy wat God is, en mens geword het, het die ompad deur die krip in Betlehem, deur Getsémané, oor Golgota en deur die hel en die graf en dood geloop om sy kinders se ompad gelyk te maak. In sy almag het Hy die dood en die graf en ook Satan vir ons oorwin. Hy is die weg, die waarheid en die lewe. Ons kan en moet ook op ons ompaaie jubel in die Here. Hy, die Almagtige, is deur die Heilige Gees dag en nag by ons en ons mag seker wees van ons ewige bestemming.

Sing: Psalm 25:2

Ds. SA (Sarel) Cilliers (Emeritus)

Donderdag 10 Julie

Skrifgedeelte: Eksodus 14:15-31
Fokusgedeelte: Eksodus 14:31

Jubel in die Here – Die almagtige Here red sy kinders uit die ergste krisis

Die krisis waarin Israel beland het, met die see voor hulle en die Egiptiese magte wat hulle van agter inhaal, het klagtes van twyfel en ongeloof ontlok. Moses kry egter van God die versekering dat Hy hulle sal verlos, tot verheerliking van sy Naam. Daarom word die Israeliete opgeroep om nie bang te wees nie. Hulle moet net stil wees en die verlossing aanskou. Daarby moet hulle mooi kyk, want hulle sal die Egiptenare nooit weer so sien nie.

Mens kan dieselfde ding op twee maniere sien. Wie in ongeloof na die aardse omstandighede kyk, kom een of ander tyd in ’n krisis. Wie gelowig daarna kyk, word stil en sien hoe God in sy almag daaroor seëvier.

Vroeër het die Israeliete gesien hoe hulle seuntjies in die water van die Nyl sterf. Nou sien hulle hoe die sterk manne van Egipte in die waters van die Skelfsee sterf. Die Here red hulle uit die hand van die Egiptenare. Intussen sien hulle die magtige daad (hand) van die Here oor die Egiptenaars.

By ons kom so maklik twyfel oor God en sy almag om ons werklik in krisisse te help. Twyfel kom so maklik by die oproep tot geloof, veral as jy nog niks sien nie. Nou het Israel weer gesien. Dan vrees hulle God en glo weer in Hom. Die evangelie van ons Here Jesus Christus word gedra deur sigbare getuies. Boonop word dit ook deur die Heilige Gees in ons harte bevestig deur sy Woord en sakramente. Laat ons dan ook bid: Gee my geloof om alleen in God te glo wat my in sy genade en almag uit die grootste krisis van sonde, ja die dood en hel verlos het. Laat ek dankbaar in u jubel.

Sing: Psalm 33-1:2

Ds. SA (Sarel) Cilliers (Emeritus)

Vrydag 11 Julie

Skrifgedeelte: Eksodus 16:1-30
Fokusgedeelte: Eksodus 16:4

Jubel in die Here – Die almagtige Here versorg sy kinders

Na slegs enkele weke in die woestyn begin die Israeliete by Moses en voor God kla en mor oor die kosvoorrade wat opraak. In plaas van die vloek oor hulle te bring, soos wat hulle verdien, gee God uit genade aan hulle brood uit die hemel. God se versorgende genade oor die mens strek baie wyer as net die tasbare en eetbare middele. God openbaar dat Hy hulle nie net uit Egipte verlos het nie, maar beslis hulle aanhou sal versorg.

As verlostes in Jesus Christus verkry ons hiermee opnuut die versekering dat God ons by die verworwe verlossing in Jesus Christus ook verder beskut en bewaar. Hy laat nie vaar die werke van sy hande nie. Na sy kruisiging en opstanding uit die graf volg dan ook sy hemelvaart. Dit is tot ons voordeel dat Hy na sy Vader moes gaan om vandaar die Heilige Gees na ons te stuur. Deur die Heilige Gees laat Hy ons ook vandag sy almag en heerlikheid sien. Jesus Christus is die ware brood uit die hemel. Hyself het gesê: *"Ek is die brood van die lewe"* (Joh. 6:35). Dit beteken dat Hy aan ons die lewe gee. Die ware lewe, die ewige lewe, is 'n geskenk uit sy almagtige hand. Niks en niemand kan dit ons ontneem nie.

Ons leef en sal leef, al moet ons ook sterf. Ons weet dit vir seker omdat ons deur die kragtige werking van die Heilige Gees in Christus, die brood van die lewe, glo. Ons kan saam met Paulus dankbaar en jubelend uitroep: *"Wat sal ons dan hiervan sê:? As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom ter wille van ons almal oorgelewer het – hoe sal Hy nie ook saam met Hom alles aan ons skenk nie"* (Rom. 8:31-32).

Sing: Psalm 107-1:1, 4

Ds. SA (Sarel) Cilliers (Emeritus)

Saterdag 12 Julie

Skrifgedeelte: Eksodus 17 (AFR53)
Fokusgedeelte: Eksodus 17:15-16

Die Here is my banier

Die woord "banier" dui hier nie op 'n vaandel of vlag wat in oorlogstyd saamgeneem en in die stryd vooruitgedra is nie. Dit dui eerder op 'n baken wat op 'n hoogte ingeplant is as waarskuwingsein om die weerbare manne op te roep wanneer oorlogsgevaar dreig.

Deur die naamgewing van die altaar bely Moses dat sy hulp van die Here kom. Die Here, die God van Israel was as't ware soos 'n opgerigte baken wat sy volk tot die stryd oproep. Dit beteken dat Hy as lewende God ook Israel se sterkte was wat hulle die oorwinning geskenk het.

Hierdie altaar mag egter nie net 'n herinneringsteken wees nie, maar ook 'n heenwysing na dit wat nog moet gebeur. Die stryd teen Amalek was nie so onskuldig nie. Die Amalekiete was afstammelinge van Esau. Hulle was heidene wat geen ontsag vir die God van die Israeliete gehad het nie.

Amalek se verraderlike aggressie teen die volk van God was duidelik 'n aanslag van Satan. Dit was die eeue-oue stryd tussen die slangesaad en die vrouesaad. Hierdie oorwinning (gedeeltelik) van Josua oor Amalek vind sy vervulling in Christus wie se werk en oorwinning volkome is. Met sy wederkoms sal Satan se mag vir ewig verbreek wees en die gedagtenis van 'n heidendom vir ewig onder die hemel uitgeroei wees.

Sing: Psalm 68-1:1

Ds. SA (Sarel) Cilliers (Emeritus)

Sondag 13 Julie

Skrifgedeelte: Numeri 9:15-23
Fokusgedeelte: Numeri 9:15-16

God met sy kinders

Toe die Israeliete uit Egipte getrek het, het hulle ’n blye, maar onsekere tog aangepak. Bly, want hulle is van hulle slawerny bevry en die eeue-oue belofte van ’n eie blyplek, Kanaän, was besig om in vervulling te gaan. Onseker, want hulle het die bekende verlaat vir ’n nuwe, onbekende bestemming. God wat hulle op ’n buitengewone manier uit Egipte verlos het, sou ook sorg dat hulle veilig in Kanaän aankom. Van die dag dat hulle Egipte verlaat het, het die Here bedags met ’n wolkkolom en snags met ’n vuurkolom voor hulle uitgegaan om vir hulle die pad te wys wat hulle moes volg. Die wolkkolom het hulle ook teen die agtervolgende Egiptenare beskerm. Die wolk was ’n sigbare teken dat God met sy volk was. Hy was met hulle toe hulle by bitter water gekom het (Eks. 15:23), geen water of kos gehad het nie (Eks. 17:1; 16:2) en teen vyande te staan gekom het (Eks. 17:8). Die wolk het op die tabernakel gerus nadat dit opgerig is. Die tabernakel is telkens in die middel van die Israelitiese kamp opgeslaan. Die tabernakel met die verbondsark in die allerheiligste deel was ook ’n teken dat God tussen die Israeliete woon.

Die verlossing uit Egipte en die tog deur die woestyn na Kanaän is meer as net ’n deel van Israel se geskiedenis. Ons sien hierin iets van die reistog van iemand wat uit die slawerny van die duiwel en sonde verlos is, en nou onderweg is na die hemelse Kanaän. ’n Gelowige se tydelike aardse tog gaan soms langs bitter of droë fonteine, vyandskap en teenslae verby. Gedurende hierdie tog is ’n gelowige nooit alleen nie. God is weliswaar nie by ons in die vorm van ’n wolk of ’n tabernakel nie. Ons Verlosser het sy Gees gestuur om met ons, in ons, te bly sodat ons nooit alleen sal wees nie. Sy Gees bly in ons om ons gedurende ons aardse woestyntog te versterk, sodat ons dit suksesvol kan aflê en mettertyd die hemelse Kanaän kan intrek.

Sing Psalm 105-1:1, 5

Dr. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld)

Maandag 14 Julie

Skrifgedeelte: Numeri 16:36 – 17:13
Fokusgedeelte: Numeri 16:36 – 17:13

’n Vader vir sy kinders

Verbaas vra ons: Leer die mens dan nooit nie? Hoe lank gaan God geduldig bly? Die volk is so pas baie swaar gestraf. Meer as 250 leiers is deur vuur verskroei. Verder is Korag, Datan en Abiram met hulle gesinne lewend begrawe. En jou werklik, hier staan die volk al weer voor Moses en Aäron en snou hulle toe: Julle het die volk van die Here doodgemaak! Het hulle dan nie bemerk dat dit die Here was wat sy volk getug het nie?

Dan verskyn die magtige teenwoordigheid van die Here weereens in die wolkkolom. Dit is ’n aanduiding vir Moses en Aäron dat God hulle roep. Hulle gaan na die ingang van die tent. Ook die volk draai nou in dié rigting. Die Here wil die volk weer verdelg. Trouens, ’n plaag het reeds onder die volk begin woed. Duisende sterf. Weer pleit Moses en Aäron op hulle knieë voor die Here. Hierdie keer bring Aäron ’n wierookoffer terwyl hy tussen die lewendes en die dooies staan. Die wierookoffer is op die Groot Versoendag gebring as bedekking vir die sondes van die volk. Hier dien dit dan ook as bedekking vir die opstand.

Die Here aanvaar hierdie bediening van Aäron en bevestig so Aäron se liefdevolle priesterskap. Ons bemerk dus strengheid en barmhartigheid by God. Soos ’n Vader onderrig God sy volk op talle wyses. Die kierie van Aäron met die bloeisels en ryp amandels dien ook om die volk tot gehoorsaamheid en gesagsaanvaarding aan te spoor. Sien ons God se Vaderskap raak? Dank ons Hom daarvoor?

Sing: Onse Vader

Dr. NP (Klasie) Heystek (Emeritus)

Dinsdag 15 Julie

Skrifgedeelte: Numeri 21:4-9
Fokusgedeelte: Numeri 21: 8, 9

Onverdiende sorg ten spyte van onvergenoegdheid

Die volk Israel reis deur die woestyn. Hulle het pas verlossing vanuit die hand van die Here gesmaak. Tot dusver op hulle reis het hulle water en kos ontvang. Daar is in alles vir hulle gesorg. Hulle is egter kort van geheue. Hier, op die reis om Edom, sien ons ongeduldigheid. Letterlik staan daar hulle "siel het kort geword". Kwaad, ongelukkig, ontevrede. Eintlik kan ons sê: onvergenoegd. Die volk kla nie daaroor dat hulle nie versorg word nie, of dat hulle nood het nie – hulle kla oor die standaard van die sorg wat hulle ontvang.

Hoe bekend klink dit dan ook nie? Net so kan ons ook maar kla oor die sorg wat ons ontvang, ons is net so onvergenoegd. Onvergenoegd oor ons werk, ons gemeente, ons salaris, ons gesin. Hierdie onvergenoegdheid is 'n ernstige saak. As ons bely dat die Here vir ons sorg, dat Hy vir ons gee wat ons nodig het, dan durf ons nie onvergenoegd wees nie. Onvergenoegdheid in God se sorg is sonde, en die sonde het swaar gevolge. Dit lei tot die dood. Die volk ervaar dit hier aan eie lyf. Slange wat pyn en dood veroorsaak.

Tog bly die Here genadig, Hy gee self die uitkoms, die verlossing. 'n Koperslang, verhoog op 'n paal. Dit bring die genesing en verlossing. Wat wel belangrik is, is dat die koperslang nie magiese krag gehad het wat genees het nie. Die verlossing het gekom uit die geloof. Deur op te kyk na die koperslang was 'n daad van geloof, 'n sigbare teken van verlossing. Hierdie geskiedenis word deur Jesus Christus in Johannes 3:14 op Homself van toepassing gemaak. Hy moes aan die kruis sterf, en verhoog word, sodat ons kan lewe. Die Here sorg vandag nog vir sy kinders. In lewe en in sterwe ontvang ons wat ons nodig het in die verhoogde Jesus Christus. Hou die oog op Hom gevestig. In Hom en deur Hom is daar waarlik lewe.

Sing: Psalm 91-1:1, 7, 8

Ds. FG (Hardus) Lee (Derdepoort)

Woensdag 16 Julie

Skrifgedeelte: Numeri 22:22-39
Fokusgedeelte: Numeri 22:22

As die Here die getuie teëkom, word die diepste motiewe ontbloot

'n Donkie wat kan praat. Dit is waarvoor ons die geskiedenis van Bileam altyd onthou. Ongelukkig vergeet ons baie keer om die belangrikste dinge wat hier vir ons vertel word, te onthou. Hoekom het die donkie gepraat? Omdat hy kon sien wat Bileam te blind was om te sien, naamlik die Engel van die HERE wat in sy pad gestaan het. Die Here Jesus self het voor Bileam gestaan en hy kon Hom nie sien nie. Maar sy donkie wel. Die Engel van die Here, waarvan ons in die Ou Testament op verskillende plekke lees, is die gestalte waarin die Here Jesus, voor sy geboorte, aan mense verskyn het.

Dit is belangrik wat ons in die geskiedenis van Bileam moet sien. Nie die pratende donkie nie, maar die Engel van die Here, en sy beheer oor Bileam se doen en late. Hier het ons te doen met 'n gedeelte van die Bybel waarin 'n mens sien dat as die Here die getuie teëkom, die mens se diepste motiewe ontbloot word. Daar is niks wat vir die Here weggesteek kan word nie. Nie eers ons diepste gedagtes nie. Die Here weet altyd waarom ons iets doen. Hy is die kenner van ons hartsgeheime. Daarom kon die Here nie net Bileam, die hoogaangeskrewe heidense siener, verhoed om die volk Israel te vervloek nie. Hy kon hom selfs gebruik om hulle te gaan seën.

Wanneer ons in die diens van die Here staan is die primêre saak:
- Wie is ons Baas?
- Wat is ons boodskap?
- Wat is ons motief? Die beweegredes waarom ons doen wat ons doen.

In die diens van die Here is dit die belangrike sake waaraan ons aandag moet skenk. Ons kan die beste metodes en programme hê, maar in die diens van die Here kom dit altyd terug by hierdie een vraag: VIR WIE DOEN JY DIT?

Sing: Skrifberyming 15-7:2, 5, 6

Ds. MJ (Thys) Erasmus (Pretoria-Magalieskruin)

Donderdag 17 Julie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 14:1-21 (AFR33)
Fokusgedeelte: Deuteronomium 14:1, 2

God se volk is uniek soos Hy, en maak sy heiligheid en reinheid bekend

Die verhouding waarin die verloste mens met God staan, is baie uniek en dwarsdeur Deuteronomium is dit duidelik: Ons aanbid die Here die almagtige God, 'n God wat totaal en al uniek is! Hy gee selfs die opdrag om dit te gaan toets (Deut. 4:32). En die resultate is duidelik: *"Jy self het dit te sien gekry, dat jy kan weet dat die Here God is; daar is geen ander buiten Hom nie."*

Israel, God se verloste volk, het in 'n besondere verhouding met God gestaan. In die eerste plek soos kinders teenoor 'n vader (14:1). In die tweede plek as die unieke volk van die Here. En soos die Here heilig is, so moes hulle ook heilig wees, want hulle is afgesonder en uitverkore (Deut. 7:6-7; 14:2). Die Here bepaal ook wat sy volk mag en nie mag eet nie. God het die wêreld goed gemaak, diere is deel van die goeie skepping van die Here en bring Hom eer (Ps. 19:2). Maar deur sekere diere af te sonder, maak die Here iets van Homself bekend. In die skepping kan sy almag gesien word, maar ook sy reinheid en heiligheid. Israel se uniekheid was in hulle alledaagse lewe ingeweef. Elke maaltyd moes as herinnering dien tot hulle unieke verhouding met die Here. Selfs die kookpot moes die uniekheid van die Here en sy volk verkondig. So is dit ook met ons vandag. Deur Christus en die Heilige Gees is ons kinders van God (Rom. 8). Ons is ook God se volk (1 Pet 2.), uitverkore en heilig. As verlostes moet ons die heilige karakter van God verkondig en uitstraal. Dit gaan nie meer oor wat in ons mond ingaan nie, maar wat daar uitkom (Mark. 7:15). Wat die hart van vol is, loop die mond van oor. Soos die skepping in alles die Here loof en sy heiligheid en reinheid verkondig, kry ons ook die opdrag: *"Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God"* (1 Kor. 10:31).

Sing: Psalm 107-1:10

Ds. MJ (Johan) Willemse (Vredenburg/Saldanha)

Vrydag 18 Julie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 27:1-8
Fokusgedeelte: Deuteronomium 27:1-8

Die tydlose belofte wat in Christus vervul is

Die Hebreërs het ’n unieke begrip van tyd gehad wat vir ons vandag verlore gaan. Hulle het geglo daar is ’n *noue verhouding* tussen die huidige oomblik, die gebeure wat daartoe gelei het, en die gebeure wat nog in die toekoms lê.

As ons die teks deur hierdie lens verstaan en toepas, is die boodskap aangrypend. Moses gee vir die Israeliete opdrag om groot klippe op die berg Ebal op te rig, dit met kalk te bedek en die woorde van die wet daarop te skryf. Wat vir ons soos ’n eenvoudige daad lyk, is in werklikheid ’n verklaring van identiteit en ’n tasbare getuienis van die vervulling van God se beloftes.

Die reis deur die woestyn kom nou tot ’n einde en die volk is op die oewer van die beloofde land. Wie hulle nou is, hulle identiteit, word bepaal deur God se verlossingsdade in die verlede. Nou staan hulle op die drumpel van vervulling van God se beloftes. Hulle kry ’n opdrag wat getuig van God se verlossing en getrouheid en hou vir hulle ’n toekomstige hoop in. Verlede is verlossing, identiteit in die hede en ’n hoopvolle toekoms.

Ons lewe as gelowiges moet op ’n soortgelyke manier geleef word. Ons moet reg wees om die plek van ons belofte in te gaan, ons staan as’t ware op die drumpel van die ewigheid. Ons identiteit lê in Christus, wat ons deur sy dood en opstanding met God versoen het. In Christus is ons nuwe skepsels (2 Kor. 5:17), afgesonder vir sy heerlikheid. Die wet van God is geskryf op ons harte, dit getuig van God se verlossing (Matt. 3:8). Ons is ’n afwagtende volk wat aan die toekomshoop van God se beloftes vashou, beloftes wat vir ons in Christus “Ja” en “Amen” is (2 Kor.1:20).

Sing: Psalm 105-1:23, 24

Ds. MJ (Johan) Willemse (Vredenburg/ Saldanha)

Saterdag 19 Julie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 34 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Deuteronomium 34:10

’n Profeet groter as Moses wat die uittog vir die wêreld bewerk

Die laaste hoofstuk van ’n boek hou gewoonlik iets van finaliteit en afsluiting in. Die toesprake is gemaak, die preek is gepreek, die lied is gesing. Al wat oorbly is dat Moses afskeid neem en die verhoog verlaat, wat hy doen deur ’n berg te klim. Na al die donker hoofstukke van vloeke, uitdagings, waarskuwings en voorspellings hou die afsluiting van Deuteronomium eerder vir ons hoop en troos in.

Moses se laaste woorde is ’n belydenislied oor God se liefde en verlossing (33:27-29), maar die laaste woorde van die boek behoort nie aan Moses nie. Dit sluit af met Moses op die berg, sy begrafnis, sterwe en opvolger. Dan die woorde: *“Daar het nie weer ’n profeet soos Moses in Israel opgestaan nie. Die Here het hom van aangesig tot aangesig geken.”* Nadat die hele boek vertel van God se onvergelykbare karakter, optrede, mag en heerlikheid, sluit dit af met Moses se onvergelykbare optrede as profeet.

Die finaliteit kan ons voel. Moses het God se volk gelei op ’n onvergelykbare manier. Wie sal weer soos Moses wees? Die finaliteit word egter gebreek wanneer ons Moses se bergbestyging sien deur God se oë. Oë wat verder kyk, wat uitsien na daardie dag wanneer Moses, die dienaar van God, uiteindelik op ’n ander berg sou staan. Hierdie keer in gesprek met ’n Profeet groter as hyself (Luk. 9:28-31). Terwyl Moses ’n dienskneg van die huisgesin van God was, was die komende profeet ’n seun, Jesus Christus (Heb. 3:1-6), wat die groot uittog vir Israel en vir die wêreld sou bewerkstellig.

Die einde van die boek hou vir ons hoop in. Hoop wat op elke bladsy van ons lewensboeke geskryf is. Die groot Profeet, die Dienskneg van die Here het gesterwe sodat ons die lewe by God mag hê.

Sing: Psalm 147-1:1, 2, 5

Ds. MJ (Johan) Willemse (Vredenburg/ Saldanha)

Sondag 20 Julie

Skrifgedeelte: Rigters 6:25-40
Fokusgedeelte: Rigters 6:34

Wie sy roeping moedig uitleef, beleef daarin die Here se seën

Die Here het Gideon geroep om sy volk van die Midianiete te bevry. Maar hy wat as dapper held moet optree, is bang. Hy vra by die Here allerhande tekens. Die Here hanteer Gideon se vrese met deernis en gee die tekens wat hy vra. So het die Here deur sy woord en Gees Gideon bereid gemaak om te doen waartoe hy geroep is.

Dikwels is ons bang om ons roeping as kinders van God uit te leef, uit vrees vir wat die mense sal sê. As ons egter luister na wat die Here in sy Woord sê, en tot Hom bid, gee Hy aan ons uit genade die nodige vrymoedigheid om ons roeping aan te pak.

Gideon se eerste opdrag is om die altaar van Baäl in die stad af te breek en ’n offer aan die Here te bring. Die uitkoms begin immers by hervorming tuis. Eers wanneer die hart van die volk reg is, is hulle gereed om die vyand daarbuite te pak. Gideon is egter bang vir hoe die mense in die stad sal reageer. Daarom wag hy tot dit nag is voordat hy die altaar afbreek. Tog doen Hy dit, en daarom gee die Here sy seën daarop. Die weerstand verkrummel en die Israeliete begin Gideon volg. So kan Gideon tot die volgende fase van sy roeping oorgaan: om die Midianiete te verdryf.

Niks kan so verlammend op ’n gelowige inwerk as om uit vrees liewer niks te doen nie. Maar as jy eers jou roeping begin uitleef, staan jy verbaas oor die seën wat die Here daarop laat rus.

Sing: Psalm 25-1:3, 6

Prof. GJC (Gert/Jorrie) Jordaan (Emeritus)

Maandag 21 Julie

Skrifgedeelte: Rigters 15:1-20 (AFR83)
Fokusgedeelte: Rigters 15:18

Simson se eerste roep tot God

Die Here gee Israel nou vir ’n baie langer tyd as tevore aan hulle vyande oor, en nog steeds roep die volk nie tot God nie as gevolg van hulle afvalligheid. Die geboorte van Simson is dan die ingrype van God om sy mag oor die afgode en sy genade aan Israel opnuut te bevestig. Simson is die twaalfde en laaste leier wat in Israel opgetree het, en sy taak was om Israel van die Filistyne te verlos. Ons lees al in hoofstuk 10:7 dat God die volk aan die Filistyne oorgegee het en nog nooit verlos het nie. In Hoofstuk 15 wreek Simson hom op drie maniere teen die Filistyne.

Ons fokus op die derde slagting, waar Simson man-alleen ’n duisend Filistyne met ’n baie ongewone wapen, naamlik ’n donkiekakebeen, doodslaan. Hier sien ons dat die belofte van God aan Simson se ouers bewaarheid is, want Simson was ’n besonderse man in ’n besonderse verhouding met God. Tog lees ons vir die eerste keer in vers 18 dat Simson die Naam van die Here aanroep. Hy doen hier dit wat die volk ophou doen het, en dit was om God vir hulp te vra.

Simson besef gou dat hy as mens sy eie beperkinge het, want al kan hy ’n duisend manne doodslaan, word hy so dors dat hy wil sterf. Dan vir die eerste keer roep hy tot God en gee die eer vir hierdie groot oorwinning aan God, maar tog erken hy ook dat God die lewe en die dood van mense in sy Hand hou. So erken Simson dat hy ook maar nietig en klein staan voor God en afhanklik is van God om te leef, want as God iets so nietig soos water van hom weghou, sou hy daar sterf. Hier roep hy hard en duidelik dat hy God nodig het om te bly lewe.

Ons kry dit vandag so dikwels dat die mens al meer en meer mag aan homself toeskryf as gevolg van sy vermoëns. Die mens reken hy is self “god”, want hy kan lewe gee deur kloning, hy kan lewe verleng deur hartoorplantings en lewe neem deur genadedood. Op mediese en tegnologiese gebied reken die mens is daar geen beperkinge aan

sy vermoëns nie. Dan skielik gebeur daar dinge waar die mens sy eie swakhede en beperkinge besef. Daar is ’n griepvirus wat duisende mense doodmaak en mense kan daar niks aan doen nie, die wêreldekonomie stort ineen en almal moet maar toekyk en die gevolge voel.

Dan besef ons maar opnuut wie en wat ons teenoor God is, want net so min ons onsself kon verlos van die sonde, net so min kan die mens leef sonder God. God gee uitkoms vir sy kinders deur Jesus Christus wat ly, sterf, opstaan en opvaar na die hemel, en net so kan God alleen vandag uitkoms gee vir ons probleme. Daarom, kom ons leef in hierdie afhanklikheid teenoor God deur daagliks tot God te roep, want God alleen hou ons lewe in sy hand.

Sing: Psalm 42-1:1, 5

Ds. AN (Nikla) du Plessis (Worcester)

Dinsdag 22 Julie

Skrifgedeelte: 2 Samuel 6:1-11
Fokusgedeelte: 2 Samuel 6:5-6 (AFR2020)

Eerbied in aanbidding

Ons sien in die gedeelte koning Dawid wat die ark van God na Jerusalem bring. Daar is ’n besondere bewustheid van die Here se teenwoordigheid by die ark. Daar is ’n groot musikale begeleiding voor die Here se aangesig wat lofklanke laat hoor. Maar Dawid wys sorgeloosheid vir die eerbied van God deur nie die ark te vervoer op die wyse wat deur die Here self voorgeskryf word (in Numeri 4:15) nie. Die sorgloosheid vererger toe die osse struikel en Ussa deur die Here Self gedood word omdat hy aan die ark geraak het.

Dit is skrikwekkend! Te midde van die vreugde en lof wat opklink tot die eer van God, openbaar Hy sy geregtigheid teen die sonde. God se heiligheid moet eerbiedig word. Ons sien dus dat aanbidding deur lof nooit losgemaak kan word van aanbidding deur gehoorsaamheid nie.

Ons besef hoe noodsaaklik die betaling vir ons sonde is. Sonder versoening deur die kruisdood van Jesus Christus, is dit vir ons onmoontlik om in God se teenwoordigheid te kom om sy lof te besing. Deur Hom kan ons God met vrymoedigheid nader, in besonder ook vir lofprysing.

Steeds moet ons God ook met ontsag en respek nader. Ons mag nie in ons aanbidding God se heiligheid ligtelik opneem nie. Dit behels nie net 'n bewustheid daarvan wanneer ons sy lof besing nie, maar 'n bewustheid daarvan wanneer ons in eerbied met toewyding leef. Wanneer ons onsself deur die werk van die Heilige Gees toewy om te lewe soos God wil, dan is ons aanbidding nie net lippediens is nie, maar lewediens. Ons aanbidding in lofliedere is dan 'n voortsetting van ons aanbidding van ons lewe wat God verheerlik. Laat ons God deur Christus met ons hele lewe aanbid en ook in ons lofsang.

Sing: Psalm 34-1:6

Ds. CB (Brahm) Robinson (Bellville-Oos)

Woensdag 23 Julie

Skrifgedeelte: 1 Konings 8:1-11
Fokusgedeelte: 1 Konings 8:4 (AFR2020)

Die aanbiddingsplek van God

Dit is 'n ontsettende groot gebeurtenis vir die volk in die aanbidding van die Here. Die tabernakel wat vir eeue lank die ontmoetingsplek tussen God en die mens was, is na die tempel gedra, en ons hoor hierna nooit weer verder daarvan nie. Dit is uitgedien en die Here het dit beskik dat die permanente struktuur van die tempel gebou en ingewy word.

Die eise van die verbond vir Israel, naamlik die wet van God, bly wel dieselfde. Nadat die ark wat die wet bevat in die heiligdom geplaas is, het die wolk die tempel gevul. Dit is God se heerlike teenwoordigheid by sy volk waar die verbondseise nagekom word.

Tog was hierdie handewerk van mense, net soos die tent, ook net tydelik. Die Here Self beskik die ware Tempel waar Hy aanbid wil word. In die Nuwe Testament hoor ons dat Jesus sê dat die mense die tempel kan afbreek en dat Hy dit in drie dae sal opbou. Jesus verwys hierdeur na sy liggaam. By sy kruisiging gebeur dan iets merkwaardig: nie net word sy liggaam aan die kruis gebreek nie, maar die tempelgebou word ook gebreek. Die gordyn van die allerheiligste van die tempel skeur. Die wet is volkome deur Christus nagekom en Hy beklee sy kerk met daardie gehoorsaamheid.

Die tempel word later heeltemal afgebreek en nooit weer herbou nie, want die nuwe bedeling het in Christus se opstanding gekom. Hy het die verbondseise volkome nagekom en gee vrye toegang tot God. Daar is net een vaste Plek waar God aanbid word, en dit is in Jesus Christus. In Hom alleen is daar volle gemeenskap met God omdat Hy ons sonde teen die wet betaal het. Die Here se kerk aanbid Hom wêreldwyd in gees en waarheid deur Jesus Christus.

Sing: Psalm 96-1:4

Ds. CB (Brahm) Robinson (Bellville-Oos)

Donderdag 24 Julie

Skrifgedeelte: 1 Konings 17:1-24
Fokusgedeelte: 1 Konings 17:1;12, 24 (AFR33/53/83/2020)

God is in beheer van jou lewe

Dit gebeur dat die lewe jou omdop waar jy die gevoel kry dat alles net buite beheer is. Dit voel of God daar ver is en glad nie betrokke is by wat om ons aangaan nie.

Dit is min of meer die situasie in die tyd van Elia. Die volk het nie meer gedink dat God regtig in beheer was nie en daarom het hulle offers vir Baäl; die afgod vir vrugbaarheid en reën; gebring om te keer dat die reën wegbly.

Elia se verhaal begin met sy aankondiging dat die reën sal wegbly en daarmee sê hy dat Baäl geen beheer oor die reën het nie. Koning

Agab het nie daarvan gehou nie en daarom het Elia gaan wegkruip by die Kritspruit waar die kraaie wat deur God gestuur is, vir Elia sorg. Hiermee word beklemtoon dat God vir die mense sorg en nie Baäl nie.

Die volgende episode vind in Sarfat, die hartland van die Baälgodsdiens, plaas waar God vir die weduwee en Elia sorg met die meel en olie wat nie opraak nie. Dan tref 'n ramp die weduwee. Haar seun sterf. God maak egter die kind weer lewendig nadat Elia tot Hom bid. Hiermee besef die weduwee dat God die HERE is en nie Baäl nie.

Maar hoe kan ons weet dat God vandag nog steeds in beheer is? In hierdie verhaal sien ons hoe God vir sy geliefdes in die verre verlede gesorg het omdat Hy omgee. Hy gee soveel om dat Hy sy Seun gestuur het om te sterf en sodoende die dood te oorwin sodat ons kan lewe. Daarom kan jy vertrou dat Hy ook vir jou sorg en dat Hy steeds in beheer is, selfs wanneer dit lyk of alles uitmekaar val en buite beheer is.

Sing: Psalm 33-1:6

Ds. JG (George) van der Walt (Emeritus)

Vrydag 25 Julie

Skrifgedeelte: 1 Konings 18:1-46
Fokusgedeelte: 1 Konings 18:36-38 (AFR33/53/83/2020)

Dit is net God wat gebede kan verhoor

Na drie jaar van droogte stuur die HERE Elia terug na koning Agab toe. Agab beskuldig Elia vir die droogteramp, maar Elia wys die koning daarop dit dit sy sonde is wat die ramp oor Israel gebring het. Agab het die volk aangemoedig om op Baäl, die vrugbaarheidsafgod, te vertrou in plaas van om op die HERE te vertrou. Om te bewys wie die ware God is en wie die nie-god is, daag Elia die Baälprofete tot 'n tweestryd uit. Twee bulle moet geoffer word, maar daar mag nie 'n vuur aangesteek word vir die offers nie. Die 450 Baälprofete kry die eerste geleentheid en ook die meeste tyd. Die Baälgroep misluk klaaglik.

Dan kom Elia aan die beurt wanneer die tyd vir die aandoffer aanbreek. Nadat Elia die altaar wat in onbruik verval het, herstel het, deurweek hy die offer met water sodat daar geen twyfel kan wees dat dit net God is wat die offervuur kan aansteek. Elia bid 'n eenvoudige gebed dat die HERE hom moet antwoord sodat die volk kan besef wie die enigste ware God is. God antwoord met vuur wat die offerbul en die altaar verteer.

Waar gaan soek jy krag en uitkoms wanneer die lewe moeilik raak? Moenie by wêreldse bronne uitkoms sonder God soek nie. Dit is net God Almagtig wat gebede beantwoord. Vra Hom om uitkoms te gee. Elia was nie voorskriftelik oor hoe die HERE sy gebed moes beantwoord nie. Hy het met die vertroue gebid dat God sy almag sal wys. Bid met vertroue dat Hy sal antwoord, want Hy sal voorsien.

Jy kan met vertroue bid in Jesus se Naam omdat jy aan Hom behoort. Hy het met sy bloed vir jou betaal en daarom het jy die reg om jou nood voor God se voete neer te lê met die wete dat Hy uitkoms sal gee.

Sing: Psalm 18-1:1

Ds. JG (George) van der Walt (Emeritus)

Saterdag 26 Julie

Skrifgedeelte: 1 Konings 19:1-21
Fokusgedeelte: 1 Konings 19:11-13 (AFR33/53/83/2020)

Waar soek jy na God in die onstuimigheid van die lewe?

1 Konings 19 is in skrille kontras met die vorige hoofstuk waar Elia die almag van die HERE in die vuur uit die hemel aanskou het. Isebel se dreigement is soos 'n beker koue water oor hom na die triomf van die oorwinning op Karmelberg. Elia reageer soos 'n mens wat onder sware stres ly. Die geringste insident breek sy moed en hy bly (letterlik) lê.

Hy gaan kruip in die woestyn weg, waar hy verwag om te sterf. Die HERE versterk hom egter en gee vir hom krag om tot by Horeb te

loop. En hier staan die moedelose profeet voor God en bekla sy lot. Hy het verwag dat die lewe anders sou wees na die gebeure op Karmelberg. Hy het verwag dat die koning en die volk die HERE se diens sou herstel, maar dit gebeur nie.

Nou openbaar God Homself aan Elia, maar Hy is nie sigbaar in die groot natuurtekens soos wat Hy op Karmelberg gedoen het nie. Die Here verskyn in ’n geluid van sagte stilte, ’n fluistering in die windstilte aan Elia, want Hy het geweet dat Elia nou vertroosting en bemoediging nodig gehad het eerder as die openbaring van sy krag en almag.

God is nie net ’n groot almagtige God nie, Hy is ook ’n persoonlike God wat in die geluid van sagte stilte, ’n fluistering in die windstilte na jou toe kom wanneer die lewe te veel raak vir jou. Waar soek jy na God in die onstuimigheid van die lewe? Soek Hom in Jesus. Neem sy uitnodiging wat Hy in Matteus 28:11 aan ons rig wanneer die lewe te veel raak. *“Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee.”*

Sing: Psalm 33-1:11

Ds. JG (George) van der Walt (Emeritus)

Sondag 27 Julie

Skrifgedeelte: 2 Konings 2:19-22
Fokusgedeelte 2 Konings 2:20

God alleen kan ons herstel

Die manne van Jerigo het vir Elisa gevra om hulle stad se water te genees. Die water was so sleg dat hulle dit nie kon gebruik nie. Elisa gooi toe sout in die water en spreek die Woord van die Here oor die water. Die Here het die manne wat hulle stad se welstand gesoek het, se versoek genadiglik toegestaan. God die Vader is die gewer van alles, wat ons vir liggaam en siel kan nodig hê (Jak. 1:17). Hulle kon toe met blydskap die goeie nuus gaan oordra dat die water genees is en dat die voortbestaan en voorspoed van die stad verseker was.

Die simboliek van die sout is die verbondsgetrouheid van die Here

(Lev. 2:13). Hy het Hom voorgeneem om met sy volk te wees en vir hulle te sorg. Hier is die bewys dat Hy dit wel doen. Die Woord van die Here wat oor die water gespreek is, is die teken dat God se Woord genees van geestelike doodsheid en besmetting. Christus word die Woord van God genoem en Hy het gesê dat Hy die lewende water is (Joh. 4:10). Sy volgelinge sal deur Hom die inwoning van die Heilige Gees ontvang.

Sy inwoning en werking word ook strome van lewende water genoem (Joh. 7:38). Dit beteken dat ons en ook die vervalle en sieklike wêreld waarin ons leef se enigste hoop tot genesing geleë is in God se verbondsgetrouheid. Deur die gesonde lering van sy Woord, skenk Hy geestelike genesing en herstel aan elkeen wat alleen op Hom vertrou.

Gebed: *Onse Vader wat in die Hemel is, verheerlik Uself deur u Seun, wat die lewende water is wat ons geestelike dors les en ons herstel deur die krag van u Gees. Amen.*

Sing: Psalm 103-1:2, 6

Ds. G (Gerhard) Janse van Rensburg (Durban-Noord)

Maandag 28 Julie

Skrifgedeelte: 2 Konings 2:23-25 (AFR53)
Fokusgedeelte: 2 Konings 2:23-24

Die Here alleen kan ons van spotters verlos

Elisa as dienskneg van die Here het gemerk dat God met sy Gees deur hom werk, maar hy was bewus dat die bose ook aan die werk was. Hy het opgegaan na Bet-El, een van die hoofsentra van Israel se afgodsaanbidding. Op pad daarheen kom daar klein seuntjies uit die stad en spot met hom.

Elisa vervloek hulle in die Naam van die Here en twee berinne kom uit ’n bos en verskeur 42 kinders. Dit klink wreed en daar is baie verdeeldheid in opinie oor hoe die gedeelte verklaar moet word. Die oorspronklike woord “klein” kan ook beteken nietig en waardeloos. Die woord vir kindertjies word gebruik vir ’n baba (Eks. 2:9-10) en dit word

gebruik vir ’n jong seun van 17 (Gen. 37:30). Dit kan aan die een kant vertaal word met klein kindertjies of aan die ander met nietige jong seuns. Of dit jong seuns was of klein kindertjies, ons moet onthou, God is altyd regverdig wanneer Hy oordeel. Want Hy het sy volk deur Moses al gewaarsku, indien hulle ongehoorsaam was, sal Hy wilde diere stuur om hulle dood te byt. Selfs die suigeling en die grysaard word nie gespaar nie (Deut. 32:24-25).

Teenoorgesteld van Elisa was onse Here Jesus Christus weer bewonder deur die kindertjies, maar verag deur die volwasse Jode. Terwyl die kinders gesing het *Hosanna* aan die Seun van Dawid, was dit die Jode wat sy dood beplan het. Ons leef in tye nie so vreemd van Elisa en Christus nie. Ons as gelowiges word ook vandag verag en verkleineer, vervolg en sommige word selfs doodgemaak. Die Here is altyd met sy kerk en sal ons deur verdrukking bystaan, dit is troos vir ons. Maar God sal met onbekeerlike valse leraars en huigelaars afhandel.

Gebed: *Ons Hemelse Vader, beskerm u werk teen vervalsing en laat die vrug en getrouheid van die ware kerk uitstraal tot ’n getuienis vir die verheerliking van u groot en heilige Naam. Amen.*

Sing: Psalm 9-1:9, 10

Ds. G (Gerhard) Janse van Rensburg (Durban-Noord)

Dinsdag 29 Julie

Skrifgedeelte: 2 Konings 5:1-3, 9-19
Fokusgedeelte: 2 Konings 5:9-12 (AFR53/2020)

Reageer in die geloof

Die Here, die almagtige God, spel sy verwagtinge aan ons baie duidelik uit in sy Woord. Hy verwag dat ons in die geloof sal reageer, sy Woord in die regte gesindheid sal ontvang en sy opdragte sal gehoorsaam. Ons verwagtinge behoort in lyn met die van God te wees.

Nie by Naäman nie. Hy reageer verergd op God se Woord deur die

profeet as hy na hom toe kom om genees te word van sy ernstige velsiekte. Hy het verwag dat Elisa persoonlik die genesingswoord aan hom sou oordra terwyl hy bepaalde rituele daarmee saam sou uitvoer. Elisa stuur bloot sy slaaf na hom as 'n gesiene man met groot invloed (5:1). Hy verdien om beter hanteer te word. In hoogmoed verwerp hy die Woord van die Here.

Naäman is ook nie tevrede met Elisa se opdrag om hom sewe keer in die Jordaan te gaan was om liggaamlik genees en rein te word nie. Daar is tog, so meen hy, baie groter en skoner riviere in sy land as die onindrukwekkende Jordaanrivier. Hyself sal kies hoe hy genees moet word. Hy weier om die opdrag van die Here uit te voer. Hoogmoed en eiewilligheid maak hom aanvanklik blind vir God se wondergenesing.

Hoogmoed en eiewilligheid veroorsaak dat:
- Jy altyd beter weet en nie bereid is om in ootmoed die ingeplante Woord van God te ontvang nie (Jak. 1:21).
- Jy nie bereid is om in geloof die Woord van God, Jesus Christus self, wat volkome genees, in die geloof te ontvang nie.
- Die Woord, inteendeel, sulke harte verhard (Jes. 6:9, 10).

Genadiglik kom daar omkeer by Naäman. Hy besef nou Wie die ware God is (vs 15). Hy bring sy verwagtinge in lyn met God se verwagtinge. Hy word genees as Hy van sy hoogmoed en eiewilligheid ontslae raak. Hy is nou bereid om in die regte geloofsgesindheid God se Woord en werke van genesing te ontvang en te gaan uitleef (v 17-18).

Sing: Psalm 103-1:1, 2

Ds. HG (Garrie) Schutte (Emeritus)

Woensdag 30 Julie

Skrifgedeelte: 2 Konings 6: 1-7
Fokusgedeelte: 2 Konings 6:5-7 (AFR53/2020)

Wie in geloofsvertroue bid, sal ontvang

Ons worstel soms met die vraag: Wat alles kan ek in my gebede van die Here vra, veral wat verband hou met die geringe persoonlike

behoeftes in ons alledaagse doen en late? Die profeteseun beleef, waar hy saam met die ander besig is om hulle blyplek te vergroot, 'n persoonlike krisis. Die byl waarmee hy balke gehelp kap het, val in die water. Hy is nie in staat om dit te herwin nie. Hy kan dit ook nie vervang nie. Daarvoor is hy te arm. Yster in Israel op daardie stadium was ook skaars. Hy het hulp dringend nodig.

Die jong man soek deur die profeet Elisa hulp by God. Die Here stel hom ook nie teleur nie. Die Here is orals almagtig teenwoordig. Hy is kragtig betrokke deur sy Woord (Elisa se woorde) en natuurlike middele (stukkie hout). Elisa gooi die stuk hout in die rivier waar die byl ingeval het en die yster dryf bo-op die water. Die profeteseun is nou in staat om dit uit die water te haal.

Ons kan ook met ons skynbaar onbelangrike persoonlike krisisse in vertroue na die Here toe kom:

- In my soeke na die regte woorde omdat my kind nou dringend raad nodig het.
- In die skielike keuse wat op my afgedwing word.
- Vir wysheid wat ek nodig het sodat ek my werk in diens van die Here beter te kan verrig (vgl. die skietgebed van Nehemia in 2:4).

Ons het mos 'n hemelse Vader. Deur Christus het ons sy kinders geword en Hy maak vir ons die genadehand van die Vader wyd oop. Wie in geloofsvertroue tot ons hemelse Vader bid, sal ontvang. Die Vader sal in sy wysheid beslis aan ons gee wat ons nodig het. Christus belowe dan ook: *"Vra en vir julle sal gegee word ... Want elkeen wat vra, ontvang …"* (Luk 11:9, 10).

Sing: Skrifberyming 17-1:1, 5, 6 (Sb. 17)

Ds. HG (Garrie) Schutte (Emeritus)

Donderdag 31 Julie

Skrifgedeelte: 2 Konings 10:1-11
Fokusgedeelte: 2 Konings 10:10-11 (AFR53/2020)

Leef ywerig jou roeping uit

God beveel ons om ywerig ons roeping uit te leef: *"Moenie traag wees in julle toewyding nie, bly geesdriftig, hou vol om die Here te dien"* (Rom. 12:11). Bly geesdriftig. Letterlik: kook in die gees. Die Here verwag dat ons met groot entoesiasme op sy Woord sal reageer. Jehu reageer geesdriftig nadat hy tot koning gesalf word. Hy kry die spesifieke opdrag om God se oordeel oor die huis van Agab te voltrek omdat hy op verraderlike wyse besit geneem het van die erfgrond van Nabot in Jisreël. Jehu laat die 70 seuns van Agab onthoof en Isebel word, onder sy aansporing, uit die paleisvenster gegooi. Tog gaan Jehu te ver in sy ywer vir die Here. In Hosea 1:4 sê die Here dat Hy die huis van Jehu tot verantwoording gaan roep hieroor. Jehu vermoor ook al Agab se vername mense, sy vertrouelinge en sy priesters. Jehu het in sy verkeerde ywer die Woord van die Here nie gehoorsaam uitgevoer nie. Sy ywer was gemeng met persoonlike, sondige oogmerke, soos dié van Saul wat in sy ywer vir Israel probeer het om die Gibeoniete uit te wis (2 Sam. 21:2). Dikwels gebeur dit vandag nog:

- In oorlogsituasies word, tydens vergelding, mense voor die voet ernstig beseer of gedood as gevolg van persoonlike, politieke en godsdienstige ambisie.
- Lidmate se verkeerde ywer vir die Here laat hulle liefdeloos veroordelend optree.

Christus het anders opgetree. Sy hele aardse lewe was 'n passievolle ywer om God se koninkryk te herstel en te bevorder. Selfs met die tempelreiniging in Johannes 2:17 het Hy dit uit suiwer motiewe gedoen, asook met sy kruisdood. In gehoorsaamheid aan die Vader kom Hy gewilliglik met oorgawe sy lewe aflê om vir Hom 'n eie volk as eiendom te reinig – 'n eiendom wat ook nou besonder ywerig is om goed te doen (Tit. 2: 14).

Sing: Psalm 84-2:1, 2

Ds. HG (Garrie) Schutte (Emeritus)

KWARTAAL 3 – AUGUSTUS

TEMA: JUBEL IN DIE HERE, WANT SY ALMAG WORD GESIEN IN DIE SKEPPING (Psalm 33:6-9)

Die almag van die HERE geopenbaar in die werking van sy Woord en sy Gees: alles wat tot bestaan geroep is, word tot bestaan gebring deur die "Gees van sy mond".

Vrydag 1 Augustus

Skrifgedeelte: Job 38:1-11
Fokusgedeelte: Job 38:1 (AFR2020)

Die almagtige HERE antwoord die mens

Vir die heel eerste keer sedert die tweede hoofstuk van die boek Job hoor ons weer die Naam HERE – die Verbondsnaam van God. Van die oomblik af dat Job se eerste drie vriende begin praat het, was die gepraat onophoudelik tussen die vriende en Job. Die vriende het nie God se almag ontken nie, maar uit hulle woorde klink dit asof God net ver is en Hy slegs met mense te doen het wanneer Hy hulle teregwys. Job het hom verweer teen hulle beskuldigings. Naderhand het hy, uit moedeloosheid, gesug na begrip, maar omdat nie een van die vriende dit kon verstaan nie, het Job verwyte gehad.

Elihu, die vierde en jonger vriend, was nog aan die praat toe die storm al begin opbou het. Hy sou seker nog aangegaan het, maar iemand anders het hom in die rede geval. Die HERE het Job uit 'n stormwind geantwoord.

Wat 'n groot genade dat die almagtige HERE tog nog met 'n gevalle mens praat. Maar Hy praat nie net nie – Hy antwoord Job. Antwoord spreek van oneindige groot genade, want Hy sou regverdig wees as Hy teenoor die mens doodstil gebly het. Hy is immers geen antwoord aan hom verskuldig nie.

Die HERE antwoord egter sodat ons Hom kan leer ken. Hy spreek in beelde en taal wat ons mense kan verstaan. Hy antwoord Job met vrae sodat Job die almag van die Here kan begryp en verstaan dat hy, wat 'n nietige mens is, 'n besondere plek in die skepping van die HERE het. Wat 'n besondere voorreg het ons dat die HERE Homself

nog duideliker en meer verstaanbaar gemaak het deur sy Seun, Jesus Christus. Dit is in Christus se offer wat ons kan sien met hoeveel sorg die almagtige HERE na mense omsien en hoe graag Hy wil hê dat ons Hom sal ken en eer.

Sing: Psalm 65-1:3

Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)

Saterdag 2 Augustus

Skrifgedeelte: Job 39:1-7
Fokusgedeelte: Job 39:4-5 (AFR2020)

Die HERE se tere sorg vir sy skepsels

Nadat die HERE vir Job sy almag en heerskappy oor die hele aarde en die hemelruim getoon het (Job 38), neem die HERE hom op toer na die lewende skepsels. In hierdie hoofstuk begin die toer by die landdiere en voëls.

As iemand wat self kleinvee besit het, weet Job met hoeveel sorg ’n herder na sy skape omsien. Hy hou rekening met die maande wat die ooie dragtig is, want wanneer die lammers gebore word, moet hy naby wees om met moeilike geboortes hulp te verleen en die lammers te beskerm teen roofdiere. Nou vra die HERE hom uit oor die klipbokke en rooitakbokke.

Job het geen antwoord op die vrae van die HERE nie, want hy het nog nooit opgelet wanneer hierdie bokke lam nie. Daar is nooit ’n mens by om met moeilike geboortes te help nie, maar die HERE sien raak en Hy help. Hierin is daar ’n les om Job en ons nederig te maak. As ons onbewus is van die tye van die wildsbokke, hoe sal ons ooit begrip kan hê van die Here se regering en onderhouding wat Hy in volkome wysheid verrig? Dit is verwaand van ons om die werke en tye van die HERE te bevraagteken.

Vir ons gelowiges lê hierin egter ook groot troos. Aangesien die HERE die geboortetye van klipbokke bepaal en in hulle weerloosheid na hulle omsien, hoeveel te meer sal Hy nie na die mens, wat na sy

beeld geskep is, omsien met tere sorg en liefde nie? As Hy soveel aandag aan diere skenk, sal Hy nie ook na jou, wat met die kosbare bloed van Christus gekoop is, omsien nie? Hy sál en Hy skenk sy volle aandag aan jou en my.

Sing: Skrifberyming 9-6:6, 7

Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)

Sondag 3 Augustus

Skrifgedeelte: Job 40:1-19
Fokusgedeelte: Job 40:10, 14a (AFR2020)

Die onoortreflike krag van die HERE

Die HERE het Job op ’n toer geneem deur die verskeidenheid van die diereryk (Job 39). Op hierdie toer het Job tot die besef gekom van die HERE se tere sorg en sy wysheid. Aan die einde van die toer het daar ’n kentering ingetree by Job en hom genoop om te sê: *“Kyk, ek is te onbelangrik – wat sou ek U antwoord? My hand lê ek op my mond”* (Job 39:37 AFR2020).

Job het inderdaad al begin nederig word, maar die HERE wil hom by totale oorgawe bring deur nog kennis van Homself aan Job mee te deel. Die HERE het nog twee diere waarmee Hy sy onoortreflike krag aan Job openbaar. Die twee diere is die behemoot (’n seekoei) en die leviatan (’n krokodil).

Die HERE noem die behemoot die voortreflikste van sy werke. God het die behemoot sowel as die mens gemaak. Nog niemand kon ’n seekoei tem nie, maar die seekoei is onder die beheer van die HERE. En wanneer die Jordaan in vloed afkom, bly die seekoei rustig.

Daar is magte en kragte in die skepping waarteen ons mense niks kan uitrig nie. Maar dit is vir die HERE geen verskrikking nie, want Hy is onoortreflik in krag. Midde-in die gewoel van hierdie wêreld wat ons maklik oorweldig, bly die Here rustig en beskerm Hy sy kinders. Dit is in Jesus Christus waar ons die onoortreflike krag van God duidelik sien. Deur te sterf aan die kruis, oorwin Christus die sonde en die

duiwel. Die Heilige Gees wek sondaars op in die nuwe lewe met die krag van God – dit is met die evangelie. En op die dag wat God bepaal het, sal Christus al die bose magte wat teen Hom en sy kerk opgestaan het met die asem van sy mond verdelg.

Sing: Psalm 123-1:1, 2

Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)

Maandag 4 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 8
Fokusgedeelte: Psalm 8:1, 4, 5, 10 (AFR83)

Al die sterre – en ek – en u heerlike Naam

Dawid is in die nag besig om skape op te pas. Hy het tyd om die skepping te bewonder. Hy aanskou die werk van die Here. Die maan en die sterre. Elke ster op sy plek. Asof met die vingers van die Here elkeen rondgeskuif totdat elkeen sy regte plek gekry het.

As ’n kind van die Here dit raaksien en, met vandag se wetenskaplike kennis daarmee saam daaroor nadink, kan ons nie anders as om daaroor te verbaas en ons te verwonder nie. Hoe is dit moontlik?

Ek kan nie eers onthou wanneer laas ek in die donker nag uitgegaan, op my rug gaan lê en na die sterre gekyk het nie. So met die blote oog of deur ’n gewone verkyker gekyk het om raak te sien nie. Gesien dat elke kolletjie eintlik ’n bolletjie is en dat hierdie een bolletjie waarop ek lê en kyk uniek deur die Here voorberei is en in stand gehou word sodat daar lewe kan wees. Sodat ek vrylik, miskien vir 80 jaar lank, dit sonder ophou kan inasem?

Wanneer ek so daaroor dink, word die Psalm van Dawid my eie Psalm. As ek, o Heer, nagtelike hemel daarbo aanskou, wat is die mens dan? Niks, onmerkbaar klein op die groot geskilderde doek van die hele heelal?

En soveel meer nog – dat U aan ons DINK en ons kom BESOEK? U stuur u Seun en U stuur u Gees om hier op hierdie aarde te kom

woon. Om ons te kom besoek. U doen dit omdat U aan ons dink. Omdat U hierdie wêreld so lief het, stuur U u eniggebore Seun om ons te kom besoek.

Sy besoek is soveel meer as ’n vriendelike navraag oor hoe dit met ons gaan. Hy kom gee Homself aan die kruis om mense wat U ken en aan wie U in liefde dink, te kom red en kinders van U te kom maak? U het dit met my kom doen!

Daarom – om mee te begin en om mee te eindig: *“O HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!”*

Sing: Psalm 8-1:3, 4, 7
Ds. HS (Fanie) Coetzee (Potchefstroom Die Bult)

Dinsdag 5 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 19
Fokusgedeelte: Psalm 19:2 (AFR83)

Om met die skepping en die Woord te kan saampraat oor God se grootheid

Hoor jy dit? Luister mooi. Die skepping praat. *“Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van sy hande bekend. Die een dag gee die berig deur aan die ander en die een nag deel die kennis aan die volgende mee. Sonder spraak en sonder woorde, onhoorbaar is hulle stem. Tog gaan daarvan ’n boodskap uit oor die hele wêreld en hulle taal bereik die uithoeke van die aarde”* (Ps. 19:2-5).

Wat sê die skepping? Dit getuig van die mag van die Here. Ons hoor dit nie, want ons raas te veel en is te veel met ons eie lofprysing besig. Ons skreeu met al ons gepraat die stem van die natuur dood. Ons is op onsself ingestel. In plaas van ’n harmonie met die skepping die lof van die Here te besing en van sy werke te vertel, sing ons ’n ander deuntjie wat op onsself gerig is. Ons praat teen die stem van die skepping in.

Hoor jy dit? Luister mooi. Die stem van die Here word in sy Woord gehoor. Daaroor sing die digter in die tweede deel van die Psalm. Dit is duidelik hoorbaar. God se Woord is wonderlik en vervullend en kosbaar. Dit vertel onder andere van die verlossing van sondes en die bevryding wat sou kom toe die Woord van die Here, Jesus Christus, mens geword het.

As ek die stem van die Woord, wat duidelik hoorbaar is, hoor en deur Jesus Christus aan die verlossing deel kry, kan ek ook begin praat. Huiwerend begin praat. Biddend praat: “Here, mag wat ek dink en sê, tog vir U aanneemlik wees.”

Eers dan kan ek begin saampraat, want dan praat ons almal dieselfde taal. Die skepping en die Woord en die gelowige praat saam. “Saam getuig ons van die mag van die Here en ons maak die werk van sy hande bekend.”

Sing: Psalm 19-1:1, 7

Ds. HS (Fanie) Coetzee (Potchefstroom Die Bult)

Woensdag 6 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 65
Fokusgedeelte: Psalm 65:2, 3 (AFR83)

Oral waar die Here is, moet daar gejuig word

Oral waar die Here is, word daar gejuig. Die Psalm sing van die lofsang van die volk van die Here. Die Here het hulle sondes vergewe en hulle kon na sy tempel toe kom en sy goedheid in oorvloed geniet. Daarom sing die volk ’n lofsang tot die Here.

God se genade is egter nie beperk tot Israel nie. Hy wil hê dat alle nasies, tot in die afgeleë lande saamjuig en Hom ook in sy tempel kom aanbid. Mense van die ooste en weste moet juig. Van daar waar die son uitgaan tot daar waar dit in die aand ingaan.

Om hierdie wêreldwye juigkoor aan die gang te kry, openbaar die Here Hom in sy wêreldwye skepping. Die Here is met mag omgewe

waar Hy ook al gaan. Dit is universeel so en dit is universeel waar. Waar jy ook al gaan, daar sal jy die skepping van die Here belewe. Daar sal jy die Skepper van die skepping vind as iemand op wie 'n mens kan vertrou.

Hierdie boek van die skepping en God se almag daarin is vir niemand onmoontlik om te lees nie. Dit is sy algemene openbaring en dit is duidelik vir almal. Paulus skryf dat dit binne die bereik van almal is om van God te weet, omdat die mens uit die werke van God duidelik kan aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is (Rom. 3:19, 20).

Dit is deur sy krag dat berge vasstaan en die geraas van die golwe bedaar. Dit gebeur sodat nasies in afgeleë lande ontsag vir die Here kry. Hy sorg vir die land in oorvloed. Hy maak dit vrugbaar. Hy laat dit reën en die riviere word vol. Waar Hy ook gaan, is daar oorvloed. Daar is selfs weiding in die woestyn as die Here daar is. Die kleinvee op die velde en die koring op die lande juig saam.

Ook uit hulle sal dié wat die Here uitkies, naderkom en hulle skuld bely om in sy tempel te kom woon. Hulle moet saam met ons en die kleinvee en die koring juig en sing oor die goedheid van die Here.

Sing: Psalm 65-1:1, 9

Ds. HS (Fanie) Coetzee (Potchefstroom Die Bult)

Donderdag 7 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 29
Fokusgedeelte: Psalm 29:1, 10, 11

Aanbid God wat met geweldige krag oor die natuur regeer en jou versorg!

Tot sewe maal toe weerklink "die stem van die Here" in hierdie psalm oor die aarde, met skrikwekkende gevolge vir die natuur! Geweldige watermassas beweeg met dreuning en die krag van 'n storm! Reuse sederbome word versplinter en berge spring rond soos uitbundige kalwers! Wanneer die regeerkrag van die Here geopenbaar

word, breek bliksemstrale rotse met vuur uitmekaar! Woestyne gaan aan die bewe en wildsbokooie gaan aan die lam. Die stem van die Here stroop bosse en bome kaal van blare! So geweldig is die mag van die Here (sy stem) wat Hy in die natuur openbaar!

Wie van ons het nog nie verstom gestaan oor die krag en die mag van die natuur nie? Geweldige storms, orkane, tsunami's, vuur en wind laat die mens na sy asem snak wanneer hy sy eie kleinheid en onmag besef! So openbaar die Here ons God Homself as Koning ook deur die natuur! Hy heers oor die krag en mag van die natuur as Koning oor sy skepping.

Hoe reageer ons op die stem van die Here in die natuur? Die ongelowige wêreld gaan in verwondering oor "Moeder Natuur" en aanbid in wanhoop tot die natuurkragte om hulle te versorg en te beskerm! Die Here wil dat ons sal jubel en juig en God as Koning aanbid! Dat ons aan die Here die erkenning en eer sal gee vir sy magtige dade in en deur die natuur en dat ons Hom sal erken as Skepper en Onderhouer van die wêreld!

Saam met die hemelinge kan ons uitroep "Heerlikheid!" (vs 9) en ons Koning in verwondering aanbid! Want dit is nie "Moeder Natuur" wat aan ons lewenskrag en vrede gee nie, maar die Verbondsgod wat Hom so duidelik in Jesus Christus aan ons kom openbaar het! Deur die genadeverbond in Christus sorg die Koning van die skepping vir ons. Hy skenk ons lewenskrag en Hy skenk ons lewensvrede!

Kom ons jubel en juig elke keer as ons God se stem in die natuur hoor!

Sing: Psalm 104-1:19, 20, 21

Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)

Vrydag 8 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 42
Fokusgedeelte: Psalm 42:12

Jubel oor God terwyl ek in my swaarkry wonder oor God

Beproewinge en swaarkry kan ’n mens “ver” van God laat voel! Dit voel vir die digter asof hy soos ’n wildsbok in die woestyn is wat ver van water af is en dat hy na God se teenwoordigheid smag soos daardie bokkie na water smag! Hy verlang na die teenwoordigheid en die troos van die Here. Al wat hy nou beleef, is trane en vertwyfeling.

Ja, swaarkry en beproewing kan jou oor God se handeling met jou laat wonder. Dit kan jou selfs laat dink dat God jou vergeet het. Dit laat jou wonder waarom die Here hierdie beproewing oor jou gebring het? Wat het jy gedoen dat jy hierdie swaarkry moet ervaar? Hierdie gedagtes en vrae kan jou diep ontstel en jou mismoedig maak.

En tog, terwyl jy in jou swaarkry wonder oor God, kan jy terselfdertyd ook jubel oor God! Twee keer in die psalm breek die lig van God in die donker van die psalmdigter se swaarkry deur, naamlik in verse 6/7 en vers 12: *Ek sal Hom weer prys, want Hy is my redder en my God!*

Ja, in jou swaarkry word jy herinner aan God se getroue redding en genade aan jou in die verlede. Dat ons getroue God sy kinders red en bystaan, bly vir jou ’n bron van hoop en iets om aan vas te hou! In jou swaarkry kan jy in gebed vashou aan God en kan jy jubel oor God wat vir jou – soos altyd in die verlede – uitkoms sal gee!

Met vertroue kan ek bid tot die God van my lewe en sê: My Rots! Ja, in Christus staan God se genade en redding vas! Hy het immers belowe dat niks my ooit uit die hand van God sal ruk of van die liefde van God sal skei nie! Daardie liefde wat God vir my in Jesus Christus het! Daarom sal ek jubel terwyl ek in my swaarkry wonder!

Sing: Skrifberyming 14-2:1

Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)

Saterdag 9 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 84
Fokusgedeelte: Psalm 84:1, 2

Deur innige gemeenskap met God in die erediens versterk God jou vir die eise van die lewe

Gister het ons in Psalm 42 gesien dat die psalmdigter ver van God gevoel het as gevolg van ’n diep beproewing. In Psalm 84 is die psalmdigter letterlik “ver van God” in dié sin dat hy ver van die tempel in Jerusalem af is. Van êrens in die platteland verlang hierdie gelowige met sy hele wese – liggaam en siel - na die innige gemeenskap met die Here wat ’n gelowige ervaar wanneer hy of sy God in die erediens ontmoet!

Natuurlik leef ek altyd en oral in teenwoordigheid van die Here en ek kan enige tyd en plek met Hom gemeenskap hê! Maar die tempel was immers die plek wat God Self gekies het om sy volk op ’n spesiale manier te ontmoet. Daar waar al die gelowiges in erediens saamkom om die Here te dien met sang en musiek en gebede, en waar die Here Hom op besondere manier aan die gemeente openbaar deur sy Woord en Wet.

Die lewensreis word in verse 8-10 vergelyk met die pelgrimstog wat die Israeliete jaarliks moes onderneem na Jerusalem vir die besondere feeste! Soos wat die reisiger sy gedagtes rig op God en dit wat Hy van God gaan ontvang in Jerusalem, so word hy versterk vir die reis! Die Here gee die krag vir die reis en die Here omskep al die uitdagings van die reis in voorspoed en seën. Selfs net die gedagte aan die seëninge wat God in die erediens gee, versterk ons vir die reis!

Des te meer wanneer ons die lewende Here daar in die erediens ontmoet! Dan ervaar ons die Here soos ’n son en ’n skild! Ja, God is in Christus vir ons soos die son van wie ons lewenskrag en energie ontvang om te leef! In Christus is God ook ’n skild! Hy beskerm ons teen die dood as straf op die sonde! Hy lei ons veilig deur die lewe – ja, selfs deur die dood – soos Dawid in Psalm 23 vir ons leer!

Wie sal dan nie na ’n ontmoeting met die Here in die erediens verlang

nie? Wie sal dit dan met opset wil misloop wanneer God op besondere manier sy seëninge uitdeel? Ja, ek wens ek was soos 'n voëltjie wat sy nessie in die tempel kon bou om altyd so "naby" aan God te wees!

Sing: Psalm 84-1:1

Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)

Sondag 10 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 104:1-35 (AFR33/53)
Fokusgedeelte: Psalm 104:1-2, 33, 35b

Met die skeppingslied wil ek God met my hele wese loof!

"Loof die Here, o my siel! Here my God, U is baie groot!" 'n Loflied oor die Skepper se almag in sy Skepping! Die Lig wat die duisternis wegdryf. Die koepel van die hemel wat soos 'n tentseil gespan word. Die watermassas wat van mekaar geskei word. Die berge en oseane wat verrys. Die sonnestelsel met al die ander ligte in die uitspansel wat die aarde verlig. Die plante en diere, voëls, visse en seemonsters ... is alles geskape deur net te praat. Met die woorde wat God uitgespreek het, het alles onstaan.

Alles, behalwe die mens. Die mens – die kroon van die skepping – is met God se hande, uit die stof van die aarde, gemaak en sy asem in ons ingeblaas – Gees van God in ons.

Met hierdie jubelsang hoor ons nie net die geskiedenis van die skepping nie, ons sien dit en beleef ook hoe God dit in sy almag instandhou. Ongelukkig neem ons ook ons eie kleinheid en sondigheid – mensheid – voor God se almag, grootheid en soewereiniteit, waar.

Daarom is hierdie psalm ook 'n gebed, nie net teen sekere sondaarmense nie, maar teen die bose magte wat ons van tyd tot tyd laat struikel en ons in opstand teen die Skepper van die skepping laat kom en ons aan Hom en sy Woord ongehoorsaam is. Baie letterlik bid die digter dat sonde en goddeloosheid tot 'n einde sal kom.

En dit wéét ons, die Lig het gekom, Jesus Christus het vir jou en

my sondes aan die kruis gesterf – sodat ek en jy kán en mág lewe! Daarom juig en jubel ons saam: *"Ek wil sing tot eer van die Here solank as ek lewe, ek wil psalmsing tot eer van my God solank as ek daar is". "Loof die Here, o my siel! Halleluja!"*

Sing: Psalm 33-1:1, 2

Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (George)

Maandag 11 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 121:1-8 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Psalm 121:2, 8

Wanneer ek die berge sien, wéét ek dat die Een wat die berge gemaak het my beskerm en bewaar!

My hulp kom nie van die berge of die hemel of die aarde af nie. Sou dit so wees, sou dit niks anders as afgodery wees nie. Ons lees so ietsie van bygelowigheid in hierdie reisigerslied. Op reis na Jerusalem moes die pelgrims deur woestyne en oor berge reis om hulle tempelfeeste in die teenwoordigheid van God te gaan vier. Vanweë die hitte in die woestyn het hulle letterlik sonsteek opgedoen. Snags het hulle daarvan koors ontwikkel en geglo dat dit die maan is wat hulle siek gemaak het ...

Die berge was opsigself 'n uitdaging. Rowers en wilde diere het hulle dikwels aangeval. Daarom ook die versugting: "Waar sal my hulp vandaan kom?" Dan die openhartige belydenis dat hulle hulp nie van die berge af kom nie! *"My hulp is van die Here, (van Hom) wat hemel en aarde (die berge en die son en die maan) gemaak het."*

Hierdie lewensreisigers reis, juigend, met die Here aan hulle sy. Die digter noem die Bewaarder en Beskermer "is jou skaduwee aan jou regterhand". 'n Skaduwee is iets wat – al is ons nie altyd daarvan bewus nie – altyd by ons is. Om 'n skaduwee te kan sien, moet daar 'n lig wees sodat mens die skaduwee kan sien. Ons Here Jesus sê Self vir ons in Johannes 8:12: *"Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee."* En *aan jou regterhand* het hier 'n militêre betekenis – jy is oop

en onbeskermd. Daarom is die Here langs jou, by jou, om jou en ook IN jou!

Wanneer ek die berge sien, wéét ek dat die Een wat die berge gemaak het my beskerm en bewaar! Wanneer ek opkyk, weet ek my Here is met my – tot in alle ewigheid.

Sing: Psalm 89-1:6, 14

Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (George)

Dinsdag 12 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 139:1-24
Fokusgedeelte: Psalm 139:14

Die Skepper-God het my op 'n wonderbaarlike manier gemaak!

Dit is vir ons duidelik dat Dawid deur God se alomteenwoordigheid en grootheid oorweldig is toe hy hierdie Psalm geskryf het. In verwondering besef hy dat niks voor die aangesig van ons Here verberg is nie. Waar ons is, waarheen ons reis, wat ons gaan sê, wat ons dink, dit wéét God! Ons kan nêrens wegkruip nie – nie eers in die donkerste duisternis nie, want ons Here wat die lig geskape het, ís die Lig wat die donkerte wegdryf. Ons kan ook nie ons sonde wegsteek nie ... Omdat Dawid die Here ken en Hóm vertrou, bid hy hierdie wonderlike Psalm. Met lof getuig hy hoe wonderlik die Skepper die mens gemaak het. Met fyn borduurwerk het Hy ons gevorm en in die moederskoot – daar waar die lewe met bevrugting begin – Goddelik aanmekaargeweef. En dat God van elke dag van ons lewens weet!

Die Here is God. Hy ken sy skepping omdat Hy alles daarin self gemaak en die omvang daarvan bepaal het. Binne sy soewereine wil laat Hy alles toe om te gebeur wat gebeur. So ook die verlossende genade van ons Here Jesus Christus wat vir ons gestuur is, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê!

Sing: Psalm 149-1:1, 2

Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (George)

Woensdag 13 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 148
Fokusgedeelte: Psalm 148:1, 7

Niks kom by God se grootheid nie

Word ’n paar oomblikke stil en dink aan die skepping. Wat is vir jou ontsaglik groot en kragtig? Wat beïndruk jou en is vir jou baie besonders? Dalk dink jy aan ’n vulkaan waar gloeiende lawa uitborrel wat alles vernietig waar dit loop. Dalk dink jy aan ’n weerligstraal wat met een slag mense en diere kan dood en bome verpletter. Dalk dink jy aan die magtige golwe in die see wat in stormtye die grootste boot op die rotse kan laat strand.

Dink vir ’n rukkie aan magtige en invloedryke mense. Watter persoon maak ’n groot indruk op jou? Wie beskou jy as ’n magtige mens? Dalk dink jy aan die president van Amerika, militêr en ekonomies die magtigste land op aarde. Dalk dink jy aan die grootbaas van ’n groot maatskappy en sy ontsaglike finansiële vermoë. Psalm 148 lei ons om nuut oor al hierdie grootse dinge en persone in die skepping te dink.

Weet vandag opnuut: God is oneindig groter en magtiger as al hierdie grootse gebeure en persone. God regeer in sy almag oor die ganse skepping en oor alle mense in magsposisies. Niks en niemand kan by God se grootheid kom nie! Alles en almal staan onder sy heerskappy en gesag. Sy majesteit en heerlikheid is oneindig groot. Alles in die hemel en alles op die aarde moet voor Hom buig en Hom loof en prys. Hy bepaal alle dinge se plek en funksie.

Wat ’n heerlike voorreg dat ons in hierdie oomblikke deur die krag van die Heilige Gees God opnuut kan raaksien as die groot en almagtige God – en dat ons Hom as Vader kan ken en dien.

Sing: Psalm 19-1:1, 2

Ds. L du P (Wicus) van der Vyver (Silverton)

Donderdag 14 Augustus

Skrifgedeelte: Spreuke 21 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Spreuke 21:31

Maak die HERE jou deel …

Tevergeefs … tevergeefs sê die Psalmdigter (Ps. 127), as die HERE nie deel is van jou beplanninge nie, is dit tevergeefs.

Spreuke 21 vorm deel van ’n groep spreuke wat die regverdige en die dwaas (bose) teenoor mekaar stel. Die lewensingesteldheid van die regverdige en die dwaas word herhaaldelik met mekaar vergelyk en die Spreukedigter stel dit duidelik dat dit beter is om volgens God se voorskrifte te leef.

Selfs die magtigste leier se wil staan onder gesag van die HERE, of hy dit wil weet of nie. Destyds in Salomo se lewe was die koning in beheer met absolute gesag, maar reeds van vers 1 is dit duidelik dat alle gesag aan die HERE behoort.

Daarom is dit belangrik om die motivering van jou beplanning en optrede te toets of dit volgens die HERE se wil is, want Hy bepaal die uitkoms daarvan. Mense het altyd ’n verskoning te maak, maar die HERE stel nie belang in verskonings nie, Hy kyk na die motief wat jou tot jou besluit of optrede gebring het. Miskien is dit ’n goeie gedagte om jouself te toets deur te vra of wat jy aanbied om jou optrede te regverdig, ’n blote verskoning is en of dit waarlik die rede/motief is wat jou daartoe gelei het, en dan nog meer of dit ’n rede is wat vir God aanneemlik is. “Waarom was jy nie Sondag by die erediens nie?” Omdat jy gewerk het – maar *moes* jy gaan werk, of wou jy gaan werk omdat daar bepaalde ekstra voordele in is. Sien u die verskil tussen rede en verskoning?

In navolging van Jesus Christus bid ons om die leiding van die Vader deur sy Heilige Gees om deur ons handel en wandel Hom te verheerlik.

Sing: Psalm 33-1:6, 7

Ds. JE (Blok) Franck (Emeritus)

Vrydag 15 Augustus

Skrifgedeelte: Spreuke 30:15-31 (AFR83)
Fokusgedeelte: Spreuke 30:24-28

Ook in die kleine is God se werke groot

Twee, of drie … nee vier dinge wat verwondering wek. Daardeur stel die digter dat die lys nog onvoltooid is. Telkens is daar hernude vreugde in die fyn waarneming van hoe God se skeppingswerke in hulle uniekheid jou verwagting ver oortref.

In die vier klein diertjies word soveel wysheid openbaar. Almal is besonders in eie reg, maar telkens as individu kom die wonder van hulle bestaan nie heeltemal tot sy reg nie. Dit is eers as hulle naasbestaan nader ondersoek word dat die krag en slimmigheid van elke skepsel ons aanspreek.

Van die miere leer ons die resultaat van samewerking insien wanneer hulle voorberei en kos versamel, alreeds as daar volop is, sodat hulle in die winter nie honger ly nie. En die dassies maak saam hulle tuiste tussen die rotse waar dit hoog en veilig is, terwyl die sprinkane sonder leier tog in formasie beweeg en verwoesting saai. Selfs die kleine geitjie leer ons ’n les in sy vreesloosheid deur selfs in die koning se paleis sy blyplek te vind.

Elke diertjie bring ons deur bepeinsing by daardie “Eureka”-uitroep: hulle is almal suksesvol in wat hulle doen. Hulle slaag as hulle saamwerk en hulle kragte saamvoeg.

Dan laat dit ’n mens in dieselfde verwondering besef wat ons Here Jesus bedoel het met al die ledemate saamgevoeg in een liggaam – sy kerk. Telkens in die Nuwe Testament as Hy na sy kerk verwys, gaan dit oor die samesyn; hoewel die individu nie onbelangrik is nie, is die krag van God in die gemeensaamheid van die gelowiges duideliker sigbaar. Daarom word ons saamgeroep om daardeur ons roeping suksesvol na te streef en uit te leef tot lof en eer van sy Naam.

Sing: Skrifberyming 2-5:1, 3

Ds. JE (Blok) Franck (Emeritus)

Saterdag 16 Augustus

Skrifgedeelte: Prediker 1:1-11
Fokusgedeelte: Prediker 1:1-11

Alles tevergeefs?

Die prediker, Salomo, se uitkyk op die lewe is maar swart. Soos sommige mense van vandag ook. Alles is hopeloos.

Hoekom sê die Prediker dat alles tot niks kom? Hy sien dat mense werk. Geslagte kom en gaan en wat vroeër gebeur het, gebeur vandag en môre weer. Dit is dieselfde in die natuur. Die son kom op, gaan onder, kom weer op. Al die strome loop in die see – en die see word nie vol nie. Maar nie almal sal met die Prediker saamstem nie. Jongmense vol ideale wil die toekoms gryp en ’n suksesvolle loopbaan nastreef. Miskien is dit net die ouer geslag wat al beleef het van wat die Prediker sê. Wat wéét dat daar eindelose herhaling in alles is ... en dat daar niks nuut onder die son is nie.

Daar kan gesê word dat die Prediker die lewe eensydig sien. Maar hy wil ons duidelik wys op ’n stuk waarheid: die nietigheid van die mens en sy werke! Baie later in die Bybel sê Paulus dat die Prediker reg is. Die skepping is aan die nietigheid onderworpe. Hy weet dat die skepping, wat die mens insluit, aan die vergaan is. Paulus en die Prediker stem saam.

Paulus sien wel ’n ander kant. Op grond van Jesus Christus se dood, opstanding en oorwinning aan die kruis praat hy van “pyne van verwagting” (Rom. 8:20-24). Alles is tog nie tevergeefs nie! Die hopeloosheid sal deurbreek word. Hy wat op die troon sit, maak alles nuut (Op. 21:5). Daarom bid ons: “Hou tog die werk van ons hande in stand, o Here!” (Ps. 90:17). Dan is alles tog nie tevergeefs nie!

Sing: Psalm 128-1:1, 2

Ds. JF (Koos) Mouton (Emeritus)

Sondag 17 Augustus

Skrifgedeelte: Prediker 11:7 – 12:1
Fokusgedeelte: Prediker 11:9

’n Christen geniet die lewe

’n Christen kan die lewe geniet! ’n Christen kan elke dag met vreugde en blydskap aanpak, want dit kom van die Here af. ’n Christen kan verder kyk as die swaarkry en donkerheid van die lewe, want in alles is jy in die hand van die Here. Jou hele lewe is ’n gawe van God! Moet daarom nie oud wees voor jou tyd nie. Moenie dink dis die grootste Christelike deug om met ’n lang gesig rond te loop nie. Moet jou nie terugtrek uit die lewe nie. God het jou in sy mooi wêreld geplaas ... en jy kan dit geniet.

Maar ... en hierdie “maar” moet daar altyd in jou lewe wees: ... maar onthou dat jy oor alles aan God rekenskap moet gee; onthou dat jy alles as gehoorsame kind van God moet geniet. Eers dan kan jy die lewe werklik geniet, want jy weet jou Here gee jou die lewe met alles daarin. Juis met Hom wil jy mos weglewe van die slegte en die lelike, weg van die sonde, om juis die lewe te geniet binne die bane van sy Woord. Die lewe is dan nie ’n sleur om deur elke dag te kom nie, dit is ’n hartsvreugde wat strek tot in ewigheid.

Hoe kan jy die lewe, selfs deur donkerhede heen, geniet? Alleen as God vir jou die lewende God is! Daarom sê die Prediker: “Dink aan jou Skepper ...” In Christus is Hy meer as jou Skepper. Hy is ook jou Vader! Jy is sy kind! Dit is mos rede vir vreugde en blydskap.

Sing: Psalm 97-1:7

Ds. RG (Roelie) Aucamp (Emeritus)

Maandag 18 Augustus

Skrifgedeelte: Jesaja 11:1-10
Fokusgedeelte; Jesaja 11:1

’n Oorblyfsel bring ’n sprankie van hoop op nuwe lewe

Die beeld van die verslane Assiriërs as ’n bos wat heeltemal verwoes en vernietig is (Jes. 10), word deur die profeet nou oorgedra na Juda wat met die ballingskap as ’n afgekapte boom, net ’n stomp wat oorbly, beskryf word. Dit alles gebeur onder God se beheer, want Hy regeer. En hieruit blyk dat die oordeel oor Juda nie die einde van God se verhouding met sy volk is nie. Hiermee hoor ons ’n lofsang oor die nuwe Vrederyk van die Messias soos dit voorgestel word met hierdie takkie as simbool van die nuwe lewe uit die geslag van Dawid, die seun van Isai.

Die lofsang bou op na die hoogtepunt as die profeet die Goddelike toerusting deur die Heilige Gees beskryf, soos dit op koning Dawid sal neerkom (1 Sam. 16:13; 2 Sam. 23:2), naamlik wysheid en insig, raad en sterkte, kennis as fondament vir die regte besluitneming en die belangrikste, naamlik ’n lewende verhouding met die Here. Hierdie eienskappe word in volmaaktheid ook op die tweede Dawid oorgedra om die Messiaskoning aan te kondig. Daardeur sal Hy in elke opsig in geregtigheid regeer omdat Hy betroubaar en regverdig is.

Verder word die radikale vernuwing beskryf met die teenoorgesteldes, hierdie keer vanuit die dierelewe, wat die volmaakte Vrederyk soos deur hierdie nuwe koning tot stand gebring sal word. ’n Heerskappy wat gekenmerk word deur volkome harmonie en vrede. Wanneer die tyd reg is, as die Messiaskoning soos ’n baken uitstyg wat as vaandel sal dien vir alle ware gelowiges om om Hom te versamel soos die krygers van ouds.

Ons word deur Hom gebring by die punt om nie teen die stukkende en deur sonde verwoeste wêreld vas te kyk nie, maar om ons oë op te rig en reeds die radikale, herskepte wêreld deur Christus te bemerk.

Sing: Skrifberyming 14-1:2, 3

Ds. JE (Blok) Franck (Emeritus)

Dinsdag 19 Augustus

Skrifgedeelte: Jesaja 11:11-16
Fokusgedeelte: Jesaja 11:12, 16

’n Banier sal verrys om bymekaar te bring

Die HERE Self sal sy volk verenig in hulle terugkeer na hulle land wanneer Hy die Banier sal laat oprys bo al die volke en nasies. Hy sal alle tweespalt en verdeeldheid wegneem sodat Juda en Israel weer verenig, so sal Hy die oorblyfsel saamvoeg. Die oorblyfsel van die ballinge sal weer in Jerusalem vergader. Eendragtig sal hulle weer die grondgebied van Israel uitbrei na alle kante, na die ooste en die weste, soos dit in die tyd van koning Dawid was. Die terugkeer van die oorblyfsel is die tweede intog – die eerste was aan die einde van die woestynreis vanuit Egipte, en hier die tweede maal as hulle terugkeer uit die Babiloniese ballingskap.

In die Nuwe Testament sien ons dat hierdie belofte aan Israel (Jes. 11) oorgaan op die Nuwe Testamentiese kerk (Gal. 3:7; Ef. 2:19-22; Rom 11:17-24) met die hemelse Jerusalem as versamelplek (Fil. 3:20; Heb. 12:22-24). So bly die verband tussen die profesie en die belofte bewaar. Christus Jesus kom Self na sy mensegestalte uit Israel gebore, so ook die apostels en die eerste gemeente te Jerusalem. Die verband van verkiesende genade (Rom. 11:1-5) en die vervulling van God se belofte deur die profeet uitgespreek, vind ons met die inenting van die wilde olyftak op die mak olyfboom (Rom. 11:17) en gaan die profesie in vervulling in die Ryk van sy heerlikheid wat uiteindelik die nuwe aarde sal omvat.

Die voltooiing van die profesie vind ons heengewys in die heilsopenbaring, naamlik dat die kerk van die Here met Christus se eerste koms in beginsel en met sy tweede koms in volkomenheid openbaar word. So beleef Israel, maar ook elke kind van God deur die eeue heen, dat Hy ons weë só rig dat deur alle teleurstelling en terugslae ons met vertroue en sekerheid ons op Christus kan rig.

Sing: Skrifberyming 18-7:1, 10

Ds. JE (Blok) Franck (Emeritus)

Woensdag 20 Augustus

Skrifgedeelte: Jesaja 18:1-7
Fokusgedeelte: Jesaja 18:4

Tyd en omstandighede bepaal nie, God wel

In hierdie gedeelte word Kus (Etiopië) aangespreek. Hulle het ’n afvaardiging na Jerusalem gestuur (vs 2), waarskynlik om in Israel ’n vennoot te soek om teen Assirië te veg. Dinge moet verander, dinge moet gebeur, planne moet beraam word. Daar is ’n krisis ... soos so baie keer in ons lewe.

Maar God kyk (oorweeg en evalueer) rustig (stil) uit sy woonplek ondertoe (vs 4). Hy is steeds in beheer. Tyd en gebeure is in sy hand. Hy verander en gryp in die situasie in, op die tyd wat Hy bepaal (vs 5). Hy is die Here die Almagtige (vs 7). Vertrou jy God, nie net met die verloop van jou lewe nie, maar ook die tydsbepaling van jou lewe?

Op die ou end sal ook die Etiopiërs geskenke bring (vs 7) en erkenning gee aan God. Ja, natuurlik moet ons werk en planne beraam, maar in erkenning dat God die Almagtige is, om juis in te val in die rigting wat God bepaal, om deel te wees van sy plan en nie probeer om Hom te manipuleer in jou plan nie.

Hy weet reeds waar die pad eindig, Hy sal ook jou situasie deelmaak van die volvoering van sy plan, Hy sal nie halfpad opgee nie, want hy is die Here die Almagtige.

Sing: Psalm 33-1:6

Ds. CJ (Johan) van Heyningen (Stellenbosch)

Donderdag 21 Augustus

Skrifgedeelte: Jesaja 42:1-9
Fokusgedeelte: Jesaja 42:6

Roeping as dienaar van God

Die "dienaar van die Here" dui in die onmiddelike konteks op Israel wat geroep is om God se heelmaking, herstel en verlossing te verkondig en sigbaar te maak, ook aan die nasies. In die groter konteks dui dit op die volmaakte "Dienaar van God" in Christus wat ware verlossing van sonde-doodsbestaan bring. In Hom is daar ware lewe en in Hom kan alle nasies, deur geloofsomhelsing, ware lewe en herstelde verhouding vind. En tog is daar ook 'n Nuwe-Testamentiese perspektief dat elke kind van God (deur Christus se verlossing) as profeet, priester en koning (1 Pet. 2:9) ook die taak en roeping het om te verkondig, heelmaking te bring en die genade van God te laat uitkring.

Die roeping word in Jesaja 42 beskryf: God se wil bekendmaak, geknakte riet nie verbreek nie, leer ander, bevryding van (ook geestelike) blindheid en gevangenskap.

Ek en jy moet eers self hoor en omhels in geloof: Hy sal my dowwe lampie nie uitdoof nie, Hy gee aan my bevryding, ek kan weer God verheerlik vanuit 'n herstelde verhouding. Moenie twyfel aan God se genade vir jou nie ... maar moet ook nie twyfel dat die Here jou roep om juis daardie genade te gaan uitdeel nie. Ons is geroep om by mense stil te staan, om die wat nie meer kan nie, te dra, om waar daar verwarring is, God se wil te bekend te maak.

Ons kan en moet, want Hy het ons gekies, ons gaan onder leiding van die Gees, ons gaan in sy Naam ... en Hy is die Here.

Sing: Psalm 66-1:7, 9

Ds. CJ (Johan) van Heyningen (Stellenbosch)

Vrydag 22 Augustus

Skrifgedeelte: Esegiël 15
Fokusgedeelte: Esegiël 15:1-8

Wat is wingerdhout beter as kreupelhout?

Die wingerdstok se hout is waardelose hout. Jy kan niks daaruit maak nie – geen meubels, beeldhouwerke of gereedskap nie. Die wingerdstok se hout is so verwring en verdraai dat dit geen nut het nie. Tog heg ons ’n besondere waarde aan die wingerdstok, want die vrugte van die wingerd is iets besonders. Die druiwe aan ’n wingerdstok maak dit ’n edel gewas. As ’n wingerdstok daarom geen druiwe voortbring nie, is dit vir die boer waardeloos. Al wat hy met so ’n wingerdstok kan doen, is om dit uit te kap en in die vuur te gooi.

As kinders van God nie goeie werke voortbring wat van hulle geloof spreek nie, is hulle vir God van geen waarde nie. Christene is gewoonlik baie besorg oor die onreg en sonde in die wêreld. Ons moet net so besorg wees oor ’n negatiewe en steriele Christendom. Ons verlossing het een groot doel: vrugte dra.

Christus neem hierdie metafoor van Esegiël verder en wys dat dit op Hom van toepassing is. Hy is die wynstok en ons die lote. Die lote wat in Hom bly, dra vrugte, maar die lote wat geen vrugte dra nie, word uitgesny en weggegooi om verbrand te word. Goeie werke is noodsaaklik. Christus werk dit in en deur die gelowige. So word sy genade juis in die wêreld ingedra.

Die kinders van God moet altyd onthou dat hulle in die wêreld is om die koninkryk van Christus te dien. Hulle is God se enigste beeld in die wêreld.

Sing: Psalm 25-1:1

Ds. GC (Gideon) Coetzee(Standerton)

Saterdag 23 Augustus

Skrifgedeelte: Esegiël 17:1-24
Fokusgedeelte: Esegiël 17:22-24

God gee aan alles sin

Waarin lê die sin van die lewe? Israel het in Babel op die ashoop van ballingskap geworstel met die sin van dinge. Waarom sou God dít met Israel laat gebeur?

By wyse van hierdie fabel word aan die volk verduidelik dat, hoewel Nebukadnesar al hierdie dinge gedoen het, dit God was wat hom gebruik het om sy wil uit te voer. Eens 'n magtige groot boom, met takke wat rusplek vir die voëls van die hemel gebied het – dit was hoe Israel eens was. Israel was eens 'n teken van krag en voorspoed.

Maar hierdie boom is uitgeruk, afgekap. Van 'n groot boom is 'n klein boompie gemaak. Israel moes verstaan dat dit God was wat handel. Een van die buurbome is egter deur God sterk en groot gemaak om sy wil uit te voer, sodat God se straf en oordeel oor Israel voltrek kon word. God het dit gedoen sodat al die ander bome in die veld, al die ander nasies, kan weet dat Hy die Here God is.

Israel leer deur hierdie fabel: Die mens wik, God beskik – oor alles en oor almal. Dit is die sin van die lewe!

Vir baie mense lê die sin van die lewe daarin om self sin aan 'n onverstaanbare wêreld te gee – om alles met die verstand te probeer verstaan. Hierdie gedeelte leer ons dat God aan alles sin gee, en uiteindelik bevestig Hy dit deur Christus wat sin in ons doellose bestaan bring.

Die evangelie van Christus leer vir ons: Dit is nie eers wanneer ons alles verstaan dat die lewe sin kry nie, maar wanneer ons alles wat ons nie verstaan nie, in die regte lig sien. In die lig van God se genade deur Christus kry ons lewens sin.

Sing: Psalm 33-1:6

Prof. SP (Sarel) van der Walt (TSP)

Sondag 24 Augustus

Skrifgedeelte: Esegiël 36:16-38
Fokusgedeelte: Esegiël 36:22

Ter wille van God se heilige Naam

Besef ons regtig wat die heiligheid van God beteken? Hieroor praat die Ou Testament dikwels. God is die heilige God wat onheiligheid nie kan verdra nie. Hy het Hom aan sy volk verbind en daarom moes hulle ook heilig, sonder sonde en in gehoorsaamheid aan Hom lewe. Hulle het dit egter nie gedoen nie.

Israel se optrede het God se Naam oneer aangedoen en dit kon Hy nie daar laat nie. Die gevolg was dat hulle onder sy groot oordeel gekom het en in ballingskap gegaan het.

In die ballingskap is God se Naam egter ook oneer aangedoen wanneer hulle gesê het dat dit tog die Here se volk is wat nou in ballingskap verkeer. God gaan hulle dus in die toekoms verlos en na hulle eie land terugbring. Sodoende sal Israel self, asook al die ander nasies, besef dat God heilig en almagtig is.

Om die eer van sy heilige Naam te herstel, het God vir Jesus Christus gestuur om versoening vir ons sondes te doen. Ons hele lewe moet daarvan getuig dat die eerste bede van die Onse Vader nie vir ons maar net mooi woorde is nie: Laat u Naam geheilig word. Ons moet ons lewe sy Naam heilig en eer gee aan Hom as die heilige God.

Hierop moet ons hele lewe gerig wees, anders kan God dalk ook in ons lewens drasties optree om die eer van sy Naam te handhaaf.

Sing: Skrifberyming 10-1:1

Prof. HF (Herrie) van Rooy (Emeritus)

Maandag 25 Augustus

Skrifgedeelte: Esegiël 37:1-14
Fokusgedeelte:Esegiël 37:3 (AFR83)

Die Here maak dooie, droë bene weer lewende mense!

Die profeet Esegiël word deur die Gees weggevoer in ’n visioen na ’n laagte vol dooie, droë bene. Hier konfronteer die Here die profeet met die vraag: “Mens, kan daar weer lewe in die bene kom?” Kan die proses waar die dood ’n liggaam afbreek tot dooie droë bene, omgekeer word? Die profeet antwoord, soos ons ook sou, “Nee”, dit kan nie. Tog gebeur die onmoontlike. Wanneer Esegiël in opdrag van die Here optree, bring die woord van die Here die bene in beweging. Die bene beweeg na mekaar toe en word met vleis en vel oorgetrek. Die Gees kom in hulle en droë bene word lewende mense. Die Here gee Self die verklaring en toepassing van die visioen. Die dooie, droë bene is beeld van Israel. So sien hulle hulself in ballingskap. Hulle het geen hoop nie – dit is die einde! Nee, sê die Here, daar is hoop. Ek gaan julle uit die dood terugbring om te lewe!

Die belofte het waar geword vir Israel. ’n Oorblyfsel het uit ballingskap teruggekeer na Jerusalem. Vir gelowiges het die belofte waar geword in en deur Jesus Christus ons Here. Hy laat die dood wyk. Jesus wek Lasarus, na vier dae in die graf (Joh. 11), op uit die dood. Hy staan, op die derde dag na sy sterwe aan die kruis, op uit die dood. So oorwin Hy die dood (1 Kor. 15) om lewe, ewige lewe te gee (Joh. 10). Daarom is Hy ons hoop en gee Hy hoop (1 Pet. 1). God het ook vir ons, wat dood was in ons sonde, in sy groot liefde saam met Christus lewend gemaak (Ef. 2). Deur sy Gees en sy Woord het Hy ons tot geloof gebring, geloof wat hoop gee (Heb. 11). Die stukkend van hierdie lewe kan ons in omstandighede bring waar dit lyk asof dit klaar is met ons, asof ons droë bene is. Hoor dan hoe die Here, deur sy Woord en Gees vir ons sê: *Niks is vir my onmoontlik nie. Niks kan julle van My en my liefde skei nie* (Rom. 8). *Ek is die God wat in elke omstandigheid uitkoms gee* (2 Kor. 1). *Ek maak dooie, droë bene weer lewende mense.*

Sing: Psalm 84-1:3, 4

Ds. FM (Frederik) Dreyer (Noordrand)

Dinsdag 26 Augustus

Skrifgedeelte: Esegiël 47:1-12
Fokusgedeelte: Esegiël 47:9, 12 (AFR83)

God laat water, wat lewe gee, uit die heiligdom stroom!

Die engel met die meetstok bring Esegiël by die ingang van die tempel. Hy sien water wat by die drumpel van die tempel uitkom. Die water loop deur die oospoort tot in die Dooie See. Hoe verder die water loop, hoe sterker en dieper word die stroom. Sommer gou vloei dit van enkeldiep tot ’n stroom waardeur ’n mens nie kan loop nie. *“Sien jy dit, mens?”*: die stroom uit die heiligdom en die effek daarvan? Op die walle van die stroom sien ons allerlei hoë bome. Die bome dra elke maand vrugte om te eet. Die blare verlep nie en bring genesing. Die stroom water uit die heiligdom bring en gee lewe vir plant en dier en mens. Die water van die stroom verander die Dooie See in ’n see wat lewe, ’n see vol vis. Waar die water kom, lewe alles! In die water wat by die tempel uitloop, onkeerbaar verder stroom en lewe bring, sien ons die lewe wat die magtige teenwoordigheid van die Here bring (Eseg. 43:5-7). Sy troon is in die tempel, sy woning. Hier is Hy, die bron van alle lewe, by sy volk teenwoordig. Sy onkeerbare koningsheerskappy bring lewe vir plant en dier en mens. Die Here Jesus bevestig en waarborg hierdie lewe (Joh. 10:10). Sy koms en sy koningsheerskappy bring ’n einde aan die tempel van die Ou Testament (Joh. 2:13-21). Deur sy liggaam, deur sy dood aan die kruis, rig Hy ’n nuwe tempel op. Die nuwe tempel kry gestalte in sy liggaam, sy kerk (Ef. 1:23; 2:20-22). Jesus, die Christus, is die bron van lewe. Hy is die bron van lewenswater (Joh. 4:14; 7:37-38). Hy gee lewe, die ewige lewe, vir elkeen wat in Hom glo (Joh. 3:14-16). Die stroom water wat uit die nuwe tempel, uit sy liggaam stroom, is onkeerbaar en bring nuwe lewe die hele wêreld oor. Die volheid van hierdie nuwe lewe sal in die nuwe Jerusalem deur gelowiges beleef word (Op. 22:1-2). Hier stroom die rivier met die water van die lewe uit van die troon van God en van die Lam. Hier staan die boom van die lewe wat elke maand vrugte dra. Sy blare bring genesing vir die nasies.

Sing: Skrifberyming 18-6:1, 4, 5

Ds. FM (Frederik) Dreyer (Noordrand)

Woensdag 27 Augustus

Skrifgedeelte: Daniël 6
Fokusgedeelte: Daniël 6:23 (AFR33/53)

Die dood kan ons as gelowiges nie vashou nie

Die ironie van die wêreld is dat die wêreld dink gelowiges se swakheid lê in hulle geloof. Diegene wat Daniël vyandig was tydens sy ballingskap, het sy swakheid in sy geloof gesoek. Nog meer, hulle het hom juis in sy geloof aangeval. Maar alles wat met Daniël gebeur het, gaan baie verder as hyself. Hy was maar net ’n skaduwee van ons Here Jesus wat sou kom.

Daniël het sy werk getrou gedoen, geen korrupsie, geen kortpaaie nie. Daarom val hulle hom aan. Die ander amptenare en ministers het geweet as Daniël in die hoë posisie geplaas word, sal hulle nie meer korrup kan wees nie. Daarom werk hulle die skelm streek uit om hom in die leeukuil te gooi. Daniël het wel getrou gebly. Hy was soos die gelowige van HK Sondag 45 wat bekend was om te bid. Ten spyte van die wetgewing, gaan bid hy soos gewoonlik. In hoofstuk 9 kry ons iets van die moontlike inhoud van die gebed. Oor hierdie getrouheid word hy aangekla en in die leeukuil gegooi.

Tog het die Here dit ook gebruik tot eer van sy Naam. Hy het Daniël in die kuil bewaar en so sy goedheid bewys. Die Here het Daniël se saak besleg waarin Daniël onskuldig was. Dit is besonders, omdat Daniël se naam juis beteken: *Die Here is my Regter*.

Dit gaan baie verder as Daniël. Waar Daniël verlos was van die dood van die kuil, moes Christus waarlik die dood ingaan. Vir Hom was daar geen genade nie, sodat daar vir elke gelowige genade kan wees. Die dood kon Hom nie vashou nie, want Hy was waarlik onskuldig. Die dood kan nie ’n onskuldige vashou nie. Daarom kan die dood ons as gelowiges nie vashou nie, want ons is in Christus onskuldig verklaar. In Christus word ons ewig bewaar van die dood.

Sing: Psalm 31-1:1, 4

Ds. W (Werner) Brotherton (Heidelberg)

Donderdag 28 Augustus

Skrifgedeelte: Daniël 7
Fokusgedeelte: Daniël 7:13-14, 18 (AFR33/53)

Leef met die oog op die ewige koninkryk

Die onderwerp oor die einde van die wêreld is baie populêr. Daar is talle films wat gaan oor die einde van die wêreld. Soveel films waar ’n held nodig is omdat daar een of ander vyand is wat die bestaan van die wêreld in gevaar stel. Dit is egter nie akkurate voorstellings van die einde van die wêreld nie.

In die Bybel kry ons ’n paar dele wat bekendstaan as apokaliptiese literatuur. Hierin kry ons ’n akkurate weerspieëling van die einde van die wêreld. Waar is tog ’n beter plek om heen te gaan as God se Woord? Nie ’n sogenaamde droom wat iemand gehad het nie. Nie spekulasies nie, maar die Woord van God.

Daniël sien vier diere wat deur die engel verduidelik word as voorstellings van aardse koninkryke tot die einde van die wêreld. Al die aardse koninkryke kom en gaan. Daar is nie een wat standvastig kan bly nie. Hoe erg hierdie koninkryke mag wees, ons hoef nie bang te wees nie, want daar is ’n ander, beter, ewige koninkryk. Die koninkryk van ons Here Jesus Christus waarvan ons lees in vers 13-14.

Al die ander koninkryke word met ’n dier vergelyk, maar nie die koninkryk van die Seun van die mens nie. Hy is heeltemal anders. Hy kom uit die hemel en nie uit die see nie. Die ware ewige koninkryk se ontstaan lê heeltemal op ’n ander plek.

Daardie koninkryk behoort aan ons as gelowiges (vgl. Psalm 37)! Christus maak dit duidelik in die saligsprekinge. Salig is hulle ... want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Die vervulling van die belofte is begin met Christus se eerste koms. Laat ons daarom leef met die oog op die ewige koninkryk met verwagting van Christus se verskyning in, deur, op en met die wolke.

Sing: Psalm 47-1:1, 4

Ds. W (Werner) Brotherton (Heidelberg)

Vrydag 29 Augustus

Skrifgedeelte: Daniël 8
Fokusgedeelte: Daniël 8:25 (AFR33/53)

Opstand teen God is ’n werklikheid

Die opstand teen God en vervolging (fisies en geestelik/emosioneel) van God se kinders is ’n werklikheid. Dit is so ’n groot werklikheid dat elke generasie sê dat hulle nou in die eindtye leef. Natuurlik is elke generasie ’n stukkie nader aan Christus se koms. Elke nou en dan klink ons soos kinders wat in ’n kar op pad is met vakansie of om iewers te gaan kuier. Ons is almal vertroud daarmee. Elke nou en dan kom daar ’n stemmetjie van agter af wat vra: Is ons al daar?

So het die volk gewonder wanneer die einde kom. Hulle is vasgevang in die ballingskap. Die lewe is verskriklik erg. Elke nou en dan is daar ’n wet wat hulle vervolging nog erger maak. Hulle mis hulle huise, hulle verlang daarna om weer by die tempel van die Here te kan wees. Maar dit voel so ver. So kan ons glo dat dit vir Daniël baie erg geword het. Ons hoef net die paar hoofstukke te lees van dit wat vir ons neergeskryf is van sy lewe om te sien hoe erg dit was.

Tog was hy in alles ’n skaduwee van die lyding wat Christus sou deurgaan. Daniël sien hierdie visioen as bemoediging dat dit tot ’n einde sal kom. Die koninkryke sal nie ewig heers nie. Die volk moes egter verstaan dat hulle weens hulle eie sonde in die ballingskap sit. Die Here tref hulle ongehoorsaamheid met goddelose regeerders.

Die visioen gaan verder as die volk se omstandighede. Ons leer hier dat die gees van die Antichris op pad is, maar vandag reeds hier is. Die werke van die Antichris is ten diepste aan die kruis gesien. Hy het gedink hy behaal die oorwinning, maar bewerk sy eie ondergang.

Daar aan die kruis skitter die heerlikheid van God se verlossingsplan ten diepste. Laat jou troos in die Here se soewereine heerskappy wees oor die ganse wêreldgeskiedenis.

Sing: Psalm 68-1:1, 3

Ds. W (Werner) Brotherton (Heidelberg)

Saterdag 30 Augustus

Skrifgedeelte: Joël 1 – 2:17 (AFR83)
Fokusgedeelte: Joël 2:12-14

God oordeel tot terugkeer

Lyk die toekoms vir jou donker? Ja, jy is reg – en die toekoms gaan nog baie donkerder word. Bloed, vuur, rookwolke, geweld, misdaad en rampe – selfs die son gaan donker word en die maan bloedrooi. Ons het nie 'n koerant of TV-nuus nodig om dit raak te sien nie. God laat ons deur die venster van sy Woord kyk. Dis nie 'n mooi prentjie nie. Alles is weggevreet deur die sprinkane. Van die mooi land met al sy melk en heuning het niks oorgebly nie. Jy wil huil as jy sien dat daar van alles waarvoor daar oor so baie jare gebou en gewerk is, uiteindelik niks oorbly nie.

Dit is reg dat jy huil. Gaan staan voor die altaar en huil (1:13). By die altaar lê die wortel van die kwaad. Die altaar van God was nog daar, maar God was nie meer by die altaar nie. Israel wou geen God meer hê nie. Hulle wou net geld, koring en wyn hê. Daarom maak God vir hulle 'n venster op die toekoms oop. Deur die oop venster kom die roepstem: Kom met julle hele hart terug na die Here toe (2:12). Die oop venster wys God in sy genade en barmhartigheid, in sy lankmoedigheid en liefde (2:13). Miskien herroep Hy sy straf.

Tog straf God regverdig, nie vir ons nie, maar sy eie Seun. Deur die straf maak God al ons sondige brouwerk tot niet, sodat die roepstem tot terugkeer 'n Vaderlike stem word, 'n stem van genade en barmhartigheid. Ons mag deur Christus tot God nader. Daarom kom dieselfde eis van terugkeer tot ons. Die terugkeer begin met 'n hartlike berou oor ons sondes, dat ons dit hoe langer hoe meer haat en ontvlug. Dan volg die opbou in Christus om as medewerkers saam te bou aan sy huis, sy koninkryk. As ons so eers die koninkryk soek, kom geld, koring en wyn vanself.

Sing: Psalm 51-1:8

Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)

Sondag 31 Augustus

Skrifgedeelte: Joël 2:18-32
Fokusgedeelte: Joël 2:18 (AFR53)

Joël – God verskoon ons van ons oortredinge

Ons is verskoon van ons sondes. Wat beteken dit vandag nog vir ons? Lewe ons nog as mense wat verskoon is van sonde, wat skoon gewas is, witter as sneeu? Die HAT verklaar "verskoon" soos volg: verontskuldig, ekskuseer: Iemand se slegte gedrag verskoon. Vanuit 1 Samuel 1:3 lees ons ook dat die dood niemand verskoon nie. Tog verskoon die Here die volk hier van hulle oortredinge. Hoe kan die Here hulle net so verskoon van hulle oortredinge? Omdat dit in die Here se raadsplan is dat hulle, deur die bloed van sy Seun wat gaan loop, van hulle sonde verskoon word. Dit geld ook vir ons vandag, ons word van ons sonde verskoon omdat ons glo dat Jesus Christus ons enigste Verlosser is en vir ons sondes gesterf het. Deur Christus word ons van ons sondes verskoon. Ons moet egter ook as verskoondes optree.

Hoe tree ons op as verskoondes? En waarom tree ons op as verskoondes? Ons doen dit deur nie gelyk te word aan die wêreld in moeilike omstandighede nie. Wanneer iemand voor ons inry, moet ons nie dadelik op die persoon begin skel en vloek nie, al is dit hoe moeilik. Deur nie sondig te reageer in moeilike omstandighede nie, wys ons dat ons uitverkorenes van die Here is.

Die Here spreek deur mense in hulle optrede. Ander moet God se stem deur ons optrede kan hoor, ons is immers verskoondes, ons staan verontskuldig voor God, waarom sal ons dan nog gelykvormig wil raak aan die wêreld? Ons moet ook in dinge waar mee ons nie saamstem nie, God se lig laat skyn. Of ons 'n boer, veearts, onderwyser of tandarts is, moet ons in alle omstandighede, maklik of moeilik, optree soos verskoondes en ook opstaan vir wat reg is in die oë van die Here, dan sal dit goed gaan met ons, al gaan dit ook sleg. Ons sal ervaar dat ons nie alleen is in moeilike omstandighede nie.

Sing: Psalm 32-1:1-4

Ds. W (Werner) Brotherton (Heidelberg)

KWARTAAL 3 – SEPTEMBER

TEMA: JUBEL IN DIE HERE, WANT SY ALMAG WORD GESIEN IN DIE SKEPPING (Psalm 33:6-9)

Die almag van die HERE geopenbaar in die werking van sy Woord en sy Gees: alles wat tot bestaan geroep is, word tot bestaan gebring deur die "Gees van sy mond".

Maandag 1 September

Skrifgedeelte: Jona 1:1-17
Fokusgedeelte: Jona 1:9 (AFR83/2020)

Heilige humor

Twee gereformeerde teoloë beskryf die boek Jona as 'n "komedie in vier bedrywe". Miskien moet mens liewer sê: dis 'n boek vol heilige humor – ten minste as dit 'n heilige lag met 'n traan is. Die boek is immers in die Heilige Skrif opgeneem. Dis dan 'n humor waarvan Calvyn (kommentaar op Fil. 3: 2) beweer dat tallose voorbeelde daarvan in die Profete, vernaamlik in Jesaja, te vinde is.

Kom ons spieël onsself in wat die HERE hier "deur die Gees van sy mond" (Ps. 33: 6) sê. Wil ons as trots Afrikaanse gereformeerdes "ons eie God" se vrymagtige liefde, byvoorbeeld, regtig met ander, soos Moslems, deel? Hóór ons regtig in ons omstandighede hoe belaglik-belangrik Jona sy volksidentiteit ag (vs.9): "Ek is 'n Hebreër" (herkoms: *"Ivrim"* – van die oorkant af)? Abraham, die Hebreër (Gen. 14:13), se Joodse nakomelinge het hulle verbeel hulle was nie "van hier" nie – 'n trappie hoër as die ander.

In die figuur Jona word hulle geestelike hoogmoed bespotlik gemaak voor die heidene. Hy bely wel pragtig "regsinnig": *"Ek dien die HERE, die God van die hemel wat die see en die vasteland gemaak het"* … maar ek vlug van Hom af weg! Ek wil Hom net gehoorsaam dien ás Hy 'n vergrote weergawe van 'n "Hebreër soos ek" is. Hy mág absoluut nie ons vyande vergewe nie. Hy mág nie berou hê nie, selfs as Hy deur sy Woord en Gees berou by hulle gewek het (3:10)!

Is ek en jy dalk vandag só 'n "Hebreër" of – lag met 'n traan! – mense wat só selfsugtig ons gereformeerde Afrikaansprekende identiteit wil

koppel aan “ons” God? Beskou dan soos daardie ander “Hebreër uit die Hebreërs”, Paulus, ter wille van Christus hierdie eie-groepsidentiteit-hoogmoed as “vullis” (Fil. 3:8). Nét in Jesus Christus vind ek my identiteit!

Sing: Psalm 103-1:4, 5

Dr. PP (Paul) Kruger (Emeritus)

Dinsdag 2 September

Skrifgedeelte: Jona 4:1-11
Fokusgedeelte: Jona 4:9-11 (AFR83/2020)

Komkommer-kommer?

Hy het die boek Jona al meer as honderd keer gelees, sê ’n verklaarder van dié boek, en tog kan hy dit nog nie “met droë oë” lees nie. Jona vererg hom verskriklik omdat die komkommerplant (kasterolieplant: 2020-vertaling) wat God in sy goedheid oor hom laat opkom het, nie gespaar is nie (die woord “spaar” in die oorspronklike beteken letterlik “die oog vloei [is nat van trane] weens ... dus: “bedroef wees oor”).

Met ’n wonderlike humoristiese speletjie (sien die vorige dagstukkie) leer die HERE vir Jona en vir ons – in ons harde, koue, onmenslike eeu – dat Hy “liefde is” (soos 1 Joh. 4:8 in die tyd van vervulling sê). “As ons ontrou is [soos Jona] – Hy [God] bly getrou: Hy kan Homself nie verloën nie” (1 Tim. 2:13). Hy, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde kán dít net nie doen nie! Dis of die hart van God breek wanneer Hy harde mense se harte oopbreek na sy onpeilbare goedheid toe: Jy huil oor die ou komkommerplantjie wat Ek jou gegee het, maar mag my oë nie “van trane vloei” oor hierdie groot stad vol met tallose klein kindertjies nie? En dan nog die baie diere daarin! Verstaan jy nie? Ek is nie ’n spieëlbeeld van jou kleinlike ontrouheid nie. Ek is die heilige God; nie ’n mens nie (sien ook Hos. 11:8, 9).

Is dit nie hoog tyd dat ek en jy weer ontdek wat God hier – maar ook in ander Skrifgedeeltes soos Jeremia 48: 31, 32, 36 – van Homself openbaar nie? Daar “huil” die HERE selfs oor die erfvyand van die

Jode, Moab. Sien ek en jy deur die trane van Jesus, Immanuel (Luk. 19:41) die Vader se milde glimlag oor ons eie komkommer-kommers vandag?

Sing: Psalm 103-1:7, 8

Dr. PP (Paul) Kruger (Emeritus)

Woensdag 3 September

Skrifgedeelte: Habakuk 3:1-19 (AFR83)
Fokusgedeelte: Habakuk 3:2, 18

Die almagtige God oordeel regverdig, maar betoon ook sy genade

Dit is ’n treffende gebed wat spreek van Goddelike ontsag, en tog nie die woorde alleen nie, maar veral die gesindheid is wat ’n mens aanspreek. Die volksellende dwing Habakuk op sy knieë. Van die begin is hy onbeskaamd besig om te vertel van die haglike omstandighede waarin sy volk verkeer. En tog gaan dit nie net om hier en nou nie, maar ook om hulle toekoms. Want Israel gaan vir 70 jaar in ballingskap gehou word. ’n Skokkende toekomsboodskap! Daarom worstel Habakuk met die verhouding tussen die GODSREGERING EN ELKE DAG SE KWAAD.

Luister ons egter na die profeet se gebed, dan hoor ons die basklanke van verootmoediging. Geen twyfelvrae of protes meer nie, die profeet en sy situasie het op die agtergrond verdwyn. Hier gaan dit om die koms en almag van die HERE! Die profeet se besorgdheid is nou koninkryksgerig, en daarom bring die worsteling vir Habakuk weer perspektief. So bereik dit ’n hoogtepunt waar sy ontsag vir God op besondere wyse beskryf word naamlik, die NOGTANS van die geloof.

En NOGTANS druk die diepste wil en voorneme van die mens uit. Dit is asof die profeet wil sê: Al is daar in hierdie land niks meer oor nie … alles vernietig en gebuit sodat daar nie ’n krieseltjie oorbly nie … DAN IS GOD NOG DAAR! Dít is geloofsvreugde in die Here!

Sing: Psalm 33-1:10, 11

Ds. JE (Blok) Franck (Emeritus)

Donderdag 4 September

Skrifgedeelte: Hosea 10:1-15 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Hosea 10:12, 13

Soek die Here terwyl Hy te vinde is …

Hoewel Israel aanvanklik onder die seënende hand van die Here soos ’n welige wingerd oorvloedig vrug dra, het hulle in valsheid, eerder om die Here te dank, dit as geskenk van hulle vrugbaarheidsgod Baäl beskou. So is vir die Noordryk (Israel in Samaria) goue kalwers in Bet-el en Dan opgerig as ekwivalent van die verbondsark sodat hulle nie meer sou optrek na Jerusalem om daar te aanbid nie. Maar die volk het dit gou as beelde van Baäl beskou. In kort, hulle het die Here verlaat (1 Sam. 4:20-22).

Hieroor word daar na Bet-el (Huis van God) verwys met die skeldnaam Bet-Awen (Huis van Sonde), waardeur uitgewys word dat eie skeppinge vir die mens van geen waarde is nie en hy Iemand (die Messias) buite en groter as hyself nodig het vir blywende sekuriteit.

So onderbreek die Here sy gerigsoefening en word Efraïm opgeroep tot bekering deur ’n nuwe land te ploeg – ’n totale nuwe begin te maak en die harde grond van goddeloosheid te breek. Saai die saad van geregtigheid deur ’n lewe ooreenkomstig hulle verbondsverbindtenis met die Here, om so die sekerheid wat Hy bied, te oes.

So is daar geplant en geoes. Maar helaas, boosheid is ingeploeg wat ’n vrug van sedelose sonde voortbring en oneerlikheid as vrug moes hulle eet (vgl. Gal. 5:19-21).

Ja, die Here stuur ons nie net met ’n opdrag om die Woord te gaan saai nie, maar Hy rus ons ook toe met die allerbeste saad van geregtigheid en waarheid. Só dat die vrug van die Gees deur ons verbindtenis met Jesus Christus, geoes sal word. Daarom, soek die Here in jou lewe solank Hy nog te vinde is.

Sing: Psalm 128-1:1, 4

Ds. JE (Blok) Franck (Emeritus)

Vrydag 5 September

Skrifgedeelte: Johannes 3:1-20
Fokusgedeelte: Johannes 3:8 (AFR83/2020)

Die Heilige Gees is nodig sodat mense kan glo

Almal van ons het al gevoel hoe dit is as die wind sterk waai! Wind waai baie keer as jy buite is en met tye kan dit stormsterkte bereik. Dieselfde Griekse woord word in die Bybel ook gebruik vir die Heilige Gees. Jesus Christus gebruik dinge in die natuur om aan ons iets geestelik te verduidelik.

In die Skrifgedeelte wat ons gelees het, vra die Fariseër Nikodemus vir Jesus Christus hoe ’n volwassene mens weer gebore kan word? Jesus se antwoord aan hom is dat dit net moontlik is om weer gebore te word uit water én Gees. Hy gaan dan verder deur die metafoor van die wind te gebruik om die geestelike betekenis daarvan te verduidelik.

Net soos die wind ’n invloed op die natuur het, het die Heilige Gees ’n invloed op die lewe van gelowiges. Wind is noodsaaklik vir wolke om te beweeg en reën te bring. Niemand bevraagteken die oorsprong daarvan nie, maar die noodsaaklikheid en die gevolge daarvan is baie duidelik. Die Heilige Gees is nodig om mense te beweeg om te glo! Nikodemus wil weet hoe dit vir mense moontlik is om buite die instelling van die aardse tempel en al die godsdienstige gebruike om in God te kan glo? Dit is alleen moontlik deur die werking van die Heilige Gees, waarvan ons, soos die wind wat waai, nie die oorsprong van weet nie, maar die gevolge in ons lewe baie duidelik kan raaksien.

Aardse leermeesters kan ons dit nie leer nie, maar Jesus Christus as die leermeester wat van God af kom, beskik oor die vermoë om sy kinders te verlos en ’n nuwe lewe vol geloof en goeie werke moontlik te maak.

Sing: Psalm 18-1:1, 5

Dr. J (Jan) Lion-Cachet (Klerksdorp)

Saterdag 6 September

Skrifgedeelte: Matteus 2:1-12
Fokusgedeelte: Matteus 2:9 (AFR83/2020)

Die wyse manne kom om Jesus Christus te aanbid

Vir die Grieke in die tyd van Jesus Christus was die sterre iets soos lewende wesens gewees. Op geestelike vlak het die sterre vir hulle oor die deugde van gode beskik. Aan die ander kant het sterre vir die Ou-Testamentiese gelowiges goddelike opdragte gegee en die goddelike heerlikheid verklaar. In antieke geskrifte is daar bewyse dat spesiale hemelse verskynsels die geboorte van groot regeerders in daardie tyd aangekondig het. Dit is nie duidelik wat presies die wyse manne uit die ooste gesien het nie, sommige is van mening dat dit Jupiter of Saturnus was in ’n spesifieke konstellasie met ander sterre.

In Matteus 2 het die wyse manne die verskyning van die ster in die ooste verbind met die aankondiging van die geboorte van die Koning van die Jode, en deur Goddelike genade aan die geboorte van die Messias! Ons ontvang nie ’n gedetailleerde beskrywing van die ster nie, nóg hoe die wyse manne hierdie ster met die geboorte van Jesus Christus verbind het nie, nóg hoeveel wyse manne daar was, of wat hulle aangehad het, of wat later met hulle gebeur het nie. Ons word in die donker gelaat hoe dit moontlik was dat die ster voor hulle uit beweeg het en bokant die stal in Betlehem gaan staan het.

Al hierdie dinge bly in die skaduwee staan van die helder lig wat skyn. Die wyse manne kom om Jesus Christus te aanbid! God lei hulle deur ’n ster en deur ’n profetiese woord om eer aan die koms van die Messias-Koning op die aarde te bring. Die manier hoe God Homself in die natuur bekendmaak, bring ons by ons aanbidding van ’n Enige God en Jesus Christus, ons Verlosser uit.

Sing: Psalm 8-1:3, 4

Dr. J (Jan) Lion-Cachet (Klerksdorp)

Sondag 7 September

Skrifgedeelte: Matteus 6:25-34
Fokusgedeelte: Matteus 6:26, 28 (AFR83/2020)

God sorg

In Palestina en sy buurstate was daar baie voëls. In Levitikus 11:13 word 19 soorte genoem: arende, swartaasvoëls, valke, kraaie, steenuile, ooruile, seemeeue, visarende, ensovoorts. Die eienskap waaroor al hierdie voëls beskik, is dat hulle nie saai en maai nie, en niks versamel in skure nie, en tog word hulle deur die hemelse Vader versorg. Dit beteken nie dat die voëls nie die heeldag baie besig is om insekte en wurms bymekaar te maak, hulle neste reg te maak, en vir hulle jong kuikens te sorg en hulle te leer om te vlieg nie.

Daar is twee dinge wat ons as mense van die voëls kan leer. Voëls is nie daaraan skuldig dat hulle die goeie dinge oordoen, soos die ryk man van Lukas 12:16, nie. Tweedens tree die voëls instinktief op: God sorg vir die kos en hulle reageer deur dit te vang as hulle dit sien. Mense saai en oes, en daarmee saam versamel hulle tot oorlopens toe, in groot hoeveelhede en ignoreer somtyds die beloftes van die Here. Dit maak dat mense hulle bekommer, meer as wat vir hulle gesond is.

Die tweede voorbeeld uit die natuur is wilde narsings of lelies. Jesus Cristus dink hier aan al die mooi blomme wat hulle prag oor die velde ’n sekere tyd van die jaar uitsprei. Sonder enige harde werk van hulle kant af, en enigiemand wat hulle versorg, is hulle skoonheid daar vir almal om te bewonder. Van die mindere na die meerdere word mense daarop gewys dat God vir daardie blommeprag sorg wat maar vir ’n kort tydjie bestaan, hoeveel méér sal Hy nie vir sy kinders sorg nie. Hoe klein kan ons geloof nie somtyds wees nie?

Sing: Psalm 148-1:4

Dr. J (Jan) Lion-Cachet (Klerksdorp)

Maandag 8 September

Skrifgedeelte: Markus 4:1-9 (AFR33/53/2020)
Fokusgedeelte: Markus 4:3a, 9

Die Here saai sy Woord. Dank Hom vir die gawe om te kan luister en verstaan!

Die Here Jesus het die huis in Kapernaum verlaat en na die kus van Galilea afgegaan om te preek. Die skare wat om Hom saamgedrom het, was so groot dat dit volgens die Griekse teks die "grootste" skare was, en almal van hulle het na ons Here Jesus gerig. Die opdrag: "Luister, julle!" is belangrik vir Markus se boodskap in hoofstuk 4. Die werkwoord beteken nie net om te hoor nie, maar om op te tree – om gehoorsaam te luister na wat gesê word. Die storie van die saaier lyk dalk vir die moderne boer vreemd. Uit die sak wat hy aan sy middel vasgemaak het, het die Galilese boer egter gesaai voordat hy geploeg het. Hy het op die pad gesaai en waar die dorings was, want hy het verwag om daardie oppervlak daarna te bewerk. Die klipperige grond (Palestina het 'n oorvloed van rotse!) was dit waarin kalksteen slegs dun deur die grond bedek is. Die saaier het nie onverskillig sy saad gemors nie. Die meeste van die saad het, soos die boer bedoel het, in goeie grond geval. Die saaier is natuurlik Christus en enigiemand anders wat God se Woord voorhou, hetsy in prediking of in persoon. Die saad is die Woord van God wat ons leer oor die evangelie tot redding. Die grond verteenwoordig die wisselende toestand van menslike harte waarop die saad gegooi word. Vir die saad om tot 'n volwasse gewas te groei, moes ons harte by die goeie grond wees.

Die genade van die God is dit dat Hy ons harte deur die Heilige Gees vir die Woord van God ontvanklik gemaak het, om wedergebore te word en die saad van sy Woord te laat groei. Soos Jakobus 1:18 sê: *"Volgens sy wil het Hy ons verwek deur die woord van die waarheid ..."* As jy dan smag om te luister en God se Woord te verstaan, loof Hom omdat Hy jou deel gemaak het van die grond waar die saad in oorvloed groei. En luister gehoorsaam na die Woord, soos die Here dit saai.

Sing: Psalm 89-1:6, 17

Ds. MW (Thinus) Kruger (Newcastle)

Dinsdag 9 September

Skrifgedeelte: Markus 4:35-41 (AFR33/53/2020)
Fokusgedeelte: Markus 4:41

Jesus se gesag oor die wind en die see demonstreer sy identiteit as God en as die Een op wie ons kan vertrou

Die Here Jesus het na ’n baie lang en uitputtende dag juis gekies dat Hy en sy dissipels hierdie roete te boot gaan volg. Die Here Jesus het natuurlik geweet dat die massiewe storm op pad is. Die See van Galilea rus op ongeveer 190 meter onder seevlak en word omring deur berge wat met diep klowe omhul is. Hierdie klowe dien as tregters om warrelende winde sonder kennisgewing op die meer te fokus.

Die storm was so erg, dit was asof die meer geskud word. Die dissipels het geen manier gehad op daardie verskriklike oomblik om dit te weet nie, maar daardie ellendige storm was ’n manier om hulle te leer oor Wie Jesus is en sy krag.

Ons Here Jesus was egter vas aan die slaap. Miskien wil Markus hê dat sy hoorders die Ou-Testamentiese konsep van rustig slaap moet onthou as ’n teken van vertroue op God soos Psalm 3 en 4 ons leer. Maar vanuit die perspektief van die dissipels kan niks meer ontmoedigend wees as om te sien hoe hulle meester in ’n krisis vas aan die slaap is nie (vs 38), en vandaar die teregwysing: “Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie?” Hoe dikwels is ons in die beproewinge van die lewe geneig om die kleingelowige dissipels na te volg en uit te roep, “Here, gee U nie om nie?” Natuurlik gee Hy om!

Toe staan Hy (meteens) op, bestraf die storm en die storm kom meteen tot ruste. Jesus draai nou van die aanspreek van die storm na die aanspreek van die dissipels. Hy spreek ’n sagte teregwysing uit: “Waarom is julle bang? Het julle steeds geen geloof nie?” Hulle behoort teen hierdie tyd ’n groter begrip en groter geloof in sy persoon te hê.

Die vrees van die dissipels oor wat Jesus gedoen het en Wie Hy kan wees, oortref die vrees wat hulle oor die storm gehad het. Deur

die storm stil te maak, het Jesus die gesag openbaar wat slegs deur God uitgeoefen is. Die teenwoordigheid van God is baie meer angswekkend as die mees vernietigende kragte van die natuur. Hulle vra: "Wie is Hy tog? Selfs die wind en die see gehoorsaam Hom!" Hy is die Seun van God.

Here Jesus is vol genade en liefde. Hy handel nie met hulle volgens hulle sondes nie, en beloon hulle nie volgens hulle ongeregtighede nie. Anders as met die storm, laat Hy hulle met rus, want Hy weet die tyd kom wanneer Hy sy lewe vir hulle sou aflê. Hy kon nog 'n groter werk doen as die storm stil maak. Hy kon die volle oordeel van God vir ons dra om die lewe en te kon teruggee!

Sing: Psalm 107-1:4, 12, 13, 14, 15

Ds. MW (Thinus) Kruger (Newcastle)

Woensdag 10 September

Skrifgedeelte: Johannes 15:1-8 (AFR33/53/2020)
Fokusgedeelte: Johannes 15:1-8

Die Vader ent julle in Christus om soos 'n wingerd vrug te dra tot sy lof!

Snoeiwerk was ook 'n noodsaaklike deel van die eerste-eeuse wynboerdery, soos dit vandag is. Die eerste snoei het in die lente plaasgevind, wanneer wingerde blom. Dit het verskeie prosesse behels, insluitend die verwydering van sommige blom- of druiwetrosse sodat dié wat oorgebly het, meer vrugte van beter gehalte kon produseer.

Die tweede snoei het in die herfs plaasgevind nadat die druiwe geoes is en wanneer die wingerde dormant was. Dit het die verwydering van ongewenste takke behels. Ná die herfssnoei is die steggies, insluitend baie takke, bymekaargemaak en verbrand.

Teen die Ou-Testamentiese agtergrond van Israel as die wingerdstok wat nie goeie vrugte kon voortbring nie (sien veral Jes. 5:1-7), het Jesus gesê: Ek is die ware wingerdstok, en my Vader is die boer.

Jesus het bygevoeg terwyl elke loot wat wel vrugte dra, snoei hy sodat dit nog meer vrugbaar sal wees. Dit is ’n sinspeling op die lentesnoei tydens die blomtyd sodat daar meer vrug kan groei. Die woord wat met “sny” vertaal word, kan ook “om skoon te maak” of “om te reinig” beteken.

Die dissipels is reeds skoongemaak vanweë die woord wat Jesus met hulle gespreek het. Nou reinig/snoei die Vader ook die dissipels/takke sodat hulle meer vrug sal dra. Hy “snoei/reinig” hulle deur die woord wat Jesus met hulle gespreek het. Dit is wanneer ons die leer van Jesus hoor en daarop reageer dat die Heilige Gees ons meer vrugbaar maak.

Hoe snoei die Vader ons? Hy gebruik eenvoudig die Woord om ons te oortuig en te reinig. Soms moet Hy ons tugtig (Heb. 12:1-11). Die snoeiwerk mag dalk moeilik wees vir die lote om deur te gaan, maar soos die groei kom deur die Heilige Gees, so kom ons mettertyd agter, die boer, ons Vader, maak nie ’n fout nie. Hoe meer ons in Christus bly, hoe meer vrug dra ons; en hoe meer vrugte ons dra, hoe meer moet die Vader ons snoei sodat die kwaliteit byhou met die hoeveelheid.

Ons moet ons onvermoë verstaan om God te behaag sonder Jesus wat in ons bly en ons in Hom. Daar is mense wat beweer dat hulle Christene is, maar hulle lewe nie in Christus en Christus nie in hulle nie. Hulle sal uitgeroei, bymekaargemaak en verbrand word (vs 6). Hierdie waarskuwing is bedoel om ernstig opgeneem te word. As Hy in jou is, dan snoei Hy jou skoon.

Sing: Psalm 119-1:4, 23, 25

Ds. MW (Thinus) Kruger (Newcastle)

Donderdag 11 September

Skrifgedeelte : Matteus 21:18-22 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Matteus 21:21

Geloof kan berge verskuif

Jesus sien op pad terug na Jerusalem ’n vyeboom met blare aan, maar geen vrugte nie. In daardie klimaat moes ’n vyeboom met blare ook vrugte dra. As simboliese daad vervloek Jesus die vyeboom. So sal ook die Joodse leiers vergaan omdat hulle alleen maar die skyn van vrugte het, maar in wese geen vrugte dra nie.

Dan kom Jesus se uitspraak oor geloof en die berg wat in die see sal val. Daarmee wil Jesus sê dat God Homself nooit laat beperk nie. As Israel nie vrugte wil dra nie, sal Hy hulle vernietig. Soos ’n berg wat in die see gewerp word en nooit weer gesien sal kan word nie, so sal Hy Israel (Joodse leiers) vernietig.

Verder word hier nie van ons groot geloof gepraat nie, maar oor God wat groot is, wat telkens weer opnuut kan handel. Wat vir ons na doodloopstrate lyk, maak Hy ’n snelweg. Wat vir ons soos dooie putte lyk, maak hy ’n bron van nuwe lewe. As God wil, kan Hy berge verskuif. Hy kan enigiets doen.

Hy het immers die grootste en swaarste berg, die klip voor sy Seun se graf, weggerol. Dit wat vir ons die grootste berg ooit was, die verdoemenis oor ons sonde wat uitloop op die dood, het God weggeskuif. Dit waaraan ons niks kan doen nie, het Hy uit ons lewens verskuif deur sy Seun deur die graf te laat gaan.

Nou kan ons ook berge verskuif. Geloof verander alles. Geloof kan al die berge van ons lewens in die see werp. Geloof in die grootheid van God. Geloof in die feit dat God alles kan doen. Geloof wat maak dat ons, in ons gebede, vir God groot dinge vra, juis omdat ons nie klein oor God dink nie.

Sing: Psalm 90-1:1, 2

Ds. JPL (Vickus) van Jaarsveld (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)

Vrydag 12 September

Skrifgedeelte : Johannes 18:25-27 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Johannes 18:27

Te midde van ons eie swakheid sal Christus ons nooit verloën

Kort voor hierdie gebeure het Petrus en Johannes saam met Jesus, wat gevange geneem is, na die woning van die hoëpriester gegaan. Petrus het by die deur bly staan, maar Johannes het hom kom haal. Die diensmeisie wat deurwagter was, het Petrus gevra of hy nie een van Jesus se dissipels was nie. Petrus het dit ontken.

Hierdie selfde Petrus het kort vantevore sy lojaliteit aan Jesus belowe in die bovertrek waar Jesus die nagmaal ingestel het. Dieselfde Petrus het alleen sy swaard getrek in die maanlig van die tuin waar Jesus gevange geneem is. Dieselfde Petrus het Jesus gevolg oral waar Hy gegaan het. En nou, nou ontken hy sy verbintenis met Jesus. Tot drie maal verloën Petrus sy Leermeester. Toe die haan vir die derde keer kraai, het Petrus die woorde van Jesus onthou dat hy Hom sou verloën, en in trane uitgebars.

Kort hierna aan die kruis het die Vader sy rug op sy Seun gedraai, en wat maak Jesus? Hy gaan deur die donkerste lyding denkbaar, en wanneer Hy tot aan die einde gehoorsaam bly aan sy Vader, sê Hy: “Dit is volbring!” Vanuit sy groot liefde vir sy kinders het Hy ons nooit verloën nie. Selfs al verloën ons Hom so maklik in ons woorde, gedagtes en dade, is sy verlossingswerk voltooi.

Hierdie grootse verlossingsdaad bring elke kind van God ook tot trane oor ons eie swakheid, maar dit dring ons tot ’n diepe dankbaarheid dat ons Verlosser ons nooit sal verloën nie.

Sing: Psalm 130-1:1

Ds. JPL (Vickus) van Jaarsveld (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)

Saterdag 13 September

Skrifgedeelte: Matteus 27:45-56 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Matteus 27:46

Nooit meer deur God verlaat nie!

Wanneer Jesus aan die kruis uitroep: “Eli, Eli, lemá sabagtani?” (Matt. 27:46), vertoon dit die diepste vlak van sy lyding. Hierdie uitroep, wat beteken “My God, my God, waarom het U my verlaat?” kom direk uit Psalm 22. Dit verteenwoordig die intense emosionele en geestelike pyn wat Jesus ervaar het toe Hy die volle gewig van die wêreld se sonde op Hom geneem het. Te midde van die donkerte wat oor die land neergedaal het van 12:00 tot 15:00, wat nie ’n gewone sonsverduistering kon wees nie, beleef Jesus die absolute skeiding van God die Vader. Dit was nie net fisiese pyn nie, maar die verskrikking van God se toorn oor die sonde wat Hy vir ons gedra het. Die Vader onttrek sy liefdevolle teenwoordigheid, en Jesus ervaar hel op aarde – ’n ervaring van totale verlating.

Die Joodse skare het moontlik geglo dat Jesus na Elia roep vir hulp, maar hulle het nie verstaan dat Hy uit Psalm 22 aanhaal nie. Selfs die natuur reageer op die kruisiging, met donkerte wat God se oordeel simboliseer.

Jesus se verlate uitroep was die prys vir ons redding. Hy moes die volle straf vir ons sondes dra, sodat ons nooit deur God verlaat sou word nie. Paulus herinner ons daaraan in 2 Korintiërs 5:21: “Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.” Hierdie gebeurtenis beklemtoon die geweldige liefde van God. Omdat Jesus die verlating en oordeel van God in ons plek ervaar het, is ons verseker van God se ewige teenwoordigheid en liefde. Hebreërs 13:5-6 bevestig hierdie troos: “Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.” Hierdie waarheid is die hart van die evangelie, dat ons, deur Christus se offer, nooit deur God verlaat sal word nie.

Sing: Psalm 105-1:1, 5

Ds. JPL (Vickus) van Jaarsveld (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)

Sondag 14 September

Skrifgedeelte: Johannes 21:1-14
Fokusgedeelte: Johannes 21:4, 7, 12 (AFR1933/53/83)

Hulle het geweet dat dit die Here is

Daardie oggend by die See van Tiberias het die dissipels aanvanklik nie geweet dat dit Jesus was nie. Johannes sê nie vir ons waarom hulle Hom nie herken het nie. Jesus was vir hulle, wat moeg en uitgeput was na die nag se vrugtelose geswoeg op die see, net 'n vreemdeling op die strand. En tog luister hulle na sy raad om die net aan die regterkant van die skuit uit te gooi. Nadat hulle soveel vis gevang het dat hulle nie in staat was om die net in te trek nie, was Johannes (die dissipel vir wie Jesus liefgehad het) die eerste om te besef dat dit die Here was. En toe hulle op die strand kom en Jesus hulle uitnooi om te kom eet, het al die dissipels daar geweet dat dit die Here is.

Die wonderlike visvangs sou die dissipels herinner aan wat destyds gebeur het toe Jesus van hulle as dissipels geroep het (Luk. 5:1-11). Hy het toe gesê dat Hy hulle vissers van mense sal maak. En nou na Jesus se opstanding uit die dood, is dit nie anders nie. Dit is dieselfde Here wat hulle toe geroep het, wat nou vir die derde keer aan hulle verskyn het. Sy roeping het steeds gegeld en sy teenwoordigheid daar het hulle vrugtelose geswoeg verander in vrugbare werk. Hy het hulle nie aan hulle lot oorgelaat nie. Hy wat sy almag oor die skepping getoon het in die visvangs, sou dit ook doen in hulle werk in sy Koninkryk as vissers van mense.

As jy deur Jesus verlos is, mag jy weet dat die Here jou nie aan jou lot oorgelaat het nie, maar dat Hy by jou teenwoordig is deur sy Heilige Gees. En in sy krag kan jy vrugbare werk doen in sy Koninkryk.

Sing: Psalm 8-1:1, 4, 5, 6

Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)

Maandag 15 September

Skrifgedeelte: Handelinge 12:20-25
Fokusgedeelte: Handelinge 12:24 (AFR33/53/83)

Maar die Woord van God het gegroei en toegeneem

Handelinge 12 begin met ’n dood en dit eindig met ’n dood. Dit begin met die dood van een van die dissipels (Jakobus) wat daar was toe Jesus vir die derde keer aan hulle verskyn het na sy opstanding uit die dood. En die hoofstuk eindig met die dood van Herodes. In die begin van die hoofstuk sit Herodes op die troon en lyk dit of hy die sê het oor die toekoms van die kerk – hy het Jakobus gedood en vir Petrus in die tronk gegooi. Aan die einde van die hoofstuk sterf Herodes ’n grusame dood, terwyl die Woord van God groei en toeneem en Paulus en Barnabas op die punt is om op hulle eerste sendingreis uitgestuur te word.

Herodes se hoogmoed sien ons daarin dat hy die werk van God in sy kerk teëstaan en dat hy nie skroom om mense dood te maak nie. Ons sien sy hoogmoed ook daarin dat hy nie aan God die eer gee nie, maar daardie eer vir homself neem. Herodes se skielike en grusame dood getuig dat hy net geregeer het by die grasie van Hom aan Wie hy nie die eer gegee het nie. Net een engel (boodskapper) van die Almagtige God slaan hom neer en hy word deur wurms verteer.

Hoogmoed maak dat mense God se werk teëstaan in sy kerk en dat hulle nie skroom om diegene wat aan God behoort, sleg te behandel nie. Daarby maak hoogmoed dat ek God nie in my lewe eer soos wat ek moet nie.

Jesus Christus verlos ons van ons hoogmoed en selfgesentreerdheid. Wie aan Hom behoort, ontvang deur sy Gees die krag om te erken dat nie ek nie, maar Hy die sê het in my lewe en dat Hy nie moet inval by my planne nie, maar dat ek moet inval by sy kerkbouplan. So wil ek Hom eer in en deur my lewe.

Sing: Psalm 36-1:1, 2, 3

Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)

Dinsdag 16 September

Skrifgedeelte: Handelinge 28:1-10
Fokusgedeelte: Handelinge 28:6 (AFR33/53/83)

Selfs nie ’n slang se byt kan God se plan dwarsboom nie

Paulus is op pad na Rome. Hy het God se Woord dat hy daar van Hom moet getuig (Hand. 23:11; 27:24). Maar die pad is nie ’n gelyk pad nie. Dit is ’n pad vol lewensgevaar, gevangenskap en storms. As skipbreukelinge kom hulle op die eiland Melite (Malta) aan. Skaars uit die see gered, in die koue en nat weer, is daar ook nog dié slang wat vir Paulus aan die hand byt.

Die inwoners van die eiland wat daardie slange en hulle byte geken het, verwag dat Paulus sou opswel en dood neerslaan. Dit was wat gewoonlik gebeur het. Hulle maak die bygelowige afleiding dat Paulus ’n moordenaar moes wees, wat alhoewel hy uit die see gered is, nie deur die gode toegelaat word om te lewe nie. En toe daar niks besonders met hom gebeur nie, verander hulle van gedagte en sê dat hy ’n god is.

Die slangbyt was nie ’n toevallige ongeluk nie, maar ’n gebeurtenis onder God se beskikking waarin Hy sy mag en krag gewys het. Daarna word Paulus-hulle deur die hoof van die eiland vriendelik ontvang en geherberg, en gebruik God hom as instrument om Publius se pa gesond te maak en ook om ander siekes op die eiland te genees. Hulle bly vir drie maande op die eiland, ontvang eerbewyse en word van die nodige voorsien.

Gister het ons gesien dat die mense van Herodes gesê het dat hy ’n god is en dat ’n engel van die Here hom toe getref het en hy gesterwe het. Paulus sterwe nie, maar doen meer vrugbare werk op die eiland. By Herodes lees ons dat hy die eer nie aan God gegee het nie. Wat die mense van hom gesê het, het hy in sy hoogmoed self ook geglo. Paulus glo dit nie van homself nie, maar gee aan God die eer (vgl. Hand 14:11-15).

Sing: Psalm 91-1:1, 6, 7

Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)

Woensdag 17 September

Skrifgedeelte: Romeine 1:18-23 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Romeine 1:20

Die openbaring van God kan nie ontken word nie

Om Paulus se redenasie te verstaan, moet ons by die begin begin. Genesis 1: *"In die begin het God die hemel en die aarde geskape."* Diere plante en mense. Ons bely in die Nederlandse Geloof Belydenis Artikel 2: *"Die skepping is voor ons oë soos 'n mooi boek ... waarin alle skepsele, groot en klein die letters is wat ons die onsigbare dinge van God laat sien."* Die roos lyk nie soos die aster nie en die perd nie soos die skaap nie. Sy ewige krag en Goddelikheid kan duidelik daarin gesien word. Die algemene openbaring van God wat geen mens, gelowig en ongelowig, kan miskyk of ontken nie.

Paulus skryf dat dié wat deur goddeloosheid en ongeregtigheid die waarheid onderdruk, die ateïs, ongelowige, onverskillige, geen verontskuldiging kan hê dat hy nie geweet het nie. Die mens kan vele dinge maak en met die druk van 'n knoppie baie dinge laat gebeur. Die mens het baie slim geword en vir homself baie belangrik, maar die openbaring van God, die werk van God, kan niemand nadoen of ontken nie.

Sien dan in die natuur, in jou medemens, in jouself, die wonder van God wat in ons en om ons is. En wees verwonder oor die geloof wat deur sy Gees in jou leef. Dat jy Hom mag ken en herken. Die almag van die Here wat geopenbaar word in die werking van sy Woord en Gees.

Sing: Psalm 8-1:1, 4

Dr. JM (Kobus) van Tonder (Emeritus)

Donderdag 18 September

Skrifgedeelte: Romeine 8:18-30 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Romeine 8:18

Die lyding van vandag weeg nie op teen die heerlikheid van God nie

Paulus skryf hierdie brief aan die Christene in Rome toe keiser Nero die Christene vervolg en gedood het. Nêrens verwys Paulus egter na Nero nie, maar skryf dat die lyding van die huidige tyd nie kan vergelyk met die heerlikheid wat bestem is nie. Hoe sou daardie mense die gedagtes bymekaar kon bring? Smart teenoor 'n verwagting wat nie gesien kan word nie.

Ons weet self as smart en ongeluk deel van ons dag word, gryp ons na 'n senuweepil om kalm te word. Ons glo aan die heerlikheid eendag, maar nou, nou is die nood. Paulus bemoedig die kerk van Rome en vir ons om in vaste vertroue die geloof te behou, al is daar spanning. Ons leef in die gebroke wêreld wat nie volmaak is nie. God beloof 'n heerlikheid wat geen menseverstand kan bedink nie, wat in ons nood nie so eenvoudig is nie. Maar ons hoop daarop.

Die Hebreërskrywer sê: *"Geloof is die vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie kan sien nie."* Paulus bemoedig ons om te bly glo en ook om op uitkoms te wag. Dawid skryf in Psalm 37: *"Laat jou weg aan die Here oor en vertrou op Hom, en Hy sal dit uitvoer."*

Ons wil mekaar bemoedig met hierdie versekering: Glo – glo en verwag, ongeag ... Want God is getrou. Hy beloof en uiteindelik wag Hy op ons in sy heerlikheid. Sy almag oor ons lewe word geopenbaar deur sy Gees, wat ons laat glo.

Sing: Psalm 37-1:11

Dr. JM (Kobus) van Tonder (Emeritus)

Vrydag 19 September

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:18

Die graf ’n deurgang na verheerliking

As dit jou beurt is om by ’n sterfbed of ’n oop graf te staan, kom die besef weereens: Niemand kan die dood ontkom nie.

Die misterie van lewe en dood is buite ons hande en ons vaardigheid, al het die mens hoe slim geword. Ons bely egter “… dat hierdie selfde liggaam van my deur die krag van Christus opgewek sal word en weer met my siel verenig” (HK Sondag 22) omdat Jesus verheerlik opgestaan het.

Paulus verduidelik dit met ’n beeld uit die natuur. Saad wat in die grond lê en “doodgaan” en uit die saad kom ’n plant. Voor ons oë sien ons lewe uit die grond uitkom as die plant deur die grond kors breek. So, sê Paulus, sal ons eenmaal uit die dood uit opstaan met ’n verheerlikte liggaam. Niemand kan lewe uit die dood uit laat voorkom nie, maar deur die almag van die Here sal dit gebeur. Daaroor skryf Paulus in vers 55: *“Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?”*

Dit is vir ons die troos by die sterfbed en die oop graf. Dit is die troos as verlange na ’n geliefde swaar op jou kom lê. Daar sal ’n weersien wees hierna, en eendag, eendag op God se tyd sal die verheerlikte liggaam opstaan, want Hy het die dood oorwin.

Sing: Lied 415:1, 2

Dr. JM (Kobus) van Tonder (Emeritus)

Saterdag 20 September

Skrifgedeelte: Efesiërs 2:1-10
Fokusgedeelte: Efesiërs 2:4-5

Die Gees werk die wedergeboorte in ons harte

As Paulus in vers 1 vir ons ’n foto van onsself sonder God se genade wys, wys hy vir ons ’n lyk. Was ons maar net baie siek, kon ons nog ietsie vir onsself gedoen het. Wat ons nodig het, is om in ’n nuwe lewe op te staan. In sy groot “barmhartigheid” los God ons nie in ons doodsbestaan om welverdiend vir ewig verlore te gaan nie. In sy groot genade skenk Hy aan ons die verlossing in Christus.

Net ’n ware geloof laat my deel kry aan Christus en al sy weldade. Geloof is nie die ietsie wat ek moet doen om verlos te word nie. God die Heilige Gees vonk die blye boodskap van Christus in my hart en Hy vestig die waarheid daarvan in my hart en verstand. Hy werk die wedergeboorte in ons dooie harte, sodat ons nuutgebore in ’n nuwe lewe saam met Christus kan opstaan.

Nadat God alles geskep het, het Hy na alles gekyk en dit was goed. Sonde het alles kom bederf. As God ná die kruis en die leë graf na ons in Christus kyk, dan sê Hy: My “maaksel”, my meesterstuk. Deur sy Gees wat in ons werk, begin ons dade doen wat eie is aan Christus. Omdat ons deur die geloof een is met Hom, begin die vrug van die Gees in ons groei.

In God se kind, wat eers dood en vir ewig verlore was, kry Christus gestalte. Wat ’n meesterstuk wat God se Naam verheerlik! Mag God se verlossingswerk in jou ook strek tot sy eer alleen.

Sing: Skrifberyming 1-10:1

Ds. HJ (Hendrik) Stoltz (Ontdekkers)

Sondag 21 September

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:1-16
Fokusgedeelte: Efesiërs 4:7-16

Die groeiproses na 'n volwasse gemeente

Die apostel Paulus beskryf hier die groeiproses na 'n volwasse gemeente. Die hele proses begin by Christus EN dit eindig ook by Christus deurdat die gemeente 'n spieëlbeeld van Christus word. Hier kom vier aksies na vore:

- CHRISTUS GEE AAN ONS GENADEGAWES! Na sy hemelvaart sit Christus as Oorwinnaar aan die regterhand van God en deel Hy deur sy Gees gawes aan sy kerk uit. Christus gee aan die kerkleiers spesiale gawes...
- "... OM DIE GELOWIGES TOE TE RUS". As die gawes in 'n gemeente by die besondere dienste vasval, dan stop en stol kerkgroei in 'n klomp strukture. Die kerkleiers moet die gemeente toerus en lei, sodat elke lidmaat kan wees en doen dit wat Christus van hom/haar verwag. As die kerkleiers alles self wil doen, dan is hulle hindernisse vir Christus en sy Gees. Ons moet elke lidmaat lei tot sy/haar ...
- ... "DIENS EN VIR DIE OPBOU VAN DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS." Elke lidmaat bou die gemeente op deur mense daar buite te lei tot die ware "kennis van die Seun van God" (vs 13). Die trekpleister na 'n gemeente is sy lidmate. Die gemeente word ook opgebou waar gewone lidmate die liefde van Christus begin uitleef na mekaar toe.
- So GROEI ONS NA CHRISTUS TOE EN WORD ONS MEER EN MEER SOOS HY. Kerkwees begin by Christus wat genadegawes uitdeel. Die ampsdraers se leiding en die lidmate se betrokkenheid moet ons weer by Christus uitbring. Groei na Christus toe kan net geskied in LIEFDE en in WAARHEID.

Waar hierdie groeiproses in werking is, groei 'n gemeente na volwassenheid. Wat kan mooier wees as 'n volwasse gemeente wat as Christus se bruidskerk sy heerlikheid en skoonheid uitstraal in hulle liefde en diens aan mekaar?

Sing: Psalm 92-1:6

Ds. HJ (Hendrik) Stoltz (Ontdekkers)

Maandag 22 September

Skrifgedeelte: Kolossense 1:15-20
Fokusgedeelte: Kolossense 1:15-20 (HK Sondag 19)

Koning Jesus gee in oorvloed

Hierdie woorde is ’n lied wat Christus besing as die Hoof van sy skepping en as die Hoof van sy kerk:

- As HOOF VAN DIE SKEPPING bewaar Christus ons teen alle vyande: Die regerings van hierdie wêreld met al sy “konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders” val ook onder die beheer van Christus. Hy het een doel met die skepping: nie een van die Vader se uitverkore kinders mag verlore gaan nie. Die skepping met sy geskiedenis vertel vir ons hoe Christus sy bruidskerk deur die eeue versamel. Die wêreld kan net bestaan omdat Christus dit so wil. Die Vader kon die toekoms van die kerk nie in beter hande geplaas het as ons Hoof, Jesus Christus nie. Geen mag, hoe bomenslik groot, kan doelbewus en moedswillig die kerk tot niet maak nie.
- As HOOF VAN SY KERK stort Hy deur sy Heilige Gees hemelse gawes in ons uit. In die antieke wêreld het ’n koning na ’n groot oorwinning geskenke aan al sy onderdane uitgedeel. Met Jesus se hemelvaart en sy heerskappy aan die regterhand van God, deel Hy ook geskenke aan sy kerk uit. En as Koning Jesus gee, gee Hy in oorvloed. Die grootste gawe is natuurlik die gawe van die Gees. Sonder die uitstorting van die Gees in elke kind van God se hart sal geen mens kan bely “Jesus Christus is die Here!” nie. Die Gees wek ons natuurlik ook op tot ’n nuwe lewe. Mense wat dood was vir God en sy liefde vir ons, staan saam met Jesus op in ’n nuwe lewe. Die Gees bring iets van die hemelse, dit wat ons eendag volmaak gaan beleef, nou al in ons lewens in.

Sing: Skrifberyming 1-1:7

Ds. HJ (Hendrik) Stoltz (Ontdekkers)

Dinsdag 23 September

Skrifgedeelte: Hebreërs 1:1-4
Fokusgedeelte: Hebreërs 1:1-2a (AFR83/2020)

Christus is die klimaks van God se openbaring

Sonder enige aanduiding van wie die skrywer of geadresseerdes is, begin die boek Hebreërs met ’n baie treffende geloofsfeit: God het gepraat. Vers 1: *“In die verlede het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete.”* In die Ou-Testamentiese tydperk het God Homself dikwels geopenbaar. Dit het Hy op verskeie maniere gedoen deur sy profete. Die Skepper van hemel en aarde, wat alle dinge onderhou en daaroor regeer, het gepraat.

Maar dan gaan die Hebreërskrywer verder: God het nie net in ’n Ou-Testamentiese tydperk gepraat nie. God het aangehou om te praat. Vers 2a: *“… maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun.”* God het Homself nog verder geopenbaar in die Nuwe-Testamentiese tyd. Dit het Hy op een manier gedoen, en dit is deur sy Seun. En wie is hierdie Seun dat hierdie openbaring so spesiaal sou wees? Hebreërs 1:2b-4 beskryf Hom op sewe maniere:

1. Hy is die erfgenaam van alle dinge.
2. Hy is die Een deur Wie God die wêreld geskep het.
3. Hy is die presiese verteenwoordiging van God se wese.
4. Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand.
5. Hy het die reiniging van ons sondes bewerkstellig.
6. Hy sit aan die regterhand van God.
7. Hy het ’n voortrefliker naam as die engele.

Wie is hierdie Seun met ander woorde? Hy is Erfgenaam, Skepper, Verteenwoordiger, Onderhouer, Hoëpriester, Koning, Verheerlikte. Hy is die Seun van God! Wie beter om God se finale openbaring te gee? Christus is die klimaks van God se openbaring. Mag ons dit altyd besef, en leef volgens dit wat God in sy Seun aan ons openbaar.

Sing: Psalm 119-1:7, 26

Prof. AJ (Albert) Coetsee (TSP)

Woensdag 24 September

Skrifgedeelte: Jakobus 3:1-12
Fokusgedeelte: Jakobus 3:9-10 (AFR2020)

Wie is in beheer van jou tong?

Jakobus beklemtoon dwarsdeur sy brief dat ’n gelowige sy of haar geloof bevestig met die manier waarop hy of sy lewe. Dit sluit ons manier van praat ook in.

Ongelukkig is die tong die moeilikste liggaamsdeel om te beheer (Jak. 3:1-2). Ten spyte van die tong se grootte het dit enorme krag (Jak. 3:3-5a). Soos ’n stang of ’n roer beïnvloed dit die koers waarin iemand inslaan. Die tong het die mag om wonderlike dinge te doen! Maar die teenoorgestelde is net so waar: die tong kan enorme skade veroorsaak (Jak. 3:5b-8). Die tong is soos ’n klein vuurtjie wat ’n groot bos aan die brand kan steek.

Maar dit is nie hoe God ons geskep het nie. God is die waarheid, en ons, wat Hy na sy beeld gemaak het, moet God se waarheid weerkaats. Waar het die verandering dan ingekom? By die sondeval het ons geluister na “die vader van die leuen” (Joh. 8:44). Sedertien is ons lewens deurdrenk met leuens en kwaadpraat en skinder en gevloek. Uit ons eie sal ons nooit ons tonge kan tem nie. Maar wat vir ons onmoontlik is om uit onsself te doen, lei God ons om te doen. Ons Here Jesus Christus kom sterf onder andere vir al die sonde wat ons met ons tonge pleeg. Hy stuur vir ons sy Gees wat ons lei om ons te verheug in die waarheid en om in liefde by die waarheid te bly. Aan God alleen die eer!

Maar dan moet ons besef: Die tong mag nie dubbele standaarde hê nie (Jak. 3:9-12). Ons wat nuut gemaak is *kan* en *moet* ons tonge gebruik soos die Here dit wil. Dit is die grootste teenstrydigheid as ons bely dat God ons nuut gemaak het, maar ons tonge getuig nie hiervan nie.

Sing: Psalm 19-1:7

Prof. AJ (Albert) Coetsee (TSP)

Donderdag 25 September

Skrifgedeelte: Jakobus 5:13-20
Fokusgedeelte: Jakobus 5:15 (AFR83/2020)

Om gelowig te bid te midde van siekte

Dit is nooit lekker om siek te wees nie. Dit is ook baie swaar wanneer mense vir wie ons omgee, siek is.

Onder sulke omstandighede word ons opgeroep om te bid (Jak. 5:13). Jakobus skryf dat die ouderlinge vir iemand moet gaan bid wat siek is (Jak. 5:14), en hulle word beveel om die sieke met olie te salf onder aanroeping van die Naam van die Here. In die Bybelse tyd is olie vir medisinale redes gebruik (vgl. Jes. 1:6; Luk. 10:34). Moontlik is dit wat Jakobus in gedagte het. Die klem val op “die aanroeping van die Naam van die Here”. Hý kan genesing bring, nie die olie nie.

Jakobus skryf dat die gelowige gebed die sieke gesond sal laat word (Jak. 5:15), en hy gaan dan voort om te bewys dat die gebed van ’n gelowige ’n kragtige uitwerking het (Jak. 5:16-18).

Beteken dit dat God alle siektes sal genees solank ons net gelowig genoeg bid? Soms is die Here se wil anders, en skenk Hy nie genesing nie. Wat Jakobus hier vir ons beklemtoon is die noodsaaklikheid van gebed te midde van siekte. Deur gebed wys ons ons totale afhanklikheid van God, ons bely dat Hy in staat is om enigiets te doen, en ons vra dat as dit sy wil is, Hy tog genesing sal skenk. Dit is wat dit behels om gelowig te bid.

As gelowiges is ons troos dat siekte, deel van hierdie gebroke skepping, onder die almag van God staan. Niks kan ons van God se liefde skei nie – ook nie siekte nie (Rom. 8:38-39). Die lyding wat ons nou moet verduur, weeg nie op teen die heerlikheid wat vir ons voorlê nie (Rom. 8:18). En eendag, wanneer Christus weer kom, sal daar nie meer lyding en siekte wees nie (Op. 21:4).

Sing: Psalm 107-1:1, 9

Prof. AJ (Albert) Coetsee (TSP)

Vrydag 26 September

Skrifgedeelte: 1 Johannes 1:1-4
Fokusgedeelte: 1 Johannes 1:1-4 (AFR2020)

Jesus, God en mens, oorbrug die gaping tussen God en mens

Van die vroegste tye af was daar tweespalt rondom die twee nature van Christus. Hoe is dit moontlik dat Hy gelyktydig volledig God en volledig mens kan wees? Dit is op ’n manier prysenswaardig dat sommige hulleself nie kon vereenselwig met die gedagte dat God enigsins in of aan ’n menslike skepsel kon deel hê nie. Daarvoor is Hy te groot en te heilig. Tog is dit juis die punt – dit is hoe ver ons Here bereid was om te gaan sodat Hy ons kon red (Fil 2).

Met die menswording van die Here Jesus bring God Homself tot binne ons sondegevalle verstaanswêreld. Die apostels getuig dat hulle Hom gehoor het (let wel: nie net “van Hom” nie!), Hom gesien het, Hom aandagtig bekyk het en selfs aan Hom geraak het met hulle hande. Jesus, God, kom in ’n vorm en manier dat die mens Hom met al sy sintuie kan waarneem.

Wat die apostels waarneem, is egter ook soveel meer as net ’n mens! Hulle getuig dat hulle met die “Woord van die Lewe” in aanraking was. Hulle verkondig “die ewige lewe wat by die Vader was” en nou aan almal bekendgemaak is. Wat hulle in Jesus gesien en gehoor en bekyk het, was niks minder nie as God Self. Wie dit glo, deel in die band tussen die Vader en die Seun (in en deur die Gees). Gelowiges word deel gemaak van hierdie liefdesband waarvan daar geen gelyke is nie. Dit behoort ’n blydskap aan te wakker wat nie ingehou kan word nie. Daarom deel die apostels dit ook met ander sodat hulle blydskap volkome kan wees, want hoe meer jy met ander deel waaroor jy bly is, hoe meer word jou eie ervaring daarvan.

En het ons nie rede tot blydskap nie!? Jesus Christus, gelyktydig God en mens, oorbrug die gaping tussen God en mens en laat ons deel in die verhouding tussen Hom en ons Vader.

Sing: Skrifberyming 3-2:1, 3, 6

Ds. BA (Banie) van der Walt (Paarl)

Saterdag 27 September

Skrifgedeelte: Openbaring 1:7-20
Fokusgedeelte: Openbaring 1:12, 13a (AFR2020)

Die Here van die kerk is midde in sy kerk

In vers 7 en 8 word bevestig dat Jesus beslis weer sal kom. Met die wederkoms sal dit vir elkeen duidelik wees dat Hy Here is. Selfs die skepping werk mee aan hierdie grootse gebeurtenis wanneer Hy kom met die wolke. Hierdie wete gee vir ons as kerk hoop vir die toekoms, maar wat van nou? Hoe bly ons intussen staande? Verse 9-20 openbaar drie ankers om aan vas te hou:

- *Wie Jesus is* – volg uit die beskrywing van vers 13-16 wat gelyktydig asemrowend en skrikwekkend is. Elkeen van sy kenmerke wat beskryf word, dra ’n besonderse betekenis soos onder andere duidelik word uit Openbaring 2 en 3. Duidelik sigbaar as “iemand soos die Seun van die Mens”, maar duidelik ook soveel meer as net ’n mens. Jesus in sy volle heerlikheid.
- *Waar Jesus is* – is midde in sy kerk. Ons sien Hom in sy volle heerlikheid midde in sy kerk. Die Een wat sonde, die dood en die duiwel verslaan en Homself daardeur bevestig het as die Here van die heersers – Hy is teenwoordig midde in sy kerk!
- *Wat Jesus daar doen* – is om sy kerk te bewaar. Hyself beweeg tussen die gemeentes (kandelare) en Hyself hou die voorgangers in die gemeentes (sterre) in sy regterhand. Die kerk universeel bestaan dus, leef dus, in die teenwoordigheid van Jesus Christus, haar Hoof en haar Here.

Die Here bewaar sy kerk deur hier ’n openbaring te gee van wat Hy vir die toekoms bepaal, sodat ons voorbereid kan wees. Die Here bewaar sy kerk deur haar te wys op die slaggate om te vermy sodat ons enduit sal volhard. Die Here bewaar sy kerk deur ons op te roep om Hom bo alles lief te hê (Op. 2.1-7). Laat ons voluit kerk wees in die sekere wete dat ons steeds en vir altyd in die Here van die kerk se teenwoordigheid is.

Sing: Skrifberyming 15-2:1-3

Ds. BA (Banie) van der Walt (Paarl)

Sondag 28 September

Skrifgedeelte: Openbaring 4:1 – 5:14
Fokusgedeelte: Openbaring 5:5-8

Die Lam van God is waardig om die boekrol oop te maak en daarom loof en prys die hele skepping saam met die kerk van alle eeue Hom

Die boek Openbaring is ’n brief waarin Johannes vertel van ’n visioen wat God aan hom gewys het. Hierdie visioen vertel van die oorwinning wat Christus en sy kerk gaan behaal oor Satan. Daarom bied die boek vertroosting en hoop vir die kerk wat in hierdie bedeling steeds kreun onder die gevolge van die sonde.

In ons teksgedeelte begin Johannes die visioen wat hy gesien het, verduidelik. Al die elemente binne die visioen bestaan nie fisies nie, maar is eerder beelde wat vir ons geestelike waarhede leer. Hy sien ’n heerlike Gestalte wat op ’n troon sit. Die Gestalte wat op die troon sit, verteenwoordig God die Vader, wat ewig regeer oor alle dinge. Rondom Hom is daar vier lewende wesens en 24 ouderlinge. Die vier lewende wesens het elemente van mense, diere en engele en daarom verteenwoordig hulle die hele skepping. Die 24 ouderlinge verteenwoordig die kerk deur alle eeue. Dink maar aan die 12 stamme van Israel en die 12 apostels.

In die regterhand van die gestalte wat op die troon sit, is daar ’n boekrol wat geseël is met sewe seëls. Die boekrol stel God se ewige plan voor. Die oopmaak en lees van die boekrol stel die openbaring en die uitvoering van God se ewige plan voor. Dit is net Christus, die Lam van God, wat die boekrol kan oopmaak. Hy is die een wat die Vader se ewige plan van oorwinning openbaar en uitvoer. Daarom loof en prys die vier lewende wesens en die 24 ouderlinge Hom. Dit is die troosryke boodskap van hierdie visioen! Ons kan met sekerheid weet dat God se ewige plan van oorwinning deur Christus uitgevoer word. Daarom loof en prys ons Hom saam met die hele skepping en die kerk deur alle eeue.

Sing: Skrifberyming 8 (5-3):1, 2

Ds. FF (Frikkie) Deysel (Venterstad)

Maandag 29 September

Skrifgedeelte: Openbaring 8:1-5
Fokusgedeelte: Openbaring 8:4-5

God laat die skepping reageer wanneer die koninkryksgebede van die gelowiges deur God verhoor word

Johannes vertel in ons teksgedeelte verder van ’n visioen wat God hom laat sien het. Jesus maak die boekrol wat geseël is met sewe seëls, oop. Dit beteken dat Hy God se plan van oordeel oor die sonde en oorwinning oor Satan uitvoer. Soos wat die visioen verloop, sien ons hoe Jesus die seëls een vir een oopmaak en hoe die sondige mensdom met die oopmaak van elke seël op ’n ander manier gestraf word.

In ons teksgedeelte maak Jesus dan die laaste seël oop. Daar is vir omtrent ’n halfuur lank stilte in die hemel, want die oordeel van die sewende seël is buitengewoon groot. Daar is sewe engele met sewe trompette. Hulle gaan hierna elkeen om die beurt op hulle trompette blaas om elke keer ’n volgende oordeel aan te kondig. Voordat hulle op hulle trompette blaas, gebeur daar egter iets anders. Johannes sien ’n ander engel wat ’n goue wierookbak na ’n altaar toe dra. Dit is ’n beeld van die versoenoffers van die Ou Testament.

Binne-in die wierookbak is daar gloeiende kole, wierook en die gebede van al die gelowiges. Dit simboliseer ons gebede wat skoongebrand word sodat dit koninkryksgebede is. Die kern van die gebede is die woorde “laat u koninkryk kom” soos Jesus ons geleer het om te bid. Die gebede en die vuur word dan op die aarde uitgegiet en die gevolge daarvan is geweldig. Die stilte word die storm. Die koninkryk van God is aan die kom. Almal wat teen Hom in opstand is, word geoordeel.

God gebruik ons nietige gebede wat deur Christus gelouter is as instrument in sy hand met die oordeel van die wêreld en in die oorwinning van die vyand. Dit bemoedig ons om saam met al die gelowiges te bid: “Laat U koninkryk kom.”

Sing: Skrifberyming 28:1-4

Ds. FF (Frikkie) Deysel (Venterstad)

Dinsdag 30 September

Skrifgedeelte: Openbaring 21:1-8
Fokusgedeelte: Openbaring 21:1-3

God laat ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde kom wat verlos is van alle verganklikheid en alle sonde, waar ons vir ewig in sy teenwoordigheid sy volk is en Hy ons God

Die boek van Openbaring bevat ’n boodskap van hoop vir die kerk wat tans onderdruk word in hierdie wêreld. Die visioen wat God vir Johannes laat sien het, vertel van die toekomstige bedeling waar die volk van God vir ewig by Hom gaan wees en waar alle verdrukking verby gaan wees.

In ons teksgedeelte staan hierdie boodskap van hoop voorop. Die ou aarde is uitgewis en daar is nou ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde. Die tyd van die oordeel van God deur Christus is nou verby. Daar is nie meer sonde nie en daarom is daar ook nie meer die gevolge van die sonde nie. Daar is nie meer dood nie. Daar is nie meer pyn en smart nie. Daar is nie meer verganklikheid nie. God sal self ons trane afdroog. Ons vind hierin troos en hoop te midde van die swaarkry van die huidige bedeling. Dit is egter nie die hoogtepunt van die nuwe bedeling nie. Die hoogtepunt is eerder die besondere teenwoordigheid van God wat ons vir ewig gaan ervaar. God is natuurlik alomteenwoordig, maar die besondere teenwoordigheid wat ons gaan ervaar, is God se volmaakte goedheid en die genade wat op ons uitgestort gaan word. Alle sleg en swaarkry gaan van ons weggeneem word en ons gaan oorvloedige vreugde in God ervaar. Ons gaan by Hom wees. Ons gaan sy volk wees wat Hom vir ewig loof en prys en Hy gaan ons God wees wat ons vir ewig in sy goedheid onderhou.

Hierdie oorwinning is reeds vir ons verseker. God sê in ons teksgedeelte Hy is die Begin en Einde. Hy bepaal alles wat gebeur. Daarom kan ons met sekerheid uitsien na die nuwe hemel en die nuwe aarde waar ons by God kan wees. Dit is ons grootse begeerte as gelowiges.

Sing: Skrifberyming 5-7:1, 3, 5

Ds. FF (Frikkie) Deysel (Venterstad)

KWARTAAL 4 – OKTOBER

TEMA:

Jubel in die HERE wat soewerein regeer oor die volke en die wêreldgeskiedenis (Ps. 33:10-11) en as gevolg van sy besondere bemoeienis met die verbondsvolk (vs 12 ev).

Woensdag 1 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 33 (AFR53)
Fokusgedeelte: Psalm 33:12

Orde in die wyse waarop God ons red

Die woordjie "verbond" laat ons gou dink aan Abraham en Israel, besnydenis en doop. Dit laat ons dink aan die besonderse verhouding wat God met sy volk aanknoop en dis goed, maar ons moet die waarde daarvan gelowig besef.

Wanneer ons *verbond* dink, moet ons onthou dat dit gebaseer word op die raad van God. Sy keuse vir 'n verbondsvolk en die hele verloop van sy verhouding met hulle is nie gebaseer op toeval nie, maar op sy ewige raad. Dit beteken daar is orde in die wyse waarop Hy ons red.

Ons verlossing is beplan en God wil en sal na sy plan handel. God reken hierin nie op die verdienste van 'n mens nie, maar volgens sy wil en daarin op grond van sy genade. Daarom noem die psalmdigter die nasie wat die HERE (God van die verbond) as God het "welgeluksalig" of dan volkome gelukkig en vol vrede.

Verder besef ons as verbondskinders die waarde van die heilige verbintenis in die feit dat ons God getrou (vs 4) en goedertieren (vs 5) is. Die liefde wat Hy afsonder vir sy erfdeel, die kerk, en sy volkome trou wat daarmee saam deel maak van sy Wese, verseker ons dat God sy verbond sal hou wat Hy met ons opgerig het. Dit is immers gebaseer op sy Raad wat vas is in ewigheid, sy plan word deur niks van die wêreld bepaal of beperk nie.

God bewys dit veral in die feit dat Hy sy Seun in dieselfde ewige raad afsonder (Ef. 1) om die verbond te verseël met sy offer. God sal Hom

nie onvoorwaardelik verbind aan onheilige sondaars nie, Hy maak seker dat Hy aan die eise van sy eie voorwaarde voldoen: sy kinders se sonde moet regverdig vergewe word en dit beteken iemand moet betaal. Dit kom doen Christus aan die kruis!

Hoe kan ons anders as om in ons harte die vrolikheid te voel waarvan ons in Psalm 33:1, 2 sing en met dieselfde vrolikheid in gehoorsaamheid aan God se wil ook eer en dank aan Hom te bring as regverdige kinders van God?

Sing: Psalm 33-1:12

Ds. HFR (Riekert) Pelser (Kemptonpark)

Donderdag 2 Oktober

Skrifgedeelte: Eksodus 19:1-7 (AFR53)
Fokusgedeelte: Eksodus 19:6

Ons verlossing is beplan

Om die verbondsvolk van die HERE te wees, is die kosbaarste skat. Dit leer die HERE die volk by die berg Sinai as Hy hulle herinner aan die wyse waarop Hy hulle verlos het uit Egipte en hoe Hy hulle op “arendsvlerke” gedra het en na Hom gebring het.

Die verbond bestaan dan uit beloftes en eise. God is vir sy volk ’n God terwyl Hy eis dat sy volk sy volk moet wees. In vers 6 beskryf Hy iets van hoe dit lyk om sy volk te wees as Hy dit stel dat die volk vir Hom ’n koninkryk van priesters en ’n heilige nasie sal wees.

Priesterlik moes Israel sekere seremoniële wette onderhou, soos die offers waardeur hulle moes getuig van hulle verwagting van Christus wat sou kom. As koninkryk van God moes hulle dit duidelik maak dat hulle maar een Koning het en dit is God, en as die heilige nasie van God moes hulle weet hulle is afgesonder van die wêreld wat hulle aan hulle eie sondige begeertes oorgegee het. Die verbondsvolk is dus nie vry nie, maar ook nie onder dwang nie, hulle is eerder bly oor die heilige heerskappy van God oor hulle wat Hy vir Hom as erfdeel verkies het. In die verhouding wil die kerk die HERE ook eer en dien.

Petrus wys in 1 Petrus 2:9 daarop dat ons ook deel maak van hierdie heilige en koninklike priesterdom, gestuur om Christus te verkondig wat ons uit die duisternis geroep het om in sy wonderbare lig te leef. Natuurlik het ons daaraan net deel omdat ons aan die Christus wat ons verkondig, deel het. Sonder Christus is daar nie ’n verbond nie en sonder die verbond is daar geen band tussen ons en God nie.

God se verbond met ons hang dus heeltemal af van ons Godgegewe geloof in Christus wat ons nie passief nie, maar aktief beoefen deur ons strewe tot ’n heilige lewe.

Sing: Psalm 105-1:5, 6

Ds. HFR (Riekert) Pelser (Kemptonpark)

Vrydag 3 Oktober

Skrifgedeelte: Genesis 1:26-30; 2:16-17
Fokusgedeelte: Genesis 2:15 (AFR83)

God het ons geskep om Hom ook deur ons daaglikse werk te dien en te eer

God is die goeie Gewer wat die mens tot ’n lewende wese maak. Hy plant ’n tuin en gee dit as ’n woonplek. Hy gee al die vrugtebome as voedsel. So gee Hy vir die mens lewensruimte en lewensmoontlikhede. Maar die Here gee vir die mens ook verantwoordelikhede. Genesis 2:15: *“Die Here God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas.”* Dit is hierdie opdrag (werkverbond) wat die mens van die diere onderskei en hom ’n verantwoordelike wese maak wat sy Skepper moet gehoorsaam en aan Hom verantwoording doen.

Om die aarde te bewerk en op te pas, beteken dat die mens moet werk. Werk is dus deel van die wesenlike van menswees. Omdat God die mens in ’n lewensruimte plaas wat arbeid nodig het, moet die mens werk vir sy lewensonderhoud.

Adam en Eva in die paradys voor die sondeval het God met hulle hele wese verheerlik, want God het hulle goed geskape. Deur hulle

werk het hulle God in liefde dankbaar gedien. Maar die mens moet ook deur sy werk sy medemens dien. Om die aarde te bewerk en op te pas, beteken om die samelewing op te bou; om die lewenskwaliteit van almal te verhoog en lewensruimte vir almal te skep; om te heers oor die natuur en die wêreld te verfraai en aangenaam te maak. So dien jy jou medemens daardeur.

God toon later in sy Woord dat liefde tot God en liefde tot jou naaste onlosmaaklik aan mekaar verbind is en jou ganse lewe moet beheers. Dit moet jou lewensmotief wees, ook vir die werk wat jy daagliks verrig.

Omdat werk ’n Godgegewe roeping is, is werkloosheid vir ’n gelowige ’n beproewing. Daarom moet jy alles in jou vermoë doen om werk te soek of te skep. Jy moet dit soos enige ander beproewing in jou lewe hanteer en op die Here hoop vir uitkoms.

Ons werk kan alleen vir ons ’n dankbare vreugde bly as ons deur die geloof aan Jesus Christus vashou. Want Hy wat ons weer na die beeld van God herskep het, gee ons die krag deur die Heilige Gees om hierdie Godgegewe roeping daagliks met vreugde te kan nakom.

Sing: Psalm 128-1:1, 4

Ds. MAF (Andries) Kruger (Alberton)

Saterdag 4 Oktober

Skrifgedeelte: Genesis 3:14-19
Fokusgedeelte: Genesis 3:17-19 (AFR83)

Deur God se genade is ons werk nie ’n droewige verpligting nie, maar ’n dankbare vreugde

Die sondeval het ’n uitwerking op ons daaglikse werk gehad. Dit sien ons in die fokusgedeelte as die Here sê dat die aarde vervloek is en dat die mens met swaarkry daaruit ’n bestaan gaan maak en net deur harde werk sal kan eet tot hy weer stof word.

God straf die mens egter nie met werk nie. Die straf is nou dat die mens getref word in sy menswees. Sy werk word vir hom ’n las en

moeite. Tot sy sterwe sal dit gekenmerk word deur harde werk en moeite. As gevolg van die sonde word dit ’n droewige verpligting.

Maar die wonder is dat God die goeie Gewer dinge nie so gelaat het nie. Deur die genadeverbond met sy volk het Hy sy Seun Jesus Christus gestuur om ons van die vloek van die sonde te kom verlos. Jesus Christus het ons aan die kruis weer met God versoen. Deur sy Heilige Gees herskep Hy ons weer na die beeld van God sodat ons kan voldoen aan God se oorspronklike doel met die mens. Waar die sonde vroeër ons daaglikse werk moeite en verpligting gemaak het, word ons daaglikse werk nou deur ons geloof in Jesus Christus vir ons ’n dankbare vreugde. Uit dankbaarheid vir sy groot genade is ons nou aan Hom gehoorsaam en doen ons alles, ook ons daaglikse werk, net vir Hom. Soos Paulus vir die slawe sê in Kolossense 3:23, 24: *“Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here ... want Christus is die Here in wie se diens julle staan.”*

Hoe ervaar jy die daaglikse werk waartoe God jou geroep het? As dit vir jou ’n las of ’n droewige verpligting bly, dan moet jy juis gaan kyk met watter gesindheid jy jou werk doen. Is Jesus Christus die motief waarom jy jou werk doen en waarom jy daardie spesifieke werk doen? Gaan kyk met nuwe oë na die werk wat God as roeping op jou gelê het, en gaan doen jou werksaamhede van elke dag met nuwe ywer en met volle oorgawe uit dankbaarheid vir die Here.

Sing: Skrifberyming 14-2

Ds. MAF (Andries) Kruger (Alberton)

Sondag 5 Oktober

Skrifgedeelte: Genesis 6:5-8, 22; 7:17-24; 8:1-5, 16-22; 9:18-23
Fokusgedeelte: Genesis 1:9 (AFR33/53

Die Verbondsgod dink aan die verbondsmens

God doen altyd wat Hy belowe. Die Verbondsgod was hartseer en diep teleurgestel omdat die verbondsmens nie aan Hom getrou gebly het nie (Gen. 6:6-7). Daarom besluit Hy om die aarde skoon te vee, soos ’n mens jou stoep skoonvee.

Daar was egter ’n ligpuntjie in die donker – Noag (Gen. 6:9). Hy bou die ark (Gen. 6:22) en laai al die diere volgens die bevel van die Verbondsgod daarin (Gen. 7:1-9). Toe het die HERE al die fonteine van die groot watervloed oopgebreek, en die sluise van die hemel is geopen; en die stortreën was op die aarde veertig dae en veertig nagte lank (Gen. 7:11-12) tot die hele aarde onder water was. Alle mense en diere is van die aarde af weggevee – behalwe Noag en alles wat in die ark was (Gen. 7:22-23). En God het gedink aan Noag en aan al die wilde diere en al die vee wat saam met hom in die ark was (Gen. 8:1).

Die getroue Verbondsgod het nie van die verbondsmens vergeet nie! Hy het vir hulle en alles in die ark gesorg. Maar nou het die tyd aangebreek waarop Hy sy belofte van redding aan Noag verder gaan nakom. Hy laat die water van die aarde af opdroog. Die getroue Verbondsgod red die ontroue verbondsmens uit genade. Die verbondsmens het egter nie geleer om aan die Verbondsgod getrou te bly nie! Daar vind weer ’n sondeval plaas (Gen. 9:21-22).

Maar daar volg nie weer ’n sondvloed nie. Die Verbondsgod red finaal deur die bloedstorting van sy eie Seun! Hy het nie van die verbondsmens, wat in sonde geval het, vergeet nie. In Christus en deur die Heilige Gees dink Hy weer – en nog steeds – in sy reddende genade aan ons. Hoe sê ons vir Hom dankie?

Sing: Psalm 105-1:5

Ds. AP (Abraham) Krüger (Emeritus)

Maandag 6 Oktober

Skrifgedeelte: Genesis 17:1-27
Fokusgedeelte: Genesis 17:1, 2, 7, 8

God verbind Homself aan Abraham en sy nageslag

God openbaar Homself as die Almagtige. In sy almag verbind Hy Homself aan Abraham en sy nageslag. 24 jaar later bevestig en hernu Hy sy verbond met Abraham. Al lyk die belofte menslik onmoontlik, is niks vir Hom onmoontlik nie. Deur die verbond word

Abraham die vader uit wie Christus na die vlees gebore sou word (Rom. 4:11, 12,16-18; Gal. 3:2729). Met die wondergeboorte van Isak sou Abraham ’n groot nasie gemaak word. Abraham en Sara se huwelik was egter onvrugbaar. God sou wel op sy tyd lewe uit die doodstoestand wek. ’n Beproewende tyd van hoop en afwagting … ’n tyd van innerlike stryd teen twyfel en kleingeloof, om geduldig op God se tyd te wag. Toe die beloftes sloer om in vervulling te gaan en Sarai nie ’n kind gekry het nie, het Abram self planne gemaak. Hy het ’n slavin as byvrou geneem. Toe Ismael 13 jaar oud is, het Hy sy belofte aan Abraham bevestig. ’n Jaar later sou Isak gebore word.

God stel die besnydenis as teken van die verbond in. Besnydenis is die teken van toetrede tot die gemeenskap met God. In Christus is die besnydenis vervul. Ismael word nie buite die verbond geplaas nie. Christus sou egter uit Isak gebore word. Nalating van die verbondsteken kom neer op die verwerping van die verbond en is strafbaar voor God.

Ons beplan ons lewenspad, maar die Here bepaal hoe ons loop (Spr. 16:9). Soms is dit moeilik om by sy raadsplan aan te pas. Al raak ons soms haastig of gefrustreerd, lei Hy ons deur sy Woord en Gees om innerlik tevrede te wees; om te aanvaar wat ons nie kan verander nie. Ons weet Hy werk alles ten goede mee.

Sing: Psalm 105-1:4-6

Ds. WP (Willem) van der Merwe (Emeritus)

Dinsdag 7 Oktober

Skrifgedeelte: Deuteronomium 11:8-15 (AFR53)
Fokusgedeelte: Deuteronomium 11:12, 14

Die HERE is die God wat heeljaar sorg – en tot in ewigheid!

Israel nader die einde van die woestynreis. Voor hulle lê ’n nuwe lewe in die land van belofte. Die HERE het vir hulle lewensruimte gemaak. Hoe moet hulle die lewensruimte gebruik? Gebruik God se lewensruimte met die vaste geloof dat Hy heeljaar sorg.

Vers 10-12 stel Egipte teenoor Kanaän. In Egipte gebruik die boere besproeiingskanale om gesaaides op kunsmatige manier uit die Nylrivier nat te maak. Elke boer moet self vir sy lande sorg. Maar in Kanaän sorg die HERE! En Hy sorg heeljaar (vs 11-12, 14), want Hy is die getroue Verbondsgod.

Ons sien elke dag sy troue sorg, in voorspoed en teëspoed. In lyding en in vreugde is en bly Hy die God wat elke oomblik sorg. Hy sorg altyd vir kos en klere en woonplek. Hy sorg vir alles in jou lewe. En sy sorg word nie eers deur die dood gestuit nie, want Hy sorg tot in ewigheid! Jesus Christus het ewige lewensruimte gemaak vir elkeen wat glo. Daarom moet ons Hom dank vir sy genade deur die lewensruimte te gebruik om Hom voluit lief te hê en voluit te dien in gehoorsaamheid aan sy Woord.

Dit is nie ’n slaafse gehoorsaamheid uit vrees vir straf nie, maar gehoorsaamheid uit ware liefde (vs 13). Die liefdesgehoorsaamheid kry gestalte in liefdesdiens. En liefde wek liefde! Kyk hoe werk die liefde van die HERE in ’n sirkel. Hy bewys sy liefde aan ons deur Christus wat vir ons lewensruimte maak. Ons antwoord daarop deur heelhartige liefdesdiens. En Hy antwoord weer deur liefdevolle versorging met alles wat ons nodig het om in sy lewensruimte te te lewe.

Dank Hom vandag en elke dag voluit, omdat Hy die HERE is wat heeljaar vir jou sorg!

Sing: Psalm 147-1:1, 4, 5

Ds. AP (Abraham) Krüger (Emeritus)

Woensdag 8 Oktober

Skrifgedeelte: Deuteronomium 30:1-8
Fokusgedeelte: Deuteronomium 30:6 (AFR53/AFR20)

Die Here bewerk ’n veranderde hart gevul met liefde vir Hom

Kan ’n mens radikaal verander? Nie maklik nie! By die grens van die beloofde land het Moses die toekoms ingekyk. Die volk wat

die Here soveel keer teleurgestel het, sou dit steeds doen. Dit kon daartoe lei dat hulle weggevoer word.

Wanneer hulle in die vreemde tot inkeer kom, sou die Here hulle en hulle nageslag radikaal verander. In die grondteks gebruik hy ’n besondere beeld vir daardie verandering: “Die Here jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag.” In die Bybel bepaal my hart wie ek regtig is; wat ek doen en laat. Die besnydenis was die teken en seël van die Here se genadeverbond met sy volk. Met die besnydenis is alles wat nie aan die Here gewy is nie, simbolies afgesny en weggegooi.

Die Here bewerk die besnydenis van ons hart deur sy Gees (Rom. 2:29). Dit wat in my hart oorgebly het wat nog nie aan die Here gewy is nie, verwyder Hy uit my lewe. Ek en alles in my sal in die teken daarvan staan dat ek aan die Here alleen gewy is. Wie se hart besny is, maak onmiddellik erns met die nakoming van die groot liefdesgebod. Uit liefde vir die Here alleen rig ek elke faset van my lewe in volgens die Here se wil. My enkele doel is dan om my Vader in die hemel nie teleur te stel nie; om te doen wat Hy van my verwag. Die Heilige Gees maak my en my nageslag gewillig en bekwaam om gehoorsaam aan Hom te leef.

Iemand wie se hart die Here besny het, lei ’n ryk geskakeerde, gebalanseerde lewe; ’n lewe waarin elke faset gerig is op een doel: dat die Naam van die Here ons God daarin verheerlik sal word!

Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2

Ds. JH (Johan) Jordaan (Emeritus)

Donderdag 9 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Samuel 7
Fokusgedeelte: 2 Samuel 7:16

’n Ewige Koningskap

Nadat die Here vir Dawid rus gegee het van al sy vyande, en hy in ’n weelderige paleis bly, het Dawid die innige begeerte om vir die

Here ’n huis bou. ’n Offerplek, aanbiddingsplek en gemeenskapsplek met die Here.

Hy laat weet egter vir Dawid deur die profeet Natan dat Hy vir Dawid ’n geestelike koningshuis sal bou en sy koningskap sal altyd voortbestaan. Nie Dawid nie, maar God sal die inisiatief neem om die gemeenskap met Hom vir altyd daar te stel. Dit is ’n wonderlike belofte aan Dawid.

Dit lyk asof hierdie belofte met die ballingskap van Juda en Israel vervaag. Dit is egter nie waar nie. Die Here maak nie beloftes en voer dit nie uit nie. Omtrent 1000 jaar later lees ons by die geboorte van Jesus Christus dat hierdie belofte vervul word wanneer daar van Christus gesê word: *“Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie”* (Luk. 1:32, 33). ’n Ewige koningskap! Selfs heidene uit die Ooste erken sy koningskap as hulle in Jerusalem aankom en vra: “Waar is Hy wat as koning van die Jode gebore is?” (Matt. 2:2). Toe Jesus gekruisig word, staan dit bokant Hom geskrywe: “Dit is Jesus, die koning van die Jode” (Matt. 27:37).

Sy ewige koningskap kon nie deur graf en dood gekeer word nie. Hy betaal vir ons sondes. Hy heers oor die dood en sonde as Hy opstaan uit die dood en eindelik sy ewige koningskap proklameer: *“Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde”* (Matt. 28:18). So sal Hy as Koning kom op die wolke om met koningsmag te regeer. Op sy klere, by sy heupe, staan daar geskrywe: “Die Koning van die konings en die Here van die heersers” (Op. 19:16).

Wat maak dit egter van my en jou? As Jesus die ewige Koning is, maak dit van my en jou ewige koningskinders. Vir altyd gekoop as sy eiendom deur sy bloed. God se beloftes aan Dawid oor ’n ewige koningskap geld vandag nog vir my en jou wat in Jesus Christus glo. Hy maak immers nie beloftes wat Hy nie kan hou nie. Die vraag is net: Glo ek en jy hierdie belofte?

Sing: Psalm 99-1:1, 3, 5

Ds. TJ (Theuns) Potgieter (Emeritus)

Vrydag 10 Oktober

Skrifgedeelte: Jeremia 31:1-19
Fokusgedeelte: Jeremia 31:8

Jesus Christus is nooit sonder 'n Bruid nie

Die volk van God het – deur hulle ongehoorsaamheid en hooghartigheid – hulleself vervreem van die beloofde land. En God laat hulle verwyder sodat hulle kan besef dat hulle die verbond in gedrang bring. Deur hulle verharding het hulle hulself verwyder uit God se teenwoordigheid. God is nog steeds in die land wat Hy beloof en gegee het. Dis nie Hy wat hulle verlaat het nie. God se Jakobskerk (die volk van sy verbond) het skynbaar leeggeloop. En selfs dié wat agtergebly het in hulle land, was nie meer die naam "volk van God" werd nie. Maar – en dit staan bo alles – God het sy volk liefgehad en met geduld verdra. Daarom is hulle nie vernietig nie. God gaan haal sy volk en bring hulle terug. Die kerk op aarde beleef oor alle eeue heen tye van geestelike groei, en dan bars die kerk uit haar nate. Dan weer dwing dwalinge, louheid, liefdeloosheid en individualisme die kerk op haar knieë. Die kerk raak ontoeganklik vir soekendes en bring verwydering tussen lidmate. En die ware gelowiges wanhoop, omdat dit lyk asof hulle geestelike tuiste verdwyn. Maar hoe kan God sy lieflingskind aan haarself oorlaat? Sy is immers die Liggaam van sy Eniggebore Seun en sy Bruid. Sy liggaam bestaan ongeag wat die mens doen.

Jesus versamel sy kerk nie uit die nageslag van Jakob nie, maar vanaf die uithoeke van die wêreld. Die blindes en kreupeles word na sy feesmaal genooi. God se kerk bestaan nie uit liggaamlik volmaakte lede nie, is nie die bloubloed-adel in die wêreld se oë nie, maar hulle wat in God se oë genade gevind het. Hulle wat deur Jesus Christus van die kruis af sy broer en suster genoem is. Hierdie terugkeer is egter nie maklik nie. Mense breek moeilik met die bande van sonde, hulle wil terugdwing na die bekende. Maar deur sy Gees lei Jesus self sy bruidskerk terug na die feesmaal waar hulle by hulle God sal wees. Nou op aarde EN eendag in die volmaakte.

Sing: Skrifberyming 14-3:4

Ds. A (Attie) Venter (Emeritus)

Saterdag 11 Oktober

Skrifgedeelte: Genesis 22:1-19
Fokusgedeelte: Genesis 22:18

God die Heilige Gees gee vandag steeds geloof en gehoorsaamheid

God het met Abraham ’n verbond gesluit waarin Hy beloof het dat Hy sy nageslag so baie soos die sterre aan die hemel en die sand aan die see sal maak. Dan beveel die Here hom egter om die seun van die verbond, waaruit hierdie nageslag gebore moes word, te gaan offer. En Abraham gehoorsaam in geloof. Toe Isak vra waar die lam vir die offer is, antwoord Abraham dat God vir Homself die lam as ’n brandoffer sal voorsien. As Isak op die altaar lê en die engel Abraham keer om hom te dood, sien hy agter hom ’n ram – daar is die lam. God self voorsien soos Abraham geglo het, God sorg self vir die offer. Hy stuur ’n plaasvervanger in Isak se plek.

Daardie plaasvervanger was egter uiteindelik nie die ram wat Abraham agter hom gesien het nie. Abraham sien op die berg in die land Moria ’n voorafskaduwing van Golgota. Waar is die lam? Johannes het na Christus gewys en gesê: Daar is die Lam van God, die Here sal voorsien! Dit wat God Abraham gespaar het, het Hy Homself nie gespaar nie. Hy offer sy Eniggebore Seun wat Hy liefhet, Jesus Christus. Hy wat uit die saad van Abraham, uit Abraham se nageslag gebore is tot seën vir die nasies, sodat hulle in Hom gered kan word.

Hierdie geloof en gehoorsaamheid wat Abraham hier openbaar, was nie ’n unieke geloof en gehoorsaamheid wat nie meer vandag gevind word nie. Dit is geloof en gehoorsaamheid wat die Heilige Gees aan hom gegee het, dieselfde geloof en gehoorsaamheid wat die Heilige Gees vandag nog aan ons ook gee. Ons deel in hierdie seën van die nasies, deur Christus uit die saad van Abraham.

Sing: Psalm 105-1:4, 5

Ds. CJJ (Jaco) Putter (Potgietersrus)

Sondag 12 Oktober

Skrifgedeelte: Johannes 3:1-18
Fokusgedeelte: Johannes 3:13; HK, Vraag 48

Kan ’n mens die water van die oseaan in ’n emmer gooi?

Kan ’n mens die water van die oseaan in ’n emmer gooi? Natuurlik nie! Net so kan ’n mens ook nie die Godheid van Jesus tot sy aangenome menslike natuur beperk nie. Die Godheid van Jesus is wel in sy menslike natuur en is daarmee verenig, maar dit is ook daarbuite. In sy Godheid is Hy alomteenwoordig, in die hemel en op die aarde.

Onthou, Jesus Christus is van ewigheid af gebore as die Seun van God. Hy is een wese met die Vader, in alles aan Hom gelyk en Hy is die afskynsel van sy heerlikheid (vgl. NGB, art 10). Sy Godheid is baie meer en groter as sy aangenome menslike natuur, maar nooit word die nature van Jesus van mekaar geskei nie.

Jesus en Nikodemus, die leermeester van Israel, was in gesprek met mekaar oor die wedergeboorte. Nikodemus kon nie verstaan hoe iemand opnuut gebore kan word nie en dat dit iets is wat deur die Gees van God in die mens bewerk word nie. Dit kan alleen bewerk word deur Iemand wat uit die hemel gekom het, deur die menswording van die Seun van God. Alleen Hy was op die aarde en in die hemel (Joh 3:13), ware mens en God.

Dit is die troos van die evangelie. Ons Here Jesus is God en mens tegelyk. Hy is in die hemel en op die aarde. Hy is by die Vader in die hemel, maar ook hier op aarde by my, in my ouderdom en eensaamheid, in my beproewinge en swaarkry, in my blydskap en in my vreugde. In Hom glo ek met my hele hart, want Hy is alomteenwoordig!

Sing: Skrifberyming 8-1:1

Ds. PJ (Pieter) van der Walt (Emeritus)

Maandag 13 Oktober

Skrifgedeelte: Efesiërs 2:2-10
Fokusgedeelte: Efesiërs 2:8-10

Jy is uit genade gered!

Die geloof is daar! Jy verstaan nie, binne jou definisie van geloof, hoe dit werk nie. Tog is dit daar! 'n Ongeskoolde, akademies onopleibare, gestremde persoon glo in die enige ware God. Hy het nie geleer wat dit beteken om te glo nie. Hy verstaan nie die taalkundige definisie van die woorde "ware kennis" en "vaste vertroue" nie.

Tog glo hy. Tog sing hy met oorgawe. Tog bid hy 'n kinderlike gebed. Hy het van sy kant af nog nooit iets gedoen om God doelbewus te plesier of te beïndruk of selfs te manipuleer nie. Tog lewe hy tot eer van God. Tog verskaf Hy plesier aan sy Skepper. Hy verstaan nie skynheiligheid nie. Hy wil nie mense met sy geloof beïndruk nie. Hy doen nie dinge sodat hy 'n kind van God kan word nie. Hy doen niks, hy is dit. Hy is 'n kind van God.

Hy glo, want dit is God die Heilige Gees wat geloof in die hart van die mens werk. *"Geloof is 'n gawe van God. Julle is inderdaad uit genade gered. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. Nee God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het."*

Dit is nie anders met jou en my nie. Al dink ons so baie oor geloof. Al wil ons graag ten minste 'n bydrae lewer om gered te word. Al tree ons soms op sodat mense en God ons doelbewus moet raaksien. Sy geloof is die ware geloof. Ons kan by hom leer. God red mense uit genade.

Sing: Psalm 103-1:1, 2

Ds. HS (Fanie) Coetzee (Potchefstroom Die Bult)

Dinsdag 14 Oktober

Skrifgedeelte: Romeine 10:5-21
Fokusgedeelte: Romeine 10:14-16

Gelowiges, glo en julle sal gered word

Ons herdenk jaarliks die Heilige Gees wat uitgestort is. Die Heilige Gees leer ons en herinner ons aan alles wat Jesus Christus op die aarde gesê het (Joh. 14:26). Hy lei ons in die waarheid (Joh. 16:13), verkondig en verheerlik Jesus Christus (Joh. 16:14).

Dieselfde werk wat die Heilige Gees doen, word ook deur mense gedoen wat gestuur is om die goeie boodskap te bring. Om gered te word, moet Jesus Christus aan ons verkondig word en ons moet in Hom glo! Paulus skrywe aan die gemeente in Rome en verduidelik aan hulle hoe 'n mens gered word. Om gered te kan word, is nie afhanklik van jou volksverband nie, maar van jou geloof. Volgens hom gebeur dit in vyf stappe: Jy moet die Naam van die Here aanroep, jy moet in Hom glo, jy moet van Hom hoor, iemand moet van Hom preek en daardie iemand moet gestuur word. Die stappe volg op mekaar, en almal saam maak geloof moontlik.

As ons hierdie verse alleen lees, lyk dit asof dit in teenstelling staan met ander verse in die Bybel. In Romeine 9:15 het Paulus reeds aan die gelowiges geskrywe dat die Here barmhartig sal wees oor wie Hy barmhartig wil wees en Hom sal ontferm oor wie Hy Hom wil ontferm. Paulus sê dan: *"Dit hang dus nie af van 'n mens se wil of strewe nie, maar van God wat barmhartig is"* (Rom. 9:16). Vir hierdie selfde mense sê Paulus nou om te reageer op die prediking van die Woord en te glo.

Om gered te word, vereis daarom geloof, maar die geloof is alleen moontlik in die harte van mense waarin die Heilige Gees reeds uitgestort is. Dit is hulle wat in staat is om te kan glo! Vir hulle is dit belangrik om die goeie boodskap te hoor en te reageer in geloof. Glo jy?

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Dr. J (Jan) Lion-Cachet (Klerksdorp)

Woensdag 15 Oktober

Skrifgedeelte: Hebreërs 6:13-20
Fokusgedeelte: Hebreërs 6:18, 19

Hou vas aan die hoop wat jou anker is

In ’n moeilike wêreld, waarin ons heen en weer rondgeslinger word deur die golwe van onsekerheid, het ons sekerheid en troos nodig. God gee dit vir ons. Hy gee vir ons ’n anker wat deur ons Here Jesus vasgemaak is.

Ons het Abraham as voorbeeld van iemand wat in geloof volhard het. Hy het geduldig gewag en die belofte verkry – al het hy maar net die begin van die vervulling van hierdie belofte gesien. Waarom kon hy volhard? Omdat God getrou is. Omdat God se beloftes vas staan.

God beklemtoon dit deur ’n eed by sy belofte te sweer. God wat altyd die waarheid praat, God wat nooit jok nie, bevestig sy belofte met ’n eed, ter wille van ons! Hy weet ons sukkel soms om te glo wat Hy sê. Hy kom ons swakheid tegemoet en bevestig met ’n eed dat dit wat Hy sê, sal gebeur.

Op hierdie manier gee Hy vir die ware nageslag van Abraham, ons wat deel is van die verbond en glo, ware hoop en troos. Hoop en troos omdat ons Here Jesus as ons Hoëpriester die prys vir ons sonde betaal het en nou daagliks vir ons by God intree.

Hy is ons Voorloper. Hy het die pad na God toe oopgemaak. Die feit dat Hy nou by die Vader is, gee vir gelowiges die waarborg dat ons ook ewig daar gaan wees.

Jou anker is stewig vas by God. Jy het hoop in Jesus Christus. Hou vas aan hierdie hoop – omdat die Here jou vashou. Moenie hieraan twyfel nie – God het sy belofte hieroor met ’n eed bevestig. Hy doen altyd wat Hy sê.

Sing: Psalm 33-1:5, 6

Ds. GP (Gerrie) van Rhyn (Komatipoort)

Donderdag 16 Oktober

Skrifgedeelte: Hebreërs 1:1-4
Fokusgedeelte: Hebreërs 1:2

God het met ons gepraat deur sy Seun

Waarop fokus jy wanneer jy moedeloos is? God het nie die wêreld geskep en laat vaar nie, Hy is en was nog altyd en sal altyd betrokke bly. Hy sê Wie Hy is en wat Hy doen.

God het geskep deur te praat. Hy het sy verbond met Abraham gesluit. Hy het sy volk uit Egipte gelei deur Moses, en sy wet gegee. Deur sy boodskappers, die profete, het Hy aangehou om te praat. Hy het vir sy boodskappers op verskillende maniere gesê wat sy wil is, en hulle het dit aan sy volk oorgedra.

In die Ou Testament het Hy in dele gepraat – die volheid van sy openbaring het in ons Here Jesus gekom. Die eindtyd is die tyd tussen Jesus se eerste koms en sy wederkoms. God het in hierdie tyd met ons gepraat. Daar is nie iets meer wat bygevoeg moet word nie.

Beteken dit dat ons net die Evangelies lees? Nee, in die Ou Testament kry ons God se beloftes van redding. In die Evangelies sien ons dat Jesus die vervulling van hierdie beloftes is. In Handelinge sien ons hoe die Here deur sy Gees sy kerk op aarde vestig. In die briewe van die Nuwe Testament word ons geleer wat ons Here vir ons gedoen het en hoe ons in die lig daarvan moet lewe. In Openbaring word ons getroos dat Hy weer kom en dat ons ewig saam met Hom gaan lewe.

Is jy moedeloos? Fokus op die Here Jesus! Hy leer ons Wie God is. Hy is ons Verlosser en Koning. Hy wys dat God altyd in ons lewens besig is.

Sing: Psalm 46-1:1, 4, 6

Ds. GP (Gerrie) van Rhyn (Komatipoort)

Vrydag 17 Oktober

Skrifgedeelte: Spreuke 16:1-10
Fokusgedeelte: Spreuke 16:3, 4

Verlossingsvreugde vir sondaars soos ons!

Ons word dikwels so vasgevang in die gang van ons besige lewens dat ons vergeet dat God, en Hy alleen, in beheer is, en in sy soewereiniteit sy doel het met alles wat gebeur.

- Met alles wat met jou gebeur.
- Met alles wat op die aarde, trouens die hele skepping, gebeur.

Jy kan maar jou gedagtes agtermekaar kry soos dit jou behaag (vs 1), jy kan maar ook hoe tevrede wees met hoe jy jou lewe beplan (vs 2, 9), dit is en bly die HERE wat bepaal waar jy jou spore trap.

Alleen wanneer jy God se uitverkiesende genade in Christus Jesus erken, bely en uitleef, kan jy vrede in jou hart met hierdie werklikheid hê. Trouens, die HERE bring hierdie werklikheid van sy absolute vrymag/soewereiniteit in vers 4 besonderlik onder ons aandag wanneer Hy vir ons sê dat "… selfs 'n goddelose bestaan vir die dag van onheil" (AFR2020).

Ja, ons menslike begrip is te klein om dit alles te deurgrond en verstaan, maar ook God se ewige oordeel oor goddelose mense, selfs ook die gevalle engele, is deel van sy ewige evangelie (goeie nuus) (Op. 14:6-13)!

Waar staan ek en jy, God se verbondskind, te midde van hierdie besondere werklikheid? *"Vertrou wat jy doen aan die HERE toe, dan sal jou planne standhou"* (vs 3, AFR2020). Paulus onderstreep dit ook in Romeine 11:33-36, die loflied op die HERE se uitverkiesende genade. Werklik – uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge!

Dat God soewerein en vrymagtig is het 'n absolute hoogtepunt bereik in Jesus, sy eniggebore Seun, se koms na en werk op die aarde, en ook nou waar Hy aan die regterhand van sy Vader sit.

Genade op genade, verlossingsvreugde, vir sondaars soos ons! Daarom sal ek alles wat ek doen, aan die HERE toevertrou! Dit beteken dat ek, wát ek ook al doen, tot eer van die HERE sal doen. Want aan Hom kom toe die lof en die eer toe, tot in alle ewigheid!

Sing: Skrifberyming 24:3, 6

Ds. LSD (Lourens) du Plessis (Emeritus)

Saterdag 18 Oktober

Skrifgedeelte: Jakobus 4:13-17
Fokusgedeelte: Jakobus 4:13-17

As die Here wil, en ons nog leef …

Hoe verwaand kan ’n mens nie wees nie! Ek sal hierheen of daarheen gaan … Ek sal geld maak … Ek sal so of sus besluit vir my toekoms … Ek sal genoeg spaar om ’n kommervrye oudag te kan geniet …

Ek bepaal mos my eie toekoms, dan nie? Maar ons vergeet so maklik dat:

- God alleen soewerein en vrymagtig is;
- dat Hy sy doel met alles het;
- dat Hy my hele lewe in sy hande het; en
- dat ek ten volle van Hom afhanklik is!

Ek weet nie eers wat môre gaan gebeur nie. Ek is nie in beheer van my gesondheid, my beplanning, my toekoms nie. In een oomblik kan alles verander (Job 1)! My lewe “… is maar ’n miswolkie, wat net vir ’n kort rukkie verskyn, en dan weer verdwyn” (vs 14, AFR2020). Mense is maar “… soos ’n stoffie op ’n weegskaal” (Jes. 40:15, AFR1933/53).

Ons vergeet so maklik van “As die Here wil, en ons nog leef …” Ons vergeet so maklik daarvan dat ons grootste probleem, ons sonde en sondelas, hoegenaamd nie deur onsself uitgestryk en opgelos kan word nie …

Ons God het in sy vrymag en genade bepaal, nog voor die grondlegging

van die wêreld, dat Hy sy eie Seun sou stuur, om met die hoogste prys denkbaar, ons van ’n sinlose bestaan en ’n verderflike toekoms te bevry!

Kom ons verneder onsself dan voor ons Almagtige God. Kom ons bely daagliks voor Hom ons nietigheid. Kom ons smeek Hom gereeld vir die krag en genade, die gesondheid en verstand, die nugterheid en gesonde oordeelsvermoë, wat vir ons so onontbeerlik is, elke dag van ons aardse bestaan. Kom ons gaan die onbekende toekoms in volle afhanklikheid van Hom tegemoet!

Sing: Psalm 128-1:1, 4

Ds. LSD (Lourens) du Plessis (Emeritus)

Sondag 19 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 115
Fokusgedeelte: Psalm 115:3, 9-11, 18

Ons lofprysing mag nooit verstom nie!

Ons leef so maklik asof ons God eintlik maar net soos enige afgod is … Afgode is mensgemaak, nadat dit deur die mens se verstand uitgedink is (Jes. 44:9-20). Hulle is stom, blind, doof en lam (vs 4-8). Dus, magteloos! Die psalmdigter sê dan ook nie sonder rede dat dié wat sulke gode aanbid, net soos hulle sal word nie. Stom, blind, doof en lam! Leweloos in die ewige verderf!

Maar – leef ons nie maar ook dikwels asof die enigste, ware lewende God, wat ons aanbid en liefhet, nie met ons kan praat nie, want ons is nie so ywerig om na Hom te luister uit sy Woord nie. Asof Hy nie kan sien waarmee ons besig is nie, nie kan hoor wat ons alles praat nie. Asof Hy magteloos is, en ek maar my eie plannetjies moet maak …

Nee, Hy is in die hemel, en alles wat Hom behaag, doen Hy! Hy, en Hy alleen is soewerein en vrymagtig. Wat Hom behaag vir jou lewe, realiseer as ’n daaglikse werklikheid, of dit nou na ons smaak is of nie, of ons daarvan hou of nie …

Omdat alles uit sy Vaderhand ons toekom, kan en moet ons in voorspoed dankbaar, en in teëspoed geduldig wees (Heidelbergse Kategismus, Sondag 10). Daarom vertrou ons alleen op Hom!

By herhaling hoor ons in hierdie Psalm dat Hy ons hulp en ons skild is. Dit beteken dat Hy ons help en ons beskerm, wat in die kruisdood, opstanding en hemelvaart van ons Here, Jesus Christus vir ons 'n heerlike, verkwikkende en vertroostende werklikheid geword het! Hy help deur sy verlossende genade, en beskerm deur sy Woord en Gees!

Daarom moet die Halleluja's vanuit ons hele wese en lewe uitkring, gehoor en gesien word hier op die aarde, en vanuit God se woonplek, die hemel! Ons lofprysing mag nooit verstom nie! Ons moet Hom prys, nou en vir altyd! Halleluja!

Sing: Psalm 117 (wysie Ps. 59)

Ds. LSD (Lourens) du Plessis (Emeritus)

Maandag 20 Oktober

Skrifgedeelte: Jesaja 45:1-8
Fokusgedeelte: Jesaja 45:5-6 (AFR83/2020)

Laat God toe om God te wees!

Kores, 'n heidenkoning, ken vir God van geen adamskant nie. Maar God noem Kores sy gesalfde. Die eerste en enigste keer dat 'n nie-Israeliet die gesalfde van die HERE genoem word. 'n Benoeming wat net vir konings, profete en priesters van Israel beskore was. Vreemd nè? Hoe dan nou? Wat gee God die reg om so te besluit, sommer so sonder geloof, of verbond, en sonder Jesus Christus?

Kores hoor die eerste keer van God toe God hom kies. God roep immers vir Kores op sy naam, sodat hy sal weet dat God, die God van Israel, die HERE is. Kores moes nie eers glo nie. Kores moes God nie eers leer ken en toe God se goeie bedoelings aanvaar, en daarna sy hart vir die HERE gee en vir God aanneem as sy persoonlike verlosser en saligmaker nie. God kies Kores. Soos God vir Israel uitverkies het,

kies God vir Kores. En Kores meld aan vir diens: hy verslaan Babel en stuur die volk Israel na hulle vaderland toe terug.

God is in beheer in elke aspek van die wêreld se geskiedenis en Hy kan selfs 'n ongelowige koning kies en salf om sy wil te doen. God gee genade aan wie Hy wil, wanneer Hy wil en nes Hy wil. Ook aan mense wat Hom nie eers ken nie, as dit God pas om sy genade te laat geskied. God is die HERE. God is in beheer, ook van my en jou toekoms. Hy skep en doen al hierdie dinge. Hy verlos hulle wat in Christus glo. Maar dit keer Hom nie om mense sonder lidmaatskap vir sy koninkryk te kies nie, sonder hoop, sonder doop, sonder geloof of offergawe, en sonder 'n goeie rekord van jou.

God is soewerein – Hy regeer alleen in sy vrye wil. Reageer daarop met: Dankie vir die genade in dié Gesalfde, Jesus Christus. En laat die almagtige God toe om jou genadig te wees. Genade wat geen einde het nie. Liefde, noem ons dit. Laat God God wees.

Sing: Psalm 107-2:1, 3, 5

Dr. De W (De Wet) Saaiman (Krugersdorp)

Dinsdag 21 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 10:16-25
Fokusgedeelte Matteus 10:19, 20

Beheerste getuienis

Om deur jou vyand vervolg te word is swaar, maar dit is te verwagte. Dit is egter baie moeilik om te verwerk wanneer jou eie mense jou vyande word. Daarom is ons dikwels bang om ons geliefdes teë te gaan en bly ons maklik liewer stil wanneer ons eintlik moet praat.

Ons Here Jesus waarsku ons egter dat ons teenstand te wagte kan wees, ook van ons eie mense. Daarom word ons opgeroep om moedig staande te bly vir die waarheid, selfs al maak dit jou ongewild by jou eie mense. Die hartseer is dat die konflik met ons eie mense dikwels voortspruit uit ons eie hardkoppigheid en eiegeregtigheid en daarom na vore kom in rusie en harde woorde. Mense is dikwels bang om oor

die dinge te praat waaroor hulle moet. Hulle pot dit liewer op. Wanneer hulle wel binne 'n konfliksituasie kom, reageer hulle baie driftig. Dan wil hulle hulle laat geld in plaas daarvan om aan die waarheid van die evangelie vas te hou. Die gevolg is dat die evangelie skade ly.

Min is nog ooit gewen deur harde woorde wat wild rondgeslinger word. God wil dat ons op Hom vertrou en deur die Gees beheers praat. Die Here beloof aan ons dat Hy deur sy Heilige Gees ons sal lei om rustig die regte woorde te sê. Wanneer ons in konflik kom oor die waarheid van God sal Hy ons deur sy Gees lei sodat ons in liefde van die waarheid sal getuig tot sy verheerliking.

Sing: Psalm 56-2:1, 2, 5

Ds. HB (Bernard) Hattingh (Warmbad)

Woensdag 22 Oktober

Skrifgedeelte: Genesis 45:1-28
Fokusgedeelte: Genesis 45:45

'n Fokus op en verstaan van God se wil bewerk versoening in die gesin

Ons raak so maklik vasgevang in ons eie wil en begeertes, en dit bring noodwendig mee dat ons ook binne ons gesinslewe in konflik met mekaar beland.

Dit blyk baie duidelik uit Josef en sy broers se geskiedenis wat aanleiding gegee het vir die situasie waarin hulle hul hier in Genesis 45 bevind. Hoe meer elkeen sy eie wil afdwing, hoe groter word die onmin. Wanneer elkeen egter deur selfverloëning biddend leer om op God se wil te fokus en te verstaan wat Hy met ons lewe wil doen, dan kan ons onmin en konflik oplos, mekaar vergewe en versoening bewerk. Josef het ná baie lesse in selfverloëning geleer om op God se wil te fokus en ook te begryp wat God se plan met sy lewe was. Omdat Hy God se plan in alles kon raaksien, kon hy sy broers vir hulle optrede vergewe en versoening bewerk.

Paulus skryf aan die Filippense: "Julle moenie net elkeen aan sy eie

belange dink nie, maar ook aan die van ander", en ook: "Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was." Hy beskryf dan hoe Jesus die pad van selfverloëning geloop het om die wil van sy Vader hier op aarde te kom uitoefen sodat ons in vrede met God en met mekaar kan lewe. Deur Hom aan God se wil te onderwerp, het Jesus vir ons die Heilige Gees verwerf wat ons leer om onsself te verloën.

Die Gees lei ons om God se wil te soek en in versoening met mekaar te lewe. Wanneer daar onmin in die gesin kom, moet ons mekaar help om weg van onsself en na God te kyk en te verstaan wat sy wil vir die situasie is. Bid dat God deur sy Gees elkeen in die gesin sal lei om homself/haarself te verloën en aan God se wil te onderwerp. Reik dan uit na mekaar met Christus se gesindheid om vergifnis en versoening te bewerk.

Met God as middelpunt van die gesin se lewe met mekaar, kom daar versoening. Wat 'n wonderlike troos en genade!

Sing: Skrifberyming 10-1:1, 3

Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)

Donderdag 23 Oktober

Skrifgedeelte: Genesis 50:15-21
Fokusgedeelte: Genesis 50:20 (AFR83)

Glo in die soewereiniteit van God

Ons fokusgedeelte is die Ou-Testamentiese weergawe van die bekende woorde in Romeine 8:28 wat sê: *"Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is"* (Rom. 8:28).

Josef se lewe word gekenmerk deur 'n verskeidenheid van onregverdige gebeurtenisse. Dit begin met sy broers wat hom vang, in 'n put gooi en dan besluit om hom as 'n slaaf te verkoop. In Egipte word hy valslik beskuldig van seksuele aanranding en dan word hy in 'n tronk gegooi. Sy medegevangenes beloof dat hulle aan hom sal

dink wanneer hulle vrygelaat word, maar dan vergeet hulle van hom. Josef het oorvloedige rede gehad om 'n verbitterde, pessimistiese en wraakgierige mens te word, maar hierdie gedeelte wys ons dat presies die teenoorgestelde gebeur het omdat hy op God vertrou het. Hy het geglo in die soewereiniteit van God. Ja, dat God selfs ook die sonde en kwaadwillige planne van mense kan gebruik om sy koninkryk te laat kom.

Die mooiste voorbeeld daarvan sien ons in Jesus. Die gruwelike planne van mense lei daartoe dat Jesus, die volmaakte Seun van God aan 'n kruis sterf. Menslik gesproke kan ons nie iets goed daarin sien nie, maar die almagtige en ewige God gebruik ook daardie sondige praktyke van mense om sy kinders van die ewige dood te red.

Hoe meer ons in verwondering voor die almag en liefde en genade en regverdigheid van ons God staan, hoe meer sal die selfsugtigheid, eersugtigheid en verbitterdheid uit ons verdwyn. Ons sal verby die sonde kyk wat mense teenoor ons doen en in verwondering lofliedere sing omdat ons sien hoe God rondom ons aan die werk is.

Sing: Psalm 48-1:1, 4

Dr. PJ (Paul) de Bruyn (Windhoek-Suid)

Vrydag 24 Oktober

Skrifgedeelte: Romeine 9:1-18
Fokusgedeelte: Romeine 9:6-9 (AFR83)

Uitverkiesing getuig van God se groot genade

Ons word hier 'n belangrike beginsel geleer waarin die uitverkiesing begrond is en Paulus illustreer dit met 'n baie mooi voorbeeld. Hy wys ons dat die uitverkiesing begrond is in die genade van God, en die voorbeeld wat hy gebruik is Abraham se twee seuns (Rom. 9:6-9).

Omdat Abraham en sy vrou Sara nie kon kinders kry nie, het sy dit goedgevind dat hy 'n kind by haar slavin moes kry. Ons kan amper sê dat Ismail in eie krag verwek is, want hulle het iets gedoen om die kind te verwek.

Die ander seun van Abraham was Isak. Hierdie kind is nie uit eie krag gebore nie, want beide Abraham en Sara was al baie oud en daarom was dit menslik gesproke onmoontlik vir Sara om ’n kind in die wêreld te bring. Hierdie kind is alleen op grond van die belofte wat God aan Abraham en Sara gemaak het, ontvang en gebore.

Wat Paulus met hierdie voorbeeld beklemtoon, is dat die rede vir uitverkiesing nie enigsins iets is wat ons is of doen nie. Net soos Abraham niks in homself kon doen om ’n kind by Sara te verwek nie, so kan gelowiges ook nie iets doen om gered te word nie.

Uitverkiesing getuig van die groot genade wat ons uit die hand van die Here ontvang. As daar dan niks is wat ons kan doen om gered te word nie, dan kan die besluit van God ook nie onregverdig wees nie. Dis bloot genade wat ons ontvang en omdat God die gewer van daardie genade is, kan Hy dit gee aan wie Hy dit ook al wil gee.

Dit beteken natuurlik nie dat ons al die antwoorde op die uitverkiesingsleer het nie, maar dis juis in daardie misterie van God se groot genade wat ons ’n heerlike troos en krag ontvang.

Sing: Psalm 105-1:1, 5

Dr. PJ (Paul) de Bruyn (Windhoek-Suid)

Saterdag 25 Oktober

Skrifgedeelte: Deuteronomium 32:1-9
Fokusgedeelte: Deuteronomium 32:8 (AFR83)

Stry teen die sonde deur die gedagtes op die verlossing te rig

In vers een tot vier word God geloof. Hy word geloof omdat Hy vir Israel soos ’n rots is. Hy is die een wat Israel uit al die gevaar red en so vir hulle ’n veilige skuilplek is (vgl. Ps. 18:2).

Maar Hy word ook geloof as die regverdige en getroue God. Die Here toon sy geregtigheid en sy trou aan Israel vanaf die vroegste tye. Ten spyte van die volk se ondankbaarheid (vs 56a) was God steeds altyd getrou.

In teenstelling met God se getrouheid en geregtigheid het die volk afgedwaal. In vers 5 word hulle beskryf as dwaas en korrup. En die diepte van hulle sonde word beklemtoon deurdat hulle daaraan herinner word dat die Here (Jahwe) hulle Skepper is (vs 6), dit wil sê dat Hy hulle tot 'n nasie gevorm het (vgl. vs 9) en net so maklik weer kan tot niet maak. Hulle is hulle bestaan aan God alleen te danke.

Daarom word die volk in vers 7-9 opgeroep om hulle gedagtes vol te maak met die heerlike reddingsdade van God. Hierdie uitdaging om te onthou word 16 keer in Deuteronomium beklemtoon en dit begin in hoofstuk 4:10. Ons moet leer, ons moet nadink, ons moet die woord van die Here as herinneringsteken vasbind aan ons hande en dit moet 'n merk op ons voorkop wees (vgl. Deut. 6:6-8).

Dis vir onsself ook 'n uitdaging om ons gedagtes vol te maak met die heerlike genade van God. Daarom roep Paulus ons ook daartoe op in Filippense (4:8) en Hy sê dat ons die helm van verlossing op ons kop moet sit (Ef. 6:17). Met ander woorde, ons gedagtes moet vol wees van die genade van verlossing.

Ons het soveel meer as die volk Israel waarmee ons ons gedagtes kan vol maak. Ons is nie net volk van God nie, ons is kinders van God. Deur die bloed van die Seun word ons so naby aan God se hart gebring dat Hy ons as sy eie kinders aanneem. Kom ons stry teen die sonde deur ons gedagtes te rig op ons verlossing!

Sing: Skrifberyming 14-3:1, 3, 4

Dr. PJ (Paul) de Bruyn (Windhoek-Suid)

Sondag 26 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 1:1-13
Fokusgedeelte: 2 Timoteus 1:9 (AFR83/2020)

Die Heilige Gees lei en versterk ons

Hierdie is 'n diepgaande gedeelte waar Paulus aan Timoteus skryf om hom te bemoedig en te versterk in sy geloof. Hierdie brief is spesiaal, aangesien Paulus weet die einde is in sig. Vers 9 staan

uit as ons fokusvers as ’n herinnering aan die grootheid van God se genade en sy soewereine heerskappy. Hierdie woorde beklemtoon dat ons redding en roeping nie van ons eie doen en late afhanklik is nie, maar van God se soewereinheid, genade en liefde. Juis omdat God reeds ’n plan vir ons gehad het.

Die “heilige roeping” verwys daarna dat ons geroep is tot ’n lewe wat anders is, afgesonderd vir God se gebruik, soos sy volk ook destyds was. Hierdie roeping is nie net vir predikante, evangeliste of sendelinge nie, maar vir elke gelowige. Ons is geroep om in elke sfeer van ons lewe God se heiligheid ten toon te stel. Paulus beklemtoon alles kom neer op God se genade, juis om Timoteus ook te herinner dat ons dit nie kan verdien nie, ’n waarwording wat ons ook moet begryp.

Hierdie waarwording behoort ons te vul met diepe nederigheid en dankbaarheid, wetend dat ons gered is, nie deur ons eie krag of geregtigheid nie, want ons sal dit nie maak op ons eie nie. So word God se soewereiniteit duidelik: Hy is die een wat ons roep en ons red. Dit is ’n bron van groot troos en vreugde. Selfs wanneer ons met uitdagings te doen kry, kan ons jubel in die Here, wetend dat Hy in beheer is. Ons omstandighede mag verander, maar God bly vas en onveranderlik. Daarom kan ons jubel op grond van die wete dat die Here wat ons geroep het, ook die een is wat soewerein regeer oor alle dinge.

Soos ons hierdie woorde oordink, word ons aangemoedig om met volharding en blydskap in die Here te wandel en vertrou dat Hy ons sal lei en beskerm volgens sy goeie en standvastige raadsplan.

Sing: Psalm 139-2:1, 4, 5

Ds. EA (Erasmus) Venter (Buffeldoorns)

Maandag 27 Oktober

Skrifgedeelte: Titus 3:1-8
Fokusvers: Titus 3:4-5 (AFR83/2020)

Leef as getuies van Christus

Paulus moedig die gemeente op Kreta aan om as getuies van Christus te leef. Aanvanklik word daar verwys na die mense op Kreta as "leuenaars, ongediertes en lui vrate" (1:13). Hierdie gemeentes was omring deur 'n kultuur van immoraliteit en onreg, teenoor die belangrikheid van goeie werke van dankbaarheid, gehoorsaamheid, en 'n nederige lewenstyl.

Hierdie gedragskode dien ook as 'n kragtige getuienis van die verandering wat God in die lewens van gelowiges bring. Die kerngedagte kom uit in vers 4 en 5. Dit dui op die redding as 'n direkte resultaat van God se genade en barmhartigheid deur Christus. Goedertierenheid word gebruik om God se goedheid en vriendelikheid aan te dui. Dit is hierdie goedertierenheid wat in Christus verskyn het en wat ons sondige lewens kom transformeer het. Daar is ook 'n radikale innerlike verandering. Die Heilige Gees speel 'n sentrale rol in hierdie proses. Hy is die een wat nuwe lewe gee, wat ons harte verander en ons in staat stel om in die nuwe lewe te wandel. Hierdie werk van die Gees is nie net 'n eenmalige gebeurtenis nie, maar 'n voortdurende verandering wat ons hele lewe beïnvloed.

Ons kan jubel in die Here, want hierdie nuwe lewe is 'n geskenk, nie iets wat ons verdien het nie. Dit is 'n rede tot diepe vreugde en dankbaarheid. Omdat God in sy soewereiniteit gekies het om ons te red, en die Heilige Gees aan ons gegee het om ons te vernuwe, kan ons met vrymoedigheid leef, wetend dat ons nie alleen in ons eie krag hoef te staan nie. Juis omdat Christus in sy krag gestaan het, versterk dit ons ook om in God se krag te kan staan. Ons vreugde is gegrond in die sekerheid van God se werk in ons lewens. Werk wat Hy self begin het, self in Christus vervul het en wat Hy getrou sal voltooi ook uiteindelik by die laaste koms.

Hierdie verse herinner ons aan ons roeping, dit is dus nie net 'n oproep tot morele of etiese gedrag nie, maar 'n oproep om te leef vanuit

die genade en krag wat God vrylik gee deur Christus. Wanneer ons hierdie waarheid verstaan, kan ons met blydskap en toewyding ons roeping uitleef, wetend dat die Heilige Gees ons lei en versterk in elke stap van die pad.

Sing: Psalm 117-1; Psalm 117-2

Ds. EA (Erasmus) Venter (Buffeldoorns)

Dinsdag 28 Oktober

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:1-14
Fokusgedeelte: Efesiërs 1:4-5 (AFR83/2020)

Ons is deel van God se ewige plan

In verse 4 en 5 lê Paulus besondere klem op die konsep van uitverkiesing. Die uitverkiesing is vir baie mense amper onbegryplik, maar in hierdie woorde gee dit vir ons ’n dieper insig in God se soewereine plan en sy bedoeling vir die mensdom. Die idee van uitverkiesing beteken dat God lank voor die skepping van die wêreld reeds besluit het om sekere mense vir Homself te kies. Hierdie keuse was nie gebaseer op enige toekomstige goeie werke of verdienste van ons kant nie, maar op sy liefde en barmhartigheid.

Paulus beklemtoon dat hierdie uitverkiesing ons roep om “heilig en sonder gebrek” voor God te wees. Dit beteken dat ons lewens gekenmerk moet word deur toewyding aan God en ’n lewe van morele integriteit. Ons heiligheid is nie ’n voorwaarde vir ons uitverkiesing nie, maar die gevolg daarvan, ’n bewys van die werk wat God reeds in ons gedoen het. Hierdie waarhede behoort ons te vul met diepe vreugde en verwondering. Ons kan jubel in die Here, wetend dat ons deel is van sy ewige plan, en dat ons redding ’n bewys is van sy liefde en genade. Ons jubel en blydskap is gegrond in die wete dat ons uitverkiesing nie afhanklik is van ons eie werke nie, ook nie in die situasie, beproewing en versoekinge van die lewe nie.

Die konteks van Efese, ’n stad vol afgodsaanbidding en morele verval, maak hierdie boodskap van uitverkiesing en redding net meer kragtig. Die gelowiges word herinner dat hulle anders is, afgesonder

vir God. Die idee van uitverkiesing bied groot troos en sekerheid aan gelowiges. Dit herinner ons daaraan dat ons deel is van iets veel groter as onsself en deel is van iets wat nie oor ons gaan nie, maar God se ewige plan. Ons is geroep om hierdie waarheid te vier en om met blydskap te leef, wetende dat die Here, wat ons uitverkies het, ook die een is wat ons sal lei, beskerm en uiteindelik verheerlik deur Christus Jesus.

Sing: Psalm 34-1:1, 2, 6

Ds. EA (Erasmus) Venter (Buffeldoorns)

Woensdag 29 Oktober

Skrifgedeelte: Romeine 1
Fokusgedeelte: Romeine 1:8

Wat ’n vreugde as die mense oor jou geloof begin praat!

Paulus begin sy brief aan die gemeente in Rome met die gebruiklike aanhef en groeteboodskap. In sy woorde kan ’n mens sommer met die eerste oogopslag sien dat daar vir die apostel baie is om oor dankbaar te wees. Allereers wil Hy God deur Jesus Christus loof en dank dat die hele wêreld nie net gehoor het van die geloof van die gemeente nie, maar veral ook daaroor praat. Wat ’n mooie getuienis is dit nie vir hierdie groepie gelowiges nie! Ja, strategies was Rome ’n baie belangrike stad. Dit was die hoofsetel van die wêreld. Soveel mense het na hierdie stad gestroom, so baie handelsroetes het hierheen gelei en vanuit hierdie stad is die toon aangegee. Dit was ’n stad met ’n mengelmoes van kulture, volke en nasies, ’n stad met wyd uiteenlopende godsdienstige voorkeure, ’n stad só ryp en gereed vir die saad van die evangelie. Heerlik om te sien hoedat God sy kerk versorg en opbou, nie waar nie? Ja, deur hierdie klein groepie gelowiges word die helder brandende fakkel van God se Woord die donker wêreld ingedra.

Die reaksie? Gaan luister maar wat sê die mense op die strate en markpleine. Almal praat oor die “nuwe” godsdiens. Almal praat oor daardie groepie mense se geloof in Jesus Christus. Kan u daarom verstaan waarom Paulus so dankbaar is? Kan u daarom verstaan

waarom Hy sy God loof en prys soos die psalmdigters van ouds? Die vraag aan u en my, en dan veral in die tyd waarin ons leef, is: Praat die mense nog oor ons geloof? Is ons soos lewende briewe waarin die wêreld kan lees van die verlossende heerskappy van ons Here? Gaan daar vanuit ons gemeentes en huise ook so 'n kragtige getuienis na buite toe uit? Sou die apostel Paulus God ook kon dank vir ons geloof wat sigbaar word in ons geloofsdade? Wat 'n vreugde as ons hierop "ja" kan antwoord! Mag God deur sy Heilige Gees ons meer en meer daartoe help.

Sing: Psalm 92-1:2

Ds. CJ (Innes) Nagel (Louis Trichardt)

Donderdag 30 Oktober

Skrifgedeelte: Handelinge 13:38-52
Fokusgedeelte: Handelinge 13:44 (AFR83)

Die Woord deur die apostels verkondig: dit word geglo en verwerp

Watter uitwerking het die verkondiging van God se Woord op jou? Glo jy dit en gee jy jou gelowig daaraan oor, of verwerp jy dit en verhard jy jou daarteen?

In Antiogië het die verkondiging van God se Woord 'n tweërlei uitwerking op die hoorders daarvan gehad. Sommige het dit geglo en tot geloof in Jesus Christus gekom. Ander is met afguns vervul en het dit verwerp. Hulle het selfs sover gegaan om die apostels te beledig en hulle later uit die streek te verdryf. Tog het die Jode se verwerping van die evangelie, hulle teëspraak en beledigings, nie God se werk gedwarsboom nie. Ten spyte daarvan het almal daar wat vir die ewige lewe bestem was, gelowig geword (vs. 48). En ten spyte daarvan dat die apostels later uit die streek verdryf is, was die gelowiges vol blydskap en vol van die Heilige Gees (vs. 52). God se werk het deurgegaan – sy Woord is geglo. Ons sien dit treffend al op die eerste Sabbat wat die apostels daar was. Toe het van die mense wat die Woord gehoor het, al vir die apostels gevra om hulle die volgende Sabbat meer te vertel. Daar was ook baie wat tot geloof gekom het en

vir wie Paulus-hulle aangemoedig het om op die genade van God te bly vertrou. Dan veral op die tweede Sabbat lees ons dat die hele stad bymekaar gekom het om die Woord van die Here te hoor. Wat moes in daardie week nie gebeur het dat soveel mense bymekaar gekom het om te kom hoor nie? Dié wat die vorige week gehoor en geglo het, sou vertel het. Hulle opgewondenheid was aansteeklik. Ander het ook kom hoor!

As jy die Woord van God glo en jy jou daaraan oorgee, moet jou entoesiasme oor die evangelie aansteeklik wees. Jy moet ook die begeerte hê dat ander moet kom om te hoor!

Sing: Psalm 66-1:2, 7

Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)

Vrydag 31 Oktober

Skrifgedeelte: Handelinge 2:37-47 (AFR83)
Fokusgedeelte: Handelinge 2:42

Die vreugde van kerkwees

In Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis lees ons wat die merktekens van die ware kerk is. Hier in Handelinge 2 lees ons wat die kenmerke van een van die eerste gemeentes was ná die uitstorting van die Heilige Gees. Daar was ’n totale eensgesindheid onder lidmate en oorgawe aan die leer van die apostels. Die apostels het die Woord aan hulle verkondig en só die fondament van die kerk gelê. Hulle het in Christus aan mekaar verbonde gevoel – en gebonde en gedring deur die Gees het hierdie broers en susters na mekaar in liefde uitgereik.

Sonder liefde en ’n onderlinge band kan ons vandag ook nie sê dat ons werklik broers en susters in die Here is nie. Die gemeenskaplike maaltyd het in daardie tyd ’n baie belangrike rol gespeel. Om brood saam te breek, was vir gelowiges die simboliek van gemeenskap met mekaar, maar ook met die Here. Afgesien van die Nagmaalsviering in ons gemeentes behoort ons ook saam om ’n tafel te gaan sit en saam

te eet om so as gelowiges met mekaar gemeenskap te hê. Ons sien dat hierdie eerste gemeente saam in gebed volhard het.

Gebed in die erediens en in alle fasette van ’n mens se geloofslewe is tog so belangrik. ’n Kerk wat nie bid nie en gelowiges wat nie tot die Here en vir mekaar bid nie, is soos ’n dooie liggaam, dit haal nie meer asem nie. Bid jy nog? Bid ons nog vir mekaar? Hierdie kenmerke van die eerste gemeentes spoor ons aan om te gaan kyk of ons nog kerk is soos wat die Here dit in sy Woord uitstippel.

Vandag bly die Woord nog steeds die fondament van die kerk van ons Here Jesus Christus.

Sing: Skrifberyming 15-1:1-4 (wysie Psalm 116)

Ds. AH (Abel) Steyn (Lydenburg)

KWARTAAL 4 – NOVEMBER

TEMA:

Jubel in die HERE wat soewerein regeer oor die volke en die wêreldgeskiedenis (Ps. 33:10-11) en as gevolg van sy besondere bemoeienis met die verbondsvolk (vs 12 ev).

Saterdag 1 November

Skrifgedeelte: Handelinge 13:44-49 (AFR83/2020)
Fokusgedeelte: Handelinge 13:48

Mense wat vir die ewige lewe bestem is, glo die evangelie

Nadat Barnabas en Paulus vir die eerste keer by Antiogië in Pisidië gepreek het, wou die mense graag meer hoor oor wat hulle te sê het en daarom is hulle genooi om die volgende Sabbat weer te preek. Hierdie keer daag daar 'n hele skare mense op om te luister! Hoe reageer die mense wat die evangelie hoor? Hulle glo dit of hulle verwerp dit. Dit is presies wat Jesus vir sy dissipels geleer het toe hy die gelykenis van die saaier vertel het (Luk. 8:4-15). In hierdie gelykenis praat Hy van die saad wat op verskillende soorte grond val. Daar is wel vier soorte grond, maar net die saad wat op die goeie grond val, groei en dra vrug. Die saad op die ander drie plekke gaan vir verskillende redes dood voor dit vrug dra. Dit is ook so met die evangelie – mense glo dit of hulle verwerp dit. Die rede waarom mense die evangelie glo, word in vers 48 gegee: Hulle is bestem vir die ewige lewe. In sy goedheid en genade het God, voordat hy die wêreld geskep het, hulle in Christus uitverkies (Ef. 1:4). Deur die boodskap van die evangelie roep Hy hulle om te glo, en die Heilige Gees werk in hulle harte om te glo. Ongeag van hoe mense op die evangelie reageer, is daar een ding wat ons gereeld in die boek Handelinge lees: *"Die woord van die Here het ... versprei"* (vs 49). Om mense tot geloof en bekering te bring en te red, is dus alles God se werk. Maar ons is instrumente in sy werk, en daarom roep Hy ons om die evangelie oral met vrymoedigheid te verkondig.

Sing: Psalm 33-1:5, 6

Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Walvisbaai/Swakopmund)

Sondag 2 November

Skrifgedeelte: Romeine 9:1-13 (AFR83/2020)
Fokusgedeelte: Romeine 9:11, 12

God kies en roep mense sonder dat hulle dit verdien

Waarom kies God sekere mense en red hulle? Het Hy hulle gekies omdat Hy vooraf geweet het dat hulle gaan glo en dat hulle reg sal lewe? Of het Hy eers gekyk of hulle glo en toe besluit om hulle te kies? Of kies Hy mense wat deel is van ’n sekere volk of sekere kerk? As God op een van hierdie maniere gekies het, sou niemand gekies kon word nie, want alle mense is sondaars en verdien die dood.

Nee, God se keuse hang nie af van ’n mens se afkoms en dit wat hy doen nie. Vers 11 en 12 maak dit vir ons baie duidelik. God kies wie Hy wil en niemand moet dink dat hy dit verdien om gekies en gered te word nie.

God roep die mense wat deur Hom uitverkies is na Hom toe deur die boodskap van die evangelie. Hy roep hulle om te glo in sy verlossing deur Jesus Christus. Dan werk die Heilige Gees in hulle harte sodat hulle begin glo.

Beteken dit dat ons niks hoef te doen nie, en dat ons outomaties gered word? Nee, die uitverkiesing vat nie ons verantwoordelikheid weg nie, want God werk nie met ons soos met robotte nie. Hy werk met ons as mense, en Hy roep ons om te glo. Wanneer ons dan wel glo, is dit omdat God ons wil verander het om te glo.

Wat beteken dit vir gelowiges? Groot sekerheid! Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het (1 Joh. 4:19). Niks of niemand kan ons uit God se hand ruk nie, want God verander nooit sy besluit om ons te kies en te red nie. Hou vas aan hierdie sekerheid, en leef vandag soos ’n kind van God.

Sing: Psalm 105-1:1, 4

Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Walvisbaai/Swakopmund)

Maandag 3 November

Skrifgedeelte: Romeine 9:14-24 (AFR83/2020)
Fokusgedeelte: Romeine 9:21

God se soewereiniteit en die uitverkiesing

God regeer oor alles en Hy het ’n plan met alles. In sy plan ontferm Hy Hom oor wie Hy wil, en Hy maak hardkoppig wie Hy wil (vs 18).

Maar is dit nie onregverdig nie? Nee! As gevolg van die sonde verdien alle mense die ewige dood. Wanneer God Homself oor mense ontferm en hulle deur Jesus Christus red, is Hy genadig. Wanneer mense hardkoppig is en verlore gaan, is Hy regverdig. Kan ons dit verstaan? Nee! Ons moet onthou dat God baie, baie groter as ons is, en daarom kan ons nie alles verstaan wat Hy doen nie. As ons alles verstaan het, sou dit beteken dat ons Hom gemaak het. Maar nou het Hy ons gemaak, en daarom kan ons nie alles verstaan nie.

God is soewerein. Dit beteken dat Hy kan doen wat Hy wil. In vers 21 word die beeld van ’n pottebakker gebruik om dit te verduidelik, en hierdie beeld sluit aan by Jesaja 29:16 en Jesaja 45:9. God het die mens gemaak. Daarom het die mens so min reg om sy werk te bevraagteken as wat klei ’n pottebakker kan bevraagteken. Dit is die pottebakker se reg om uit dieselfde klei iets besonders en iets alledaags te maak. Net so het God die reg om mense (wat hy gemaak het) voorwerpe van sy toorn en voorwerpe van sy ontferming te maak.

Kan ’n mens seker wees dat jy uitverkies is? Ja! Hoe het jy daardie sekerheid? Wanneer jy in die Here Jesus as die enigste Verlosser glo, is jy uitverkies. Dan sal jy ook leef soos iemand wat uitverkies is.

En as jy nie glo nie? Luister dan na God se roeping en belofte: *“Glo in die Here Jesus, en jy en jou hele huishouding sal verlos word”* (Hand. 16:31).

Sing: Skrifberyming 1-1:1, 7

Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Walvisbaai/Swakopmund)

Dinsdag 4 November

Skrifgedeelte: Johannes 6:32-59
Fokusgedeelte: Johannes 6:44 (AFR2020)

God die Vader trek ons deur geloof na ons Here Jesus Christus!

Elkeen van ons hier in Suider-Afrika ken die spreekwoord “as dit pap reën, moet jy skep”. Die rede daarvoor is dat ons besef hoe pap die stapelvoedsel geword het van baie wat minder bevoorreg is en finansieel sukkel. In die Nuwe Testament was elke persoon goed bekend met “as dit brood reën, moet jy skep” (vs 49). Veral omdat hulle voorouers deur die geslagte heen vertel het van God se sorg in die woestyn (Eks. 16). As Jesus sê Hy is die brood van die ewige lewe en die Vader trek ons om na Hom te kom, dan maak Hy duidelik hoe belangrik Jesus vir ons is. Belangriker as die aardse stapelvoedsel van pap/brood. Jesus verklaar waarom Hy so belangrik vir ons moet wees: Dit is God die Vader wat Hom uit die hemel na die aarde gestuur het (vs 33, 38), sodat Hy ons kan red van die armoede wat in ons is. Die sonde en die dood wat ons nie in staat stel om na God te kom of in Jesus te glo nie. Nie in staat stel om brood (verlossing van sonde deur Christus) te koop of te verdien nie. Slegs mense wat God uitverkies het (vs 37, 44; Ef. 1:4) en waarin Hy werk deur sy Woord en Heilige Gees, sal die ewige brood ontvang. So trek God die Vader deur sy Heilige Gees sy uitverkore kinders na sy Seun. Hy doen dit deur die ware geloof in God in hulle harte vas te brand. Dit is slegs ware gelowiges wat in Jesus Christus deel het aan sy verlossing op Golgota. Wat die ewige lewe beërwe, gered is van hongersnood (sonde en skeiding tussen God en mens) en die ewige dood. Hulle sal opstaan met die wederkoms van Christus.

Daarom reageer ons as gelowiges op wat God vir ons gedoen het deur Christus. Ons gaan met dankbaarheid, afhanklikheid en vrymoedigheid na die Seun en glo in Hom. Want die Vader het die smagting deur die Heilige Gees in ons hart bewerk. Moet nie rebelleer as God die Vader jou na Jesus Christus trek nie, die lewende brood wat die ewige lewe skenk.

Sing: Skrifberyming 18-7 (45):1, 11, 12

Ds. JH (Jacques) Kühn (Tsumeb)

Woensdag 5 November

Skrifgedeelte: Johannes 17:1-26
Fokusgedeelte: Johannes 17:9 (AFR53)

Jesus pleit vir die uitverkorenes by God die Vader!

Hoeveel goed in die wêreld oorlaai jou as gelowige? Dit oorlaai ons so dat ons emosioneel uitgeput is, oorlaai is, hartseer is, terneergedruk is, ensovoorts. Maar dan kom die troosryke Woord van God: Jesus bid/pleit vir jou by die Vader. Ons is nie alleen te midde van die sake in ons lewe, of dit nou goed is en of dit ons oorlaai nie.

As Jesus vir sy dissipels, volgelinge bid in Johannes 17, dan pleit Hy vir hulle by God die Vader. Hy tree vir hulle in as Voorspraak en smeek vir hulle bewaring (vs 11, 15), dat die blydskap van God in hulle kan wees (vs 13). Vir hulle toegewydheid in die verkondiging van die waarheid (vs 17, 19), hulle eenheid (in roeping en diensbaarheid) in God (vs 22, 23) en dat die Heilige Gees en liefde in sy volgelinge sal wees en bly (vs 24, 26).

Jesus pleit vir die gelowiges (1 Joh. 2:1), want God die Vader het Hom die opdrag gegee. Hy het as Voorspraak/advokaat gekom na die wêreld om in die uitverkorenes se plek te pleit. Jesus kan vir ons pleit by die Vader, omdat Hy self op aarde was en beleef het wat ons as mens beleef. Hy weet waardeur ons gaan en hoe moeilik die lewe is. Hy het self lyding ondergaan en het self geen Voorspraak gehad aan die kruis nie. Hy het as onskuldige vir ons skulde aan die kruis gehang.

Wees daarom toegewyd in jou diensbaarheid en dankbaarheid in die Here. Hy ken al ons tye van vreugde, seerkry of swaarkry. En tree vir ons in by die Vader vir ons onthalwe. Mag God jou deur sy Woord en Heilige Gees troos en blydskap daarin gee dat God jou hart, emosies en omstandighede ken. Jesus pleit vir jou by die Vader om sterk te staan in die geloof. Jy is sy uitverkore kind en Hy is jou Hemelse Vader.

Sing: Skrifberyming 14-2

Ds. JH (Jacques) Kühn (Tsumeb)

Donderdag 6 November

Skrifgedeelte: Johannes 15:9-17
Fokusgedeelte: Johannes 15:16 (AFR53)

Bly in Christus gevestig as uitverkore kind van God!

God werk kragtig deur sy Woord en Heilige Gees in ons harte en lewens. Hy verander ons om weg te draai na ’n lewe in toegewyde diens aan God. God het ons as gelowiges nog voor die grondlegging van die wêreld uitverkies (Ef. 1:4). Hy het ons gekies en nie ons vir God nie.

Hierdie groot geskenk van God word genade genoem. Ons ontvang die teenoorgestelde as wat ons verdien. Anders sou dit nooit genade gewees het nie, maar sou daar in die Bybel gestaan het “verdienste”. Want God het ons uitverkies sodat ons in Hom kan bly. Vyf keer in Johannes 15 hoor ons hoe ons in Christus as wingerdstok moet bly as sy lote, deel het aan sy wingerd.

Ons bly in Christus, letterlik beteken die woord om in ’n huis te bly, in Christus te bly. Om geestelik deur die Heilige Gees ingesleutel te wees by Hom. Dit gebeur wanneer ons meer na Christus verlang, smag, tyd met Hom spandeer met sy Woord en gegrondves raak in sy waarheid. Daardeur kry ons wysheid en sal ons vrugte dra van geloof, omdat ons deel is van Christus.

Johannes se gebed is hierby in aansluiting met Johannes 3:30: “Jesus moet meer word en hy minder.” God werk deur sy Woord en Heilige Gees in ons om ons te laat groei in geloof en die vrug van die geloof te wys in ons lewe. In ons woorde, denke en dade. Nie om guns, voorspoed of geluk by God te verdien nie, maar om God te dank, dat Hy so kragtig en genadig met ons werk. Die verdere uitwerking daarvan is dat wanneer ons as sy kinders leef, sal ons gehaat en vervolg word deur die wêreld (vs 19-20). Dit beteken dat ons deur mense verwerp, gespot, vervloek, gehaat en vervolg sal word, omdat ons nie die wêreld se leefstyl handhaaf en aanvaar nie.

Ons moet egter die vrug van die uitverkore kind, naamlik die vrug van geloof, wat die werking van die Heilige Gees in ons hart en lewe is,

gaan uitleef (Gal. 5). Wanneer die Heilige Gees in ons harte woon en werk, dan grondves en laat groei Hy ons geloof in God. In verhouding, verbintenis met Hom. Hy laat ons sterk staan om enduit in Christus te bly, ons krag en sterkte in Hom te ontvang om tot die dood toe vir Christus se liefde en waarheid die stryd te voer. Leef nou as uitverkore kind van die Here!

Sing: Skrifberyming 14-2:1-3

Ds. JH (Jacques) Kühn (Tsumeb)

Vrydag 7 November

Skrifgedeelte: Genesis 3:8-15
Fokusgedeelte: Genesis 3:15

Te midde van oordeel belowe God 'n Verlosser

Ons jubel in die Here, want te midde van oordeel belowe God 'n Verlosser. Adam en Eva het teen die Here gesondig, want hulle het versuim om die verbondsbepalings te gehoorsaam (Gen. 2:15-17). Deur hierdie daad van ongehoorsaamheid het sonde in die wêreld gekom.

Ons verwagting sou wees dat God vir Adam en Eva, en daarom die mensdom, sou uitwis, maar Hy was genadig. Ons sien die Here se genade in die feit dat Hy hulle opgesoek het deur te vra: "Waar is jy?" (3:9). God gee vir die mens 'n kans om hulle sonde voor Hom te bely. Ons sien ook die Here se genade in die genadeverbond wat Hy aan hulle openbaar en waar Hy 'n Verlosser belowe: *"En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt"* (3:15). In plaas daarvan om vir Adam en Eva te vernietig, belowe God 'n Verlosser wat die mens met Hom sal versoen.

Ons sien hoe die tema van die "saad van die vrou" teenoor die "saad van die slang" regdeur die Ou Testament afspeel. Ons troos is in die feit dat die "saad van die vrou" oor die "saad van die slang" seëvier. Jesus Christus, die Verlosser wat belowe is, het aan die kruis die slang se kop vermorsel. Jesus het die duur prys betaal om ons met God te

versoen. Deur Adam se ongehoorsaamheid het sonde in die wêreld gekom, maar deur Christus se gehoorsaamheid is daar verlossing beskikbaar vir diegene wat in Hom glo (vgl. Rom. 5:12-21).

Ons kan egter ook getroos word met die wete dat die slang, wat Satan is, geen meer houvas op ons het nie, want ons behoort aan die Here en Hy bewaar ons.

Sing: Psalm 138-2:3

Ds. R (Ruan) Steyn (Oshakati)

Saterdag 8 November

Skrifgedeelte: Genesis 22:1-18
Fokusgedeelte: Genesis 22:1-18

Die Here voorsien sy eie Offerlam

In die verhaal van Abraham sien ons hoe die Here sy belofte van "die saad van die vrou" (Gen. 3:15) realiseer. Die Here maak 'n belofte dat uit die dooie moederskoot van Sara 'n seun gebore sal word. Nadat die Here vir Abraham en Sara met 'n seun, Isak, geseën het, gee die Here vir Abraham die opdrag: *"Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moria en offer hom daar as brandoffer"* (22:2). Isak was nie 'n gewone seun nie, maar 'n seun van God se belofte – hy was die saad in wie al die geslagte van die aarde geseën sal wees (Gen. 12:1-3). Jesus Christus sal uit Isak se nageslag gebore word.

Abraham is op die proef gestel. Gaan hy aan die beloftewoord sowel as die bevelwoord van God vashou? God het beveel en Abraham het geluister. Die Here se Woord en Gees is die dryfkrag agter Abraham se gehoorsaamheid. Hy was gereed om Isak te offer. Abraham het van harte geglo dat die Here lewe kan gee uit 'n dooie moederskoot en daarom sal Hy weer lewe kan gee (vgl. Heb. 11:17-18). Dit is wat die Here gedoen het.

As Isak moes sterf, sou dit nie onregverdig gewees het nie, want die hele mensdom verdien die dood. In plaas daarvan dat Isak "afgesny"

word, het God 'n ander offer voorsien. God voorsien sy enigste Seun wat Hy liefhet om ons met Hom te versoen, en daardeur gee Hy nuwe lewe vir elkeen wat in Hom glo. Ons was geestelik dood, maar deur die kragtige werking van die Gees en op grond van Christus se verlossingswerk, het ons die ware lewe.

Die Here vereis van ons om in Hom te glo en te vertrou dat Hy al sy beloftes getrou nakom.

Sing: Psalm 105-1:1, 5

Ds. R (Ruan) Steyn (Oshakati)

Sondag 9 November

Skrifgedeelte: Johannes 7:37-44
Fokusgedeelte: Johannes 7:37-39

Jubel oor Jesus Christus!

Ons sien dat mense in ons tyd sukkel om saam te stem oor Wie Jesus dan nou eintlik is. Vir party is Hy maar net 'n vloekwoord, vir ander is Hy die naam wat hulle roep as hulle iets wil hê, vir ander weer 'n mooi voorbeeld van liefde om na te volg. Natuurlik weet ware gelowiges uit die Woord dat Hy die enigste ware Verlosser is.

Tydens Jesus se bediening op aarde het mense ook gesukkel om te bepaal Wie Hy nou eintlik is. Soos in ons teks het party gedink Hy is 'n profeet, ander dat Hy die Messias is en nog ander 'n indringer wat uit die samelewing verwyder moet word. As hulle maar sou luister, sou hulle hoor en sien dat Hy werklik die beloofde Verlosser is waaroor die hele wêreld behoort te jubel.

Tydens die fees van die oes maak Hy Homself bekend as die bron van lewe. Hy wys dat Hy toeganklik is en dat mense na Hom toe kan kom. Hy wys ook dat Hy daaroor besorg is dat dié wat na Hom toe kom, se lewens self ook sal verander en ander sal aanspoor tot lewe. Hoor hierdie belofte in vers 38 oor elkeen wat in Hom glo: *"Strome lewende water sal uit sy binneste kom."*

Die Jode wat die storie van die uittog geken het, sou hier onthou het van die rots in die woestyn waaruit daar water gekom het nadat Moses dit geslaan het. Hierdie water het weer vir hulle lewe gegee toe hulle gedink het dis klaar met hulle.

Wie is Jesus Christus? Mag Hy vir ons baie meer wees as 'n OTM, 'n dokter, 'n lyfwag en kierie. Hy is die Verlosser wat koninklik oor lewe en dood regeer. Jubel oor Hom! Hy is lewe!

Sing: Skrifberyming 12-5

Ds. HV (Henning) Venter (Windhoek)

Maandag 10 November

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 2:1-13
Fokusgedeelte: 2 Timoteus 2:8

Jesus Christus se Koningskap is ewig

Hoe lyk 'n lewe wat jubel omdat ek in die hande van die Koning van die heelal mag leef? Paulus help hier in ons teks vir Timoteus om sy eie swakheid te hanteer. Die stremming van die bediening het Timoteus begin knou.

Dit gebeur ook met ons, nie waar nie? Soos wat die eindtyd naderkom, word die stryd al hoe erger en sukkel ons om die vreugde van ons verlossing tasbaar uit te leef. Paulus gee 'n paar opdragte aan Timoteus in ons teks wat ons hiermee help:

- *Dra oor*: Maak dissipels, moenie alleen probeer werk nie, dupliseer.
- Wees soos 'n goeie *soldaat*: Dra jou deel van die ontberings soos een wat opgeroep is vir diensplig.
- Wees gedissiplineerd soos 'n *atleet*: Hou self by God se plan, demonstreer.
- Werk hard soos die *boer*: Span jou in vir die oes, God se beloofde oes.

Hieroor moet Timoteus volgens vers 7 nadink. Dit kom nie vanself nie, deur geloof sal God ons hiervan oortuig en ons deur die werk van die Heilige Gees oortuig.

Hy moet egter ook onthou (vs 8) waarom hy hierdie opdragte sal uitvoer. Die grootste rede is in die feit dat Jesus die dood oorwin het. Hy kon, want sy Koningskap kom ver uit die beloftes van die verlede. Hy is die Koning uit die nageslag van Dawid wat belowe is. Jubel, Timoteus, want jy is deel van iets baie groter as net daardie dinge wat nou jou energie steel, jou wiele pap maak en jou gemoed moedeloos.

Onthou (vs 11): As ons saam met Hom gesterf het, sal ons saam met Hom leef! Hoekom kan ons volhard in ons gehoorsaamheid aan Hom? Want Hy bly getrou! Sy Koningskap is ewig!

Sing: Lied 203:1, 2, 3

Ds. HV (Henning) Venter (Windhoek)

Dinsdag 11 November

Skrifgedeelte: Johannes 1:1-14
Fokusgedeelte: Johannes 1:12

Jou vreugde as kind van God!

In die eerste deel van Johannes se Evangelie word geopenbaar dat Jesus die ewige Seun van God is, self God van die begin af. Hy het mens geword en op aarde tussen sondige mense kom woon. Hy het in hierdie donker wêreld vol sondeduisternis kom skyn as die Lig. Tog het die mensdom en selfs die groot meerderheid van sy eie volk, die verbondsvolk Israel, Hom nie aanvaar en in Hom geglo nie. In teenstelling hiermee dui ons fokusvers op sekere mense wat Hom wel aanvaar het. Hulle word ook beskryf as die wat in sy Naam geglo het. Dit beteken hulle het geglo in Jesus – Wie Hy is en wat Hy oor Homself geopenbaar het.

Met al hierdie mense, ook elkeen van ons wat Jesus aanvaar en in geloof aan Hom vasgryp, wat volgens vers 13 uit God gebore is, gebeur wonderlike dinge uit genade. Volgens ons fokusvers gee Jesus aan hulle die reg om kinders van God te word. Hier word taal uit die regs- en juridiese wêreld gebruik vir Jesus se optrede. Hy is soos ’n regter wat teenoor elkeen wat in Hom glo, die regsuitspraak lewer dat hy of sy nou wetlik deur God aangeneem word as kind.

Hierin lê opnuut vir ons elkeen vandag 'n vreugdevolle troosboodskap. Uit genade het elkeen van ons wat Jesus in geloof aanvaar as Verlosser van ons sondes, 'n wonderlike nuwe identiteit – kind van die lewende God! Jy ken God nou as jou Vader wat jou sondes vergewe, wat jou liefhet, wat vir jou sorg met alles wat jy nodig het, wat jou vashou in sy liefdeshand, ook vandag. Loof en dank Hom met vreugde dat jy as genadige geskenk deel kan wees van sy huisgesin.

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3

Ds. L du P (Wicus) van der Vyver (Silverton)

Woensdag 12 November

Skrifgedeelte: Galasiërs 4:1-7
Fokusgedeelte: Galasiërs 4:6

Bid tot jou Vader onder leiding van die Heilige Gees!

God het sy geliefde Seun op die spesifieke tyd soos deur Hom bepaal na hierdie wêreld gestuur, sodat elkeen wat in sy Seun glo, sy kinders en erfgename kan wees. As kinders van God het ons bepaalde voorregte en ook verantwoordelikhede. Een so 'n voorreg en verantwoordelikheid is om met ons hemelse Vader te praat en tot Hom te bid. In ons fokusvers word genoem dat die Heilige Gees so in ons harte werk dat Hy in ons roep *Abba*, wat beteken Vader. Die woord *Abba* is 'n Aramese woord wat kinders gebruik het om hulle pa aan te spreek. Dit dui op vrymoedigheid, respek, liefde en nabyheid.

Hoe wonderlik is dit dat ons God *Abba*, Vader, kan noem. En ons doen dit onder leiding en deur die kragtige inwerking van die Heilige Gees. Deur die werking van die Heilige Gees nader ons met vrymoedigheid, met respek en eerbied, met harte vol liefde tot ons hemelse Vader. Onder leiding van die Heilige Gees bid ons eerlik en vanuit opregte harte tot God, stort ons ons harte vol lof en dank en met al ons smekinge by ons hemelse Vader uit.

Dit is opvallend dat ná die uitstorting van die Heilige Gees een van vier dinge wat in Handelinge 2:42 genoem word waarop die gelowiges hulle heelhartig toegelê het, gebede was. Vervulling met die

Heilige Gees lei tot ’n aktiewe en toegewyde gebedslewe. Satan, ons groot teenstander, wil tog so graag hê dat ons hierdie deel van ons verhouding met die Here afskeep, dat ons minder en minder in ons lewens bid. Laat ons hom weerstaan en met volharding, vreugde en vrymoedigheid bid tot ons hemelse Vader onder leiding van die Heilige Gees (vgl. Ef. 6:18).

Sing: Psalm 33-1:11

Ds. L du P (Wicus) van der Vyver (Silverton)

Donderdag 13 November

Skrifgedeelte: Romeine 5:1-11 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Romeine 5:1

Ons het vrede by God

Die evangelie dat God mense deur die geloof in Christus regverdig verklaar, het Paulus nie self uitgedink nie. Dit is dieselfde evangelie wat God reeds in die Ou Testament in die dae van Abraham geopenbaar het. Abraham het die Here en sy beloftes geglo en God het Abraham regverdig verklaar. Selfs Dawid het van hierdie regverdiging deur die geloof getuig in onder andere Psalm 32. Wanneer God ’n mens regverdig verklaar, is daar niks meer wat die mens moet doen om verlos te wees nie. Christus het so ’n mens volkome verlos.

In die fokusgedeelte moet ons oplet na ’n voordeel wat die Heilige Gees vir ons noem: *“Omdat ons dan nou op grond van geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus”* (Rom. 5:1). Die voordeel wat genoem word, is die vrede by God. Vrede by God is nie dieselfde as die vrede van God waarvan ons in Filippense 4:7 lees nie. Wanneer jy al jou sorge in gebed na die Here bring, skryf Paulus dat die vrede van God oor ’n mens sal wees. Daardie vrede is die rustigheid en kalmte dat jou omstandighede en probleme veilig in die hand van die Here is en Hy daarvan sal werk maak deur wysheid aan ons te skenk om met elkeen van die probleme te werk te gaan.

Om vrede by God te hê, kom daarop neer dat die vyandskap wat tussen die Here en die mens was, uit die weg geruim is en daar nou

vrede heers. Dit beteken daar is niks meer in jou of aan jou waaroor die Here jou sal veroordeel nie. Dit is nie omdat die gelowige ewe skielik honderd persent gehoorsaam is aan die Here of omdat hy die Here volmaak liefhet nie. Let op hoe die gelowige vrede by God het: *"deur ons Here Jesus Christus"*.

Dit is op grond van die volmaakte gehoorsaamheid van Christus aan sy Vader; Jesus Christus het sy Vader se wil volmaak uitgevoer. Hy was gehoorsaam aan sy Vader tot in die dood aan die kruis. Deur sy dood aan die kruis het Christus die oordeel van God oor die sonde gedra in die plek van die gelowige. Omdat Christus die straf op die sonde volkome gedra het, is daar nou niks meer waaroor God die gelowige sal veroordeel nie.

Vir ons, as gelowiges, om hierdie vrede tussen God en ons te geniet, is dit nodig dat ons ons toevlug aanhoudend tot Christus moet neem. Die Heilige Gees het vir ons nog dele in ons lewens gewys waar ons die Here nog nie heeltemal gehoorsaam nie. Ons het ook dinge ontdek wat heeltemal verkeerd is. Hierdie dinge het ons met diepe berou voor God bely en ons glo die vaste belofte dat Christus se dood ook vir daardie sondes van ons klaar betaal het. Daarom mag ons weet dat die vrede tussen God en ons 'n werklikheid is. Daar is nou vrede tussen ons en God, ons mag vasstaan in die genade wat Christus vir ons verdien het, met die heerlike vooruitsig dat ons God en Christus sal sien en in God se heerlikheid deel.

Sing: Psalm 85-1:3, 4

Ds. P (Pierre) Cilliers (Daniëlskuil/Duineveld)

Vrydag 14 November

Skrifgedeelte: Romeine 5:12-21 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Romeine 5:12, 21

Dood in Adam en lewend in Christus

Toe Adam en Eva op aansporing van die duiwel besluit het om die bande van God se liefdevolle gesag van hulle af los te ruk, het hulle nie net hulleself van God losgeskeur nie. Hulle optrede

teenoor God het gevolge vir hulle ongebore kinders en uiteindelik vir alle mense gehad, want alle mense stam van Adam en Eva af. Hulle is ons eerste ouers. Adam tree as hoof van die mensdom op omdat hy die eerste mens is en voor God staan as die verantwoordelike persoon vir sy hele familie, die hele menslike geslag.

As bewys daarvan dat die geaardheid om sonde te doen in elke nakomeling van Adam van voor hulle geboorte af in hulle is, sê die Heilige Gees dat die dood deur die sonde gekom het en die dood het tot alle mense deurgedring. Die dood van die mens as straf op die sonde het nie eers gekom toe God sy wet aan Moses gegee het nie. Die dood het van Adam af tot by Moses al heerskappy gevoer, ook oor mense wat nie gesondig het op dieselfde manier as waarop Adam oortree het nie. Almal het immers in Adam gesondig en as gevolg van die oorgeërfde geaardheid om sonde te wil doen, het hulle ook sonde gedoen. Hierdie oorerwing van die geaardheid om sonde te doen en van die vyandskap teen God, noem ons erfsonde. Dit is die verdorwenheid van die hele menslike natuur en die oorgeërfde gebrek waarmee selfs klein kindertjies in die moederskoot besmet is.

Soos die sonde deur die dood heerskappy gevoer het, voer die genade deur die geregtigheid ook heerskappy. Hierdie heerskappy lei tot die ewige lewe deur Jesus Christus ons Here. Omdat die mens nie self die slawebande van die sonde en duiwel van hom kan losmaak nie, het God dit deur sy Seun vir sy mense kom doen.

Hierdie vernedering van Jesus Christus, die Seun van God, was nog nie klaar nie. Ons onvolmaaktheid moet nie net voor God bedek word nie. As ons voor God moet verskyn, soos God dit ook wil hê, moet die onvolmaaktheid en alle gebreke geheel en al weggeneem word. Daarom verneder Jesus Christus Hom nog verder tot in die dood, die dood aan die kruis. Met sy heilige lewe bedek Hy nie net ons onvolmaakte lewe geheel en al nie; met sy kosbare bloed was die Heilige Gees die sonde van ons af. Sy kosbare bloed is ook die betaling vir daardie erfsonde wat ons al van voor ons geboorte in ons het.

Deurdat die Heilige Gees aan ons wedergeboorte skenk, word ons in die familie van Christus gebore. Nou is die genade deur die geregtigheid wat die gelowiges verkry baie oorvloediger as wat ons ooit kan

reken. As jy in die familie van Christus, jou nuwe Hoof, gebore word, word jy nie maar teruggeplaas in die oorspronklike toestand wat Adam en Eva voor die sondeval gehad het nie. Christus se sterwe aan die kruis en opstanding uit die dood plaas jou reeds in die ewige lewe. Voor die sondeval moes Adam nog die ewige lewe verkry deur gehoorsaam te wees aan God. Christus is in gelowiges se plek volmaak gehoorsaam aan sy Vader, en deur die geloof skenk die Heilige Gees hierdie gehoorsaamheid aan gelowiges sodat hulle nou al die ewige lewe kan hê.

Sing: Psalm 51-1:3, 5

Ds. P (Pierre) Cilliers (Daniëlskuil/Duineveld)

Saterdag 15 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 2:5-9 (AFR53)
Fokusgedeelte: Hebreërs 2:9

Christus is verhewe bo die engele

Jesus Christus, die ewige Seun van God wat inderdaad ver verhewe is bo die engele, het Homself verneder en vir ’n kort tydjie minder as die engele geword. Toe die Seun van God mens geword het, het Hy Homself in sy menslike natuur ingeperk en in daardie opsig minder as die engele geword. Hy het nie net tot daar Homself verneder nie. Hy het Homself verder verneder tot in die lyde van die dood sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak.

In die fokusgedeelte het die Here so baie inligting saamgevat. Ons moet dit stukkie vir stukkie bekyk om die omvang van die troosvolle waarheid raak te sien. Alhoewel alles nog nie aan die mens onderwerp is nie en ook nie aan Jesus Christus nie, sien ons Hom nou al met heerlikheid en eer gekroon. Hy is gekroon tot ons ewige Koning, toe Hy opgevaar het na die hemel en aan die regterhand van sy Vader gaan sit het. Die Seun van God was van ewigheid belangriker as die engele. Dit was net vir ’n kort tydjie wat Hy minder as hulle gemaak is. Die heerlikheid en eer waarmee Hy gekroon is, het Hy deur die lyde en dood verdien sodat alles en almal kan weet dat Hy belangriker as die engele is.

Die Seun van God se selfvernedering deur mens te word en sy verdere vernedering tot in die dood, is die vervulling van Psalm 8. Vir ’n kort tydjie was Hy minder as die engele gemaak sodat Hy vir die uitverkorenes se sondes kon sterf. Al hierdie vernedering en minder word as die engele is nie iets wat maar sommer net gebeur het nie. Dit het gebeur sodat Hy deur die genade van God die dood vir almal sou smaak. Hierdie genade van God bestaan daarin dat God toelaat dat Hy as Middelaar vir ander sterf. Dit is deur die genade van God dat die saligheid verwerf is.

Om die dood te smaak beteken nie om maar net daaraan te proe nie. Daarmee word gesê dat Christus die dood ten volle beleef het vir elkeen. *“Elkeen”* beteken nie dat Christus vir alle mense hulle skuld betaal het nie. *“Elkeen”* is al die mense wat die voordeel van Christus se dood deur middel van die geloof in Hom belewe. Slegs vir hulle vir wie die Heilige Gees die ware geloof gee, is die dood van Christus voordelig.

Christus het inderdaad vir ’n kort tydjie minder as die engele geword sodat Hy die mense wat in sonde geval het, kan verlos deur sy kosbare bloed en hulle lewensdoel en bestemming kan herwin. Wie deur die geloof in Christus ingelyf is, is nou reeds ’n erfgenaam saam met Christus. Aangesien Christus met heerlikheid en eer gekroon is, sal almal wat in die geloof aan Hom behoort ook met heerlikheid en eer gekroon word om te heers oor al die werke van God se hande.

Sing: Psalm 8-1:1, 3, 4

Ds. P (Pierre) Cilliers (Daniëlskuil/Duineveld)

Sondag 16 November

Skrifgedeelte: Kolossense 2:1-15
Fokusgedeelte: Kolossense 2:14, 15 (AFR83)

Jubel saam met Christus oor sy groot oorwinning oor alle bose magte

1 Christus het aan die kruis vir ons sondes gesterf. 2. Iemand het so pas een miljoen rand in my rekening inbetaal. Watter een van die

twee stellings bring die meeste beroering in jou binneste? Moontlik die tweede stelling? – want so maklik word die eerste stelling ou nuus, ’n ou waarheid waarvan ’n mens naderhand byna emosieloos net kennis neem.

Beleef die woorde van vers 14 en jubel weer asof jy nou die grootsheid daarvan beleef dat Christus jou skuldbewys aan die kruis gespyker het en al jou skuld uitgewis het. Nooit mag dit ou nuus word nie. Leef naby God, dan sal sy groot verlossingsdade jou diep raak. Christus se groot daad van verlossing moet elke dag jou moed en jou krag wees en jou rede om te jubel.

Elke dag moet vir God se kind soos ’n triomftog van oorwinning wees. Wanneer die leërhoof destyds ’n groot oorwinning oor die vyand behaal het, en sy soldate 5000 man of meer gedood het, en nuwe grondgebied vir die Romeinse keiser verower het, is die oorwinning roemryk gevier. Die leërhoof het op ’n strydwa met goud oorgetrek hierdie triomftog soos ’n optog deur Rome gelei, en hy was die middelpunt van alle eer – omring deur sy offisiere en manskappe. Luide musiek het die vreugde uitbasuin. Konings of manskappe wat gevange geneem is, is agter die krygswa vasgemaak om die verslane en ontwapende vyand in hierdie optog vir almal te wys.

Christus is jou Leërhoof wat oorwin het. Kom deel in sy optog van oorwinning, jy is een van sy soldate! Elke erediens, elke loflied, elke gebed, elke doop en nagmaal, en elke daad in jou lewe is ’n jubelende oorwinningstog van hoop en vreugde saam met Hom. Jy deel voluit in hierdie vreugde van verlossing.

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 5, 6

Ds. HJ (Hennie) Briel (Kimberley/Boshof)

Maandag 17 November

Skrifgedeelte: Handelinge 2:14-36
Fokusgedeelte: Handelinge 2:32, 33 (AFR83)

Jy is vervul met die Heilige Gees. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor

Die uitstorting van die Heilige Gees was geen geringe saak nie. Daar was skielik ’n geluid uit die hemel soos van ’n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle was. Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen gekom het. Aangrypend, mense het van oral saamgedrom toe hulle die geluid uit die hemel hoor.

Christus regeer nou vanuit die hemel waar Hy sit aan die regterhand van sy Vader. Die uitstorting van die Heilige Gees is ’n direkte gevolg van Christus se heerskappy oor alle volke en nasies en tale. Wanneer bruisende riviere ’n dam binnevloei, kom die stilstaande water van die dam in beroering, en hoor jy die geluid van bruisende water wat oor die damwal stort. Die Gees is ook in ons harte mildelik uitgestort. Die Gees bring ons in beweging, dit bruis oor ons lippe. Vers 11 sê daardie dag met die uitstorting van die Heilige Gees het almal gepraat oor die groot dinge wat God gedoen het.

Met die uitstorting van die Gees neem God alle struikelblokke weg sodat daar vryelik gepraat word oor sy groot dade. Selfs taal staan nie in die pad nie – elkeen hoor die evangelie in sy eie taal. Oor alle volke en nasies en tale heen kan daar oor die groot dade wat Christus gedoen het, bruisend gejubel word. Niks hoef niemand te keer nie. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.

Wat stroom die meeste oor jou lippe? Vers 33: Wat hoor en sien mense in jou? Kla jy heeldag swaarmoedig omdat jou dam leeg is, of jubel jy bruisend omdat die Gees jou lewe laat oorloop van dankbare lof aan God? Mag God se groot dade in jou lewe bruisend met gejubel oor jou lippe stroom.

Sing: Psalm 150-1:1, 3

Ds. HJ (Hennie) Briel (Kimberley/Boshof)

Dinsdag 18 November

Skrifgedeelte: Johannes 3:1-18
Fokusgedeelte: Johannes 3:3 (AFR83)

Jubel in die Here omdat Hy jou nuutgemaak het

Nikodemus – gesiene kerkman en Fariseër! Die Fariseërs was vyandig teenoor Jesus. Tog dryf iets vir Nikodemus na Jesus. Hy gaan in die nag sodat niemand hom sien nie. Wat wil hy by Jesus gaan doen? NEE – dit is Jesus wat hom in liefde nadertrek.

Skaars begin Nikodemus praat, of Jesus sê vir hom: As jy nie nuut gebore word nie, kan jy die koninkryk van God nie ingaan nie. As jy die Here se kind is, trek Hy jou nader. Hy maak sy kinders nuut, so drasties, asof jy weer gebore word. Hy plaas jou op die pad van die lewe. Die belangrikste in jou lewe word ’n lewe met God; om Hom te behaag; word die middelpunt van jou lewe.

Wat ’n ontnugtering vir Nikodemus. Hoe is dit moontlik om nuut gebore te word? Nie strenge wetsonderhouding nie! Die ou Nikodemus moet doodgaan. Hoor die aandwind daarbuite Nikodemus, jy weet nie waarvandaan hy kom en waarheen hy waai nie. So werk die Gees ook ongesiens. Jy word minder, en die Here meer. Jy word ’n soekende mens, ’n leerling aan die voete van Jesus. Omdat Hy jou liefhet, kweek Hy by jou ’n liefde en ’n behoefte vir Hom.

Daardie nag se gesprek met die Here het die vrugte van die Gees gedra. Johannes 19: Niks keer Nikodemus meer nie. Jesus het gesterwe aan die kruis. Nikodemus bring ’n oorvloed speserye vir die Here se begrafnis. Sy Here se dood keer hom nie, hy is brandende hier binne. Met Jesus se dood is dit met Hom en sy koninkryk nie verby nie. Niks kan hom nou van die liefde van Christus skei nie, nie lewe of dood of enige mag nie. Nikodemus is nuut gemaak. Die nuwe Nikodemus jubel oor die lewe wat hy in die sterwe van Jesus gevind het. Christus triomfeer jubelend oor sy en oor jou lewe.

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Ds. HJ (Hennie) Briel (Kimberley/Boshof)

Woensdag 19 November

Skrifgedeelte: Romeine 8:31-38
Fokusgedeelte: Romeine 8:32 (AFR83)

God gee sy eie Seun vir ons!

Hoe lyk ware liefde in die Here Jesus Christus? As jy werklik liefhet, gee jy jouself aan God en ander. So roep die Here vir Abraham om sy enigste seun Isak wat hy liefhet – die kind van die belofte – op die berg Moria te offer. Abraham antwoord in geloof hierop, want hy was daarvan vas oortuig dat God sy seun uit die doọd sou teruggee.

So illustreer God hierdie liefde in Jesus Christus aan ons. Iemand wat werklik liefhet, hou niks terug nie. So beeld God sy liefde uit: God gee sy eie Seun in ons plek om ons met Hom te versoen! God staan sy enigste Seun af aan die kruis ter wille van ons redding van die sondes, die duiwel en ons eie sondegebroke menslike geaardheid.

Nou is daar niks wat ons van God se liefde kan skei nie: nie onderdrukking, geweld, swaarkry, selfs nie die dood nie. In alles is ons meer as wenners! Gaan dink aan al die sugte wat ons heeldag uiter. Ons weet soms nie meer wat om in ons diepste nood te bid nie. Tog staan die Heilige Gees en die Woord ons met versugtinge by wat ons nie kan uitspreek nie. Hy bewerk alles vir ons ten goede. Hoe sal Hy dan ons nie laat deel in sy goedheid nie.

As God dan so ver gegaan het, hoeveel te meer sal ons nie deur sy Gees en Woord deel kry aan al die ander dinge wat Hy uit genade vrylik aan elke gelowige geskenk het nie! Hoe raak sy opofferende liefde ons bereidheid om ons aan ander oor te gee?

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2

Ds. SFF (Steve) van der Walt (Kathu/Olifantshoek)

Donderdag 20 November

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:13-20
Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:18, 19

Duurgekoop tot ’n dure roeping

Waar lê jou burgerskap? Jou burgerskap word deur die plek van jou geboorte bepaal. Petrus is pynlik bewus van die feit dat ons vreemdelinge op hierdie aarde is. Selfs al het ons ’n paspoort van ’n spesifieke land. Ons is ontworteld. Iemand wat weergebore deur God se Woord en Gees is, is noodwendig ’n vreemdeling op aarde.

Ons is losgekoop (vrygekoop) nie met tydelike en materiële skatte soos goud en silwer nie. Al weeg kosbare edelmetale swaar op aardse materiële markte, is dit verganklik. Ons is vrygekoop deur die onverganklike kosbare bloed van Jesus Christus. Die gelowiges is burgers van ’n ander land, ’n ander Koninkryk! Ons het nie deur geboorte nie, maar deur die wedergeboorte deur die Heilige Gees en die Woord deel van God se Koninkryk. Deur die werking van God se Woord en Gees is ons van bo-af gebore en verander Hy ons van Bo-af.

Daarom sê die apostel Petrus julle is nie weergebore deur verganklike dinge soos silwer en goud nie, maar deur die onverganklike saad van die Woord en die Gees. Dit maak dat ons eintlik so vreemd in hierdie wêreld voel. Mense praat anders op die aarde as in God se Koninkryk. Hulle leefwyse is soveel anders as in God se Koninkryk. Waar God regeer, is menslike eie begeertes en wense nie meer ter sprake nie.

Daarom: Hoe leef ons vandag hier op die aarde? Leef ons soos burgers van God se Koninkryk, as mense wat heeltemal anders dink en leef as wat die normale aardse burger dink en leef? Sien ander dit in jou raak? Kan ander mense sien jy is losgekoop van hierdie aardse koninkryke en het as wedergeborene ’n ander fokuspunt as ander? Leef dan daaruit en almal sal sien hoe jy ander beweeg om agter Jesus Christus aan te beweeg!

Sing: Psalm 73-1:7

Ds. SFF (Steve) van der Walt (Kathu/Olifantshoek)

Vrydag 21 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 10:1-18
Fokusgedeelte: Hebreërs 10:14 (AFR2020)

Jesus se volmaakte gehoorsaamheid het sý een offer vervolmaak

Ons het soveel rede om vanoggend in die Here se volmaakte offer te mag jubel. Hebreërs 10 wys ons op die onvolmaakte offers in die Ou Testament. Die grootste deel van die Ou Testament was maar net 'n skaduwee van die volmaakte offer wat op pad is. 'n Skaduwee wys heen na 'n werklikheid, maar dit is nog nie die werklikheid self nie. Die wet was eintlik die rowwe kantlyne van die goeie wat nog moes kom.

Ook die baie offers in die Ou Testament was so onvolmaak in vergelyking met die volmaakte wat moes kom. Die feit dat die offers herhaal en herhaal moes word, wys op die onvolkomenheid van al die baie offers. Die offers was net 'n herinnering en bedekking vir die mens se baie sondes. Nooit het die bloed van bulle en bokke die sonde kon wegneem nie. In die ou bedeling kon sonde bedek word (Hebreeuse *kafar*), maar was dit nie weggeneem nie.

Ons besef agter die wet en agter die offers het God se groot plan geskuil. Hoeveel kere wys die Ou Testament op 'n deurbraak wat aan die kom is. Ons teksverse is die bewys van die deurbraak wat gekom het. Gehoorsaamheid wat vir God baie meer beteken as al die offers wat daar was (vgl. 1 Sam. 15:22). Die Hebreërskrywer is duidelik met Psalm 40:7-9 besig as hy in die Psalm Christus van Homself hoor spreek. *"Kyk, hier is Ek om u wil te doen, o God!"* Christus sê vir sy Vader dat Hy vir Hom 'n liggaam voorberei het (Heb. 10:5). Dié liggaam was in alles aan God gehoorsaam; dieselfde liggaam wat vir ons sondes geoffer moes word. Dit was die eenmalige volmaakte offer! Christus se gehoorsaamheid het sy volmaakte offer voorafgegaan.

Sy gehoorsaamheid en sy vrywillige offer is vandag die enigste waarin ons geheilig kan lewe. Ons mag deel in die vrugte van Christus se gehoorsaamheid. Die Grieks maak dit hier duidelik dat die offer eens en vir altyd afgehandel is. Ons is nóú voor God in 'n voortdurende staat van verlossing en heiligmaking. Dit gee ons soveel rede om in

Christus se gehoorsaamheid en offer te jubel. Mag u bly jubel in die soewereine daad van God waar Hy u vir Hom afgesonder het, in Hom is u geheilig.

Sing: Psalm 40-1:5, 8

Dr. PJ (Petrus) Venter (Postmasburg)

Saterdag 22 November

Skrifgedeelte: Romeine 5:12-21
Fokusgedeelte: Romeine 5:20-21 (AFR2020)

In Jesus Christus voer die werklikheid van God se genade die botoon

Romeine 5 is ’n hoofstuk vol blydskap. Die eerste vyf verse wys hoe jy jou in jou persoonlike posisie, in jou vooruitsigte, selfs in jou moeilikhede kan verbly. In vers 6-10 is daar blydskap opgesluit in die geestelike posisie waarin God ons deur die werk van Jesus Christus in geplaas het. In vers 11 kan ons ons in Wie God Self is, verbly. Om roem te mag vind in God deur Jesus Christus, deur Wie ons met God versoen is.

Hierna word ons ingelei in die heerskappy wat die sonde en die dood oor ons lewe sou gehad het as dit nie was wat Jesus Christus vir ons gedoen het nie. Die eerste mens Adam was die inleiding op die dood wat geslag na geslag oor die mensdom sou heers. Die eerste Adam was al ’n heenwysing hoe nodig dit is dat daar ’n tweede Adam in hierdie wêreld sou moes kom (vs 14).

Die werklikheid van God se genade het in Jesus Christus die botoon kon voer. In vers 15 staan dit al duidelik dat die genade van God ’n oorvloedige genadegawe geword het. Dit word net nog oorvloediger. Dieselfde genadegawe het gemaak dat ons as mense uit baie misdade vrygespreek kon word (vs 16). Die gawe van God se regverdiging het deur die een mens, Jesus Christus, in die lewe regeer. Die sonde en die dood kon nie meer heers nie.

Wanneer God se Wet die sonde net nog duideliker kon aandui, dat

dit kon lyk die sonde word net nog meer en meer, maar “namate die sonde toegeneem het, het die genade net nog soveel oorvloediger geword”.

Hierdie besondere genade word op die einde die grootste wat dit kan wees. God se genade heers oor alle terreine van die lewe. Verbly jou daarin! Die botoon van God se genade strek tot in die ewige lewe. Die sonde het deur die dood geheers, maar nou heers God se genade deur God se regverdiging. Dit wat lei tot die ewige lewe in Jesus Christus, ons Here.

Sing: Psalm 31-1:17

Dr. PJ (Petrus) Venter (Postmasburg)

Sondag 23 November

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:1-11 (AFR83)
Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:10, 11

In stryd met die gesonde leer

Hierdie eerste brief van Paulus aan Timoteus skryf hy uit Masedonië aan Timoteus in Efese. Paulus het dit vroeër nodig geag om sy leerling, Timoteus, wat hy ook in vers 2 sy eie kind in die geloof noem, in Efese agter te laat omdat daar valse leraars in die stad was. Hierdie valse leraars was mense wat in die kerk ingekom het en die gesonde leer verdraai het. Paulus skryf nou in hierdie brief dat Timoteus hierdie valse leraars wat valse leerstellings versprei, moet verbied om dit te doen. Hierdie valse leerstellings van die valse leraars was in stryd met die gesonde leer (vs 10).

Hier moet ons oplet: Paulus noem ’n lys van praktiese dade wat sonde is en laat alles val onder die benaming van “wat met die gesonde leer in stryd is”. Sonde is met die gesonde leer in stryd. ’n Mens kan nie beweer dat hy/sy die gesonde leer aanhang en dan is hy/sy ’n leuenaar of ’n ontugtige nie. Die gesonde leer loop hand aan hand met die gesonde lewe. Net so loop die verkeerde lewe hand aan hand met die verkeerde leer. Die leer en lewe kan nie van mekaar losgemaak word nie.

Die Griekse woord wat Paulus in vers 10 vir “gesonde” gebruik, herinner aan die woord higiënies. Dit dui op die higiëniese leer, of leer wat vir die lewe gesond of heilsaam is. In vers 11 maak Paulus dit duidelik dat hierdie gesonde leer niks anders as die evangelie is nie. Die evangelie van Christus. Ons behoort ook in ons lewens aan die gesonde leer vas te hou. Die gesonde leer lei tot die regte lewe.

Met die regte lewe, waarin die wet van die Here uit dankbaarheid nagekom word, dra die Christen ook die evangelie uit waar hy woon en werk. Hy versprei ’n lieflike geur van die evangelie waar hy ook al rondgaan. Daarom, beywer jou vir die gesonde leer, die leer van ons Here Jesus, die ware evangelie. Hou daaraan vas, dra en leef dit uit!

Sing: Psalm 119-1:1

Ds. PGP (Pieter) le Roux (Wonderboompoort)

Maandag 24 November

Skrifgedeelte: Filippense 2:1-11
Fokusgedeelte: Filippense 2:10-11

Jesus Christus verneder en verhoog, sodat ons in nederigheid ernstig na Christelike eenheid sal streef

Jesus Christus het deur sy versoeningswerk die voorbeeld gestel van ware Christelike eenheid. Sy prys vir eenheid was die dood. Nederigheid en ’n ware dienskneggestalte is wat nodig is vir eenheid in die liggaam van Christus, sy kerk.

Paulus beklemtoon dat ons deur ons troos in Christus, deur die aansporing van sy liefde, die gemeenskap deur die Gees en die innige meegevoel en meelewing genoegsame redes het om te streef na Christelike eenheid. Christus het vir ons ’n duidelike voorbeeld gestel van wat nodig is om te streef na hierdie Christelike eenheid. Eensgesindheid is noodsaaklik. In denke, hart en siel moet gefokus word op die dinge waarop dit werklik aankom. Ons moenie dinge uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet ons bereid wees om mekaar te dien. Ons moet mekaar help, bereid wees om die een wat geval het, op te tel, op te hou en op te bou.

Dit was immers die gesindheid wat daar in Jesus Christus was. Hy het sy posisie prysgegee. Hy het alle rede gehad om selfgesentreerd te wees. Hy is God, maar Hy het sy ewigheidsbestaan prysgegee en mens geword. Hy het sy voorregte prysgegee. Hy is beperk in sy vrymag om alles te doen. Hy was volledig mens, sonder sonde. In alles het Hy geweet wat die doel van sy koms was. Hy het in gehoorsaamheid homself oorgegee in die dood. En deur sy verhoging is ons nou in staat gestel om in nederigheid en met 'n ware dienskneggestalte ernstig na Christelike eenheid te streef.

Christus het deur sy lewe ons geleer dat ons ons eers in nederigheid voor die Here moet onderwerp, want dan sal Hy ons verhoog (Jak. 4:10).

Sing: Skrifberyming 1-1:3, 6

Dr. TC (Theuns) de Klerk (Emeritus)

Dinsdag 25 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 9:23-28
Fokusgedeelte: Hebreërs 9:24

Tot agter die rookwolk …

Dat ek voor Hom in die hemel moet gaan verskyn? Wat 'n uiters vreemde gedagte! Wat sal ek sê? Wat sal ek doen? Hoe verskyn 'n mens voor soveel grootheid en mag? As ek net vir een oomblik daaraan dink dat ek dalk êrens onvoorbereid by een of ander baie belangrike aardse funksie sou moes opdaag, maak dit my al klaar uiters ongemaklik! Kan so iets ooit menslik moontlik wees? Selfs die hoëpriester van ouds het dit nouliks gewaag om in die mensgemaakte (letterlik: "kopie van") Allerheiligste van daardie tyd voor God te verskyn. Hy kon hom darem skuilhou agter die voorgeskrewe rookwolk (Lev. 16:13) om hom sy eie verleentheid en onwaardigheid te spaar en om Hom van God se grootheid, almag en waardigheid te bewaar.

Hoe verskriklik as ek nou voor Hom daar in die hemelse Allerheiligste (nie mensgemaakte!) moet gaan verskyn, ontbloot en alleen, met niks of geen rookagtige wolk om agter weg te kruip nie! Hoe absoluut

ondenkbaar! Wie “op aarde” sou enigsins tot so iets in staat kon wees en dalk bereid wees om dit vir my te doen?

Dit verander alles as een Persoon op die aardse toneel verskyn. Jesus maak sy verskyning (vs. 26) aan ’n kruishout met ’n eenmalige versoeningsoffer – vir my – omdat ek nooit self aan ’n kruishout so ’n offer sou kon bring nie. Hy gaan egter ook baie verder. Hy vertrek na die hemelse Allerheiligste, nie ’n mensgemaakte kopie of weergawe daarvan nie. Daar verskyn Hy voor God (vs. 24) omdat ek dit daar ook nooit sou kon waag en oorleef nie. In my geestesoog sien ek Hom al daar: voor God, sonder enige rookwolk om agter te skuil, oop en bloot, van aangesig tot aangesig. Hy is in gesprek met die Vader – en dit vir my, in my plek!

Intussen, hier op aarde, moet ek wakker en op die uitkyk wees. Hy gaan nog weer een laaste keer hier kom verskyn (vs. 28). Nee, ek hoef gelukkig nie meer daarvoor bang te wees nie. Hy verskyn dan om my na Hom toe te neem sodat ek self uiteindelik voor God kan verskyn!

Sing: Psalm 84-1:1

Ds. DPJ (Danie) Erasmus (Emeritus)

Woensdag 26 November

Skrifgedeelte: Efesiërs 2:1-10
Fokusgedeelte: Efesiërs 2:5

Ons is uit genade deur Jesus Christus lewend gemaak

Julle was dood. Nou lewe julle. So drasties het dinge vir die gelowiges in Efese verander. Vroeër het hulle gelewe soos die sondige wêreld, het hulle hul laat lei deur die vors van die onsigbare magte, is hulle deur hulle eie sondige begeertes oorheers en het hulle gedoen net waartoe hulle luste hulle gelei het. Die gevolg is dat hulle deur God gestraf moes word. Dood. Nou is hulle opgewek uit die dood en het hulle ’n plek in die hemel. Lewe.

Wat het die groot verandering in hulle lewens gebring? Hulle is saam

met Christus lewend gemaak. Christus Jesus het hulle saam met Hom opgewek uit die dood en saam met Hom 'n plek in die hemel gegee. God se goedheid is aan hulle bewys in Christus Jesus. Hulle het nou deel gehad in Christus Jesus.

Om in Christus Jesus te wees, beteken om in 'n lewende verhouding met Hom te wees. Om deel te hê aan Homself. Om in Christus Jesus te wees, is genade van God. Daar is geen duideliker Skrifbewys as juis vers 8 en 9 nie. Dit is 'n Godgegewe voorreg wat 'n mens nie kan verdien nie, wat nie uit die mens self opgekom het nie en waarop geen mens uit homself trots kan wees nie. Hoewel baie van ons in gelowige huise grootgeword het en die goedheid van God in Jesus Christus ons lewe lank ken, mag ons nie die drastiese verandering wat Christus Jesus in ons lewe gebring het, miskyk of dit ooit as vanselfsprekend aanvaar nie. Ook ons is uit die dood opgewek om te lewe.

Dat ons hierdie voorreg besit, is alleen deur die genade van God in Jesus Christus.

Sing: Skrifberyming 1-1:1

Ds. HS (Fanie) Coetzee (Potchefstroom Die Bult)

Donderdag 27 November

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 5:11-21
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 5:20

Is jy met God versoen?

Twee sake is baie belangrik wanneer ons na die betekenis van versoening kyk: dit is 'n onbetwisbare voorreg en dit is 'n onontbeerlike plig. Versoening staan teenoor "baklei" of "breek in vriendskap". Die sonde het 'n breuk gebring in ons verhouding met God. Die sonde maak die skepping stukkend. God wil versoen en daarom tree Hy op. God neem die inisiatief. Dit wat die sonde stukkend gemaak het, word herstel.

Versoening beteken vernuwing – die verhouding wat stukkend ge-

maak was, word heelgemaak. Versoening beteken om rebellerende en sondige mense se vyandigheid teen God weg te neem. Om hulle weer in die regte verhouding tot God te bring. Daarvoor is ’n prys nodig. God gee die prys. Jesus Christus is die Middelaar. God maak sy regverdige Seun tot sonde en vir die prys word die verhouding herstel. ’n Onbetwisbare voorreg – God bring versoening: dit is die evangelie.

God gee egter ook die bediening van die versoening. Hy inspireer die Woord. Die Woord bevat hierdie blye boodskap van versoening. Daarom ’n onontbeerlike plig – verkondig die boodskap. God het ons dienaars van sy versoeningsprogram gemaak (vs 18). Hy het die boodskap aangaande die herstelde verhouding aan ons toevertrou (vs 19). Ons tree op as gesante van God (vs 20). Om hierdie opdrag uit te voer, moet die versoening met God aanvaar word. Moet seker gemaak word of ons inderdaad met God in die regte, herstelde verhouding staan. Deur die opstanding van Christus is daar nie net regverdiging nie, maar ook heiliging. In Christus is ons opgewek tot ’n nuwe lewe. Wie in ’n herstelde verhouding met God leef, is ’n gesant, ’n ambassadeur van God. As ambassadeur verkondig jy dit wat aan jou opgedra is. Jy praat met die gesag wat Christus jou gegee het. Hoe ’n goeie ambassadeur van versoening is jy vir Christus?

Sing: Psalm 71-1:12, 14, 15

Dr. TC (Theuns) de Klerk (Emeritus)

Vrydag 28 November

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 2:1-7
Fokusgedeelte: 1 Timoteus 2:1-2

God wil hê dat sy kerk vir alle mense moet bid

Ons moet besef hoe belangrik die gebed is. Die Here se kerk moet biddend wees. Ons moet God se vereistes vir die gebed leer ken. God wil hê dat sy kerk in hulle gebede ook meewerk aan die uitvoering van sy raadsplan. Vir alle mense moet gebid word, maar die kerk het ook ’n besondere verantwoordelikheid teenoor die regering.

In hierdie gedeelte handel dit oor voorskrifte vir die gebed in die erediens. Ons kan nie net bid om ’n geseënde diens en ’n ongesteurde samekoms nie. Ons moet bid vir alle mense en besonderlik vir die wat regeer en gesag uitoefen. Elke mens het ’n rol in God se raadsplan. Die regerings en gesagsdraers is deur God ingestel. Die regering hoef nie te sorg vir die groei van die geloof nie. Dit doen die Heilige Gees deur die Woord. Die regering moet sorg vir ’n rustige en stil lewe. Daar moet orde wees. Dan kan die kerk sy roeping uitleef.

Hoe moet ons leef? Verskillende aspekte word beklemtoon. Die ryke veelvormigheid van die gebed word ons geleer: Met smeking – Die woord het die betekenis van ’n petisie vir ’n definitiewe nood wat besonder sterk gevoel word. Jy vra vir die vervulling van ’n sekere nood in volle afhanklikheid van God met die besef dat net Hy alleen die oplossings kan gee. Met voorbidding – Dit is om met ’n pleidooi in eerbied na God te kom, tot voordeel van iemand anders. Dit is soos Christus vir ons intree by die Vader en ons kan deur Hom, ons Voorspreker, vra. Ten slotte, met danksegging – Dankbaarheid moet ons nooit vergeet nie. Dit is die lofprysing vir al die gawes wat God ons skenk. Ons moet dankbaar wees vir sy genade in Jesus Christus. So moet die kerk bid vir alle mense.

Sing: Psalm 145-1:1, 5, 11

Ds. LM (Lourens) Kruger (Emeritus)

Saterdag 29 November

Skrifgedeelte: Romeine 4:1-6
Fokusgedeelte: Romeine 4:5

Vryspraak deur geloof

Vryspraak is net op een manier moontlik en dit is deur die lyde en sterwe van Jesus Christus aan die kruis. Daar is geen ander moontlikheid nie. Wetsonderhouding bring jou nêrens nie, omdat jy ’n sondige mens is. Jy kan ook nie met geld betaal om van jou sondes bevry te word nie. Alleen deur die bloed van Jesus Christus is daar vergewing van sondes. Hy het die wet in al sy fasette vir ons volbring.

Jy mag vra: Wat kan ek doen om deel te kry aan die vryspraak wat Jesus deur sy lyde aan die kruis verwerf het? Die antwoord is: Jy moet glo! Jy moet onvoorwaardelik glo in hierdie magtige verlossingsplan van God wat Hy in werking gestel het deur sy Seun na die aarde toe te stuur. Jy moet glo dat Hy ook vir jou aan die kruis gesterf het en vir jou sondes betaal het. Alleen deur dit te glo, kry jy deel daaraan, soos dit ook in die Nederlandse Geloofsbelydenis (Art. 22) gestel word: "Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienstes. Dit maak Hom ons eie en soek na niks anders as na Hom nie." Paulus haal die Skrif aan (Rom 4:3, 9): "Abraham het geglo, en God het hom vrygespreek."

Die Heilige Gees werk die opregte geloof in ons harte, maar hierdie geloof moet kos kry. Voed dit met die Woord. Lees en bestudeer jou Bybel gereeld. Gaan elke Sondag kerk toe en neem deel aan die Nagmaalsviering. Dit is die middele waardeur God jou geloof voed.

Sing: Skrifberyming 12-2:4

Ds. PJ (Pieter) van der Walt (Emeritus)

Sondag 30 November

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 2:1-11
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 2:5-11

Die Naam van Jesus beteken dat Christus teenwoordig is

Petrus en Johannes het saam opgegaan tempel toe waar 'n kreupel man na hulle gebring is. Hulle het hom, in die Naam van Jesus Christus, beveel om op te staan en te loop. Deur die mag van God het die Here se krag soewerein geskitter en is hierdie man genees. Ná hierdie wonderwerk het Petrus vir die volk gesê dat hierdie man in die Naam van Jesus genees is (sien Hand. 3:16).

As gevolg van hierdie preek waarin Petrus die evangelie verkondig het, is hy en Johannes deur die Joodse leiers gevange geneem en die volgende oggend verhoor. Nou bots die mag van die owerheid met die mag van God.

Die Joodse owerheid het hulle toe gevra: Deur watter mag en deur

watter naam het julle dit gedoen (vs 7b)? Petrus het geantwoord dat dit deur die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, is (vs 10). Hierop het hy uitgebrei dat die mag nie net gegee is om te genees nie, maar juis om te red. Hierdie mag tot redding is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie (vs 12).

Dit was nie die apostels wat genees het nie, maar Jesus. Die Naam van Jesus beteken dat Christus teenwoordig was en kragtig gewerk het.

Vandag kan ons ook weet dat God se bemoeienis met ons as sy verbondsvolk nie net daarin lê dat Hy bo alle krag en mag regeer nie, maar dat Hy ons ook uit die verskriklike mag van sonde gered het. Sy mag skitter en triomfeer bo enige ander, ja soewerein bo die mag van Satan self.

Laat ons Hom daarvoor dank en sy Naam nie misbruik nie, maar Hom aanroep en in Hom jubel.

Sing: Psalm 145-1:1, 2, 4

Dr. JD (Juan) Mienie (Zeerust)

KWARTAAL 4 – DESEMBER

TEMA:

Jubel in die HERE wat soewerein regeer oor die volke en die wêreldgeskiedenis (Ps. 33:10-11) en as gevolg van sy besondere bemoeienis met die verbondsvolk (vs 12 ev).

Maandag 1 Desember

Skrifgedeelte: Esegiël 36:21-38
Fokusgedeelte: Esegiël 36:21-23

Die Here het ons om Christus wil herstel

God se volk wat in ballingskap weggevoer is terwyl die stad Jerusalem vernietig is, was in 'n wanhopige toestand. Dit alles was as gevolg van hulle sonde. Tog skyn daar ligstrale van verligting op die horison wanneer die Here sy volk beloof dat Hy hulle sal herstel. Hy sal hulle as volk herstel (vs 24), maar Hy sal ook die harte van sy volk herstel (vs 26-27). Ook sal Hy die ekonomie van die volkslewe herstel wanneer hulle terug is in hulle land (vs 28-30).

Het die volk uit hulleself enige rede vir hierdie herstel gehad? Nee, Israel het steeds 'n sondige volk gebly. Die rede vir die herstel word duidelik genoem: Die Here doen dit nie ter wille van Israel nie, maar ter wille van Homself, ter wille van sy heilige Naam (vs 21-23). Ter wille van sy eer alleen herstel die Here sy heilige Naam onder die nasies.

As gelowiges kan ons ook weet die Here het ons om Christus ontwil herstel. Hy het ons gered, nie deur enige oorsaak uit onsself nie. Hy het dit gedoen uit sy eie welbehae, ter wille van sy Naam en eer. Ons wat niks anders as God se ewige straf verdien nie, is deur die Koning van die konings en Heer van die here opgehef en herstel tot skape van sy kudde.

Hy wat soewerein oor die nasies en sy volk regeer het vrymagtig ons harte verander en aan ons sy Gees gegee sodat ons Hom sal loof en prys. Laat ons daarom ook bloos en skaam wees oor ons sonde (vs 32) en ons voortdurend voor Hom verootmoedig. Laat ons dan

opstaan en uit dankbaarheid in die Here jubel wat ons gered het en sy heilige Naam in die wêreld bely.

Sing: Psalm 113-1:1, 2, 3

Dr. JD (Juan) Mienie (Zeerust)

Dinsdag 2 Desember

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:15-23
Fokusgedeelte: Efesiërs 1:18, 19 (AFR53/83/2020)

Lewe al meer met "oop oë"

Paulus dank die Here vir die geloof en liefde wat Hy in die gemeente laat ontstaan het. Die Here wek die ywer in sy diens. Die daaglikse omstandighede kan egter die ywer demp, ons oë wil toe maak vir die genade van God in ons lewe. Daarom bid Paulus vir die gelowiges wat die Here deur sy genade uitgekies het om heilig en onberispelik voor Hom te lewe. Hy bid vir die gelowiges wat reeds deur God geregverdig is. Hy bid vir ons wat deur die genade van God kan sien dat Jesus Christus ons Verlosser en Koning is.

Wat bid Paulus vir ons? Sy gebed is dat die HERE ons verligte oë van die verstand sal gee, dat ons sal toeneem in die kennis van hierdie genade van God sodat ons werklik sal verstaan wat die geloof in Christus inhou. Dat ons nie deur óns oë na die wêreld en omstandighede om ons kyk nie, maar al meer deur die oë van die Here. Paulus bid dat ons geestesoë al meer oop sal wees.

Daarom bid hy vir drie aspekte van die kennis waarin ons moet groei, of versterk word. Drie aspekte waarvoor ons oë van geloof al meer oop moet wees. Hy bid vir verligte oë van ons verstand:

- sodat ons kan weet wat die hoop van sy roeping vir ons is;
- sodat ons kan weet wat die rykdom van die heerlikheid van sy erfdeel onder die heiliges is;
- sodat ons kan weet wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo.

Paulus se bede is dat ons al meer sal weet, al meer met “oop oë” sal lewe om te sien wat die Here se doel is met jou en my. Sy roeping vir ons. Sy erfdeel wat Hy vir seker vir ons in die hemel in bewaring hou. Sy krag waardeur Hy ons van begin tot einde dra. Dit is dieselfde krag waarmee Hy Jesus Christus uit die dood opgewek het wat Hy in ons laat werk om al meer met “oop oë” te kan lewe.

Sing: Psalm 119-1:26

Ds. R (Riaan) Jansen van Vuuren (Lichtenburg)

Woensdag 3 Desember

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 1:1-10
Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 1:6 (AFR53/83/2020)

Aksie, Aksie, Aksie!

Die HERE het ons geaktiveer om ’n voorbeeld van sy liefde te wees waaroor mense praat. Ons is deur die geloof alleen regverdig voor God gestel. Dit beteken dat jy en ek niks bygedra het daartoe om ’n kind van God te wees nie. Dit is alleen deur die verlossingswerk van Jesus Christus. Hy het aan die kruis met sy liggaam en bloed betaal en ons losgekoop van die sonde en die ewige dood. Dit is God wat ons gekies het om sy kinders te wees. Hy het ons regverdig voor God ons Vader gemaak. Een van die merktekens dat ons regverdig is deur die geloof in Jesus Christus is dat ons oorgaan tot aksie om ons geloof, hoop en liefde vir die Here openbaar te maak. Paulus dank God vir die gelowiges, die werk van hulle geloof, die inspanning van hulle liefde en die volharding van hulle hoop op ons Here Jesus Christus. Die gemeente was aktief besig om hulle geloof uit te leef.

Die gemeente van Tessalonika het die liefde van God in hulle lewens besef en hulle lewens was ’n bewys daarvan. Daar staan in 1 Tessalonisense 1:6 dat hulle volgelinge geword het van die Here deur die voorbeeld van Paulus en sy medewerkers te volg. Daar het ’n verandering in hulle lewe plaasgevind. Die voorbeeld wat hulle nou gestel het in die samelewing, het die mense aan die praat gehad. Hulle het die liefde wat hulle vir die Here gehad het, duidelik gemaak.

Die mense het nou vertel hoe hulle liefde aan Paulus en sy medewerkers bewys het. Die mense vertel van hoe hulle van die afgode in hulle lewens ontslae geraak het en tot God bekeer het. Die mense vertel hoe hierdie gemeente die Here dien. Die mense vertel hoe hulle die Here Jesus Christus, wat God uit die dood opgewek het, verwag. Wat vertel die mense van ons, van jou?

Die regverdiging in die geloof het hulle daartoe gebring om in moeilike omstandighede oor te gaan tot aksie. Die Here het ons ook deur die geloof geregverdig. Die liefde wat God ons bewys het, moet ons ook daartoe bring om in alle omstandighede die Here aktief te dien. Aksie ...! Aksie ...! Aksie ...!

Sing: Psalm 31-1:17, 19

Ds. R (Riaan) Jansen van Vuuren (Lichtenburg)

Donderdag 4 Desember

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 2:1-16; NGB Art 22
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 2:12 (AFR53/83/2020)

Ons soek nie meer nie ... ons weet

Die Nederlandse geloofsbelydenis Artikel 22: *"... Daar is dus net twee moontlikhede: In Jesus Christus is nie alles wat vir ons saligheid nodig is nie, of dit is alles wel in Hom, en dan het hy wat Jesus Christus deur die geloof besit, sy volle saligheid ..."* Die twee moontlikhede wat die Nederlandse Geloofsbelydenis aan ons voorhou, is soos twee paaie in die lewe. 'n Mens is óf op die een pad óf jy is op die ander pad. Die moontlikheid om op albei paaie te wees, is onmoontlik.

Op die eerste pad is daar mense wat altyd soekend is, en op verskeie maniere na iets of iemand soek om hulle volle saligheid te gee. Dit is 'n pad van die wêreld wat tot ewige verlorenheid lei. Die tweede pad is die pad van verlossing in Jesus Christus alleen, wat tot volle saligheid lei. 'n Pad wat vas en seker is en tot die volle saligheid lei.

Hoe weet ons op watter pad ons is? 1 Korintiërs 2:12: *"Die Gees wat*

ons ontvang het, is nie die gees van die wêreld nie, maar die Gees wat van God kom. So weet ons wat God ons uit genade geskenk het." Dit is deur die genade van God dat Hy ons deur die Heilige Gees die wete gegee het dat ons op die pad van verlossing is, die pad na volle saligheid. Ons kan met die opdraendes en afdraendes van die lewenspad hier weet dat ons die volle saligheid wat ons reeds in Jesus Christus besit sal ontvang.

Ons was verlore, maar die HERE het ons na Hom teruggebring. Ons leef met die verwagting dat Jesus Christus, wat ons reeds volkome verlos het van al ons sondes, ons aan die volle saligheid sal laat deel kry wanneer Hy weer kom. Ons soek nie meer na iets of iemand anders om ons salig te maak nie. Ons weet dat Jesus Christus alles is wat ons nodig het vir ons volle saligheid.

Sing: Psalm 68-1:9

Ds. R (Riaan) Jansen van Vuuren (Lichtenburg)

Vrydag 5 Desember

Skrifgedeelte: Jeremia 23:1-8
Fokusgedeelte: Jeremia 23:1-8

Goeie nuus as leiers sleg is

Is jy bekommerd oor kinders, familie of vriende wat jy weet "die Here ken", maar afgedwaal het? God is getrou waar mense misluk. God spreek hier die mislukte leiers van Israel aan. Hulle het nie goed vir sy skape gesorg nie. Maar, al is hulle verstrooi, sal God sorg dat sy kinders terugkom. Selfs in sy regverdige oordeel is daar betroubare genade. Dit gebeur met Israel na die ballingskap, maar Jesus, die ware Goeie Herder, vervul God se belofte om sy verstrooide kudde te herstel.

Die ontroue herders (Jer. 23:1-2) – God is 'n goeie regeerder deur die leiers met die verantwoordelikheid om sy skape te versorg, te oordeel. As mense misluk selfs ons leiers. Presidente, werkgewers, ouers. Mense se nood vir buitemenslike hulp is groot. Ons het 'n leier nodig wat nie misluk nie.

Die belofte van herstel (Jer. 23:3-4) – God belowe só 'n leier om die oorblyfsel van sy kudde uit alle nasies te versamel. Ten spyte van hulle ballingskap en mense wat misluk, beskou en eis God hulle steeds as sy eie. Jesus, die Spruit van Dawid se familie, vervul hierdie belofte (Jer. 23:5-6).
Jesus Christus: Die uiteindelike Goeie Herder – Jesus het verklaar: *"Ek is die goeie herder"* (Joh. 10:11). Hy maak sy verstrooide skape bymekaar, selfs uit ver lande. Deur sy offer aan die kruis versoen Hy ons swakheid en ontrou met God, en herstel ons verhouding. Jesus is die leier wat nooit teleurstel nie. God se soewereiniteit oorskry grense en omstandighede. Hy orkestreer herstel, en bring sy mense terug na hulle geestelike kraal. Ons troos hoop lê in sy onwrikbare liefde en getrouheid.

Mag ons rus in die soewereine heerskappy van God die Vader, wetende dat Hy deur sy Seun sy geliefde kudde versamel, herstel en versorg.

Sing: Psalm 46-1:1, 6

Dr. G (Griffel) van Wyk (Rustenburg)

Saterdag 6 Desember

Skrifgedeelte: Jeremia 51:1-10
Fokusgedeelte: Jeremia 51:1-10

Die wind van oordeel is ook God se bevryding

Is jy bang vir dele in die Bybel wat praat oor God se oordeel? Maak dit jou bang vir God? God verklaar hier sy oordeel oor Babel. Die eens magtige ryk wat sy mense verdruk het. Juis om sy mense te red, moet Hy oordeel. Daarin is sekerheid van bevryding van die wêreld en die bose wat my en jou verdruk.

- *Die verwoestende wind (vs 1-5)*

God stuur 'n verwoestende wind teen Babel, 'n metafoor van sy oordeel. Mense kom met oorlog en "skud" Babel in hierdie "wind", soos koring en kaf in die ou tyd van mekaar geskei is in die wind. Hierdie proses, die wind, verwoes terselfdertyd vir Babel, maar red Israel en

Juda, hulle is nie alleen nie!

- *Die geregtigheid van God (vs 5-8)*

Israel se tyd in Babel was ’n tyd van straf, maar ook loutering en groei in die besef van hoe nodig hulle God het. Toe die stad aangeval is, was dit die dag toe hulle bevryding aangebreek het. Al het hulle baie alleen gelyk, was hulle nooit alleen nie – selfs in die oordeel. Dit is weens die versoeningswerk van Jesus Christus, eeue later, dat God hier bly by self ontroue mense.

- *Getuig van die redding (vs 10)*

As verloste gelowiges praat ons graag van God se verlossingswerk in Sion. Die kring waar God se kinders bymekaar is, die kerk. Hier gaan dit duidelik nooit oor óns geregtigheid nie, maar oor God wat in die oomblik van oordeel oor Satan aan die kruis ook ons bevry het. Sy oordeel maak ons nie meer bang nie, dit maak ons bly!

In die wind van God se oordeel is ook my onreg aan die kruis veroordeel. My vyand is veroordeel. As ek nou hoor van God se oordeel, maak dit my nie bang vir God nie, maar vol bewondering vir my bevryding.

Sing: Psalm 68-1:1 ,9

Dr. G (Griffel) van Wyk (Rustenburg)

Sondag 7 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 8:1-4
Fokusgedeelte: Romeine 8:1-4

Genade vir jou is so vas soos die natuurwette

Het jy al ooit beleef dat swaartekrag ophou werk? Nee, dis ’n natuurwet wat vas en seker is. Net so is daar ’n ander reëlmatige wet wat vas is: die straf op oortreding van God se wet is die dood. Dis die vaste noodwendige gevolg. Maar, wat as daardie straf klaar gedra is?! Dan mag die gevolg – die oordeel en dood- mos nie meer daar wees nie! Dis óók vas soos ’n natuurwet!

Noudat Jesus Christus die straf gedra het, is daar eenvoudig geen meer veroordeling meer vir die wat in Christus is nie. Dit kan nie en

mag nie. Volgens die ewige wette van regverdigheid en reg. Maar wat van sonde wat ek nog doen? God se wet op sy eie kan nie sonde uit ons lewens hou nie. Daardie "grensdraad" is te swak vir ons sterk en gebroke menslike natuur. Ons het die grensdraad heeltyd gebreek en die sonde ingenooi.

Maar na Jesus se werk voltooi is, is daar nou 'n ander wet, 'n ander reëling, wat ons rig. Die wet van die Gees. Hierdie "wet" sê dat ons nou onder sy leiding lewe en Hy ons leer om sy wil te wil doen. My sondige natuur het nie meer die houvas van 'n slawe-eienaar nie. En ek kan werklik uit my hart die goeie begin doen, wat God in elk geval in sy wet van my vra gevra het. Dit wat uit geloof, volgens sy wil en tot sy eer is, en nie op menslike idees of tradisies gegrond is nie (HK Sondag 33).

Sy genade vir jou is dus so vas soos die natuurwette! So min as wat jy bang is swaartekrag sal môre ophou werk, so min hoef jy bang te wees dat sy genade vir jou sal ophou. Dis vas.

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Dr. G (Griffel) van Wyk (Rustenburg)

Maandag 8 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 8:18-25
Fokusgedeelte: Romeine 8:22, 23

Sugte wat roep om die wederkoms van Christus

Daar is drie dinge wat in hierdie lewe sug, sê Paulus in Romeine 8. Dit is die skepping (vs 22), die kerk (vs 23) en die Gees (vs 26).

In die gedeelte wat jy gelees het, kom die sugte van die skepping en die kerk aan die orde. Waarom sug die skepping? Dit is die gevolg van die mens se sonde dat die hele skepping nou daaronder ly. Die hele skepping trek in haar sugte saam soos 'n vrou wat op die punt is om 'n kind in die wêreld te bring. Dorings en dissels, aardbewings en tsoenami's, hongersnode en oorloë, alles op hierdie aarde en in die heelal laat die skepping sug om uit die wurggreep van die sonde los

te kom. Elke kraampyn in die skepping bring die verwagting: Nuwe lewe is op pad soos by 'n swanger vrou. Christus kom!

Waarom sug die kerk? Waarom sug ek en jy saam met al die gelowiges? Ons sug omdat ons nog nie die volheid van ons verlossing gesmaak het nie. Die sonde staan nog by ons. Ons sug, want ons het nog nie 'n verheerlikte liggaam nie. Ons sug, want ons het nog nie die sonde finaal afgesterf nie. Ons sug oor al die sonde en gebrokenheid in die wêreld. Ons sug oor straatkindertjies, oor ongehude moeders, oor plaasmoorde, oor trane, pyn en dood. Ons sug oor die verganklikheid van die lewe. Ons sug oor die ouderdom wat slim manne dom maak en sterkes swak, mooies lelik en vaardiges onbeholpe. Om die rede sug die kerk: Hoe lank nog, Here?

Wat staan ons te doen? Ons bly sug saam met die Gees: Kom, Here Jesus, kom tog gou! Ons oë neem in hierdie wagtyd nie die kleur van hierdie aarde aan nie. Ons bly wag en kyk van wolk tot wolk. Ons weet: as Christus kom, gaan ons lewe 'n omwenteling ondergaan. Trane word afgevee, die pyn verdwyn, dood is daar nie meer nie en al die sugte hou op, maar vandag nog, as jy stil word, hoor jy die skepping en medegelowiges sug? Die sugte roep: Die Here Jesus is op pad. Sug jy saam?

Sing: Skrifberyming 18-6:1, 3, 4

Ds. TJ (Theuns) Potgieter (Emeritus)

Dinsdag 9 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 8:31-39
Fokusgedeelte: Romeine 8:34; Heidelbergse Kategismus Sondag 18

Die nut van die hemelvaart

"Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons."

Die hemelvaart van Jesus Christus is vroeg en wydverspreid in die

Christelike kerke bely. Paulus doen dit in sy briewe aan die Kolossense (3:1-2), die Efesiërs (1:20-21) en ook in ons Skrifgedeelte (vs. 34). Uit hierdie Skrifgedeeltes leer ons dat Hemelvaart nie maar net Jesus Christus se vertrek van die aarde af is nie, maar sy oorwinningstog en feestelike troonsbestyging in die hemel. *Verhoog, o poorte, nou die boog; rys, eew'ge deure, rys omhoog, want Hy klop aan, die Erekoning!* (Ps. 24-1:4).

Die oorwinning en feestelikheid van Hemelvaart het egter nie net in die hemel effek nie. Met vier vrae lei Paulus sy lesers/ons om te verstaandat Christus se oorwinning en sy posisie aan die regterhand van God omvattende en ingrypende gevolge vir jou aardse lewe vandag het: Wie kan teen jou wees? (vs. 31) – God is vir jou (vs. 31). Wie kan jou aankla? (vs. 33) – God spreek jou vry (vs. 33). Wie kan 'n oordeel oor jou uitspreek? (vs. 34) – Christus Jesus tree vir jou in (vs. 34). Wie kan jou van Christus skei? (vs. 35) – God het jou ewig lief (vs. 38).

Hierdie vier vrae vat die dinge saam waarmee ons as gelowiges elke dag op aarde te doen kry; vyandskap, vingerwysery, veroordeling en vervreemding. Hemelvaart beteken dat jy bo hierdie dinge kan uitstyg en dat jou gemoed en gedrag inderdaad nie deur daardeur bepaal hoef te word nie. Deur wat Christus gedoen het en steeds doen, is jy meer as 'n oorwinnaar (letterlik "superoorwinnaar") oor hierdie dinge.

Rig dus vandag "jou gedagtes op die dinge wat daarbo is", waar Christus aan die regterhand van die Vader sit (Kol. 3:1-2), en laat jou optrede dáárdeur bepaal.

Sing: Psalm 24-2:5, 6, 7 (melodie Ps. 100-1)

Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)

Woensdag 10 Desember

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:1-9
Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:3-4 (AFR53/83/2020)

Lewe met ’n lewende hoop!

Ons kan so gou moedeloos raak oor omstandighede in ons lewe. Siekte of finansies of ouderdom of eensaamheid of bekommernisse oor die onsekerheid van die toekoms, maak dat ons moed verloor, maar skep moed en lewe met hoop. Dit is immers waaroor hierdie brief van Petrus handel, gerig aan Christene wat verwerp, gespot en vervolg is. Hy bemoedig die Christene deur eerstens te sê: God het ons opnuut verwek, sodat ons ’n lewende hoop mag hê. Opnuut verwek beteken weer gebore, ’n nuwe lewe wat deur God bewerk word, ’n nuwe lewe wat getuig van hoop.

Maar waar kom die hoop vandaan? Ons lees: “… deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood.” Jesus het die dood oorwin, Hy het opgevaar na die hemel en van daar regeer Hy oor alle dinge. Ons hoop is vas en seker in die belofte van God en Jesus se opstanding is die bewys dat jy ook deel het aan die belofte, die erfenis, wat onverganklik is. Dit sal nooit vergaan nie. Dit is onbesmet. Dit kan nie besoedel word nie. Dit verwelk nie. Dit sal nooit sy oorspronklike inhoud verloor nie.

Dit is ’n erfenis wat vir ons deur God in die hemel bewaar word. ’n Erfenis is iets wat jy vir seker sal kry, maar nog nie het nie. Jy weet nie wanneer jy dit gaan kry nie, maar jy weet jy gaan dit kry. Ons erfenis is die ewige lewe saam met God. ’n Lewe sonder moeite en verdriet, sonder trane en hartseer, sonder siekte of dood. Die lewe op ’n nuwe hemel en nuwe aarde. As jy in Christus glo, is dit ’n sekerheid. Dit staan vas en dit is die hoop waarmee jy mag leef.

Al word ons vir ’n kort tydjie deur beproewings bedroef, kan ons steeds in die Here jubel, want Hy skenk aan ons ’n lewende hoop. Tel jou kop op en lewe met hoop!

Sing: Psalm 130-1:3, 4

Ds. LP (Leon) van Jaarsveld (Brakpan)

Donderdag 11 Desember

Skrifgedeelte: Psalm 32
Fokusgedeelte: Psalm 32:1 (AFR53/83/2020)

Jubel oor die vergifnis wat God gee!

Skuldbelydenis teenoor God verlig die las van skuld en bring innerlike vrede, want wie sy skuld bely en vergifnis ontvang, is ’n bevryde mens, soos die Psalmdigter dit uitdruk.

Om te swyg oor jou sonde, het negatiewe gevolge. Die Psalmdigter het geleer dat dit sy liggaam en gees uitgeteer het. Hoewel die verhouding tussen sonde en liggaamlike ellende nie altyd direk is nie, beskryf hy hoe die Here soms swaarkry toelaat om ons tot ’n skuldbesef te bring. Om te swyg oor sonde, put jou kragte uit en beskadig jou verhouding met God en jou naaste. Dit veroorsaak skuldgevoelens, vrees, verbittering en onsekerheid. Die oplossing is om jou sonde openlik voor God te bely. Die bewussyn van God se genade, dat Hy betroubaar is en wil vergewe, moet elke skuldbelydenis voorafgaan. Psalm 32 begin daarom met die seëning van vergifnis. Ware skuldbelydenis behels erkenning van ons skuld, verantwoordelikheid en die begeerte om daarvan ontslae te raak. Dit veronderstel opregtheid en berou.

Egte skuldbelydenis aan ’n regverdige, maar ook liefdevolle, genadige God, is om te vra dat Hy ons behandel volgens sy wese en nie ons dade nie. God is getrou en vergewe ons sondes. Sy vergifnis is ’n daad van genade. Wanneer jy jou sonde bely, bedek die Here dit. Dit bring bevryding en herstel jou verhouding met God. Die vergifnis van God kom nie deur verdienste nie, maar alleen deur sy genade in Jesus Christus, wat die straf op ons sondes gedra het. Voor ons nog ons skuld kan bely, is God se genade reeds daar en daarna stel Hy ons weer vry deur ons te vergewe, die sonde te bedek, dit uit te vee. Hierdie proses van vergifnis en herstel bring ware geluk en saligheid en is die rede om God te loof en prys. Genade op genade, daarom: *“Verbly julle in die Here en juig, regverdiges, jubel alle opregtes.”*

Sing: Psalm 32-1:1

Ds. LP (Leon) van Jaarsveld (Brakpan)

Vrydag 12 Desember

Skrifgedeelte: Lukas 1:39-56
Fokusgedeelte: Lukas 1:55

Loof God omdat Hy nie sy ewige beloftes om ontferming vergeet nie

Beloftes wat nie uitgevoer word nie, bly net dit: beloftes. Maak nie saak watter wonderlike beloftes gemaak is nie. Beloftes wat nie nagekom word nie, lei baie keer tot groot teleurstellings of verhoudings wat skipbreuk ly.

God se beloftes is egter vas en seker. Ons hoef nooit te twyfel dat Hy dit sal uitvoer nie. Maria sing hiervan in haar *Magnificat*. Dit word so genoem na aanleiding van die eerste woord van Maria se loflied: *Ek verheerlik (maak groot) die Here!* Maria verheerlik die Here omdat Hy nie sy ewige beloftes van ontferming vergeet nie. Wat is dit?

Dit is God se verbondsbeloftes wat Hy aan Abraham gemaak het. In Genesis 15 lees ons dat die Here aan Abraham ’n land en groot nageslag beloof het. In hom sou ook al die nasies geseënd wees. Hierdie verbondsbeloftes rus op die Moederbelofte van Genesis 3:15 na die sondeval: *En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad, Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.*

Maria loof die Here vir die ontferming (genade) wat Hy aan haar en alle gelowiges bewys het. Hy het sy beloftes tot redding en verlossing van die sonde nagekom. Jesus se menswording is die vervulling van God se beloftes tot redding. Die Ou-Testamentiese offerdiens was net tydelik en het heengewys na die offer van Jesus aan die kruis.

Dit kon selfs lyk asof God sy beloftes van ontferming nie nakom nie. Eers na 2000 jaar is dit vervul. Daar was selfs 400 jaar van stilte nadat die Here deur die profeet Maleagi gespreek het. Op sy tyd en manier vervul God wat Hy beloof het! Aan enige van sy beloftes hoef ons nie te twyfel nie. Hy is die Getroue en ek kan Hom altyd in alles vertrou.

God is ook die Ewige. Sy beloftes van verlossing is aan Abraham en

sy nageslag tot in ewigheid. Omdat Hy die ewige God is, hoef ek nie te twyfel dat Hy sy beloftes kan laat waar word nie. Jesus se geboorte in Betlehem is die vervulling van al God se beloftes.

Sing: Skrifberyming 4-1:1, 6

Ds. P (Pieter) van Wyk (Bronkhorstspruit)

Saterdag 13 Desember

Skrifgedeelte: Handelinge 13:16-25
Fokusgedeelte: Handelinge 13:23

Jesus is die Verlosser wat deur God belowe is

God se beloftes om ontferming is in Jesus as die Verlosser vervul. Geduldig het Paulus hierdie waarheid in die sinagoge in Antiogië verduidelik. Hy het dit ver gaan haal. Van God wat die voorvaders uitverkies het en hulle 'n groot volk, Israel, gemaak het. Deur die geskiedenis van die verlossing uit Egipte, die rigters en die konings en die profete.

Paulus noem prominent koning Dawid, man na God se hart. Uit sy nageslag het God, volgens sy belofte, Jesus as Verlosser vir Israel laat voortkom. Hy is die vervulling van God se beloftes! God se ontferming en genade trek in Hom saam. Hy is die Verlosser.

Dit is waarom die Seun van Dawid se naam "Jesus" moes wees. In Matteus 2:21 het Josef die opdrag gekry om die Seun uit die maagd Maria "Jesus" te noem *"… want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos".*

In Sondag 11 van die Heidelbergse Kategismus bely ons:

- *Jesus is die ware Verlosser*. Sonde is die kern van al die vraagstukke en probleme in hierdie wêreld. Die dodelike siekte waaraan die wêreld ly, is die sonde. Dinge soos armoede, siekte, werkloosheid en allerlei ellende is maar net die gevolge van die sonde self. Jesus spreek die oorsaak van ellende, naamlik die sonde aan. Hy stel ons weer in die regte verhouding met God en daarom is Hy die ware Verlosser.

- *Jesus is die enigste Verlosser*. By niemand anders is enige saligheid te soek of te vind nie. Jesus is die enigste Verlosser. Wie nie deur Hom gered is nie, is hopeloos verlore. Omdat daar geen ander Naam is waardeur verlossing plaasvind nie, moet ons harte ook brand om ander na die enigste Verlosser te lei.
- *Jesus is die volkome Verlosser*. Om volkome Verlosser te wees, moes Jesus vir ons sondes betaal. Daardeur het daar versoening gekom. Ons hoef nie ons kant te bring tot redding nie. Jesus het alles vir ons gedoen! Daarop moet ons met 'n volkome en dankbare hart antwoord. Ons moet as verloste mense lewe. Dit is onmoontlik dat iemand wat sy verlossing deur Jesus besef, nie ook dankbaar sal leef nie.

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2

Ds. P (Pieter) van Wyk (Bronkhorstspruit)

Sondag 14 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 9:1-5 (AFR83)
Fokusgedeelte: Romeine 9:5

Jesus is die Christus – ware mens en ware God

In hierdie vyf verse stort Paulus sy smartvolle hart uit. Hy is hartseer omdat Israel, sy eie volksgenote, Jesus as die beloofde Verlosser verwerp het. Indien Israel onkundig sou wees oor die beloofde Verlosser, waarin God se ewige beloftes om ontferming saamtrek, kon dit hulle verskoon word.

Maar Paulus beskryf in verse 4 en 5 die bevoorregte posisie waarin Israel as uitverkore volk van God verkeer het:

Vers 4:
- God het Israel as sy kinders aangeneem
- God het sy heerlikheid aan hulle bekendgemaak
- Hy het verbonde met hulle gesluit
- Hy het aan hulle die wet van Moses gegee
- Israel kon God in die tempeldiens aanbid
- God het wonderlike beloftes aan Israel gemaak

Vers 5:
- Israel stam van die voorvaders af
- Uit Israel is Christus as mens gebore

Die Israeliete het egter ten spyte van al hierdie voorregte nie in die Here Jesus geglo nie. In vers 5 wys Paulus baie duidelik op die twee nature van Christus: ware God en ware mens. Hy is verhewe bo alles en aan Hom kom die lofprysing vir altyd toe. (Lees in die Heidelbergse Kategismus Sondag 6 verder oor waarom die Verlosser ware God en ware mens moes wees.)

Vanweë God se uitverkiesende genade is alle gelowiges baie bevoorreg. Deur die werking van die Heilige Gees kan ons glo dat al God se beloftes in Jesus Christus vervul is. Daarvoor loof en prys ons die Here.

Sing: Psalm 2-1:6

Ds. P (Pieter) van Wyk (Bronkhorstspruit)

Maandag 15 Desember

Skrifgedeelte: Genesis 26:1-34
Fokusgedeelte: Genesis 26:23-25

God se mure om ons huise

Nooit mag ons gebede in ons huislike lewe opdroog nie. Isak bou eers sy huis sonder gebed. Die oomblik toe God nie meer ’n plek in sy gesin se besluite, wense, beplanning en optrede kry nie, loop dinge lelik skeef.

Isak bou ’n huis tussen die Filistyne in Gerar. Daar grawe hy die putte van sy vader Abraham oop, nogal op bevel van die Here (vs 2). Sy huis staan nou onder die heidene in die vreemde en hy het niemand om op terug te val nie. Dit gee vir Isak ’n gevoel van onsekerheid en onveiligheid. As sy gesin bly bid het, sou hulle God se beloftes gehad het waarop hulle kon bou, maar nou bekruip die sonde Isak. Hy probeer sy huis beskerm sonder die Here en sy seën en dan kom die krake in sy huis. Eers probeer hy sy huis met liegstories oor sy

vrou Rebekka aanmekaar hou. Dan gebruik hy bykans al sy tyd om die twis en rusie, afguns en jaloesie tussen sy werkers en die Filistyne op te los.

Sonder die Here word Isak se huis al onsekerder. Eindelik word die wêreld vir Isak te nou as die Here al Isak se selfgemaakte mure om sy huis ómtrek en Isak dieper die woestyn moet intrek. Selfgemaakte mure kan nie bly staan nie (Ps 127:1): “As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou tevergeefs.” Van al Isak se bouwerk in Gerar bly net bouvalle oor. Genadiglik bring die Here vir Isak tot inkeer as hy Berseba toe trek.

Die vraag is nou: Hoe bou jy ’n huis in die woestyn? Hier is alles dor, bar, kaal en leeg. Jy sien net sand en vlakte. Die Here vat ons dikwels die bar woestyn in sodat ons net op Hom kan vertrou, op ons knieë voor Hom kan staan vir die bou van ons huise en die mure om ons huise. Nou maak Isak nie weer ’n fout nie (vs 25): “Isak het daar ’n altaar gebou en die Naam van die Here aangeroep.” Hy slaan weer tente op, grawe weer putte en bou weer ’n muur om sy huis. Nou is alles egter só anders. Daar is ’n gebedsmuur om hom. Sy huis is veilig. Die Here is nou die vestingmuur om sy huis. Hy verseker Isak dat Hy nou by hom is (vs 24). Isak se woonplek het sy bidplek geword.

Dat huis en gebed één kan wees, daarvoor maak die Here voorsiening deur Jesus Christus. Christus het geen woonplek gehad nie. Hy word selfs deur sy Vader verlaat sodat jy deur sy kruisoffer vandag jou huis by ’n altaar kan hê en jy en jou huis saam met God mag lewe. Is jou huis nog met gebedsboustene gebou?

Sing: Psalm 134-1:1, 2, 3

Ds. TJ (Theuns) Potgieter (Emeritus)

Dinsdag 16 Desember

Skrifgedeelte: 2 Samuel 7:1-16
Fokusgedeelte: 2 Samuel 7:11-13

Die Seun van Dawid bou die kerk as God se tempel

Dawid sit gemaklik in sy weelderige paleis en beplan hoe hy vir God ’n beter woonplek wil bou. Die Here maak egter duidelik dat dit Hy is wat vir Dawid sorg, nie andersom nie. God woon tussen sy volk in ’n tent, omdat Hy besig is om hulle te versorg en om deur sy verlossing aan hulle rus te verskaf. Hy herinner Dawid dat Hy hom as herder vir die volk aangestel het met die doel om hierin mee te werk. Dawid is veronderstel om sy roeping uit te leef en die volk te lei, nie om rustig in luuksheid agteroor te sit nie.

So word ons ook geroep tot diens in sy koninkryk en nie om gemaklike passasiers in die kerk te wees nie. Die Here belowe egter dat Hy Dawid se koningskap in sy nageslag tot in ewigheid sal bevestig en dat sy seun vir God ’n tempel sal bou. Dawid se seun Salomo het toe wel ’n kliptempel gebou. Maar die ware vervulling van die profesie sou eers baie later kom toe die eintlike Seun van Dawid gebore is.

Deur Jesus Christus as Koning verlos die Here sy volk volkome van al hulle vyande (ook die duiwel en die dood) en bewerk Hy vir hulle die ware rus waarin ons ewig kan deel. Deur sy Seun bou God sy kerk as die tempel waarin Hy woon en deur Wie Hy sy versoening aan die wêreld bedien. Daarom word God nie gedien in tempels wat met hande gemaak is nie, maar in die eredienste van die gelowiges waar hulle toegerus word vir hulle dienswerk in hierdie wêreld.

Sing: Psalm 100-1

Ds. HB (Bernard) Hattingh (Warmbad)

Woensdag 17 Desember

Skrifgedeelte: Psalm 132
Fokusgedeelte: Psalm 132:11

Die Koning in ons midde

Die Here het die mens in die begin geskape om sy beeld, sy verteenwoordiger te wees. Die mens se beeldskap is ná die sondeval verbreek en die innige gemeenskap wat daar tussen die Here en die mens was, is vernietig, maar tog het die Here weer versoening bewerk. Hy het sy Seun gegee om in ons midde te kom woon. God die Seun is Immanuel, "God met ons", teenwoordig by ons. Dit is die heerlike feit van die evangelie.

Psalm 132 verwoord Dawid se versugting en ywer om die tempel te bou as simbool dat die Here in die midde van sy volk woon. Dawid kon nie uitvoering aan hierdie versugting gee nie, want hy het bloed aan sy hande gehad. Salomo is deur die Here gekies om hierdie taak uit te voer, maar die ywer het in Dawid gebrand. Hoekom die ywer vir die huis van die Here by Dawid? Hy het al te deeglik besef hoe afhanklik hy en die volk van die Here se teenwoordigheid in hulle midde is. Deur sy teenwoordigheid by hulle is hulle uit Egipteland verlos. Die Here het hulle in die woestyn gelei en versorg. Hy het aan hulle te ete en te drinke gegee in die woestyn en toe hulle die land moes inneem, het Hy die oorwinnings geskenk.

Die versugting na die Here as Koning in ons midde bring ons ook by die verpligting om ons aan Hom te onderwerp. Christus het onder ons kom woon en Hy het sy Koningskap in die midde van ons lewe kom herstel. Nou moet ons ons aan Hom onderwerp in dankbare gehoorsaamheid, want daardeur getuig ons dat ons ontsag het vir Hom en aan Hom alleen die eer toebring. Waar die Koning in ons midde is en sy kinders in dankbaarheid voor hom buig, sal Hy sy seën gebied.

Sing: Psalm 118-1:1, 10

Dr. C (Christiaan) Jooste (Magol)

Donderdag 18 Desember

Skrifgedeelte: Jeremia 33:1-13
Fokusgedeelte: Jeremia 33:9

Vergifnis

Vergifnis is vir ons mense nie altyd so maklik nie. Die Here is egter dadelik gereed om te vergewe. Ons lees hier in Jeremia 33 dat Jerusalem maar pas ingeneem is deur Babel. Die beleëringswalle staan nog teen die mure van Jerusalem waarmee die soldate die stad binnegekom het.

Dit lyk vir ons asof Jeremia nog nie eers uit sy huisarres vrygelaat is nie, waar hy in die binneplaas van die paleis gevange gehou is oor dislojaliteit teen die koning. Hy het mos aanmekaar geprofeteer dat Jerusalem deur Babel gewen gaan word.

Het jy gelet op God se tydsberekening? Skaars het die vyand Jerusalem ingeval – hulle maak nog ballinge bymekaar om na Babel te deporteer – toe kom die lieflike woord van die Here dat Hy sy volk se sondes sal vergewe (vs 8). Hy is gou gereed om sonde te vergewe! Die profeet Daniël kan later ook hiervan getuig. As die ballingskap feitlik om was, bid Daniël vir sy en die volk se sonde. En dan antwoord God hom: “Toe jy met jou smeekgebed begin het, is daar antwoord gegee ...” (9:23). Of dink maar aan die verlore seun (Luk 15) wat huistoe kom. Sonder enige verwyte hardloop die vader hom tegemoet en soen hom; dadelik vergewe!

Dis hoe die Vader deur Christus vandag nog maak. Hy wag deur Christus vir jou om jou sondes te vergewe. Al wat jy moet doen, is om dit te bely (1 Joh. 1:9).

Die laaste juweeltjie van God se vergifnis kry ons in vers 9: *“Dit sal my Naam groot maak en aan My blydskap verskaf, aan My lof en eer gee ...”* Om sondes te vergewe, maak nie net God se Naam groot nie, maar dit gee vir Hom groot vreugde. Dit is vir Hom lekker om vir jou te sê: “Jy is skoon, sonder sonde, jy is gewas in die bloed van my Seun.”

Kom, sondaar, jy wat vol sonde is, kom bely dit nou voor God. Hy wag vir jou! En as jy dit doen, verheerlik jy nie net sy groot Naam nie, maar Hy geniet dit om jou sondes te vergewe. Kom, gaan doen dit!

Sing: Skrifberyming 11-2:1, 2

Ds.TJ (Theuns) Potgieter (Emeritus)

Vrydag 19 Desember

Skrifgedeelte: Hebreërs 2 (AFR33/53)
Fokusgedeelte: Hebreërs 2:16

God maak bemoeienis met ons

Deel van die groot wonder van Kersfees is: God het mens geword en onder ons kom woon. God, die almagtige Skepper van hemel en aarde, wat soewerein regeer oor die wêreld en die wêreldgeskiedenis, het mens geword.

In Hebreërs 2 word ons opnuut herinner aan ons verlossing. Die skrywer haal Psalm 8 aan en beskryf hoe hoog die mens se status is. Die mens is die kroon van die skepping, weinig minder as die engele, met eer en heerlikheid gekroon en aangestel oor die werke van die Here se hande. Hoë status, maar steeds minder as die engele.

Maar Jesus word vir 'n kort tydjie mens, minder as die engele. Hy, die Een ver verhewe bo die engele, het minder as die engele geword. Hierdie kontras beklemtoon die hoë prys. Want Hy het dit gedoen ter wille van ons verlossing. Soos ons lees in Filippense 2, het Hy Homself verneder om ons te verlos.

Daarom is die wonder in besonder dat Hy Hom nie oor die engele bekommer nie, maar oor die nageslag van Abraham. Dit is ons, die gelowiges. Hy bekommer Homself oor ons, wat minder is as die engele, en Hy verlos ons. So het ons ook die troos dat Hy ons kan help in versoeking, want Hy het Self onder versoeking gely.

Ons opdrag is dus om die wonder te verkondig, te jubel oor Wie God is en wat Hy vir ons gedoen het en steeds doen, want God het mens

geword en onder ons kom woon. Mag hierdie waarheid steeds ons harte raak in hierdie Kerstyd sodat ons altyd ons oë gefokus mag hou op Hom. Want God het met ons bemoeienis gemaak.

Sing: Psalm 8-1:1, 3, 4

Ds. AP (Peet) van der Westhuizen (Wolmaransstad)

Saterdag 20 Desember

Skrifgedeelte: Hebreërs 7 (AFR33/53)
Fokusgedeelte: Hebreërs 7:14

Een volkome offer deur ons ewige Hoëpriester

In Hebreërs 7 lees ons van Melgisedek, die koning van Salem en priester van God. Ons lees die eerste keer van hom in Genesis 14 waar hy vir Abraham seën. Hy was priester op ’n besonderse manier, want hy was nie uit die nageslag van Abraham of spesifiek uit die nageslag van Levi soos al die ander priesters van die Here in die Ou Testament nie. Aangesien hy geen geslagsregister het nie en sy geboorte en dood nie opgeteken is nie, kom dit voor of hy sonder begin en einde is en so word hy gelykgestel aan die Seun van God en bly hy priester altyddeur. Melgisedek is egter iemand wat wys op die Seun van God, wat anders as Melgisedek waarlik sonder begin en einde is.

In die Ou Testament moes die priesters offers bring ter versoening van die volk se sonde. Die priesters was uit die stam van Levi wat deur die Here aangewys is om die diens te verrig. Hulle moes nie net offers bring vir die volk se sondes nie, maar ook vir hulle eie sondes.

Anders as die priesters in die Ou Testament, word die Here Jesus gebore uit die stam van Juda. Maar tog word Hy as ’n priester beskryf. Daarom sê die skrywer van die Hebreërbrief dat Jesus priester is volgens die orde van Melgisedek. Hy is vir ewig priester en daarom kan Hy ons red wat deur Hom tot God gaan, want Hy leef vir altyd om vir ons in te tree by God. Hy kan dit doen, want Hy is heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars en daarom hoef Hy nie vir sy eie sondes te offer nie, maar het Hy een maal volkome geoffer vir die

sondes van die wat deur Hom tot God gaan. Die wonder is dit: Hy is gebore as ’n mens. Hy is ons hoëpriester volgens die priesterorde van Melgisedek en so het Hy een maal volkome vir ons geoffer en het ons verlossing deur Hom. Daarom moet ons jubel in die Here.

Sing: Skrifberyming 8 (5-3):1, 4, 5
Ds. AP (Peet) van der Westhuizen (Wolmaransstad)

Sondag 21 Desember

Skrifgedeelte: Galasiërs 3
Fokusgedeelte: Galasiërs 3

Jy ontvang die ewige lewe uit genade

Vir die jong gemeente wat in 48 nC deur Paulus op sy eerste sendingreis gestig is, skryf hy hierdie brief ’n jaar later. Die rede? Dwaalleraars van die Judaïsme het die gemeente binnegekom sodat Paulus die probleem haastig met ’n teregwysing moes aanspreek.

Die dwaling was dat hulle die wet van die Here en die nakoming daarvan bokant die geloof in Jesus Christus alleen gestel het. Daarom reageer hy heftig in Galasiërs 3:2-6 op die verkeerdheid van hulle leer. Die nakoming van die wet van die Here en die besnydenis wat seuns moes ondergaan, was vir hulle die kern van die verhouding met God.

Dit staan lynreg teenoor dit wat Paulus aan hulle verkondig het. Hy het aan hulle verkondig dat die Heilige Gees die harte van die gelowiges nuut maak sodat hulle deur sy werk in Jesus Christus glo. Christus koop die gelowiges los van die vloek van die wet sodat hulle die belofte van die Heilige Gees deur die geloof ontvang. Die Heilige Gees spoor aan en werk in die nuwe harte die dankbaarheid dat die gelowiges die vryspraak het. Nou is die wet alleen die reël waaraan jy jou dankbaarheid meet. Jy hoef nie jou saligheid te verdien nie, maar jy kan daarmee sien hoe jy vorder op jou pad van die heiligmaking. Hoe jy meer en meer doen om te betuig dat jy in Christus glo en God liefhet.

Die wet het jou as gelowige geleer as tugmeester of onderwyser dat die Seun van God jou enigste Here is wat jou kan verlos van die sonde en die dood. Dat jy die ewige lewe uit genade ontvang en nie omdat jy dit verdien nie, want jy kan nie. Nie wie jy is of jou afkoms bepaal jou saligheid nie, maar wie jy in jou hart voor God is – 'n afhanklike kind!

Sing: Psalm 2-1:6

Ds. SD (Vasie) de Kock (Emeritus)

Maandag 22 Desember

Skrifgedeelte: Galasiërs 4:1-7
Fokusgedeelte: Galasiërs 4:4 (AFR83/2020)

Ons is nie meer slawe onder die wet nie, maar nou kinders en erfgename van God

Dit alleen deur geloof in Christus. In Galasië het daar gemeentes ontstaan, en het bestaan uit bekeerde Grieke en Jode. Hierdie Joodse Christene het steeds vasgehou aan Joodse wette en gebruike, en voorgehou dat dit noodsaaklik was vir redding. Dus het hulle nie geglo dat geloof in Christus alleen red nie, en geloof plus wette/ gebruike gehandhaaf moet word.

In hierdie gedeelte praat Paulus oor slawe wat onder die wet staan, en hoe ons in die geloof nie meer slawe van die wet is nie maar nou kinders en erfgename van God is. Hierdie is dus 'n beeld om iets dieper vir ons te verduidelik oor die geloof – soos 'n slaaf nie iemand se erfgenaam kan wees nie, weens hy nie in die posisie is nie – so was ons in die geloof onder die wet.

Paulus impliseer dat Jode soos slawe steeds onder die wet staan. Solank ons deur middel van wetsonderhouding probeer om ons redding te bewerk voor die Here, sal ons altyd die status van slawe hê, want selfs ons beste werke is deurdrenk met die sonde. Daarom kan ons nie na die wet kyk vir redding nie, soos wat hierdie Joodse Christene gedoen het.

Ons kan dus net na Christus gaan vir redding. Hy wat volkome onder die wet was, volkome gehoorsaam was tot sy dood toe. Juis hierdeur het Hy vryheid bewerk en gee Hy dit aan elkeen wat in Hom glo. Hy maak ons wat slawe was, kinders en erfgename van God.

Sing: Psalm 116-1:1, 2

Ds. ID (ID) Nagel (Uitschot)

Dinsdag 23 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 7:10-1
Fokusgedeelte: Jesaja 7:14 (AFR83/2020)

Die teken van uiteindelike oorwinning is die geboorte van ’n seun

In hierdie gedeelte is Agas koning van Juda, en Jesaja die profeet wat God se woord vir die volk en die koning bring. Resin, die koning van Aram, en Peka, die koning van Israel, het teen Jerusalem (Juda) opgetrek vir oorlog – dit het Agas baie bang gemaak. Die profeet Jesaja word deur God gestuur om vir koning Agas ’n boodskap van bemoediging te gaan gee juis aangaande hierdie dreigende oorlog.

Die Here se boodskap, by monde van Jesaja, is eenvoudig: *“Wees versigtig, maar bly kalm! Moenie bang wees nie! Moenie lafhartig raak oor hierdie twee rokende houtstompe nie”* (vs 4).

- Agas moet afsien van sy eie planne en alleen op die Here vertrou vir uitkoms;
- al lyk sy omstandighede hoe droewig.
- Die koning soek ’n teken van die Here wat wys hierdie volke gaan nie Juda oorwin nie.

Vanaf vers 10-16 ontvang Agas dan ’n teken van die Here, ’n gedeelte wat eintlik sy ongeloof uitwys. Agas weier om vir ’n teken te vra, wat vir ons vroom lyk, maar daardeur verberg hy sy ongeloof. Daarom gee die Here dan in vers 14 ’n teken, of die koning daarvoor vra of nie. En wat is die teken?

- *"Kyk, die jong vrou is swanger, en gaan 'n seun in die wêreld bring. Sy sal hom Immanuel noem"* (vs 14).
- Die teken van uiteindelike oorwinning is die geboorte van 'n seun.
- In die konteks van Agas en Jesaja 7 wys dit na sy seun en na hoe, teen die tyd van die seun se geboorte, die bedreiging van die twee volke lankal sal verdwyn het.

Vir ons is hierdie egter 'n heenwysing na die geboorte van ons Here Jesus Christus (Matt. 1:23). Jesus word Immanuel genoem, want in Hom is God by ons teenwoordig. Die geboorte van ons Here is vir ons die teken dat God Hom só met ons vereenselwig dat Hy mens word om vir ons sondes te kom betaal. So is Christus steeds vandag in elke gelowige se lewe teenwoordig (Matt. 28:20). *"Want 'n kind is vir ons gebore, 'n seun is aan ons gegee."*

Sing: Psalm 72-1:1, 2

Ds. ID (ID) Nagel (Uitschot)

Woensdag 24 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 60:1-22
Fokusgedeelte: Jesaja 60:1; Johannes 8:12 (AFR83/2020)

Die Here as lig vir die wêreld

Die Here is ons lig in hierdie donker wêreld. Sy teenwoordigheid in ons lewens laat ons sy lig ervaar. Wie die Here volg, sal nooit in die duisternis lewe nie.

In Jesaja 60 lees ons van herstel vir die volk. Die Here woon weer in Jerusalem tussen sy mense, nadat hulle teruggekeer het uit ballingskap. In hierdie gedeelte word verandering in die volk se lot deur die Here beskryf. Daar is weer voorspoed vir die volk en die stad, want die Here is met hulle, Hy is goed teenoor hulle en hulle herbou weer die stad.

Daarom die treffende woorde van die eerste drie verse oor hoe God se teenwoordigheid soos 'n lig skyn in die stad. Lig simboliseer die verlossing en vreugde wat die Here vir sy volk gee, ná al die donker

wat hulle in ballingskap onder ander volke ervaar het. Vir al die ander nasies is dit donker, maar in Jerusalem, vir die gelowiges, skyn daar 'n lig – 'n lig wat ander nader trek.

Hierdie tyd van die jaar herdenk ons ook die Here se lig in die donker wêreld, want ons herdenk Jesus Christus se geboorte – *"In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie"* (Joh. 1:4-5). Christus beskryf Homself ook as die lig vir hierdie wêreld in Johannes 8 en 9: *Ek is die lig vir die wêreld, Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee.*

Net nadat die Here blindes genees het, maak Hy hierdie openbaring oor Homself. Met hierdie uitspraak identifiseer Hy Homself as God – as die Een wat lig bring, wat die goeie bring, die verlossing bring vir die wat in Hom glo. Mag ons in hierdie tyd die Here as die lig vir die wêreld vier, en mag ons sy lig (boodskap) verkondig.

Sing: Psalm 89-1:1, 6

Ds. ID (ID) Nagel (Uitschot)

Donderdag 25 Desember

Skrifgedeelte: Lukas 1:67-75 (AFR53)
Fokusgedeelte: Lukas 1:68-75

Die verbond: verlos in Christus om te dien

Vandag kan ons sing van verlossing. Sagaria het 'n seuntjie ontvang vanaf die Here, maar hy sing nie soseer van sy eie seun nie. Sagaria sing van 'n ander Seun. Hy sing van Jesus Christus! Sagaria het besef dat dit is waaroor alles gaan – oor die Christus, die Messias.

So sing Sagaria dat die Here 'n horing van verlossing (vs 69) vir hulle opgerig het in die huis van Dawid.

'n Horing wys op krag. Ons kan dink aan 'n bees of aan 'n renoster – hulle krag is in hulle horings. Die krag van ons verlossing wat uit die

huis van Dawid kom (vs 69), is niemand anders as ons Here Jesus Christus wat gebore is nie.

Sagaria sing ook oor nog iets – oor die verbond wat die Here opgerig het met sy volk (vs 72-73). Die Here het verlossing belowe in sy verbond, en dit het Hy gedoen. Hy het 'n kragtige verlossing bewerk in Christus, vir ons.

Dit gaan alles saam met die verlossing van ons vyande (vs 71, 74 – twee keer sing Sagaria daaroor). Geliefde, jy is verlos van jou vyande in Christus! Selfs al maak jou vyand jou liggaamlik dood, is daar verlossing vir jou in Christus, want jy gaan immers na Hom toe, na Christus toe (Fil. 1:23)! Hoe meer die Heilige Gees ons op Christus Jesus wys en sy heerlikheid, hoe meer word ons vry van ons vyande! Oordink dit.

Sagaria sing juis ook oor die doel van ons verlossing in Christus in die verbond van God met ons. In vers 74 word die doel genoem – om die Here sonder vrees te dien! In die verbond van die Here met ons, in Jesus Christus, is ons verlos van ons vyande, om Hom sonder vrees te dien. Dien die Here dan sonder vrees, in Christus.

Sing: Psalm 100-1:1-3

Ds. R (Reinhart) Boersema (Vaalwater)

Vrydag 26 Desember

Skrifgedeelte: Johannes 1:1-18 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Johannes 1:1, 14

Verhouding met die Vader in die heerlikheid van die vleesgeworde Woord

In die tuin van Eden het die mens die wonderlikste verhouding (gemeenskap/verbond) met God gehad – die mens het met God gewandel. Die mens verwerp egter hierdie verbond van God en God Self. Onmiddellik was die Here egter daar in sy genade! Die mens moes immers sekerlik gesterf het (Gen. 2:17).

Die genade van die Here kom na vore in Genesis 3:15, die bekende moederbelofte. Die Seun van God sê hier reeds dat Hy as Hoof van die mens sal optree (want Hy kom uit die saad van die vrou), en Adam se plek sal vat. Die verbond en gemeenskap met God is verbreek deur die mens, maar God voorsien in Jesus Christus.

Hiermee begin Johannes: die tweede Adam (Jesus Christus) het inderdaad gekom en Adam se plek ingeneem – die Woord word vlees. Die Woord, Jesus Christus, word 'n swakke, brose mens om ons, jou, plek in te neem. Juis omdat Hy sonder sonde is, kan Hy die tweede Adam wees, en ons plek inneem.

Die Woord (Jesus Christus) wat in die begin daar was, wat Self God is, word 'n mens (Hy neem die menslike natuur aan). Hy kom woon onder ons (vs 14)! Net deur Hom kan ons weer ons hemelse Vader ontmoet! Hy is uitermate heerlik, asemrowend en vol majesteit!

Aanskou Jesus Christus se heerlikheid. Aanskou (vs 14) is 'n woord wat gaan oor aanhoudend kyk en met aandag kyk. Ons aanskou baie dinge elke dag, en dit verander ons lewe. Ons aanskou byvoorbeeld sport op die televisie, ons kyk met baie aandag daarna. Ons aanskou die mooi natuur. Die beste wat jy kan aanskou, is die heerlikheid van Jesus Christus. Dit is juis wat die Heilige Gees in ons bewerk en doen. Dit sal jou lewe verseker ten goede verander – die heerlikheid van Jesus Christus. Hy het in jou plek vlees geword, om jou met jou hemelse Vader te versoen. Aanskou die heerlikheid van Jesus Christus en smag daarna vanuit sy Woord.

Sing: Psalm 107-1:1, 9

Ds. R (Reinhart) Boersema (Vaalwater)

Saterdag 27 Desember

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 1:1-9 (AFR2020)
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 1:8

Hy wat jou roep, sal getrou wees

Die gemeente in Korinte was ver van volmaak gewees. Verdeeldheid, onsedelikheid en 'n obsessie met geestelike gawes het die gemeenskap geteister. Tog open Paulus hierdie brief met 'n wonderlike beklemtoning in verse 4-5: God se genade in Jesus Christus het hulle verryk! Hier vind ons een van die kernbeginsels waaraan ons as gelowiges moet vashou: God se genade is genoeg. Selfs te midde van stryd en onenigheid, bly God se genadige getrouheid die basis van elke gelowige se lewe. In vers 8 sien ons hoe hierdie waarheid pragtig vasgevat word: *"Hy sal julle ook tot aan die einde standvastig maak, sodat julle sonder blaam sal wees op die dag van ons Here Jesus Christus."* Paulus beklemtoon hier 'n paar belangrike aspekte van genade:

- God roep ons. Dit beteken ons kies Hom nie, Hy kies ons (vs 9). Hierdie roeping is 'n kragtige daad van genade wat ons afsonder om in 'n verhouding met Hom te staan.
- God vestig en versterk ons. As Christene moet ons teenstand teen die bose bied, en in hierdie teenstand belowe God om ons krag te wees (vs 8). Hy rus ons toe met die gawes en hulpbronne om te volhard.
- God verseker ons van die ewigheid. Om sonder blaam te wees (vs 8), wys ons hoe God deur die Heilige Gees daagliks in ons werk om ons meer gelyk te maak aan die beeld van Christus.

As ons God se genadige getrouheid sien en ken, dan sal ons lewens verander. Ons sal alle uitdagings kan benader met die versekering dat Hy ons sal deursien, want Hy het ons geroep, gevestig en versterk sodat ons gereed sal wees om ewig by Christus te wees. Wees met die uitgang van hierdie jaar ook daarvan verseker dat Hy wat jou geroep het, tot in ewigheid getrou sal wees.

Sing: Psalm 93-1:1, 4

Ds. P (Philip) Hattingh (Bloemhof/Christiana)

Sondag 28 Desember

Skrifgedeelte: Johannes 10:23-30 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Johannes 10:28-29

Veilig in die Herder se sorg

Jesus is die Goeie Herder, en ons is sy skape. Hierdie troosvolle waarheid moet ons ten alle tye en in alle omstandighede van ons lewens bybly.

In vers 28 verduidelik Jesus waarom sy skape altyd in Hom altyd troos het: *"Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal tot in ewigheid nooit verlore gaan nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie."*

In hierdie belofte wat Jesus maak, sien ons God se genade. Die ewige lewe is nie iets wat die mens ooit kan verdien nie, dit is 'n gawe, of geskenk, wat vrylik aan elkeen wat in Jesus glo, gegee word. Wat vir ons nog meer treffend moet wees, is dat Jesus ons verseker dat hierdie genade nooit van ons weggeneem kan word nie. Geen bose mag, krag of gesag kan ons ooit uit Sy hand ruk nie omdat Hy groter as dit alles is.

Hierdie versekering moet vir ons 'n bron van vreugde en vrede wees in 'n tyd wanneer die dinge van die wêreld vir ons oorweldigend kan wees. Laat ons daarom ons lewe toevertrou aan ons Herder, en mag ons leef soos skape:

- Vertrou die Herder se leiding, selfs al lei Hy jou op onbekende paaie. Jy kan die versekering hê dat Hy jou altyd na groen weivelde sal bring.
- Gehoorsaam die Herder, selfs al is sy opdragte moeilik. Maar deur die leiding te volg wat Hy deur sy Woord gee en te volhard in jou gebede, sal die uitvoering van sy opdragte 'n vreugde word.
- Verheug jou in die Herder se liefde wat oneindig is. Die Herder het jou so lief dat Hy sy lewe vir jou aflê, daarom het jy die versekering dat Hy jou altyd sal versorg, troos en bemoedig.

Sing: Psalm 32-1:4

Ds. P (Philip) Hattingh (Bloemhof/Christiana)

Maandag 29 Desember

Skrifgedeelte: Handelinge 1:1-11 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Handelinge 1:7-11

Ons sekerheid van die koninkryk wat kom

Die openingsverse van Handelinge is bittersoet. Die opgestane Jesus Christus en sy dissipels is vir 'n laaste keer bymekaar. Die dissipels hunker na die herstelde koninkryk: *"Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk van Israel weer oprig?"* (vs 6). In plaas daarvan om die dissipels met 'n datum en tyd te antwoord, rig Jesus hulle aandag eerder op hulle verwagte optrede in afwagting op die koms van die koninkryk (vs 7-8). In sy antwoord maak Jesus 'n paar belangrike dinge duidelik:

- Die Vader bepaal die tyd. Al hunker die dissipels, en gelowiges, na 'n dag, datum en tyd, herinner Jesus ons dat dit alles in sy Vader se hande is. Ons moet eerder ons tyd en kragte aanwend om ons roeping in hierdie wêreld te gehoorsaam.
- Die Heilige Gees rus ons toe. Om Christus te volg, kan nie vanuit ons eie kragte kom nie. Daarom moet ons op die krag en werking van die Heilige Gees vertrou wat ons sal toerus om daagliks in die geloof te staan.
- Jesus stuur ons uit. Die gelowige het die roeping om die evangelie van Jesus Christus wêreldwyd uit te dra. Jesus gebruik die voorbeeld van Jerusalem, Judea, Samaria en tot die einde van die aarde om te verduidelik dat almal sy evangelie moet hoor.

Nadat Jesus met hulle gepraat het, het Hy opgevaar na die hemel. Maar die hemelvaart was nie die einde nie, dit was die begin. Jesus het belowe dat ons nie alleen gelaat sal word nie, die Heilige Gees sal by ons bly om ons gereed te maak op die glorieryke dag wanneer Hy weer op die wolke sal verskyn. Daarom leef die Christen nie in onsekerheid in al die tye van die lewe nie, ons het sekerheid, want ons weet die koninkryk kom, en ons weet dat ons genadiglik daarvoor gereed sal wees. Dit moet die dryfkrag wees waarmee ons daaglik ons roeping gehoorsaam om die evangelie na die uithoeke van die aarde uit te dra.

Sing: Psalm 145-1:8, 9, 12

Ds. P (Philip) Hattingh (Bloemhof/Christiana)

Dinsdag 30 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 12:10-12
Fokusgedeelte: Openbaring 12:11

Jubel, want ons is oorwinnaars deur die bloed van Christus

Daar is ’n gejuig in die hemel! Die sangers sing ’n jubellied. Satan is verslaan! Die beslissende oorwinning van Christus oor Satan was deur sy kruis en sy heerlike opstanding. Christus verlaat die aardse lewe triomfantelik en word bekroon met sy troonsbestyging aan God se regterhand. Satan is verslaan en uit die hemel verdryf. Nou regeer Christus met koninklike mag en gesag. Watter uitwerking het hierdie geweldige gebeure op ons?

Die sangers is die engele en hulle sing dat God die redding gebring het en dit as skat uitdeel. Dit gebeur *Nou!* Met klem word verklaar: *Nou!* het God die redding gebring. *Nou!* kan gesien word Jesus Christus het die mag om wêreldheerskappy uit te oefen.

Die engele sing jubelend dat die aanklaer van hulle medegelowiges (AFR33: “broeders”) uit die hemel gegooi is. Die wonderlike gevolg van Christus se werk is dat die medegelowiges self ook die oorwinning oor Satan behaal het. Satan kan wesentlik niks meer aan die gelowiges doen nie. Hulle het oorwin deur die bloed van die Lam en deur hulle geloofsgetuienis. Die oorwinning is behaal omdat hulle sondes uitgedelg en afgewas is, dat versoening gekom het. Die boodskap waarvan hulle getuig het, is hulle geloof in Christus. Hulle sal Hom nie loslaat of verloën nie, wat ook al hulle aangebied word of wat ook al hulle aangedoen word. Hulle sal in die geloof aan hulle Verlosser vashou, selfs al kos dit hulle lewens.

Die hemel en al sy inwoners moet daarom aan hulle vreugde uiting gee. Ook ons moet nou jubel oor die oorwinning, want al moet ons stry teen die aanslae van die woedende Satan en sy trawante, is ons nou reeds in Christus jubelende oorwinnaars!

Sing: Skrifberyming 5-4:5, 6

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)

Woensdag 31 Desember

Skrifgedeelte: Lukas 22:31-34
Fokusgedeelte: Lukas 22:32

Jubel oor die Here se liefdevolle waarskuwing

Na die instelling van die Nagmaal, net voor Jesus se gevangeneming, spreek Jesus Petrus regstreeks aan: "Simon, Simon!" Hoekom gebruik Jesus nou juis Petrus se oorspronklike naam? Hy het dan Self vir hom die "Petrus-naam" gegee? Met "Simon, Simon" wys Jesus Petrus hy moet dit wat Jesus nou sê, ter harte neem.

"Die Satan het daarop aangedring om julle soos koring te sif." Die dissipels, veral Petrus, moet van nou af baie waaksaam wees. Satan wil nou die dissipels pak, want hy wil die dissipels sif soos koring: hy wou hulle skud en skok sodat hulle van die Here sou afval en met Hom volkome sou breek, soos wat Judas gedoen het. Petrus sou veral onder skoot kom.

Daarom praat Jesus ernstig en liefdevol met hom: *"Simon, Ek het vir jou baie ernstig gebid dat jou geloof nie sal ophou en jy nie met My sal breek en so ewig verlore sal gaan nie."* Petrus sou uit Jesus se woorde kon aflei dat Satan se aanslag geweldig sou wees en dat hy biddende wakker hiervoor moes wees.

Petrus het reeds sy geloof in Jesus bely. Hy glo in Jesus, maar hy ken nog nie homself en sy eie swakheid en dat Jesus vir hom sou moes sterf en opstaan nie. Hy maak staat op sy eie krag om Satan te kan weerstaan. Jesus waarsku hom dat hy baie diep sal val, maar dat hy bewaar sal word vir totale afval. Dan moet hy ander versterk om vas te hou aan die Here. Selfs toe Petrus Jesus werklik verloën het, het die Here hom steeds bly vashou en vir hom gely en gesterf.

Ons kan jubel oor die Here se liefde waarmee Hy ons aan die einde van die jaar nog 'n keer vashou en waarsku dat ons nie op eie krag moet staatmaak nie.

Sing: Psalm 73-1:10

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)